UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FERREIRA, SULETTE

'N KWALITATIEWE ONDERSOEK NA DIE EMOSIONELE BELEWENIS VAN ENKELE SUID-AFRIKAANSE BLANKE GESKEIDE MANS

MA(MW) UP 1992

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'N KWALITATIEWE ONDERSOEK NA DIE EMOSIONELE BELEWENIS VAN ENKELE SUID-AFRIKAANSE BLANKE GESKEIDE MANS

deur

SULETTE FERREIRA

Voorgelê ter vervulling van
die vereistes vir die graad

MAGISTER IN MAATSKAPLIKE WERK

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: PROF. DR. M.S.E. DU PREEZ

PRETORIA

FEBRUARIE 1992

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"Getting married is like buying a phonograph record: you buy it for what's on one side but you have to take the flip side too.

Getting divorced is like getting the hole in the record".

(Shuller, 1976:1)

OPGEDRA AAN:

HANNES

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DANKBETUIGING

My opregte dank aan die Hemelse Vader vir die geleenthede en Sy onbegrensde genade om hierdie studie te kon voltooi. "Soli Gloria".

Ek betuig graag my opregte dank teenoor die volgende persone vir hul leiding en ondersteuning tydens hierdie ondersoek:

- Prof. dr. M.S.E. du Preez, my studieleier, vir die volgehoue bekwame leiding asook vir haar opbouende kritiek, aanmoediging en begrip.
- Dr. W.J. Schurink, sosioloog en navorsingspesialis verbonde aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, vir al sy leiding in die ondersoek, sy voortdurende aanmoediging en hulp met die logiese aanbieding van die teoretiese en empiriese argumente in die verhandeling en sy belangstelling.
- Mev. B. Vorster en mev. D. Snyman vir die noukeurige tikwerk en die netjiese tegniese versorging van die verslag.
- Mev. M. Hofmeyr vir die sorgvuldige taalversorging van die verslag.
- Mnr. A. Beugger en personeel van die Klerksdorpse Sentrum vir Persoonsontwikkeling vir die beskikbaarstelling van fasiliteite en inligting tydens die aanvang van die ondersoek.
- Die vyftien respondente wat soveel van hul ervarings en persoonlike intieme lewe aan my toevertrou het en sonder wie se hulp die navorsing nie moontlik kon gewees het nie.
- Die twee evalueerders wat bereid was om die bevindinge te evalueer en vir hulle waardevolle insette.
- Verskeie ander vakkundiges en instansies wat tydens die ondersoek hulp verleen het.
- My man, ouers en vriende wat in my vermoëns geglo het en my deurentyd bygestaan en aangemoedig het.

Die skryfster
Pretoria
Februarie 1992

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

OPSOMMING

'N KWALITATIEWE ONDERSOEK NA DIE EMOSIONELE BELEWENIS VAN ENKELE SUID-AFRIKAANSE BLANKE GESKEIDE MANS

Kandidaat : Sulette Ferreira
Studieleier: Prof. dr. M.S.E. du Preez
Departement: Maatskaplike Werk
Graad : Magister Artium (Maatskaplike Werk)

Hierdie ondersoek lewer 'n **beskeie** bydrae tot die verkryging van wetenskaplike kennis oor mans se ervaring en hantering van egskeiding waaroor weinig, veral in Suid-Afrika, bekend is, asook tot die verskaffing van maatskaplikewerk-hulp aan mans wat in Suid-Afrika hierdie lewenskrisis beleef. Ten einde die ondersoek te kon doen, is die doelstellings van die ondersoek soos volg gestel:

- Om deur middel van 'n verkenning van die bestaande literatuur oor egskeiding die sentrale teoretiese modelle te bepaal en te beskryf wat deur sosiaal-wetenskaplikes gekonstrueer is om egskeiding te begryp, en terapie te verskaf aan diegene wat daardeur geraak word.

- Om deur middel van 'n plooibare navorsingsbenadering, te wete die kwalitatiewe model, **eerstehandse** inligting te bekom rakende enkele geskeide blanke Suid-Afrikaanse mans se sosiale werklikheid, dit wil sê **hoe hulle sin en betekenis aan hul egskeidings gee.**

- Om te let op die behoefte van die geskeide man aan terapeutiese hulpverlening en op grond hiervan aanbevelings te maak aan die Suid-Afrikaanse maatskaplikewerk-praktyk.

- Om 'n bydrae tot die metodologie van maatskaplikewerk-navorsing in Suid-Afrika te lewer deur prakties te illustreer hoe die kwalitatiewe navorsingstyl wat tot nog toe selde in plaaslike maatskaplikewerk-studies onderneem is, aangewend kan word om geskeide mans se definisies van hul

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

situasies, of meer spesifiek, hul subjektiewe ervarings en interpretasies van hul lotgevalle, te peil en te beskryf.

Hoewel vandag algemeen aanvaar word dat een uit elke drie huwelike in Suid-Afrika in die egskeidingshof eindig, is wetenskaplike literatuur oor dié probleem in dié land beperk. Verder blyk dit dat weinig teoretiese en empiriese inligting spesifiek oor die geskeide man hier te lande beskikbaar is. Hoewel aansienlik meer aandag in die buiteland aan egskeiding gegee word, blyk dit dat sosiaal-wetenskaplikes veral in die geskeide vrou geïnteresseerd is en dat haar eweknie, te wete die geskeide man, verwaarloos word. Nogtans is waardevolle inligting uit die beskikbare literatuur onttrek oor die egskeidingsproses en oor sowel die geskeide vrou as die geskeide man. Die insigte wat van die onderskeie teoretici en navorsers verkry is, was nie alleen nuttig om die data te interpreteer wat tydens die empiriese studie ingesamel is nie, maar hou belofte in vir sowel verdere plaaslike studies van geskeide mans as vir hulpverlening aan hulle.

Vyftien geskeide blanke mans is met behulp van die sneeubaltegniek opgespoor en tot deelname aan die empiriese studie oorgehaal. Hierbenewens is twee geskeide mans op dieselfde wyse gewerf om die navorsingsresultate te verifieer. Bestaande riglyne vir kwalitatiewe navorsing is sover moontlik in die studie toegepas en daar is daarin geslaag om, hoewel nie uitvoerig nie, 'n getroue prentjie van die lewensituasie van die geskeide blanke man te beskryf. Die data is verkry deur onderhoude (semi-gestruktureerd maar ook ongestruktureerd) met die respondente te voer en deur dokumente te benut wat hulle vir hul eie gebruik of op versoek van navorser opgestel het. Afgesien van die dokumente is van oudiobande gebruik gemaak en die byhou van notas om die verkreë data vas te lê. Die data is voortdurend bestudeer en is veral aan die einde van die ondersoek in temas en patrone gekategoriseer en geïnterpreteer met behulp van sekere bestaande teorieë wat tydens die literatuurverkenning afgebaken is. Regdeur die ondersoek is sover moontlik gepoog om faktore te neutraliseer wat die resultate nadelig kon beïnvloed. Die slotsom waartoe uiteindelik geraak is, is dat die lewensi-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

tuasie van die aantal geskeide mans wat as proefpersone benut is, geldig en akkuraat verken en beskryf is.

Die belangrikste bevindinge van die empiriese studie is die volgende: Egskeiding is 'n proses met fases wat onderskei maar nie geskei kan word nie; die geskeide man ervaar verskeie emosionele belewenisse voor, tydens en na afloop van die egskeiding; die aanpassing aan die egskeiding word deur verskillende faktore geaffekteer; egskeiding het 'n effek op die verhoudingslewe van die geskeide man; die godsdiensbeskouing van die geskeide man speel 'n kardinale rol in sy verwerking van die egskeiding en ten slotte het die geskeide man behoefte aan terapeutiese intervensie. Dit blyk dat geskeide mans by maatskaplikewerk-hulpverlening kan baat mits sodanige programme in samewerking met hulle opgestel word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

A QUALITATIVE INVESTIGATION OF THE EMOTIONAL EXPERIENCES OF A FEW SOUTH-AFRICAN DIVORCED MEN

This investigation is a modest contribution to the acquisition of scientific knowledge of men's experience and handling of divorce, about which little, especially in South Africa, is known, as also to the rendering of social aid to men who experience such a crisis.

To achieve this the aims of the investigation were stated as follows:

- to determine by means of a study of the existing literature on divorce the central theories and to describe what has been construed by social scientists to understand divorce and to render therapy to those involved;
- to acquire by means of a flexible research approach, namely the qualitative model, first-hand information regarding the social actuality of a number of divorced white South African men, in other words what sense and meaning they give to their divorce;
- to note the need of the divorced man for therapeutic aid-rendering and to make recommendations on the strength of this to the South African social work practice; and
- to make a contribution to the methodology of social work research in South Africa by practical illustration of how the qualitative research style, which has so far been seldom undertaken in local social work studies, can be utilised to fathom and describe the definitions of the situations of divorced men, or more specifically, their subjective experiences and their interpretation of these.

Although it is generally accepted today that one out of every three marriages in South Africa ends in the divorce court, scientific literature on this problem is limited in this country. It is also evident that no theoretical and empirical information on the divorced man is available. Although considerably more attention is paid to divorce overseas, it is evident that social scientists are specially interested in the divorced woman and

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

neglect her equal, the divorced man. Nevertheless, valuable information on the divorce process was gleaned from the available literature on the process as well as on the divorceés. The views of the various theorists and researchers were not only useful in interpreting the data collected during the empirical study, but they also promise well for both the local studies on divorced men and aid-rendering to them.

Fifteen divorced white men were traced by means of the snowball technique and persuaded to participate in the empirical study. Also two divorced men were enlisted in the same way to verify the results of the research. As far as possible existing guide-lines for qualitative research were applied in this study and thereby it was possible to obtain a true, if not full, picture of the living world of the divorced white man. The data were obtained from interviews (semi-structured and unstructured) with the respondents and from documents which they had drawn up for personal use or at the researcher's request. Besides the documents a tape machine was also used and notes were kept to store the data obtained. The data were continuously studied and on the termination of the research they were broken up into themes and patterns and, interpreted with the aid of certain existing theories that were defined during the literature study. Throughout the investigation it was attempted to neutralise factors which could influence the results negatively. The conclusion eventually reached was that the living world of the number of divorced men has been validly and accurately probed and described.

The most important findings of the empirical study are the following:

- Divorce is a process with phases that can be distinguished but not separated;
- the divorced man has various emotional experiences before, during and after the divorce;
- the adjustment to the divorce is affected by different factors;
- divorce has an effect on the relationships of the divorced

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

man with people;

- the religious outlook of the divorced man plays a cardinal role in the adaptation to the divorce; and
- ultimately the divorced man needs therapeutic intervention. It is evident that he can benefit by social work aid - rendering if such programmes are drawn up in collaboration with him.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
HOOFSTUK 1		
ALGEMENE INLEIDING		1
1.1	INLEIDING EN KEUSE VAN DIE ONDERSOEK	2
1.2	KONSEPTUELE KONTEKS	2
1.2.1	Probleemstelling	2
1.2.2	Begripsomskrywing	4
1.2.2.1	Kwalitatiewe navorsing	4
1.2.2.2	Egskeiding	5
1.2.2.3	Skeidingsangs	5
1.2.2.4	Eensaamheid	6
1.2.2.5	Aggressie	7
1.2.2.6	Skuldgevoelens	7
1.3	DOEL VAN DIE ONDERSOEK	8
1.4	NAVORSINGSONTWERP	8
1.4.1	Aard van ondersoek	8
1.4.2	Keuse van 'n kwalitatiewe navorsingstyl	10
1.5	METODES VAN DATA-INSAMELING	11
1.6	SAMESTELLING VAN DIE ONDERSOEKGROEP	13
1.7	AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEKGROEP	14
1.8	BEPERKINGS EN LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK	16
1.9	INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG	16
DEEL I		
HOOFSTUK 2		
DIE PROSES VAN EGSKEIDING		19
2.1	INLEIDING	19
2.2	TEORETIESE MODELLE	19
2.2.1	Gedrag of gebeurtenismodelle	19
2.2.1.1	Bohannan se ses fases van egskeiding	20
2.2.1.2	Kessler se sewe fases van emosionele egskeiding	21
2.2.1.3	Weiss se egskeidingsmodel	22

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.2.1.4 Ander gedrags- of gebeurtenismodelle van egskeiding 23

2.2.2 Affektiewe modelle 24

2.2.2.1 Wiseman se model van die egskeidingsproses 24
2.2.2.2 Froiland & Hozman se model 25
2.2.2.3 Kaslow se model van die egskeidingsverloop 26
2.2.2.4 Van Staden se fases van die egskeidings-proses 28

2.3 EGSKEIDING AS KRISIS 31

2.3.1 Die konsep krisis 31
2.3.2 Tipes krisisse 33
2.3.3 Fases in 'n krisissituasie 34
2.3.4 Algemene krisis-elemente en reaksies op krisisse 38
2.3.5 Na-egskeidingsaanpassing en veranderlikes wat dit beïnvloed 40

2.3.5.1 Gemak van rolaanpassing na egskeiding of skeiding 43
2.3.5.2 Waargenome normatiewe veranderinge 44
2.3.5.3 Rolspanning 44
2.3.5.4 Rolverenigbaarheid 44
2.3.5.5 Vlak van lewensspanning/stres 44
2.3.5.6 Sosiale ondersteuning 45
2.3.5.7 Ekonomiese faktore 46
2.3.5.8 Die besluit om te skei 47
2.3.5.9 Ouderdom ten tye van egskeiding en jare van getroude lewe 47
2.3.5.10 Verhouding van die egliede na die egskei-ding 48
2.3.5.11 Roloorlading 48
2.3.5.12 Duidelikheid van rolverwagtinge 48
2.3.5.13 Dubbelsinnigheid in die gesinsisteem 49
2.3.5.14 Werk en ontspanningsinvloede 51
2.3.5.15 Die maak en nakom van afsprake 52

2.4 SAMEVATTING 52

HOOFSTUK 3

DIE GESKEIDE MAN SE BELEWENIS VAN SKEIDINGSANGS EN EENSAAMHEID 56

3.1 INLEIDING 56

3.2 DIE BELEWING VAN SKEIDINGSANGS 58

3.2.1 Definiëring van skeidingsangs 58
3.2.2 Enkele teoretiese beskouings aangaande skeidingsangs 60

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.2.3.1 Psigoanalitiese teorieë 60
3.2.3.2 Melanie Klein 61
3.2.3.3 H.S. Sullivan 61
3.2.3.4 Arthur Janov 62
3.2.3.5 John Bowlby 63
3.2.4 Die natuurlike ontwikkeling van binding 64
3.2.5 Die ontwikkeling van binding in die huwelik 66
3.2.6 Faktore wat skeidingsangs beïnvloed 68

3.2.6.1 Waarskuwing 68
3.2.6.2 Ouderdom en huweliksduur 69
3.2.6.3 Die verlater en die verlatene 70
3.2.6.4 Derde party 71
3.2.6.5 Kwaliteit van na-huwelikse verhouding 72
3.2.6.6 Persoonlike steunstelsels 73

2.3.7 Skeidingseuforie 74

3.3 BELEWING VAN EENSAAMHEID 75

3.3.1 Definiëring van eensaamheid 75
3.3.2 Aspekte wat eensaamheid veroorsaak 76
3.3.3 Vorme van eensaamheid 78
3.3.4 Eensaamheid en binding 79
3.3.5 Gevolge van eensaamheid 81
3.3.6 Reaksie op eensaamheid 81

3.4 SAMEVATTING 82

HOOFSTUK 4

DIE GESKEIDE MAN SE BELEWENIS VAN AGGRESSIE EN SKULDGEVOELENS 86

4.1 INLEIDING 86

4.2 AGGRESSIE 87

4.2.1 "Agressie" en verwante begrippe omskryf 87

4.2.1.1 Konflik 87
4.2.1.2 Woede 87
4.2.1.3 Wraak 88
4.2.1.4 Vyandigheid 89
4.2.1.5 Frustrasie 89
4.2.1.6 Aggressie 90

4.2.2 Teorieë aangaande aggressie 92

4.2.2.1 Biologiese teorieë 92
4.2.2.2 Drifteorieë 92
4.2.2.3 Sosialeleerteorieë 93

4.2.3 Algemene oorsake van aggressiewe gedrag 93

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.2.3.1 Mense is van nature aggressief 94
4.2.3.2 Mense leer om aggressief te wees 95
4.2.3.3 Frustrasie en aggressie 96

4.2.4 Algemene reaksies op aggressie 98

4.2.4.1 Direkte en indirekte aggressie 98
4.2.4.2 Verplaasde aggressie 99
4.2.4.3 Selfgerigte-aggressie 99

4.2.5 Aspekte wat vir geskeide mans frustrasie inhou 100

4.2.5.1 Die wetlike egskeiding en die verdeling van bates 100
4.2.5.2 Onderhoud 103
4.2.5.3 Toesig en beheer van kinders 105
4.2.5.4 Besoeke aan en van die kinders 107

4.2.6 Die geskeide man se belewing van aggressie 109
4.2.7 Selfmoord 112

4.2.7.1 Inleiding 112
4.2.7.2 Die voorkoms van selfmoord onder geskeide mans 113

4.2.8 Die voorkoms van moord by geskeidenes 115
4.2.9 Mortaliteit onder geskeidenes 116

4.3 SKULDGEVOELENS 117

4.3.1 Begripsomskrywing 117
4.3.2 Oorsake van skuldgevoelens 117
4.3.3 Die geskeide man se belewenis van skuld-gevoelens 119

4.4 SAMEVATTING 122

HOOFSTUK 5

MAATSKAPLIKE HULPVERLENING AAN GESKEIDE MANS 126

5.1 INLEIDING 126

5.2 WYSES VAN HULPVERLENING AAN GESKEIDE PERSONE 126

5.2.1 Gesinsterapie 127
5.2.2 Individuele onderhoude en egpaarberaad 129
5.2.3 Bemiddelingsteorieë 131
5.2.4 Maatskaplike groepwerk 133

5.2.4.1 Inleiding 133
5.2.4.2 Basiese Modelle in maatskaplikegroepwerk-praktyk 134

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.2.4.3 Resente modelle van maatskaplike groepwerk 138
5.2.4.4 Maatskaplike Groepwerk as hulpverleningsvorm aan die geskeidene 143

5.3 KEUSE VAN TERAPEUTIESE INTERVENSIE 144

5.4 SAMEVATTING 145

DEEL II

HOOFSTUK 6

KWALITATIEWE NAVORSING AS METODOLOGIESE MODEL VIR DIE ONDERSOEK 148

6.1 INLEIDING 148

6.2 VERKENNENDE EN BESKRYWENDE NAVORSINGSONTWERPE 148

6.2.1 Verkennende studies 148
6.2.2 Beskrywende studies 149
6.2.3 Kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing 150

6.2.3.1 Kwantitatiewe Navorsing 150
6.2.3.2 Kwalitatiewe Navorsing 151
6.2.3.3 Die verskil tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing 153

6.3 DIE PROSES VAN KWALITATIEWE NAVORSING 155

6.3.1 Inleiding 155

6.3.2.1 Kwalitatiewe onderhoudsvoering 156

6.3.2.1.1 Inleiding 156
6.3.2.1.2 Algemene beginsels van kwalitatiewe onderhoudvoering 158
6.3.2.1.3 Verdere opmerkings oor ongestruktureerde onderhoude 160

6.3.2.2 Menslike Dokumente 163
6.3.2.3 Deelnemende waarneming 164

6.4 DATA-VASLEGGING 164

6.4.1 Veldnotas 164
6.4.2 Oudiobande 166

6.5 DATA-ANALISE 167

6.6 DATA-AANBIEDING 168

6.7 SAMEVATTING 168

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 7

NATUURLIKE VERLOOP VAN ONDERSOEK EN DIE KWALITEIT VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE 170

7.1 INLEIDING 170

7.2 BESLUITE EN STAPPE WAT TYDENS DIE ONDERSOEK GENEEM IS 170

7.2.1 Fase 1: Die voorbereidingsfase 171

7.2.1.1 Registrasie vir die M.A.-graad 171
7.2.1.2 Tentamina 171
7.2.1.3 Die opstel van ’n navorsingsmemorandum 173
7.2.1.4 Literatuurstudie 174

7.2.2 Fase 2: Die operasionalisering en konstruksie van die vraelys 175

7.2.2.1 Inleiding 175
7.2.2.2 Insette deur die afdeling Navorsingsondersteuning van die Universiteit van Pretoria 176
7.2.2.3 Pogings om respondente te werf 177
7.2.2.4 Die plasing van artikels oor egskeiding in Klerksdorpse nuusblaaie 179
7.2.2.5 Skakeling met sleutelpersone in die Klerksdorpse gemeenskap 179
7.2.2.6 Pogings om respondente in Pretoria en omgewing te werf 180

7.2.3 Fase 3: Oorskakeling na ’n kwalitatiewe navorsingsontwerp 181

7.2.3.1 Kennismaking met kwalitatiewe navorsing 181
7.2.3.2 Die onderbreking van die studie 182
7.2.3.3 Die ontwikkelng van ’n kwalitatiewe navorsingsontwerp vir die studie 183
7.2.3.4 Kwalitatiewe onderhoudvoering 186
7.2.3.5 Menslike dokumente 190
7.2.3.6 Die opvolgonderhoude 191

7.2.4 Fase 4: Die ontleding van die data 192

7.2.4.1 Die ontleding van die data 192
7.2.4.2 Verifiëring van die gegewens 193

7.2.5 Slot 194

7.3 DIE GELDIGHEID VAN DIE DATA 195

7.3.1 Inleiding 195
7.3.2 Remmende Faktore 195

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.3.2.1 Navorsereffekte 195
7.3.2.2 Subjekeffekte 197
7.3.2.3 Kontekseffekte 198
7.3.2.4 Meetinstrumenteffekte 199

7.3.3 Strategieë om die steuringsveranderlikes te bekamp 200

7.3.3.1 Opbou van rapport 200
7.3.3.2 Versekering van anonimiteit 200
7.3.3.3 Bereidwilligheid van geskeide mans om aan die ondersoek deel te neem 201
7.3.3.4 Kruisvalidasie 201
7.3.3.5 Lidvalidasie 202

7.3.4 Samevatting 204

HOOFSTUK 8

DIE LEWENSITUASIE VAN DIE GESKEIDE MAN 205

8.1 INLEIDING 205

8.2 AGTERGRONDSKENMERKE EN EGSKEIDINGSTYDPERK VAN ONDERSOEKGROEP 205

8.3 DIE SOSIALE WERKLIKHEID VAN DIE RESPONDENTE 207

8.3.1 Inleiding 207
8.3.2 Redes vir egskeiding 207
8.3.3 Egskeiding as proses 209

8.3.3.1 Egskeidingsfase 209

8.3.3.1.1 Die besluitnemingsfase 209
8.3.3.1.2 Die voor-egskeidingsfase 212
8.3.3.1.3 Die wetlike egskeiding 217
8.3.3.1.4 Die na-egskeidingsfase 220

8.3.4 Veranderlikes wat die na-egskeidingsaanpassing beïnvloed 222

8.3.4.1 Voorbereiding op die verlating oftewel waarskuwing 223
8.3.4.2 Steunstelsels 225

8.3.5 Fisies-waarneembare gevolge van egskeiding 228

8.3.5.1 Fisiese implikasies 228
8.3.5.3 Rook- en drinkgewoontes 231
8.3.5.2 Konsekwensies vir die werk 233
8.3.5.3 Finansiële konsekwensies 235
8.3.5.4 Implikasies vir Godsbeskouinge en godsdiensbeoefening 239

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.3.6 Emosionele ervarings na afloop van die egskeiding 242

8.3.6.1 Skuldgevoelens 242
8.3.6.2 Ambivalente gevoelens 243
8.3.6.3 Aggressie 244

8.3.6.3.1 Moordgedagtes 245

8.3.6.4 Hartseer 247
8.3.6.5 Eensaamheid 247
8.3.6.6 Euforie 249

8.3.7 Die effek van egskeiding op die verhoudingslewe van die mans 250

8.3.7.1 Mans se verhouding met hul gewese eggenotes en kinders na die afhandeling van die egskeiding 250
8.3.7.2 Versoening met die gewese eggenote en 'n tweede huwelik 255
8.3.7.3 Verdere heteroseksuele kontak na beëindiging van egskeiding 256

8.3.8 Ander insigte 260
8.3.9 Ervarings en persepsies van terapeutiese hulpverlening 262
8.3.10 Samevatting 265

DEEL III

HOOFSTUK 9

INTERPRETASIE VAN DIE GEGEWENS 269

9.1 INLEIDING 269

9.2 REDES VIR EGSKEIDING 269

9.2.1 Botsende of onverenigbare persoonlikhede 269
9.2.2 Verkeerde keuse van lewensmaat 270
9.2.3 Buite-egtelike verhoudings 270
9.2.4 Gebrekkige kommunikasie en onvermoë om konflik te hanteer 270
9.2.5 Veranderde man- en vrourolle 270

9.3 EGSKEIDING AS PROSES 271

9.3.1 Die voorbereidingsfase 271

9.3.1.1 Die besluitnemingsperiode 271

9.3.1.1.1 Man as inisïeerder van egskeiding 272
9.3.1.1.2 Man en vrou besluit gesamentlik om te skei 272

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

9.3.1.1.3 Onvoorbereidheid op egskeiding 273

9.3.1.2 Emosionele gewaarwordinge 275
9.3.1.3 Die fisiese egskeiding 276

9.3.2 Die wetlike egskeiding 277
9.3.3 Die na-egskeidingsfase 280

9.3.3.1 Steunstelsels 282

9.4 FISIES WAARNEEMBARE GEVOLGE VAN EGSKEIDING 284

9.4.1 Fisiese implikasies 284
9.4.2 Eetpatroon 284
9.4.3 Slaappatroon 285
9.4.4 Rook- en drinkgewoontes 285

9.5 BEROEPSKONSEKWENSIES 286

9.6 FINANSIëLE KONSEKWENSIES 287

9.7 IMPLIKASIES VIR GODSBESKOUINGE EN GODSDIENSBE-OEFENING 288

9.8 EMOSIONELE ERVARINGS NA AFLOOP VAN DIE EG-SKEIDING 289

9.8.1 Aggressie 289
9.8.2 Skuldgevoelens 290
9.8.3 Ambivalente gevoelens 290
9.8.4 Hartseer 291
9.8.5 Eensaamheid 291
9.8.6 Euforie 292

9.9 DIE EFFEK VAN EGSKEIDING OP DIE VERHOUDINGSLEWE VAN DIE GESKEIDE MAN 292

9.9.1 Kontak met die gewese eggenoot na beëindiging van die huwelik 292
9.9.2 Verdere heteroseksuele kontak na beëindiging van egskeiding 293

9.10 ERVARINGS EN PERSEPSIES VAN TERAPEUTIESE HULP-VERLENING 294

9.11 SAMEVATTING 296

DEEL VI

HOOFSTUK 10

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 300

1.10 INLEIDING 300

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

10.2 DIE PROSES VAN EGSKEIDING 1

10.2.1 Samevatting 301
10.2.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 301

10.3 ENKELE EMOSIONELE BELEWENISSE NA AFLOOP VAN DIE EGSKEIDING 303

10.3.1 Skeidingsangs 303

10.3.1.1 Samevatting 303
10.3.1.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 304

10.3.2 Eensaamheid 305

10.3.2.1 Samevatting 305
10.3.2.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 306

10.3.3 Aggressie 306

10.3.3.1 Samevatting 306

10.3.3.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 306

10.3.4 Skuldgevoelens 308

10.3.4.1 Samevatting 308
10.3.4.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 308

10.4 MAATSKAPLIKEWERK-HULPVERLENING AAN DIE GESKEIDE MAN 309

10.4.1 Samevatting 309
10.4.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 309

10.5 EMPIRIESE NAVORSING 311

10.5.1 Samevatting 311
10.5.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings 312

10.6 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 314

10.7 SLOTOPMERKING 316

BRONNELYS 318

BOEKE 318

TYDSKRIFARTIKELS 326

PROEFSKRIFTE 330

VERHANDELINGS EN SKRIPSIES 330

WOORDEBOEKE 331

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

REFERATE 331

ADDISIONELE BRONNE 332

ANDER 332

LYS VAN BYLAES

Bylae 1: Vraelys: Enkele emosionele belewenisse van die geskeide man 335

Bylae 2: Artikel: Vaal Reefs News: Ekskeiding: Trauma of verligting 359

Bylae 3: Beoordeling van die resultate van die ondersoek deur elf respondente en die twee geskeide mans wat nie daaraan deelgeneem het nie 361

Bylae 4: Bereidwilligheid van geskeide mans om aan die ondersoek deel te neem 365

Bylae 5: Brief aan geskeide mans: Kommentaar op Hoofstuk 8 (bevindinge) van my meesters-verhandeling 367

LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Bemiddelingsmodelle 136

Tabel 2: Kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing: Metodologiese model 153

Tabel 3: Basiese vorme van kwalitatiewe navorsing 155

Tabel 4: Agtergrondskenmerke en egskeidingstydperke 205

Tabel 5: Respondente se onderhoudskostes volgens aantal kinders ontleed 237

LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Kraus se model van egskeiding 36

Figuur 2: Mitchell & Resnik se krisis-model 38

Figuur 3: Mitchell & Resnik se fases van 'n krisis-situasie 40

Figuur 4: Die egskeidingsoorgangsmodel: Egskeidings-gekoppelde stresfaktore en na-egskeidings-welsyn 41

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Figuur 5: Gemaklikheid van egskeidingsaanpassing vir die eglied 42

Figuur 6: Die ontwikkeling van roldubbelsinnigheid en rolverwarring in die gesinsisteem 50

Figuur 7: Teorie van statusverloop 66

Figuur 8: Gevoelens van verantwoordelikheid en skuld op 'n kontinuum 120

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING

1.1 INLEIDING EN KEUSE VAN DIE ONDERSOEK

Hoewel egskeiding in die vroegste tye, soos Steyaert in Steyn, Strijdom, Viljoen & Bosman (1987:442) tereg aandui, bykans nie bestaan het nie, het dit sedertdien, en veral gedurende die huidige eeu, geweldig toegeneem. Talle lande beleef ongekende hoë egskeidingsyfers en Suid-Afrika is geen uitsondering nie. Strijdom in Steyn et al. (1987:458) bevind byvoorbeeld in 'n resente ontleding van Suid-Afrikaanse huweliks- en egskeidingstatistiek (wat deur die Sentrale Statistiekdiens bygehou word) die volgende: "...the specific divorce rate (the number of divorces in a specific year per 1 000 married couples, in other words the population at risk) for Asians increased from 1,4 in 1970 to 4,8 in 1984, while the rate for Coloureds increased from 3,0 to 8,7 during the same period. The rate for Whites increased from 0,6 in 1915 to 7,8 in 1945 (after World War II), then declined to 5,9 during 1955. Since then the rate has increased continuously". (Vgl. Sentrale Statistiekdiens.) Volgens dié statistiek was daar gedurende 1986, 18 288 persone en 22 123 minderjarige kinders betrokke in egskeidinggedinge. Die egskeidingskoers vir blanke persone kom volgens dié gegewens op 15% per 1 000 egpare te staan.

Volgens 'n onlangse studie rakende nuptialiteit in Suid-Afrika word die volgende bewering deur Mostert, Oosthuizen & Hofmeyr (1992:149) gemaak: "Die totale egskeidingsyfers toon onder al die bevolkingsgroepe 'n toenemende tendens, maar is onder blankes baie hoër as onder kleurlinge en Asiërs. Indien die heersende tendense (van 1984) omtrent egskeiding sou voortduur, sal 'n derde van blanke huwelike teen die vyftigste lewensjaar ontbind wees..." Dit spreek vanself dat gesinsdisintegrasie verskeie ernstige probleme inhou. Lüttig in Steyn et al. (1987:474) kom na 'n studie van die relevante literatuur tot die volgende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slotsom: "...divorce as such has psychosocial implications for the institution of marriage in society. It also has psychosocial implications for the divorcees and not least for the children of divorced couples". Verskeie ondersoekers soos Goode (1956); Hart (1976); Hetherington et.al. (1976); Wallerstein & Kelly (1980); Weiss (1979); Van Seters (1980) en Wilkinson (1981) het bevind dat egskeiding deur die meerderheid ouers en kinders as 'n traumatiese ervaring beleef word. Verder vind die navorsers dat:

- Mans en vrouens verskillend op egskeiding reageer;
- geskeide persone se ervarings van egskeiding oor tyd varieer;
- verskeie faktore, soos ekonomiese omstandighede, die aard van die huweliksverhouding voor die egskeiding, die teenwoordigheid van 'n derde party, die ouderdom van die kinders, en die sorg waarin hulle geplaas word reaksies op egskeiding beïnvloed;
- resultate rakende die invloed van egskeiding op die kinders uiteenlopend is; en
- daar nie eenstemmigheid onder navorsers is oor die verhouding tussen stiefouers en -kinders nie.

1.2 KONSEPTUELE KONTEKS

1.2.1 Probleemstelling

Hoewel allerweë kommer uitgespreek word oor die ernstige gevolge wat egskeiding vir die huweliks- en gesinslewe van die onderskeie bevolkingsgroepe in Suid-Afrika inhou, is slegs enkele studies tot op datum hier te lande oor egskeidings en die gevolge daarvan geloods. Lüttig in Steyn et al. (1987:474) vind in sy oorsig van dergelike Suid-Afrikaanse ondersoeke slegs dié van Cronjé (1934); Cronjé (1959); Laubscher & Laubscher (1975); Fourie (1979); Potgieter (9181); Landman (1963); Johnston (1984) en Van Staden (1985). Die feit dat daar so min egskeidingverwante navorsing in Suid-Afrika beskikbaar is, is, gesien in die lig van dié land

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

se hoë egskeidingsyfers, ontstellend. Betroubare en geldige kennis aangaande egskeiding in al sy fasette is uiteraard 'n voorvereiste vir die voorkoming en hantering daarvan. Steyn in Steyn et al. (1987:857) skryf in dié verband soos volg: "Basic descriptive and analytical research findings are of vital importance for application purposes, since family problems cannot be resolved without appropriate detailed knowledge". En verder: "In-depth and wide-ranging knowledge of the specific nature of family structures and the incidence and extent of problems, of the variables which contribute to the development of these structures and problems, and of the impact of these structures and problems - specifically within the South African context - is essential for the development of family policy and of programmes and the techniques for prevention as well as coping with these problems in family life". Kennis aangaande egskeiding is dus van kardinale belang.

Wanneer die beperkte navorsing wat hier te lande oor egskeiding gedoen is van naderby bekyk word, val dit op dat geen ondersoek tot op hede spesifiek na die emosionele belewenis van die geskeide man onderneem is nie. Dié leemte gee aanleiding daartoe dat sekere wanopvattings en stereotipes jeens die man se egskeidingservaring bestaan. Van dié wanopvattings is onder andere dat die geskeide man gewoonlik die skuldige party is en skotvry uitstap terwyl die geskeide vrou alleen agtergelaat word met die probleme wat die egskeiding teweeg mag bring. Hierbenewens word die man geëtiketteer as die sondebok en verantwoordelik gehou vir die vrou en/of die kinders se hartseer.

Hierdie gebrek aan wetenskaplike literatuur oor die spesifieke problematiek en gevoelens van die geskeide man het tot gevolg dat effektiewe dienslewering nie kan plaasvind nie. Daar kan naamlik nie sonder meer aanvaar word dat die geskeide man geen of dieselfde emosionele belewenis as die vrou aangaande egskeiding ervaar nie.

Die onderhawige studie wil dan ook 'n beskeie bydrae tot kennis

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die ervaringsituasie van die geskeide man lewer. Dit wil naamlik vir die maatskaplike werker 'n kykie in die spesifieke gevoelsbelewenisse van geskeide mans gee.

1.2.2 **Begripsomskrywing**

Sleutelbegrippe wat in die ondersoek gebruik is, word vervolgens toegelig. Gesien die meerdere betekenisse van sosiaal-wetenskaplike konsepte én die feit dat daar selde, indien ooit, eenstemmigheid onder deskundiges oor die betekenis van begrippe is, word met die volgende uiteensetting nie gepoog om formele definisies daarvan te verskaf nie, maar eerder om die kernbegrippe aan die hand van aantekeninge te bespreek. Om laasgenoemde te bereik word die vernaamste inhoude van dié begrippe telkens weergegee, waarna dit wat veral vir die onderhawige studie van belang is, uitgelig word.

1.2.2.1 Kwalitatiewe navorsing

Dooley (1984:267) definieer kwalitatiewe navorsing as sosiale navorsing gebaseer op nie-kwantitatiewe waarnemings wat in die veld gemaak word en op nie-statistiese wyses geëvalueer word. Volgens Mouton & Marais (1988:157) word kwalitatiewe navorsingbenaderings beskryf as: "...daardie benaderings waarvan die prosedure nie so streng geformaliseer en geëkspliseer is nie, terwyl die reikwydte meer grensloos is en op 'n meer filosofiese wyse te werk gegaan word".

Kwalitatiewe navorsing verskaf inligting tipies in 'n vertellende vorm. Tripodi & Epstein (1980:37) meld die volgende in hierdie verband: "Thus asking applicants to describe their feelings concerning divorce, death, marriage, career and so on, will generally yield rich narrative or qualitative responses".

Samevattend kan kwalitatiewe navorsing omskryf word as 'n navorsingstyl wat nie-statisties van aard is en wat beskrywende data aangaande die lewensituasie van die ondersoekgroep daarstel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1.2.2.2 Egskeiding

Jacobson (1983:1) omskryf egskeiding soos volg: "Marital separation is one of the most profound experiences that a human being can undergo. Marriage is one of three milestones marking a lifetime: birth, marriage, and death".

Volgens die Woordeboek vir maatskaplike werk (1971:14) word egskeiding soos volg gedefinieer: "Ontbinding van die huwelik deur 'n geregtelike bevel".

Van Staden (1987:50) som egskeiding soos volg op: "Egskeiding is 'n traumatiese, kritieke spanningsvolle proses wat die wetlike beëindiging van 'n huwelik deur 'n hofbesluit en die vernietiging van die huweliksverhouding impliseer en 'n verandering van die gesinstruktuur en -funksionering, die kommunikasie en ondersteunende netwerk, asook 'n verandering van die aanpassing, funksionering en interaksies van die gesinslede meebring".

Egskeiding is dus die wettige, maar nie noodwendig die emosionele, beëindiging van 'n huwelik nie.

1.2.2.3 Skeidingsangs

Die Psigologie Woordeboek (1981:280) verskaf die volgende definisie van skeidingsangs, naamlik: "Die angs van 'n kind (veral gedurende die falliese stadium) dat hy die liefde van die ouer van die teenoorgestelde geslag sal verloor".

Weiss (1975:48) beskou skeidingsangs soos volg: "Separation distress is marked by a focusing of attention on the lost figure, together with intense discomfort because of that figure's inaccessibility. There is likely to be unhappiness stemming from feelings of desolation. These may also be apprehensiveness, anxiety or panic".

Dit blyk dus dat skeidingsangs gekoppel word aan 'n definitiewe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

objek wat dit veroorsaak, naamlik: die verlies van 'n verbintenisfiguur. Egskeiding lei dus nie net tot die verlies van 'n belangrike emosionele verhouding nie maar ook tot die verlies van 'n belangrike persoon.

1.2.2.4 Eensaamheid

Volgens Quinnet (1987:35) kan eensaamheid soos volg omskryf word: "Loneliness is a killer. In its worst form, it is our enemy number one. You have known it, I have known it, everyone who ever stops to think about the meaning of one's life has known it. It is that terrible feeling that, in all the universe, there is no one who cares enough to come to us and end our aloneness. It is the one thing that hurts more than any other. It is the feeling that no one wants us, that no one really cares if we exist".

Mijuskovic, (1976:6) meld die volgende aangaande eensaamheid: "...loneliness is manifested within consciousness as a confrontation with its, i.e. self-awareness, own nothingness, but since this emptiness is identical to it, it appears as an immediately felt quality, which has perfect being in itself, without relation to anything else".

Eensaamheid is dus die gevolg van die afwesigheid van intimiteit met 'n ander individu. Dit is die ontneming van 'n emosioneel bevredigende verhouding.

1.2.2.5 Aggressie

Reber (1985:18) verskaf die volgende definisie van aggressie: "(Aggression is) an extremely general term used for a wide variety of acts that involve attack, hostility, etc. Typically, it is used for such acts which can be assumed to be motivated by any of the following:
(a) fear or frustration;
(b) a desire to produce fear or flight in others; or

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(c) a tendency to push forward one's own ideas or interests".

Myers (1989:113) meld die volgende aangaande aggressie: "Anger is a common emotion in abandoned husbands and it is one of the stages in the coping response to divorce - denial, mourning, anger and readjustment".

Aggressie is dus 'n term wat algemeen gebruik word vir 'n aantal emosies wat verband hou met woede en frustrasie en wat dikwels geassosieer word met egskeiding en wat in verskeie vorms kan manifesteer.

1.2.2.6 Skuldgevoelens

Die Psigologie Woordeboek (1981:282) beskryf skuldgevoelens as volg: "Die gevoel van verlaagde selfrespek (wat gepaard gaan met 'n behoefte om bestraf te word) wat 'n persoon ervaar as gevolg van die besef of oortuiging dat hy 'n morele, etiese of sosiale norm oortree het".

Reber (1985:313) verskaf die volgende definisie van skuldgevoelens: "An emotional state produced by the knowledge that one has violated moral standards. Most authorities recognise an emotional state as guilt only when the individual has internalized the moral standards of the society; thus it is distinguished from simple fear of punishment from external sources - guilt is in a sense, a self-administered punishment".

Skuldgevoelens is dus emosies wat ontstaan op grond van die feit dat die persoon voel dat hy verkeerd opgetree het.

1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Ten einde 'n bydrae tot wetenskaplike kennis aangaande die lewensituasie van die geskeide man te lewer, is hierdie studie geloods waarvan die primêre doel soos volg gestel kan word:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Om deur middel van 'n plooibare navorsingsbenadering, te wete die kwalitatiewe model, **eerstehandse** inligting te bekom rakende 'n aantal blanke Suid-Afrikaanse geskeide mans se sosiale werklikheid, dit wil sê **hoe hulle sin en betekenis aan hul egskeidings gee.**

Benewens hierdie primêre doelstelling word ook beoog om die volgende twee sekondêre doelstellings met dié studie te bereik, naamlik:

- Om te let op die behoefte van die geskeide man aan terapeutiese hulpverlening en op grond hiervan aanbevelings te maak aan die maatskaplikewerk-praktyk; en
- om 'n bydrae tot die metodologie van maatskaplikewerk-navorsing in Suid-Afrika te lewer deur prakties te illustreer hoe die kwalitatiewe navorsingstyl wat tot nog toe selde in plaaslike maatskaplikewerk-studies onderneem is, aangewend kan word om geskeide mans se definisies van hul situasies of meer spesifiek hul subjektiewe ervarings en interpretasies van hul lotgevalle te peil en te beskryf.

1.4 NAVORSINGSONTWERP

1.4.1 Aard van ondersoek

Volgens Mouton & Marais (1989:33) word die doel van navorsingsontwerpe soos volg geformuleer: "Die doel van 'n navorsingsontwerp is om die betrokke navorsingsprojek sodanig te beplan en te struktureer dat die uiteindelike geldigheid van die navorsingsbevindinge verhoog word". Genoemde skrywers (1989:33) is van mening dat navorsingsontwerp sinoniem is met die rasionele besluitneming in die navorsingsproses. Dit blyk dus dat die navorsingsontwerp die algehele plan is oor hoe die navorsing gedoen sal word.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die onderhawige studie bowenal as **verkennende** navorsing gekarakteriseer kan word. Daar is drie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

redes waarom op dié soort navorsing besluit is. In die eerste plek is daar, soos reeds aangedui, bitter min oor geskeide mans en hul lotgevalle bekend en was dit voor-die-hand-liggend dat 'n ontwerp gevolg moet word wat eerder in die woorde van Mouton & Marais (1985:43) "...op die verkryging van insig en verwerwing van begrip as op die insameling van akkurate, repliseerbare data..." gerig is. Die doel met die studie is dan ook om 'n basis te vorm van algemene idees en hipoteses wat later deur middel van meer presiese en komplekse navorsingsontwerpe verder gevoer kan word. (Vgl. Grinnel, 1988:225-238.) Tweedens is van 'n verkennende ontwerp gebruik gemaak omdat besluit is om die gebruik van die kwalitatiewe model in maatskaplikewerknavorsing te beproef en om 'n basis vir die gebruik daarvan vir toekomstige sodanige studies hier te lande, te lê. Ten slotte het praktiese oorwegings soos 'n gebrek aan tyd en beperkte fondse 'n verkennende studie genoodsaak. Daar is besef dat slegs die vernaamste elemente van mans se belewenisse van die egskeidingsproses geïdentifiseer en toegelig sou kon word en dat 'n breedvoerige beskrywing en verklaring van al die fasette daarvan nie moontlik sou wees nie.

Die feit dat geskeide mans se hantering van hul egskeidings wel betreklik breedvoerig, hoewel nie volledig nie, beskryf is, bring egter mee dat die huidige ondersoek minstens aanspraak op 'n mate van beskrywing kan maak. Daar is, soos verder sal blyk, daarin geslaag om verskeie kernelemente van egskeiding, soos ervaar deur vyftien Suid-Afrikaanse blanke geskeide mans, akkuraat te beskryf.

1.4.2 **Keuse van 'n kwalitatiewe navorsingstyl**

Ten einde die primêre doelstelling van die studie te realiseer, is soos reeds genoem, van 'n kwalitatiewe of ongestruktureerde metodologiese benadering gebruik gemaak. Die rede hiervoor is veral daarin geleë dat die huidige studie, soos ook reeds aangetoon, bowenal verkennend is. Aangesien, soos Schurink (1990:107) tereg aandui, sulke studies veral na insig in en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

begrip van verskynsels en nie na akkurate repliseerbare data streef nie, is eksploratiewe ondersoeke dikwels ook kwalitatief van aard. Aangesien geskeide mans 'n onontginde navorsingsterrein is en aangesien na 'n binnestanderperspektief van die lewensituasie van 'n groep geskeide Suid-Afrikaanse blanke mans gestreef word, is besluit dat die toepaslike navorsingsontwerp vir die huidige studie 'n kwalitatiewe is. Hoewel verkennende studies natuurlik nie noodwendig kwalitatief hoef te wees nie, is dit te betwyfel of 'n kwantitatiewe navorsingsontwerp reg sal laat geskied aan die subjektiewe ervaringsituasie van die geskeide man. (Vgl. Tripodi, Fellin & Meyer, 1969.)

Dit dien dan ook hier vermeld te word dat hipoteses selde, indien ooit, kwalitatiewe studies rig. Wat wel tipies gebeur, is dat hipoteses vir verdere navorsing na aanleiding van die resultate wat kwalitatiewe studies opgelewer het, geformuleer word.

Die rede waarom kwalitatiewe navorsers nie tydens die beplanning van hul ondersoeke hipoteses opstel nie, is natuurlik toe te skryf aan die strewe om die lewensituasie van die mense wat by die navorsing betrek is te herkonstrueer met so min moontlik beïnvloeding. Om dié rede word in die huidige ondersoek dan ook geen hipoteses wat getoets moet word, aangebied nie.

'n Verdere rede waarom in die huidige ondersoek op 'n kwalitatiewe ontwerp besluit is, hou soos ook reeds gemeld, verband met die relatiewe beperkte gebruik daarvan in maatskaplikewerkstudies. Hoewel gevallestudies nie vreemd aan die maatskaplike werk is nie, word 'n kwalitatief gefundeerde metodologiese model selde in die praktyk toegepas. (Vgl. Schurink & Schurink, 1990: 19.) Die basiese aannames van die kwalitatiewe metodologiese benadering, soos die modelle se besondere data-insamelingsmetodes en -ontledingsprosedures asook die praktiese toepassing daarvan in die onderhawige studie, word om dié rede dan ook betreklik breedvoerig in die verhandeling bespreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1.5 METODES VAN DATA-INSAMELING

Vanweë die aard van kwalitatiewe navorsing volg dit dat dié navorsingstyl van 'n navorsingsmetode gebruik sal maak wat die lewensituasie van die subjekte in diepte sal weergee.

Hoewel die onderskeie kwalitatiewe data-insamelingsmetodes volledig in Hoofstuk 6 bespreek word, word vir die gerief van die leser vervolgens kortliks stilgestaan by hoe ongestruktureerde onderhoudvoering, indiepte en gestruktureerde onderhoudvoering, menslike dokumente en literatuurstudie in hierdie ondersoek aangewend is.

- Ongestruktureerde onderhoudvoering

  Daar is hoofsaaklik van ongestruktureerde onderhoudvoering gebruik gemaak. Die rede hiervoor was om die respondente so min as moontlik te beïnvloed en om die onderhoude sonder vooraf opgestelde gedetailleerde vrae te voer. Vrye teuels is dus aan die respondente gegee sodat hul sienswyses, gesindhede en houdings aan die lig gebring kon word.

  Al hierdie onderhoude is op oudio-band opgeneem ten einde te verseker dat geen inligting verlore sou gaan nie.

- Gestruktureerde onderhoudvoering

  Met sommige van die respondente is 'n tweede onderhoud gevoer. Vir hierdie onderhoude is 'n onderhoudskedule gebruik. Die vrae wat in hierdie skedule vervat is, is opgestel na aanleiding van die vernaamste inhoude wat in die literatuur oor egskeiding aangetref word.

  Alhoewel dié onderhoude dus vanweë die feit dat vrae aan die respondente gestel is wat met sosiaal-wetenskaplikes se opvattings van egskeiding verband hou 'n gestruktureerde karakter vertoon, het dit ook 'n ongestruktureerde strekking aangesien die geskeide mans in hul reaksie daarop nie gedwing is om vooraf vasgestelde antwoord-moontlikhede

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te selekteer nie.

- Menslike dokumente

Die begrip menslike dokumente is moeilik definieerbaar aangesien dit in soveel verskillende dissiplines toegepas word. Hier kan egter volstaan word met die volgende definisie van Redfield (1945:vii). "...(A) human or personal document is one in which the human and personal characteristics of somebody who is in some sense the author of the document find expression so that through its means the reader of the document comes to know the author and his views of events with which the documents is concerned".

Verskeie vorme van gedokumenteerde inligting is in hierdie ondersoek gebruik. Die navorser het naamlik in sekere wetlike dokumente soos skikkingsooreenkomste, insae gehad. Ander nie-versoekte dokumente is ook verkry. So 'n dokument wat Floris direk na sy egskeiding, as deel van sy terapie vir 'n psigiater opgestel het is aan die navorser beskikbaar gestel. Dieselfde respondent het ook 'n dokument op die navorser se versoek geskryf. 'n Dagboek spesifiek rakende die egskeiding is ook aan die navorser beskikbaar gestel. Verder het Sarel, wat mede-outeur van 'n publikasie rakende die huwelik en egskeiding in Suid-Afrika is, dele van 'n nog ongepubliseerde artikel wat hy geskryf het aan die navorser beskikbaar gestel.

Ten slotte het elf van die vyftien respondente en twee geskeide mans wat nie deel van die ondersoekgroep gevorm het nie, op versoek van die navorser as deel van die evaluering van die ondersoek, kommentaar op Hoofstuk 8 geskryf en addisionele inligting verskaf wat hulle as belangrik beskou het. (Vgl. Hoofstuk 8 : Bevindinge.)

- Literatuurstudie

Wanneer die beskikbare literatuur oor egskeiding onder oë geneem word, is dit duidelik dat sosiaal-wetenskaplikes die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afgelope paar dekades besonder aktief was en dat hulle verskeie abstrakte konsepte ontwikkel het om begrip van en insig in egskeiding te kry. Wat veral opval, is dat toonaangewende sosiaal-wetenskaplikes egskeiding nie bloot as 'n emosionele toestand sien nie, maar eerder as 'n sosiale proses waartydens verskeie emosies onderskei kan word en waarvoor daar geen maklike oplossings is nie.

Dit is uiteraard nie moontlik om alle bestaande teorieë van egskeiding uitvoerig en krities in 'n enkele verhandeling te bespreek nie en gevolglik word die soeklig in die onderhawige studie gewerp op:

- Die sentrale konsepte wat ontwikkel is om begrip van en insig in die proses van egskeiding te kry; en
- vier emosies wat oorwegend in die literatuur aangetref word, naamlik:

  * Skeidingsangs;
  * eensaamheid;
  * aggressie en
  * skuldgevoelens.

1.6 SAMESTELLING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

Aanvanklik is besluit dat alle geskeide mans tussen die ouderdom 20 en 35 jaar by hierdie ondersoek betrek sal word. Hierdie respondente sou by die Klerksdorp Sentrum vir Persoonsontwikkeling verkry word. Toe vasgestel is dat daar egter geen geskeide man op die sentrum se gevallelading is nie, is besluit om gebruik te maak van gerieflikheids- of toevalligheidsteekproeftrekking. (Vgl. Bailey 1982:97.) Om dit te bewerk is verskeie prokureursfirmas genader, is artikels in 'n paar nuusblaaie gepubliseer en is etlike welsynsorganisasies genader. Hierdie werkswyse het egter geen respondente opgelewer nie.

Die navorser het haar toe tot vriende, familie en kollegas gewend

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en haar behoefte aan respondente aan hulle genoem. Van hierdie persone het name en adresse aan haar beskikbaar gestel. Die samestelling van die steekproef het in twee fases verloop. Tydens fase een is persone met die vereiste eienskappe geïdentifiseer en in 'n onderhoud betrek. Hierdie persone is ook as informante gebruik om ander persone te identifiseer wat by die ondersoek ingesluit kon word. Bailey (1982:100) beskryf die tweede fase van steekproefsamestelling wat ook in die studie gevolg is, soos volg: "The second stage involves interviewing these persons, who in turn lead to still more persons who can be interviewed in the third stage, and so on". In die algemeen beskou, kan dié tipe steekproeftrekking wat in dié onderhawige studie aangewend is om 'n ondersoekgroep saam te stel, as 'n sneeubaltegniek beskryf word.

1.7 **AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEKGROEP**

In die geval van kwalitatiewe studies val die klem op 'n indiepte studie van die verskynsel wat nagevors word. (Vgl. Mouton & Marais, 1985.) Dit spreek vanself dat sodanige uitvoerige ondersoek slegs suksesvol uitgevoer kan word indien die ontledingseenheid tot 'n relatief beperkte aantal individue, gebeurtenisse en/of aktiwiteite beperk word. Nadat navorser se persoonlike omstandighede en ander eise wat die studie gestel het (byvoorbeeld beperkte fondse en tyd) deeglik in oorweging geneem is, is besluit om vyftien blanke geskeide mans by die navorsing te betrek.

- Geografiese gebied
  Vanweë die tydsaspek en koste van 'n persoonlike onderhoud is slegs blanke geskeide mans woonagtig in Pretoria en omliggende gebiede by die ondersoek betrek.

- Geslag
  Soos reeds genoem, is talle ondersoeke al na die posisie van die geskeide vrou onderneem. Daar bestaan 'n leemte in die literatuur betreffende die ervarings van die geskeide

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

man. Om die leemte te begin vul is besluit om blanke geskeide mans by die ondersoek te betrek.

- Ouderdom
  Blanke mans tussen die ouderdom 24 jaar tot 53 jaar is by hierdie ondersoek betrek.

- Respondente met kinders en respondente sonder kinders
  Uit die ondersoekgroep was nege van die respondente vaders. Slegs een van hierdie nege respondente het toesig en beheer oor sy kinders gehad. In twee ander gevalle het een van die kinders (in beide gevalle 'n seun) na aanleiding van 'n private reëling by die respondent gewoon.

- Periode van getroude lewe
  Die periode waartydens die respondente getroud was, het gewissel van nege maande tot elf jaar. Slegs een respondent was die tweede keer geskei.

- Periode van geskeide lewe
  Die periode van geskeide lewe het gewissel van drie maande tot tien jaar.

1.8 BEPERKINGS EN LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK

Die belangrikste beperkings en leemtes in die ondersoek was soos volg:

- Die gebrek aan wetenskaplike literatuur spesifiek oor die man se belewenis van egskeiding was 'n beperking wat oorkom moes word. Verder is daar min inligting oor mans en hul hantering van egskeiding in die plaaslike literatuur beskikbaar en moes oorsese literatuur van verskeie dissiplines rakende egskeiding bestudeer word ten einde die gedeeltes wat op die geskeide man van toepassing is, te identifiseer vir gebruik in hierdie ondersoek.
- Die aanvanklike probleme wat met die steekproefsamestelling

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ervaar is: Egskeiding word baie vertroulik gehanteer en inligting rakende die geskeide man word nie sonder meer bekendgemaak nie. Dit het meegebring dat die opsporing van die vyftien respondente wat by die studie ingesluit is, baie tyd in beslag geneem het en die ondersoek aansienlik vertraag is.

- Die feit dat kwalitatiewe navorsing onbekend aan die navorser was, het veroorsaak dat kennis eers rondom die navorsingstyl ingesamel moes word alvorens die ondersoek aangepak kon word.
- Soos in enige ondersoek het waarnemingseffekte of remmende faktore die betroubaarheid van die waarnemings bedreig. Dié faktore word in Hoofstuk 7 toegelig.

1.9 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Hierdie inleidende hoofstuk word afgesluit met 'n verduideliking van hoe die res van die stof uiteengesit en aangebied word.

Hierdie verhandeling bestaan uit vier hoofdele, naamlik:

- Deel I
  In hierdie gedeelte word aandag gegee aan die sentrale konstrukte van egskeiding. Die ("processional") proses-aard van egskeiding word in Hoofstuk 2 aangespreek terwyl die belewenis van skeidingsangs en eensaamheid en die ervaring van aggressie en skuldgevoelens respektiewelik in Hoofstukke 3 en 4 bespreek word. In Hoofstuk 5 word die hulpverlening bespreek.
- Deel II
  Dié gedeelte handel oor die kwalitatiewe metodologie wat in die ondersoek aangewend is en bestaan uit die volgende hoofstukke, naamlik:

  * 'n Bespreking van die vernaamste aannames en metodes van dié model (Hoofstuk 6);
  * 'n uiteensetting van die praktiese toepassing van dié

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

benadering in die studie (Hoofstuk 7); en

* ’n Bespreking van die navorsingsbevindinge (Hoofstuk 8).

- Deel III

Die interpretasie van die gegewens (Hoofstuk 9) maak deel van hierdie gedeelte uit.

- Deel IV

Die verhandeling word afgesluit met Deel IV wat uit ’n enkele hoofstuk (Hoofstuk 10) bestaan, waarin die belangrikste bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van terapeutiese hulpverlening deur die maatskaplike werker aan die geskeide man vervat is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DEEL I

Hierdie gedeelte bevat die teoretiese beskrywing van emosionele belewenisse. Egskeiding as 'n proses en hulpverlening aan die geskeidene word ook in hierdie gedeelte aangespreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 2

DIE PROSES VAN EGSKEIDING

2.1 INLEIDING

Navorsing het aangetoon dat die besluit om 'n egskeiding te verkry nie 'n eenmalige gebeurtenis is nie, maar wel 'n proses wat uit 'n aantal oorvleuelende fases bestaan wat nie net 'n korttermynkrisis veroorsaak nie, maar bepaalde langtermyngevolge inhou. In hierdie hoofstuk word die vernaamste teoretiese modelle van dié proses van naderby beskou. Hierdie modelle sal in twee hoofkategorieë bespreek word, naamlik die gebeurtenismodelle en die affektiewe modelle. Hierbenewens word ook gelet op die beskouing dat egskeiding 'n krisis is. Ten slotte word gelet op faktore wat die egskeidingsaanpassing beïnvloed.

2.2 TEORETIESE MODELLE

Uit die relevante literatuur blyk dat verskeie studies reeds oor egskeiding onderneem is en dat sosiaal wetenskaplikes etlike teoretiese konsepte ontwikkel het om begrip en insig in die egskeidingsproses te verkry.

Volgens Crosby, Gager & Raymond (1983:4) kan die verkeie modelle in twee hoofkategorieë verdeel word, naamlik:

- Modelle wat klem lê op gedrag of gebeurtenisdimensies; en
- modelle wat die affektiewe dimensies van die egskeidingsproses as vertrekpunt neem.

2.2.1 Gedrag of gebeurtenismodelle

Etlike modelle word in hierdie kategorie onderskei wat vervolgens aandag sal geniet.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.2.1.1 Bohannan se ses fases van egskeiding

Bohannan (1970:29) verwys na hierdie fases as "...the six stations of divorce...", en noem dat elk van dié fases voor, gedurende en na die egskeiding vir 'n persoon pynlik en verwarrend is, aangesien: "...society is not yet equipped to handle any of them well...". Egskeiding behels volgens Bohannan (1970:29) nie net 'n komplekse sosiale fenomeen nie, maar ook 'n komplekse persoonlike ervaring. Hy wys daarop dat egskeiding op beide die emosionele en sosiale vlakke traumaties is, en dat persone wat hierdie trauma ervaar, gewoonlik aanvanklik pogings aanwend om dit te ontken maar dit later stadig in die bewussyn toelaat sodat dit meer hanteerbaar is. Bohannan (1970:29) verduidelik dit só: "The complexity of divorce arises because at least six things are happening at once. They may come in a different order and with varying intensities, but there are at least these six different experiences of separation". Volgens Bohannan, soos aangehaal deur Levinger & Moles (1979:181), is die ses oorvleulende ervarings wat die eglied tydens die egskeidingsproses ervaar die volgende:

- Die emosionele skeidingsfase wat rondom die probleem van die verbrokkelende verhouding sentreer.
- Die wetlike skeidingsfase wat op wetlike grond gebaseer is en dus die amptelike terminering van die huwelik verteenwoordig.
- Die ekonomiese skeidingsfase wat oor die finansiële- asook eiendomsverwante aspekte handel.
- Die mede-ouerskap-skeidingsfase wat betrekking het op die toesig en die beheer van die kinders, enkelouerhuise asook besoeke aan en van die kinders.
- Die gemeenskapskeidingsfase wat te make het met die verandering van vriende en ander gemeenskapsverwante aspekte wat geskeides ervaar.
- Die psigiese skeidingsfase wat oor die problematiek van die verkryging van individuele outonomiteit handel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel die psigiese skeidingsfase volgens Bohannan (1970:53) die moeilikste van die ses fases is, kan dit ook dié fase wees wat vir die persoon die mees konstruktiewe kan wees. Meer onlangs het Bohannan (1980:3264) egter na die eerste fase, naamlik die emosionele egskeidingsfase as die psigiese egskeiding verwys, en dit soos volg gestel: "Psychic divorce involves the renunciation of the object and the accompanying mourning". Laasgenoemde definisie van die psigiese egskeidingsfase stem dus met dié van die emosionele egskeiding ooreen. In dieselfde artikel verwys Bohannan na die sesde fase as skeiding van afhanklikheid in teenstelling met psigiese egskeiding en dui hy aan dat "...separation from dependency means breaking the condition that has allowed one to be outonomous" Bohannan (1980:3264). Hierdie definisie kan dus tot verwarring lei aangesien dit dieselfde betekenis het vir beide psigiese en emosionele skeiding. Nieteenstaande dié kritiek werp Bohannan se model van die "stasies" van die egskeidingsproses meer lig op die psigologiese dinamiek van egskeidingsaanpassing en kan dit, soos Kaslow (1981:668) tereg sê, beskou word as: "...one of the most clearly delineated modules of divorce".

2.2.1.2 Kessler se sewe fases van emosionele egskeiding

Buitendach (1987:36) haal die werk van Kessler aan wat die volgende sewe fases in die egskeidingsproses onderskei:

- Fase 1 : Ontnugtering;
- Fase 2 : Verwerking;
- Fase 3 : Losmaking;
- Fase 4 : Fisiese verlating;
- Fase 5 : Rou;
- Fase 6 : Verligting; en
- Fase 7 : Tweede adolessensie.

Volgens Kessler (1975:20) word die fases van die egskeidingsproses soos volg gestipuleer:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Fase 1 : Ontnugtering;
- Fase 2 : Verwerking;
- Fase 3 : Losmaking;
- Fase 4 : Fisiese skeiding;
- Fase 5 : Rou;
- Fase 6 : Tweede adolessensie; en
- Fase 7 : Harde werk.

Volgens Kessler (1975:20) berei die eerste drie fases, naamlik ontnugtering, verwerking en losmaking, die persoon op die vierde fase, naamlik fisiese skeiding voor. Die vyfde fase, naamlik rou, vloei hieruit voort. Herstel begin wanneer die persoon die sesde, tewete die tweede-adolessensiefase ervaar. Die sewende fase van egskeiding, naamlik die afsluitingsfase, hou harde werk vir die geskeidenes in.

Kessler (1975:44) waarsku dat die fases nie noodwendig in die voorgestelde volgorde ervaar word nie en dat die duur en intensiteit van elke fase van individu tot individu verskil. Met inagneming van die intensiteit van die huweliksverhouding kom sy tot die volgende gevolgtrekking: "No one is ever totally divorced from a person once truly loved. Fond memories, pleasant times together, unique personality traits of the other never totally fade away. Being able to cope with both painful and pleasant memories is part of a creative emotional divorce" (Kessler, 1975:44).

2.2.1.3 Weiss se egskeidingsmodel

Weiss (1975:236) onderskei twee fases in die herstelproses, naamlik:

- Oorgang; en
- herstel.

Voorts wys hy daarop dat 'n kort fase van skok en ontkenning direk na die egskeiding volg. Hy gaan van die veronderstelling

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

uit dat gedurende dié fase van skok die egskeiding onwerklik blyk te wees en dat dit ontken word. Hierdie fase van ontkenning word volgens Weiss slegs deur 'n minderheid van geskeide persone ervaar en duur slegs vir 'n paar dae. Die meeste geskeidenes beweeg volgens hom direk na die fase van oorgang.

Volgens Weiss (1975:239) word die fase van oorgang geïnisieer deur die versteuring van huweliksidentiteit en die verhouding wat daarvan afhanklik was. Dié fase word deur opvallende emosionele versteurings gekenmerk. Nadat hierdie versteuringsproses voltooi is, is die individu minder vatbaar vir depressie en gemoedskommelinge en begin hy na die volgende fase te beweeg. Hierdie periode van oorgang eindig binne tien tot twaalf maande na die egskeiding.

Weiss (1975:236) beskryf die tweede fase, naamlik die fase van herstel soos volg: "The second phase, which then begins, is a period of recovering, in which the individual has established a coherent pattern of life but has not yet integrated it firmly enough so that it can withstand new stress". Weiss wys voorts daarop dat hierdie fase gewoonlik binne twee tot vier jaar na die egskeiding beëindig word wanneer 'n stabiele nuwe identiteit of patroon van lewe daargestel word. Hy waarsku egter dat dit nie noodwendig is dat die persoon op hierdie stadium geluk sal ervaar nie. Probleme wat ervaar mag word kan egter op dié stadium nie na die egskeiding en die nagevolge van die egskeiding teruggevoer word nie.

2.2.1.4 Ander gedrags- of gebeurtenismodelle van egskeiding

Ook Kressel & Deutch (1977) en Waller (1951) het konseptuele raamwerke ontwikkel aan die hand waarvan die egskeidingsproses verduidelik kan word. Vir die doeleindes van die huidige studie word dié modelle egter nie verder bespreek nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat alhoewel individuele verskille ten opsigte van die onderskeie gedrags- of gebeurtenis-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

modelle bestaan, daar tog sekere ooreenkomste tussen hulle is. Die vernaamste ooreenkoms is geleë in die siening dat die gesinsisteem in 'n staat van wanbalans is en dat die verbrokkeling van die huwelik die herstrukturering en herdefiniëring van rolle binne dié sisteem noodsaak. Buitendach (1987:39) is dan ook van mening dat die ooreenstemming tussen dié modelle by die eerste fase, naamlik die rouproses, en by die fase van herintegrasie aangetref word.

2.2.2 **Affektiewe modelle**

Die volgende affektiewe modelle van egskeiding word in die relevante literatuur onderskei en sal kortliks onderskei word.

2.2.2.1 Wiseman se model van die egskeidingsproses

Wiseman (1975:205) beskou die egskeidingsproses as: "...one in which both spouses experience a form of emotional crisis with some unique characteristics and also some unique opportunities for growth". Wiseman fokus op die emosionele aspekte van egskeiding en onderskei die volgende vyf stadia:

- Ontkenning;
- Gevoelens van verlies en depressie;
- Woede of ambivalensie;
- Heroriëntasie van lewensstyl en identiteit; en
- Aanvaarding van 'n nuwe vlak van funksionering. (Vgl. Wiseman, 1975:205-212.)

Volgens Wiseman (1975:206) is daar 'n ooreenkoms tussen die vyf fases van die rouproses soos omskryf deur Kubler-Ross en die fases van aanpassing waardeur die eglied na die egskeiding gaan. Kubler-Ross (1969) se vyf fases van die rouproses sien naamlik soos volg daaruit:

- Ontkenning;
- Woede;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Bedinging;
- Depressie; en
- Aanvaarding.

Die reaksie op egskeiding neem volgens Wiseman (1975:206) reeds, voordat die egskeiding deur die hof toegestaan is, in aanvang en volg min of meer die volgende patroon:

- Daar is eerstens 'n ontkenningsreaksie waarin die betrokkenes probeer voorgee dat niks in die huwelik skort nie.
- Tweedens volg 'n reaksie van woede en dikwels ook skuldgevoelens wanneer iemand vir die verbrokkeling van die huwelik blameer word.
- Derdens word die gevoel van skeidingswoede dikwels afgewissel met berou en hartseer en pogings om die huwelik te red.
- Ten slotte volg depressie indien dit duidelik word dat die breuk nie geheel kan word nie en die situasie aanvaar moet word en gepoog moet word om daarby aan te pas.

Navorsing, soos dié deur Jacobson (1983:143) onderneem, dui ook op die verband tussen die rou- en egskeidingsprosesse. Jacobson vergelyk die proses dan ook met die verloop van 'n terminale siekte: daar is 'n diagnose met die gepaardgaande aanvanklike skok, behandeling wat moontlik hernieude hoop meebring en wat weer slegs deur 'n terugval gevolg word. Die gevoel van hoop en die terugvalle wissel mekaar telkens af tot en met die finale fatale uitslag. Volgens Jacobson (1983:143) verloop die beëindiging van 'n huwelik stadig en bestaan dit uit die betrokkenes se wense om te versoen en die huwelik te red asook alternatiewelike bewegings na hul skeiding en uiteindelik egskeiding.

2.2.2.2 Froiland & Hozman se model

Froiland & Hozman (1977:526) wat ook Kubler-Ross se rou stadia op die egskeidingsproses van toepassing gemaak het, onderskei die volgende vyf fases:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Ontkenning;
  Woede;
- Bedinging;
- Depressie; en
- Aanvaarding.

Froiland & Hozman (1977:526) beklemtoon dat individue teen verskillende tempos deur die verskeie fases beweeg en ook nie noodwendig in dieselfde volgorde nie. Dit is duidelik dat dié model se finale fase, naamlik dié van aanvaarding, met Wiseman (1975) se fase van heroriëntasie van lewenstyl en identiteit, en nuwe vlak van funksionering met Bohannan (1970) se psigiese-skeidingsfase ooreenstem. Verder toon Defasio & Kleinbort (1975) se huweliksontbindingsfases naamlik:

- Inisiële skok;
- woede en verraaiing; en
- verhoogde realisme

ook hiermee ooreenstem.

2.2.2.3 Kaslow se model van die egskeidingsverloop

Kaslow (1981) verskil in sy verklaring van egskeiding van die vorige teoretici. Kaslow bou op die analise van Salts (1979) voort. Salts (1979:42) onderskei die volgende vyf fases in die egskeidingsproses:

- Verwydering en emosionele skeiding;
- Woede, depressie en afsondering;
- Skeidingsongemak en verbreking van ou gewoontes;
- Hersiening van identiteit en die maak van nuwe vriende; en
- Psigiese skeiding, aanvaarding en herstelling.

Kaslow (1981) het Salts (1979) se konseptuele raamwerk en die wat Vines (1979) ontwikkel het om huwelikskonflik te ontleed gebruik en 'n omvattender teorie met duideliker kliniese implikasies te ontwikkel. Die onderskeie fases van dié model bestaan uit onderskeibare emosies, gedrag en feite wat tydens die egskei-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dingsproses afgehandel moet word. In 'n poging om die onderskeie dimensies te klarrifiseer stel sy 'n dialektiese model van die fases in die egskeidingsproses voor. Kaslow (1981:675) stel dit soos volg: "The stages of divorce do not occur in an invariant sequence. Rather, the process is like a roller coaster with alternating highs and lows and periodically a regressive pull back into the relationship to give it one more try". Die fases in die egskeidingsproses sien soos volg daaruit.

- Die voor-egskeidingsperiode:
  Dié oorwegingsperiode bestaan uit:
  * Fase 1: ontnugtering, ontevredenheid en vervreemding en
  * Fase 2: gevoelens van vrees, angs (smart), ambivalensie alensie, skok, leegheid, chaos, onbevoegdheid en 'n lae selfbeeld.

- Die periode gedurende die egskeiding:
  Hierdie periode wat ook as die regsgedingingsperiode bekend staan, bestaan uit:
  * Fase 3: depressie, afgesonderdheid, agressie, hopeloosheid en selfbejammering en
  * Fase 4: verwarring, woede, hartseer, eensaamheid en verligting.

- Die na-egskeidingsperiode
  Dié ewewigsperiode bestaan uit:
  * Fase 5: optimisme, berusting, opgewondenheid, nuuskierigheid en berou en
  * Fase 6: aanvaarding, energie, selfvertroue, selfwaarde, heelheid, opgewektheid, outonomie en onafhanklikheid. (Vgl. Johnston, 1984:40.)

Kaslow (1981:675) vat die kern van haar model soos volg saam: "Each person can only proceed at his/her own rhythm according to the music of his/her internal drumbeat". Daar kan dus nie 'n tyd aan die fases gekoppel word nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.2.2.4 Van Staden se fases van die egskeidingsproses

Van Staden (1987:213) het die gekunstelde model van Kaslow (1981) verder ontwikkel. Dié fases kan soos volg voorgestel word:

- Die Voorbereidings- en aanvangsfase

  Voor die egskeiding:

  'n Stadium van oorweging en vertwyfeling:

  * **Emosionele skeiding**

Gevoelens:	Gedrag:
ontnugtering	vermy die werklikheid
ontevredenheid	nukkerig en/of kwaad
angs	rusies
ongeloof	konfrontasies
vervreemding	
skuldgevoelens	

- Die Verkennings- en benuttingsfase

  Tydens die egskeiding: 'n stadium van wetlike betrokkenheid.

  * **Wetlike skeiding**

Gevoelens:	Gedrag:
afgesonder	gaan ooreenkomste aan
terneergedruk	skerm vir werklikheid
kwaad	dreig
mislukking	konsulteer met prokureur
selfbejammering	of tussenganger
hulpeloos	

  * **Ekonomiese skeiding**

Gevoelens:	Gedrag:
eensaam	poog om psigiese skeiding te
moedeloos	bewerkstellig
verligting	gereedmaking vir wetlike
woede	skeiding
verdediging	verbetering van ekonomiese posisie
	gereedmaking vir toesig en beheer oor kinders

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

* **Skeiding van ouerskap**

Gevoelens:	Gedrag:
kommer oor kinders	klagtes en ontevredenheid
ambivalensie	heraanpassing by vriende,
onsekerheid	familie en arbeidsmark
gevoelloosheid	onsekerheid by die maak van keuses

* **Gemeenskapskeiding**

Gevoelens:	Gedrag:
optimisme	finalisering van egskeiding
opgewondenheid	begin uitreik na nuwe vriende
moedeloosheid	positiewer ingesteldheid ten
ambivalensie	opsigte van nuwe voorstelle
terugtrekking	stabiliseer ten opsigte van
ontevredenheid	nuwe lewensstyl en roetine van kinders
	ontdekking van nuwe belang-stelling en moontlikheid van nuwe beroep.

- Die Afsluitingsfase:

Na die egskeiding: 'n Tydperk van ontdekking en die herstelling van balans:

* **Psigiese skeiding**

Gevoelens:	Gedrag:
aanvaarding	ontdekking van 'n nuwe identiteit
selfvertroue	voltooi psigiese skeiding/
opgewondenheid	vryheid
outonome eenheid	raak tevrede met nuwe lewens-situasie en -styl
onafhanklikheid	lewe doelgerig
nuwe lewenskrag	help kinders om die finaliteit van die egskeiding te verwerk en poog om die nahuwelikse verhouding ter wille van die kinders in perspektief te laat verloop.
toekomsgerig	
	hereniging/versoening
	hertotstandkoming van huweliksverbintenis
	heropbou van respek vir en vertroue in mekaar
	bereidwilligheid om probleme deur te werk wat skeiding veroorsaak het.

(Vgl. Van Staden, 1987:312.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die fases in die egskeidingsproses soos deur Turner (1974:444) onderskei, kan ook met bogenoemde twee modelle in verband gebring word.

Ten slotte blyk dit volgens dié model van Turner (1974:444) dat egskeiding as 'n bedreiging beskou kan word. Spanning ontstaan ook as gevolg van die egskeiding en om die krisissituasie te hanteer moet die individu probleemoplossende meganismes vind. Hierdie proses word deur Turner (1974:444) soos volg uiteengesit:

- <u>Spanning as gevolg van die egskeiding</u>
  - * Die individu word in 'n kwesbare toestand geplaas wat baie spanning veroorsaak.
  - * Wanbalans en disorganisasie bestaan.
  - * Egskeiding word as 'n bedreiging beleef.
  - * Bedreiging behels gevoelens van verhoogde angs. 'n Verlies behels gevoelens van depressie, deprivasie en hartseer en indien die verlies 'n uitdaging word, gevoelens van angs, hoop en verwagting.
  - * Vorige krisissituasies word in herinnering geroep of gebring.
  - * Die duur van die krisis hang af van hoe sy/hy werklik oor die ander persoon voel en of hy/sy die nodige onderskraging verkry.
  - * Emosionele reaksies tree in met disekwilibrium.
  - * Die verdediging verswak en die ego is ontvankliker vir invloede van verandering.
  - * Ontwikkeling van probleemoplossende meganismes vind plaas.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat in die verskeie egskeidingsmodelle egskeiding as 'n proses met herkenbare en onderskeibare fases, (vgl. Froiland & Hozman, 1977; Weiss, 1985 en Kaslow, 1981,) of stasies, (vgl. Bohannan, 1970) beskou kan word. Hoewel die spesifieke eienskappe van die stadia, fases, periodes of stasies van dié modelle verskil, is hulle nie onversoenbaar nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ontkenning word deur al die modelle geïdentifiseer en word dit soos in die geval van die gebeurtenismodelle in al die egskeidingsfases aangetref. Die onderskeie fases kan nie duidelik en bepaald afgebaken word nie maar oorvleuel mekaar en 'n bepaalde tydsbestek kan nie aan elke fase gekoppel word nie. Aangesien die verloop daarvan van individu tot individu verskil, hou die fases in die egskeidingsproses met sekere gevoelens verband.

Daar word volstaan met Kaslow & Hyatt (1982:12) se waarskuwing dat egskeiding geen maklike proses is nie aangesien: "...kinship and social structures for all kinds of support - material and emotional - are weefully inadequate ... our society as a whole has not yet formulated ceremonies or developed viable social policies to aid the transition and adjustment of the newly divorced and their offspring". Dit is dus duidelik dat die gemeenskap nie weet hoe om teenoor die geskeidenes op te tree nie.

2.3 **EGSKEIDING AS KRISIS**

Egskeiding kan, soos reeds gesuggereer is, as 'n krisis beskou word. Dit impliseer die skielike en onverwagte verlies aan 'n lewensmaat en die daarmee gepaardgaande ontbering aan die bevrediging van behoeftes. Die betrokkenes se wêreld verander oornag as't ware in 'n skrikwekkende vraagteken en skyn buite beheer te wees. Selfs eenvoudige beslissings is nie dikwels meer hanteerbaar nie. (Vgl. Buys, 1977:60 en Divadoff & Schiller, 1983:37.)

2.3.1 Die konsep krisis

Die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1984:27) omskryf krisis as "'n ernstige ontwrigting van emosionele ewewigtigheid of van 'n gevestigde lewenswyse wat die persoon of groep nie kan verwerk nie". Die Psigologie Woordeboek definieer krisis as:

- "'n Keerpunt gekenmerk deur opvallende verbetering of

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

agteruitgang.

- 'n Besluit of gebeurtenis met ingrypende psigologiese betekenis vir die individu".

Volgens Van Staden (1987:81-82) dui krisis op 'n persoon se gevoelens met betrekking tot die ontwrigting en nie op die ontwrigting self nie. 'n Persoon in 'n krisis, kan as gevolg van die wanbalans en disfunksionering nie self sy of haar probleem oplos nie. Die persoon se probleemoplossende meganismes word deur die egskeidingsituasie oorweldig. Kenmerkend van 'n egskeidingskrisis is die belewenis van gevoelens van angs, spanning en skuld. Die persoon se denke is verward, 'n verlies van eie waarde word beleef en die angs veroorsaak dat sy of haar emosionele toestand 'n hindernis in die hantering van omstandighede vorm.

Mitchell & Resnik (1981:3) definieer 'n krisis op hul beurt as: "Any serious interruption in the steady state of equilibrium of a person, family, or group is considered a crisis. A crisis is a state of emotional turmoil. It is also considered an emotionally significant event which acts as a turning point for better or worse in a person's life". Voorts wys hulle daarop dat krisisse oor die volgende vier hoofeienskappe beskik:

- Dit is skielik.
- Die individu, gesin of groep is nie genoegsaam voorberei om die gebeurtenis te hanteer nie en die normale metode van stres-hantering faal.
- 'n Krisis is van korte duur, die meeste krisisse duur slegs 24 tot 36 uur en alleen in uitsonderlike gevalle duur dit langer as ses weke.

Wat die duur van krisisse betref, blyk dit dat die dood van 'n geliefde, relatief, 'n betreklik langdurige krisis kan meebring. Specter & Claiborn (1973:13) voer aan dat sodanige krisis 'n jaar lank kan duur en krisisse is tydsgebonde en gelukkig nie onbepaald nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Combrink & Van Rooyen (1980:212) skryf in laasgenoemde verband die volgende: "'n Krisis duur byvoorbeeld een tot ses weke en gaan nooit onbepaald voort nie. Dit word beëindig deurdat die individu by die situasie aanpas deur nuwe maniere van selfhandhawing te ontplooi. Hoewel hierdie selfhandhawing kan lei tot die herstel van die vorige vlak van ewewig of tot verbeterde funksionering, dui dit nie noodwendig op suksesvolle oorkoming van die krisissituasie nie".

Ten slotte moet daarop gelet word dat krisisse die potensiaal het om gevaarlike, self-vernietigende of sosiaal onaanvaarbare gedrag tot gevolg te hê. Callahan (1979:16) wys egter in hierdie verband dat egskeiding as krisis ook tot 'n groei ervaring aanleiding kan gee wanneer hulle skryf: "...(it is) using crisis to get a new start, to reconceive yourself as an individual and to choose the kind of change that will help you grow and fulfill yourself more completely". 'n Krisis hoef dus nie noodwendig 'n negatiewe ervaring te wees nie aangesien dit tot groei kan aanleiding gee.

2.3.2 **Tipes krisisse**

Volgens Mitchell & Resnik (1981:4) word twee hooftipes krisisse onderskei, naamlik:

- Rypwordingskrisisse ("maturational"). Hierdie tipe krisis sluit ervarings soos onder andere puberteit, adolessensie, huwelik en bejaardheid in.
- Skielike versteuring of situasie-gekoppelde krisisse wat onder andere egskeiding, dood, ongeluk en siekte insluit.

'n Verdere klassifikasie van krisisse word deur Specter & Claiborn (1973:11) onderskei:

- Binne-temporele krisisse ("intratemporal"). Hierdie tipe krisisse vind gedurende 'n lewensfase plaas. Dit is krisisse tydens adolessensie, die middeljare of gedurende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bejaardheid wat kenmerkend van die besondere lewensfase is.

- Tussentydse krisse ("intertemporal"). Tydens die keerpunt in die lewe van 'n persoon, kan weerstand om nuwe take op te neem tot 'n krisis lei. Dit is moeilik om 'n bejaarde middeljarige of jong volwassene of adolessent te word. Specter & Claiborn (1973:12) meen die volgende in dié verband: "Always involved is the 'giving up' and the adjustment to the new, the uncomfortable, the unknown".
- Ekstra temporele krisisse ("extra temporal"). Specter & Clairborn (1973:12) omskryf hierdie tipe krisisse soos volg: "It occurs rather independent of time of life. These extra temporal crises can account for the phenomenon of apparently unaccountable suicides - the cases where one wonders why he dit it. The causes, even the precipitating causes, are difficult or impossible to discern ... almost as though there were no specific precipitant".

Dit blyk dat die rypwordingskrisis soos deur Mitchell & Resnik (1981:4) beskryf, ooreenstem met dié binne temporele asook tussentydse krisisse soos deur Specter & Clairborn (1973:11) omskryf. Situasie gekoppelde krisisse (vgl. Mitchell & Resnick, 1981:4) stem ooreen met die ekstra temporele krisis soos deur Specter & Clairborn (1973:12) omskryf. Egskeiding blyk dus 'n intertemporele krisis te wees as gevolg van 'n skielike en onverwagte verlies aan 'n lewensmaat en die daarmee gepaardgaande ontbering van die bevrediging van behoeftes.

2.3.3 **Fases in 'n krisissituasie**

Dit blyk uit die toepaslike literatuur dat skrywers die verloop van 'n krisis in fases verdeel. Volgens Van Rooyen & Combrink (1980:212) word die volgende fases onderskei. Hieride fases is met egskeiding in verband gebring en is soos volg:

- Egskeidings laat 'n krisis ontstaan.
- Die betrokkenes probeer die ewewig herstel, maar word deur die ontoereikendheid van hul probleemoplossende meganismes

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gekortwiek.

- Psigo-sosiale ewewig wat spanning veroorsaak, word versteur. Daar ontwikkel meer subjektiewe betrokkenheid.
- Noodpogings word aangewend om die probleem te oorkom.
- Spanning verhoog en die emosionele krisis word gevolg deur disorganisasie.
- Verdedigingsmeganismes en ego-kragte word uitgeput.
- In die na-krisisfase word ewewig geleidelik herwin wat dieselfde, beter of swakker as voor die aanvang van die krisis kan wees.

'n Tweede kategorisering van krisisfases is die wat deur Golan (1972:63-71) en Parad (1965:66-67) ontwikkel is. Dié fases sien soos volg daaruit:

- <u>Rampspoedige gebeurtenisse</u>
  Rampspoedige gebeure verteenwoordig spesifieke spanningsvolle gebeurtenisse wat ekstern of intern van aard kan wees. Die gebeurtenisse veroorsaak onmiddellik spanningsreaksies. Daar word onderskei tussen geantisipeerde gebeure en nie-geantisipeerde gebeure.

- <u>Kwesbare toestand</u>
  Hierdie stadium behels individue of gesinne se ontstelteniss wat die gevolg van bepaalde gebeurtenisse is. 'n Bedreiging veroorsaak meestal 'n hoë mate van angs terwyl 'n uitdaging 'n matige hoeveelheid angs plus elemente van hoop, opwinding en positiewe verwagtinge stimuleer. Ineengestrengel hiermee ondervind gesinne of individue gevoelens van skande, skuld, woede, vyandigheid asook kognitiewe en perseptuele verwarring.

- <u>Presipiterende of veroorsakende faktore</u>
  Kenmerkend van hierdie fase is 'n gebeurtenis of aantal gebeure wat plaasvind en as die laaste strooi beskou word wat die kameel se rug breek. Angs en spanningsvlakke is in dié stadium besonder hoog. Die veroorsakende faktore

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ontlok egter nie dieselfde hoeveelheid spanning by alle individue nie.

- Aktiewe staat van krisis


  Hierdie aktiewe toestand duur slegs vier tot ses weke. Die belangrikste faktor gedurende hierdie fase is dat die gesin of individu ontvanklik is vir hulpverlening.

- Herintegrasie

  Volgens Golan (1978:70) bestaan herintegrasie uit 'n aantal definitiewe stappe. In die inisiële fase vind korrekte kognitiewe persepsie plaas, wanneer die individu bewustelik poog om objektief en subjektief te verstaan wat met hom gebeur. In die tweede fase word gevoelens hanteer wat verband hou met die elemente in 'n krisissituasie wanneer dit aanvaar word. Laastens vind 'n ontwikkeling van nuwe gedragspatrone en ook 'n verhoogde selfwaarde plaas.

'n Vierde indeling van krisisfases is dié van Kraus, (1979: 116) wat skematies soos volg voorgestel kan word:

FIGUUR 1: KRAUS SE MODEL VAN EGSKEIDING



(Vgl. Kraus, 1979:116.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Kraus (1979:116) se model lei egskeiding tot die ervaring van 'n krisis in die gesin wat egter met verloop van tyd verwerk word. Kraus (1979:111) suggereer dat daar veral twee uiteenlopende reaksies op egskeiding voorkom. Volgens hom veroorsaak egskeiding op die korttermyn 'n geweldige emosionele reaksie by die geskeide persoon. Op die langtermyn is dit egter vir die persoon moontlik om versterk deur die proses te kom en stel dit soos volg: "A state of crisis is assumed to have both growth promoting and pathological potential depending upon the interaction of many individual and situational factors". Volgens Mitchell & Resnik (1981:5) is daar 'n mate van ooreenstemming in bykans enige krisis. Volgens laasgenoemde outeurs kan die volgende fases gewoonlik in 'n krisissituasie onderkei word:


- Die voor-krisisfases: waartydens 'n persoon in 'n algemene staat van balans verkeer.
- Die impakfase: waartydens die spanningsvolle gebeurtenis plaasvind.
- Die krisisfase: die persoon is tydens hierdie fase bewus van die spanningsvolle gebeurtenis en beleef dit as 'n bedreiging. Hierdie fase bestaan uit twee dele naamlik:
  * Verwarring en disorganisasie.
  * Probeer-en-tref-reorganisasie.
- Die oplossingsfase: waartydens 'n persoon beheer oor sy emosies verkry en aan 'n oplossing werk.
- Die na-krisisfase: waar 'n persoon uit die krisis beweeg en weer sy/haar normale aktiwiteite opneem.
  * Sekere persone word emosioneel permanent beskadig deur die krisiservaring.
  * Ander persone tree sterker en gesonder daar uit.

Bogenoemde model kan skematies soos volg voorgestel word:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FIGUUR 2: MITCHELL & RESNIK SE KRISIS-MODEL



(Vgl. Mitchell & Resnik, 1981:5.)

2.3.4 Algemene krisis-elemente en reaksies op krisisse

Uit die voorgaande bespreking blyk dit dat sekere algemene krisiselemente onderskei word. Vervolgens word die vernaamste elemente van naderby beskou.

Die volgende algemene krisiselemente wat saamhang met egskeiding word deur Buys (1975:59-62) onderskei:

- Veranderde lewensomstandighede
  Egskeiding skep nuwe lewensomstandighede wat die individu uit die daaglikse roetine dwing, en wat nuwe soorte gedrag vereis. Die aanvanklike reaksie hierop is verwarring, vrees en onsekerheid. Die individu moet naamlik as 'n geskeide persoon optree en nie as die helfte van 'n paar nie. Die skielike verandering in bekende rolle se identiteit bring mee dat die persoon se identiteit wesentlik bevraagteken word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Ophoping van gevoelens

  Die egskeidingskrisis bring onopgeloste gevoelens uit die persoon se verlede, wat in die pad van geluk gestaan het, na vore. Die pyn wat tydens egskeiding ervaar word, word dan ook dikwels aan vorige verliese gekoppel. Die proses waardeur die individu bewus word van sodanige emosies, is uiteraard pynlik, maar bied aan hom die geleentheid om sy gevoelens te ervaar en te verwerk en sodoende die verskuilde beheer daarvan oor sy lewe te verminder.

- Krisisse wat saamval

  Rypwordings- of ontwikkelingskrisisse kan as 'n normale kenmerk van menslike ontwikkeling beskou word. Sekere bykomende krisisse mag egter onverwags op enige tydstip gedurende die ontwikkeling voorkom. Indien sodanige krisisse met die normale ontwikkelingskrisis saamval, kan dit tot 'n uiters ernstige krisis lei.

- Rolverdeling

  Rolle is nou verwant aan 'n individu se selfbeeld en verandering in rolle veroorsaak dikwels selftwyfel en toename in spanning.

Volgens Mitchell & Resnik (1981:6) vertoon persone wat hulself in 'n krisissituasie bevind die volgende ses fases van emosionele reaksies:


* Hoë angs of emosionele skok
* Ontkenning
* Woede
* Berou
* Hartseer
* Rekonsiliasie

Dié fases vind volgens Mitchell & Resnik (1981:6) tipies in hierdie volgorde plaas. Hulle beklemtoon egter dat emosionele reaksies soms oorvleuel en herhaal word. Dié fases kan skematies soos volg voorgestel word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FIGUUR 3: MITCHELL & RESNIK SE FASES VAN 'N KRISISSITUASIE



(Vgl. Mitchell & Resnik, 1981:6.)

Ter afsluiting van die bespreking van die algemene krisiselemente van, en reaksies op egskeiding is dit belangrik om daarop te let dat dié reaksies in 'n mate ooreenstem met dié op egskeiding soos voorgestel deur Wiseman (1975:206).

2.3.5 Na-egskeidingsaanpassing en veranderlikes wat dit beïnvloed

McPhee (1984:4) definieer egskeidingsaanpassing as egliede en kinders se suksesvolle oorgang van voor-egskeidingsgesinsrolle na na-egskeidingsgesinsrolle. Volgens hom is egskeidingsaanpassing afhanklik van die herstrukturering van rolle omdat in die veranderde behoeftes en vereistes van die geskeide gesin voldoen moet word. Die sentrale hipotese van McPhee (1984:14) se model is dus dat egskeidingsaanpassing afhanklik is van die gesinslede se suksesvolle oorgang van voor-egskeiding- na na-egskeidingsgesinsrolle. Roloorgang en hoe gesinslede die rolverandering beleef, het 'n groot invloed op die impak van egskeiding op sowel die kind as die volwassene.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FIGUUR 4: DIE EGSKEIDINGSOORGANGSMODEL: EGSKEIDINGS-GEKOPPELDE STRESFAKTORE EN NA-EGSKEIDINGSWELSYN

Agtergronds-faktore van kinders	Bronne	Persepsie	Egskeidings-geskiedenis
- aantal kinders - ouderdom van oudste kind - inkomste gedurende huwelik - lewensstyl gedurende huwelik - respondent hertroue - vorige eglied hertroue	- werk - opvoeding - kwalfikasies - selfbeeld gedurende egskeiding	- ouer se reaksie - intensiteit van egskeiding - duur van reaksie op egskeiding	- tyd sedert egskeiding - ambivalensie - verlater/ verlate

Egskeidings-gekoppelde stres-faktore	Welstand
- ekonomies - behuising - wetlik - ouer-kind - vorige eglied	- selfbeeld - ouerskap satisfaksie - ekonomies


(Vgl. Beuhler, Hogan, Robinson & Levy 1985/86:63.)

Die egskeidingsoorgangsmodel is ontwikkel deur van die "double ABC-X Model of family stress" gebruik te maak en het slegs op gesinne met kinders betrekking. Volgens dié model is beide negatiewe en positiewe uitkomste moontlik en kan egskeiding volgens Beuhler, Hogan, Robinson & Levy (1985/86:63) tot sowel 'n traumatiese as 'n groei-bevorderlike oorgang lei. Vir die doeleindes van die huidige ondersoek word met dié enkele opmerkings oor die model volstaan. Vervolgens word McPhee (1984:5) se egskeidingsaanpassingsmodel kortliks toegelig en kan soos volg skematies voorgestel word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

FIGUUR 5: GEMAKLIKHEID VAN EGSKEIDINGSAANPASSING VIR DIE EGLIED.

SOSIALE INVLOED | FAMILIE/GESINS INVLOED | INTERPERSOONLIKE INVLOED | INTRAPERSOONLIKE INVLOED



(Vgl. McPhee, 1984:5.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die bespreking van McPhee (1984) se model wat volg, word ook aandag gegee aan navorsing wat daarmee verband hou. Ten einde 'n behoorlike greep op McPhee (1984) se model te verkry, sal sekere sentrale begrippe wat hy aan ander sosiaal-wetenskaplikes ontleen het, ook telkens toegelig word.

2.3.5.1 Gemak van rolaanpassing na egskeiding of skeiding

Alvorens McPhee (1984) se model en relevante navorsing bespreek word is dit noodsaaklik dat daar eers helderheid verkry word oor wat die begrip, "rol" behels.

Volgens die Psigologie Woordeboek (1981:236) word rol as volg gedefinieer:

- "'n Individu se funksie of posisie in 'n groep of instelling.
- Die gedrag wat van 'n persoon as gevolg van sy posisie verwag word".

Volgens die Woordeboek vir Maatskaplike Werk 1971:55) word rol gedefinieer as: "Gedragspatrone van funksies wat van 'n individu in 'n gegewe maatskaplike verband verwag, of deur hom uitgevoer word". Volgens McPhee (1984:5) verwys rolaanpassing na die byvoeging of uitwissing van rolle in 'n individu se rolnetwerk. In die konteks van sy model vind dit tydens die oorgang van 'n getroude na 'n geskeide familiesisteem plaas. Verder blyk dit dat die gemak van rolaanpassing na egskeiding direk met die individu se aanpassing op egskeiding verband hou. Die fokus van dié konstruk is daarom gerig op faktore wat die gemaklikheid van rolaanpassing beïnvloed. 'n Positiewe teken (+) na die nommer dui op 'n positiewe verhouding tussen die onafhanklike en afhanklike veranderlike. Volgens die model sal 'n verhoogde toename in die gemak van rolaanpassing en -oorgang na funksionele na-egskeidingsrolle 'n verhoogde egskeidingsaanpassing vir die individu fasiliteer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.3.5.2 Waargenome normatiewe veranderinge

McPhee (1984:5) definieer normatiewe verandering as: "...the number and social significance of the individual roles that are changing in his/her role set". Volgens die skrywer lei rolverandering tot verandering in norme en bring egskeiding talle aanpassings vir die geskeide gesin mee. Volgens die model (**veronderstelling 2.0**) sal, indien 'n groter aantal waargenome normatiewe veranderinge wat op die oorgang na na-egskeidingsrolle volg, tot moeiliker aanpassing in hierdie rolle lei.

2.3.5.3 Rolspanning

McPhee (1984:6) maak die begrip rolspanning van toepassing op egskeiding en meld in dié verband die volgende: "...role strain occurs when one is unable to enact the set of roles she/he is responsible for". Volgens die model, (**veronderstelling 3.0**) kan dit só verduidelik word: Hoe groter die waargenome rolspanning vir inskakeling by na-egskeidingsrolle (of oorgang tot hierdie rolle) hoe moeiliker sal die egskeidingsaanpassing wees.

2.3.5.4 Rolverenigbaarheid

Rolverenigbaarheid dui op die graad waarin die vereistes van nuwe rolle en die vereistes van gevestigde rolle mekaar aanvul. Dit het uiteraard dan ook 'n belangrike invloed op rolspanning. McPhee (1984:6) verduidelik laasgenoemde soos volg: "...thus, when new roles are similar or easily assimilated into existing role sets, less stress results". Volgens die model, (**veronderstelling 3.01**) sal 'n toename in rolverenigbaarheid, die graad van rolspanning wat deur persone beleef sal word, verminder. Soos wat gesinskommunikasie rondom egskeiding toeneem, sal rolverenigbaarheid verhoog (**veronderstelling 3.04**).

2.3.5.5 Vlak van lewensspanning/stres

Wanneer die impak van egskeiding op 'n individu ontleed word, is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dit belangrik dat daarop gelet sal word dat egskeiding nie die enigste spanningsvolle gebeurtenis is wat op 'n gegewe tydstip kan voorkom nie. Egskeiding het talle veranderings tot gevolg en tesame met ander lewensgebeurtenisse, beïnvloed dit die individu se vermoë om effektief te funksioneer. Na aanleiding hiervan kan McPhee (1984:6) tot die volgende veronderstelling:

Soos wat die vlak van lewensstres wat 'n individu ervaar toeneem, vermeerder rolspanning.

Die volgende veronderstellings spruit voort uit bogenoemde:

Veronderstelling (3.05): 'n Toename in goedkeuring en ondersteuning van gesins- of familielede verminder spanning.
Veronderstelling (3.06): 'n Toename in die afhanklikheid van kinders van hul ouers, vermeerder spanning.
Veronderstelling (3.07): 'n Toename in die ervaring van redelikheid van toesig en beheer asook die reëlings rondom besoeke, lei tot 'n afname in spanning.

Laasgenoemde faktor is volgens McPhee (1984:7) veral krities by geskeide gesinne waar alleen-toesig geld. McPhee (1984:7) stel dit só: "Increased perceptions of inequitable custody arrangement leads to increased stress for both the custodial and non-custodial parent". Volgens Daniels-Mohring & Berger (1984:18) dra die teenwoordigheid van kinders by tot die verdeling van ouer-verantwoordelikheid tydens die egskeidingsproses en neig laasgenoemde om die tydsduur wat benodig word vir die suksesvolle aanpassing na egskeiding, te verleng. Volgens Levinger & Moles (1979:222) is geskeide ouers, afgesien daarvan of hul toesig oor hul kinders bekom het of nie, genoodsaak om groot aanpassings te maak.

2.3.5.6 Sosiale ondersteuning

'n Sosiale netwerk is volgens Mohring & Berger (1984:18): "...a collection of individuals including kin and friends all of whom

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

are involved in a social relationship with one individual or couple".

Spanier & Castro (1979) vind dat die tekort aan ondersteuning deur vriende krisisaanpassings bemoeilik het. Wanneer respondente in die studie van Spanier & Castro (1970), egter voor egskeiding, nuwe vriende gevind het of 'n netwerk van vriende opgebou het, het dit die aanpassing na die egskeiding vergemaklik. Die resultate van 'n studie van Daniels-Mohring & Berger (1984:25) verleen ook steun aan die hipotese dat stabiliteit van sosiale netwerke positief aan na-egskeidingsaanpassing gekoppel word.

Volgens Raschke (1974) in Levinger & Moles (1979:255) bestaan daar 'n noue verband tussen genoegsame sosiale ondersteuning en egskeidingsaanpassing en stel dit soos volg: "...the more social interaction the separated individual has (with relatives, friends and the community), the fewer will be the adjustment problems". Levinger & Moles (1979:255) ondersteun dié hipotese wanneer hulle daarop wys dat hoe meer sosiale interaksie en/of betrokkenheid buite die huis aangetref word, hoe laer is die stres wat met egskeiding geassosieer word.

Veronderstelling (3.08): 'n Toename in sosiale ondersteuning van vriende lei tot verminderde spanning.

2.3.5.7 Ekonomiese faktore

Volgens Daniels-Mohring & Berger (1984:18) hou 'n individu se sosio-ekonomiese vlak direk verband met sy vermoë om na die egskeding te herstel. Daniels-Mohring & Berger (1984:18) wys ook daarop dat individue in die hoër inkomste groepe die aanpassing wat op egskeiding volg makliker beleef.

Levinger & Moles (1979:221) vind in hul studie dat ekonomiese aanpassing die enigste area van aanpassing is waar belangrike geslagsverskille voorgekom het. Die meerderheid geskeide mans

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het naamlik aangetoon dat hul finansiële posisie bykans dieselfde was as dié voor die egskeiding. Hierteenoor was geskeide vroue na hul egskeiding finansieel slegter daaraan toe.

Veronderstelling (3.09): Soos wat die ekonomiese stabiliteit van die geskeide gesin vermeerder, verminder die spanning.

2.3.5.8 Die besluit om te skei

Volgens Paris & White (1979:280) speel die vrou se wens om met die huwelik voort te gaan of om 'n egskeiding aanhangig te maak, 'n beslissende rol in haar psigiese heroriëntasie. Levinger & Moles (1979:218) het in hul studie tot die volgende hipotese gekom: "...the degree to which separation is sudden and unexpected is positively related to the degree of initial emotional problems". Weiss (1975) bevind egter dat alhoewel 'n skielike en onverwagte egskeiding erge inisiële angs tot gevolg het, die langtermyn effekte verskil.

McPhee (1984:9) het die volgende veronderstellings ten opsigte van die besluit om te skei gestipuleer:

Veronderstelling (3.10a): Namate die belewenis van egskeiding as skielik of onverwags afneem, verminder die graad van spanning.
Veronderstelling (3.10b): Namate die individu se begeerte om 'n egskeiding te bekom toeneem, verminder spanning.

2.3.5.9 Ouderdom ten tye van egskeiding en jare van getroude lewe

Volgens Mohring & Berger (1984:18) hou ouderdom en geslag met die emosionele aanpassing na egskeiding verband, en ervaar mans gewoonlik meer veranderings in algemene gemoedstoestand as vrouens. Ouer mense ervaar meer spanning na afloop van die huweliksontbinding as jonger persone. Paris & White (1979:280) onderskryf bogenoemde skrywers se stelling en noem dat sowel die aantal jare wat 'n vrou getroud is as haar ouderdom ten tye van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die egskeiding, beslis 'n rol speel in die psigiese heroriëntasie van die geskeide vrou. In die lig van hierdie feite en sienings stel McPhee (1984:9) die volgende **veronderstelling (3.10c)** voor in terme waarvan 'n hoër ouderdom ten tye van die egskeiding en meer jare van getroude lewe tot verhoogde spanning aanleiding gee.

2.3.5.10 Verhouding van die egliede na die egskeiding

Weiss (1975) het bevind dat geskeide persone steeds aangetrokke tot mekaar voel na die egskeiding en dat dié aangetrokkenheid die hoofoorsaak van emosionele probleme na die egskeiding is. Levinger & Moles (1979:220) vind in hierdie verband in hul navorsing steun vir bogenoemde hipotese en meld die volgende: "...the greater the attachment to the (former) spouse, the more difficult will be the adjustment to the separation". McPhee (1984:9) se **veronderstelling (3.11)** in dié verband sien soos volg daaruit: Soos wat die kwaliteit van die verhouding tussen geskeide egliede na egskeiding verbeter, verminder spanning.

2.3.5.11 Roloorlading

Wat roloorlading betref, sien McPhee (1984:9) se **veronderstelling (5.0)** só daaruit: Namate eise wat vir rolverordening gestel word as oormatig of buitensporig waargeneem word en die individu nie in staat is om hierdie rol te vervul nie, vanweë rolspanning, kom roloorlading voor wat rolaanpassing bemoeilik.

2.3.5.12 Duidelikheid van rolverwagtinge

Volgens die Psigologiese Woordeboek (1981:263) is rolverwagting: "Opvattings rakende die gedrag van 'n individu wat 'n formele of informele posisie in 'n groep beklee. Rolverwagting reflekteer onder meer die norme en doelstellings van 'n besondere groep en verskaf 'n voorskrif of leidraad rakende die wyse waarop die bekleër van 'n rol in sekere omstandighede moet optree.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens McPhee (1984) is een van die probleme van egskeidingsaanpassing dat die rolle nie onderhandel of toegewys word nie, maar dat dit oneg aangeneem en verorden word deur verskeie gesinslede, soos wat die verordening genoodsaak word. Volgens hom is dit nie slegs 'n oneffektiewe metode om met gesinsrolle en verantwoordelikhede te handel nie, maar veroorsaak dit ook chaos in die gesin. McPhee (1984) veronderstel dan ook (**veronderstelling 3.03)** dat soos wat die duidelikehid van rolverwagtings toeneem, verminder die rolspanning.

2.3.5.13 Dubbelsinnigheid in die gesinsisteem

Boss (1977:142) definieer grensdubbelsinnigheid as 'n toestand waarin: "...family members are uncertain in their perception about who is in or out of the family or who is performing what roles and tasks within the family system". Boss (1980) beklemtoon voorts dat grensdubbelsinnigheid is 'n normatiewe gebeurtenis wat plaasvind wanneer daar 'n verlies is, of 'n skeiding van 'n gesinslid van die gesinsisteem. Oor die korttermyn stel grensdubbelsinnigheid die gesinslede se aanpassing by die nuwe veranderde gesinsisteem voor. As die gesinslede egter "vasval" en nie hul persepsie van die afwesige lid asook die veranderde sisteem herstruktureer nie, kan wanfunksionering voorkom.

Na aanleiding van bogenoemde maak McPhee die volgende veronderstellings:

(a) **Veronderstelling (6.0):** Soos wat roldubbelsinnigheid toeneem, verminder die gemak van rolaanpassing.

(b) **Veronderstelling (3.12):** Soos wat roldubbelsinnigheid toeneem, vermeerder die vlak van rolspanning.


(c) **Veronderstelling (6.1):** Soos wat gesinsisteme meer dubbelsinnig word, vermeerder roldubbelsinnigheid vir die individu.

McPhee (1984:11) beskou roldubbelsinnigheid as 'n natuurlike gevolg van egskeiding. Die volgende skematiese voorstelling dui op die ontwikkeling van dubbelsinnigheid en rolverwarring in die gesinsisteem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DIE ONTWIKKELING VAN ROLDUBBELSINNIGHEID EN ROLVERWARRING IN DIE GESINSISTEEM



(Vgl. McPhee, 1984:11.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wanneer roldubbelsinnigheid op rolteorie toegepas word, word roldubbelsinnigheid beskou as die gevolg van swak kommunikasie aangaande rolverantwoordelikheid en as verwarring rondom lidmaatskap in die gesinsisteem. McPhee (1984:12) stel dit soos volg: "Confusion about the boundaries leads to confusion and ambiguity on roles and tasks within the family, which accelerates familial disorganization, stress, and leads to a decrease in the enactment of roles and effectiveness of role enactionment. This in turn increases confusion and poor communication, which perpetuates ambiguity". Slegs wanneer gesinslede die verandering in die gesinsisteem aanvaar en hul beskouing van die nuwe sisteem verander, kan die gesin na 'n funksionele staat terugkeer en kan die egskeidingsaanpassing voortgaan. (Vgl. McPhee se model van roldubbelsinnigheid en rolverwarring op p.42.)

2.3.5.14 Werk en ontspanningsinvloede

Volgens Paris & White (1979:280) speel die vrou se betrokkenheid by aktiwiteite buite die huis 'n beslissende rol in haar psigiese heroriëntasie na die egskeiding. Volgens Spanier & Thompson (1984:224) het werk nie 'n merkbare verskil in die welsyn van die respondente in hul studie getoon nie.

Ten tye van 'n krisis of spanning, kan die individu krag en ondersteuning in werks- en ontspanningsaktiwiteite vind. Volgens McPhee (1984:12) is hierdie aspek egter onderontwikkeld, nogtans maak hy die volgende veronderstellings:

- **Veronderstelling (7.0a):** Soos wat die rol van beroepsbetrokkenheid in 'n individu se lewe belangriker word, bring dit na die egskeiding mee dat gemakliker by rolle aangepas kan word.
- **Veronderstelling (7.9b):** Soos wat beroepsbetrokkenheid meer ontspannend waargeneem word deur die individu en dus minder afkeurig, lei vermeerdere beroepsaktiwiteit na 'n egskeiding tot 'n toename in die gemak van rolaanpassing.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.3.5.15 Die maak en nakom van Afsprake

Volgens Van Staden (1987:163) is 'n afspraak 'n onderlinge evaluering van die een betrokkene teenoor die ander met die oog op sowel potensiële intimiteit en vriende, as op 'n moontlike verandering.

Dit is dus duidelik waarom onsekerheid en spanning opbou voordat 'n afspraak gemaak of nagekom word. Van Staden (1987:165) meld ook dat seksualiteit 'n sensitiewe rol speel. McPhee raak wat afsprake betref tot die volgende veronderstelling:

Veronderstelling (8.0): Namate "afsprake" na die egskeiding vir die egliede toeneem, vind rolaanpassing gemakliker plaas.

Volgens McPhee (1984:4) word daar tot die slotsom gekom dat egskeidingsaanpassing 'n proses is van sosiale-, gesins-, interpersoonlike- en intrapersoonlike rol herdefiniëring. Dié veronderstellings soos deur McPhee (1984:1-11) uiteengesit, sal in die volgende hoofstukke meer volledig toegelig word. Hierdie model bied dus 'n goeie raamwerk vir die bespreking van egskeiding en die gevolge daarvan.

Ter afsluiting kan gestel word dat die emosionele verwerking van die egskeiding 'n komplekse proses is omdat die hartseer en die rouproses met ander emosies wat deur die egskeiding ontlok is, verstrengel raak. Egskeiding is 'n krisis wat 'n totale verandering in lewenstyl meebring. Geskeide persone kan egter ondersteun word om die krisissituasie in 'n groeiproses te omskep en 'n gesonde aanpassing deur die krisis te bewerkstellig.

2.4 SAMEVATTING

2.4.1 Verskeie studies rakende die egskeidingsproses is onderneem en verskeie modelle om dit te verduidelik het hieruit voortgespruit. Hierdie modelle kan in twee hoofkategorieë verdeel word, naamlik:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

- Gedrag- of gebeurtenismodelle en
- Affektiewe modelle.

2.4.2 Met betrekking tot die gedrag- of gebeurtenismodelle is in dié hoofstuk aandag aan onder meer die volgende modelle gegee:

- Bohannan se ses fases van egskeiding;
- Kessler se sewe fases van emosionele egskeiding en
- Weiss se egskeidingsmodel.

2.4.3 Kressel & Deutch se vier fases van psigiese skeiding asook Waller se proses van vervreemding en vier fases van heraanpassing is ook kortliks bespreek.

2.4.4 Met betrekking tot die affektiewe modelle is onder meer aandag gegee aan die volgende modelle:

- Weiseman se model; Froiland & Hozman se model en Kaslow se model van egskeidingsverloop.
- In samehang met die model van Kaslow is die fases van die egskeidingsproses, soos uiteengesit deur Van Staden asook Turner se model kortliks in hierdie verband bespreek.

2.4.5 Aangesien die meeste skrywers egskeiding as 'n krisis beskou, is voorts gelet op die konsep van 'n krisis. Dit het geblyk dat 'n krisis oor die volgende eienskappe beskik, naamlik:

- Dit is skielik.
- Die individu is nie genoegsaam voorberei om die gebeurtenis te hanteer nie.
- Die duur van 'n krisis is gewoonlik kort en is nie onbeperk nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.4.6 Dit blyk uit toepaslike literatuur dat daar sekere hoof tipes krisisse bestaan. Die eerste tipe hou gewoonlik met 'n spesifieke lewensfase verband naamlik: rypwordingskrisisse en die tweede tipe krisisse hou met 'n situasie verband naamlik: Situasie-gekoppelde krisisse.

2.4.7 'n Krisis verloop in fases. Sekere definitiewe fases is deur onder andere Van Rooyen & Combrinck bespreek. Daar is ook in hierdie verband gelet op die uiteensetting van die fases soos voorgestel deur Caplan asook Golan & Parad. Dit blyk dat hierdie fases ooreenstemming toon met die fases van die egskeidingsproses, en die volgende algemene ooreenstemminge van 'n krisis is onderskei, naamlik:

- Voor-krisisfase;
- impakfase;
- krisisfase;
- oplossingsfase;
- na-krisisfase.

2.4.8 Wanneer daar na egskeiding as 'n krisis gelet word, blyk dit dat daar sekere algemene krisis-elemente bestaan, naamlik: veranderde lewensomstandighede, ophoping van gevoelens, krisisse wat saamval asook rolverdeling. Dit het ook geblyk dat die reaksie op egskeiding in 'n sekere volgorde verloop.

2.4.9 Ten opsigte van die veranderlikes wat na-egskeidings aanpassing beïnvloed, is daar in detail gelet op die model van McPhee (1984). In hierdie verband is onder andere die model van Beuhler, Hogan, Robinson & Levy ook bespreek.

2.4.10 Faktore wat die na-egskeidingsaanpassing beïnvloed wat aandag geniet het, is onder meer die volgende: gemak van rolaanpassing, waargenome aantal normatiewe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

veranderinge, rolspanning, rolverenigbaarheid, vlak van lewensspanning, sosiale ondersteuning, ekonomiese faktore, die besluit om te skei, ouderdom ten tye van egskeiding asook jare van getroude lewe, verhouding van egliede na egskeiding, roloorlading, duidelikheid van rolverwagtinge, dubbelsinnigheid in die gesinsisteem, werk en ontspanningsinvloede en die maak en nakom van afsprake.

2.4.11 Die egskeidingsproses is kompleks en word beskou as 'n krisis wat 'n totale verandering in lewenstyl meebring. Met die nodige ondersteuning kan dit egter in 'n groeiproses omskep word wat gekenmerk kan word deur aspekte van doeltreffende aanpassing.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 3

DIE GESKEIDE MAN SE BELEWENIS VAN SKEIDINGSANGS EN EENSAAMHEID

3.1 INLEIDING

Dit behoort teen dié tyd duidelik te wees dat egskeiding, waar die huwelik ongetwyfeld een van die intiemste en langdurigste verbintenisse tussen twee mense is, opgesê word, dit 'n geweldige traumatiese krisis kan meebring wat verskeie kort- en langtermyn-gevolge vir die betrokkenes inhou.

Wanneer twee mense trou, word die binding en afhanklikheid wat elkeen in hul onderskeie ouerhuise ervaar het oorgedra na die besondere verhouding wat met huweliksluiting tussen hulle tot stand kom. Deur kameraadskap word wedersydse stelle ervarings of gedeelde herinnerings spoedig tussen hulle opgebou. Hierbenewens bou hulle tesame met hul kinders as deelgenote van 'n huishouding 'n omvattende sekuriteitsnetwerk op. Dié netwerk is ten spyte van frustrasies, konflikte en teleurstellings besonder elasties. Dié aanpasbaarheid bied dan ook 'n verklaring vir die verskynsel dat egliede normaalweg ten spyte van probleme en negatiewe ervarings wat hul huwelik as iets ondraagliks mag laat voorkom, ongeneë is om dit te beëindig. Wanneer die egpaar uiteindelik wel skei, hunker hul ná die opsegging van die huwelik dikwels steeds daarna, soos mishandelde kinders wat ten spyte van die negatiewe ervarings wat hulle in hul ouerhuise ervaar het daarna terugkeer.

Gebeure na die egskeiding is tipies paradoksaal. Die bevryding van die verlede is nie voltooi nie en die persoon voel nog deel van die gewese verhouding, maar tog ook tot die toekoms aangetrokke. Hy hunker steeds na die verbintenis aan die vorige huweliksmaat, na die verlore sosiale rol en ou gewoontes en ervaar 'n begeerte om kontak te maak met dié persoon. (Vgl. Callahan, 1979:32.) In die oorgang van getroude na geskeide status raak ou rolle verlore of moet omgeskep word en moet talle

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nuwe rolle ontwikkel en bygevoeg word. Individue verloor dikwels die vermoë om hulself as individu te sien en beskou hulself steeds as deel van 'n paar. Die voortdurende binding of gevoelens van gerusstelling of ondersteuning, soos voorsien deur die ander (gewese eglied), duur dikwels voort nadat alle komponente van liefde verdwyn het. Levinger & Moles (1979:204) meld in dié verband die volgende: "...it appears that most components of love are modifiable by negative experience, but that attachment once developed can be sustained by proximity alone and fades only slowly in response to absence".

Egskeiding impliseer dus basies:

- Die verlies van 'n primêre verhouding; en
- die doelgerigte en aktiewe verwerping van een eglied deur die ander waar die verworpene homself voortdurend as 'n simbool van verwerping ervaar.

Die verlies van verbintenis kan as die primêre oorsaak van die skeidingsangssindroom gesien word. Dit sluit in die fokussering van die aandag rondom die beeld van die verlore eglied, die begeerte om kontak te maak met en woede teenoor hom of haar, skuldgevoelens oor die veroorsaking van die verlies van die eglied, hiperbewustheid van enige indikasie van die verlore geliefde se terugkeer, verhoogde rusteloosheid, 'n gevoel van vrees of paniek en die aanwesigheid van 'n "alarmreaksie". (Vgl. Moles & Levinger, 1979:205.)

Dit blyk dat die simptome van skeidingsangs met dié van eensaamheid ooreenstem. Die beëindiging van 'n liefdes- of huweliksverhouding mag skeidingsangs tot gevolg hê en wanneer uiteindelik van die eglied as 'n objek van verbintenis afgesien word, ontstaan eensaamheid. Kontak met dié belangrike ander persoon is 'n basiese bestanddeel van 'n huwelik. Tydens die getroude lewe word 'n gevoel van eenheid ervaar wat verband hou met die gevoel van "om by iemand" te wees. Egskeiding lei tot 'n verbreking van hierdie eenheidsgevoel. (Vgl. Weiss, 1975:56-57

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en Hunt, 1966:48-57.)

Eensaamheid is 'n onderwerp wat al deur verskeie outeurs geëksploreer is, maar min navorsing is nog daaroor onderneem. Die meeste outeurs is dit egter eens dat alle mense in 'n sekere mate deur eensaamheid gekwel word. (Vgl. Woodward, Zabel & De Costa, 1980:73.) Weiss (1973:64) meld die volgende in dié verband: "...of all the negative feelings of the newly separated, none is more common or more important than loneliness. Only a minority fail to suffer from it, and even those who most keenly desired the end of marriage often find the initial loneliness excruciating". Hunt (1966:48) is dit eens dat slegs 'n minderheid van geskeide persone nie deur eensaamheid beïnvloed word nie. Eensaamheid, ongeag of dit die resultaat van emosionele of sosiale isolasie is, kan in enige stadium van die egskeidingsproses voorkom.

In hierdie hoofstuk sal aandag gegee word aan die definiëring van, asook teoretiese beskouinge aangaande skeidingsangs en eensaamheid. Tweedens sal op sowel die natuurlike ontwikkeling van binding as die ontwikkeling daarvan in die huwelik gelet word. Derdens sal faktore wat skeidingsangs beïnvloed bespreek word en sal aandag aan skeidingseuforie gegee word. Ten slotte sal aandag gegee word aan veroorsakende faktore van eensaamheid en die gevolge daarvan. Dit is egter belangrik dat die leser daarop sal let dat die oogmerk hier nie is om hierdie aspekte breedvoerig en krities te bespreek nie. So 'n opgaaf val buite die bestek van die onderhawige ondersoek.

3.2 **DIE BELEWING VAN SKEIDINGSANGS**

3.2.1 **Definiëring van skeidingsangs**

Angs word deur die Psigologie Woordeboek (1981:19) soos volg gedefinieer: "'n Toestand wat gekenmerk word deur akute spanning, benoudheid en fisiologiese reaksies soos versnelde hartklop en oormatige sweet. Dit verskil van vrees in die sin

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat dit meer chronies van aard is en nie gekoppel kan word aan 'n definitiewe objek of situasie nie. Angs is 'n kenmerkende simptoom van vele psigopatologiese toestande en veral van neuroses".

Volgens die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1971:5) word angs soos volg omskryf: "Reaksie van bevangendheid wat wissel van ongerustheid tot paniek op 'n vaag waargenome werklike of denkbeeldige bedreiging". Spielberger (1972:246-250) omskryf angs op sy beurt as: "...anxiety is an emotion based on the appraisal of threat, an appraisal which entails symbolic, anticipatory, and uncertain elements. These characteristics, broadly conceived, mean that anxiety results when cognitive systems no longer enable a person to relate meaningfully to the world about him. There can be little doubt that the actual loss of, or separation from a valued object can be a potent source of disturbance, and we shall use the phrase 'separation distress' to refer to this reaction".

Volgens die Psigologie Woordeboek (1981:280) word skeidingsangs gedefinieer as: "Die angs van 'n kind (veral gedurende die falliese stadium) dat hy die liefde van die ouer van die teenoorgestelde geslag sal verloor".

Dit blyk uit die literatuur wat op angs en skeidingsangs betrekking het, dat dieselfde situasie wat skeidingsangs veroorsaak ook geneig is om angs te ontlok. Daar is egter 'n duidelike verskil tussen angs en skeidingsangs aangesien skeidingsangs gekoppel word aan 'n definitiewe objek wat dit veroorsaak: naamlik die verlies van 'n verbintenisfiguur. Die verlies van 'n huweliksmaat mag onder andere aanleiding gee tot onsekerheid aangaande die toekoms, die eie rol tydens sosiale interaksie en die betekenis van goed geïntegreerde gedragspatrone. Angs is dus 'n algemene respons wat verskil van ander vorme van nood wat deur die skeiding veroorsaak word.

Binding word gesien as 'n integrerende deel van gesondheid en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lewe. Wanneer dit nie plaasvind nie of onderbreek word, word die teenpool van gesondheid, naamlik siekte, spanning, pyn of die dood, asook isolasie, disintegrasie, afstomping van gevoel, verminderde vermoë tot kontak en verknogtheid, vervreemding, 'n afname in kommunikasie en 'n toename in angs aangetref.

3.2.3 **Enkele teoretiese beskouings aangaande skeidingsangs**

Vrees en angs word lank reeds deur sosiaal-wetenskaplikes as fundamentele menslike reaksies beskou. Talle studies is dan ook al rondom skeidingsangs geloods. Verder is verskeie teoretiese raamwerke geformuleer. Vervolgens word kortliks aandag geskenk aan die vernaamste teoretiese modelle van skeidingsangs.

3.2.3.1 Psigoanalitiese teorieë

Hierdie teorieë poog om skeidingsangs aan die hand van sekere dryfkragte wat in die mens aangetref word te verklaar. Basies word van libido (wellustige dryfkragte) en aggressiewe dryfkragte gebruik gemaak. 'n Goeie idee van dié teorieë kan verkry word deur na die beskouings van die vernaamste eksponente daarvan te kyk.

Freud se teorie oor skeidingsangs kom kortliks daarop neer dat die eerste liefdesobjek vir die baba sy moeder is. Sy bevredig dus sy fisiese en erotiese behoeftes. Hierdie eerste liefdesverhouding is ook die barometer vir latere liefdesverhoudinge. Die kind rig sy libido op die moeder. Libido word volgens die Psigologie Woordeboek (1981:175) gedefinieer as: "die benaming vir die energie verbonde aan lewensdrange. Dié term word egter soms in 'n enkel sin gebruik vir die energie van die seksdrang, en soms in 'n wyer sin vir alle psigiese energie". Wanneer die moeder afwesig is, word die libido gefrustreer en hanteer die kind dit net soos die volwassene. Die libido word naamlik deur angs vervang. Skeiding van die moeder lei tot angs wat pynlik is en wat aanleiding tot droefheid en rou gee. Die verlies van die eksterne liefdesobjek beteken dat 'n deel van die innerlike

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die kind ook verlore gaan. Soveel energie word op die verlore liefdesobjek gerig dat ander psigiese funksies van energie gedreineer word wat die kind totaal hulpeloos laat. Pyn en rou is die gevolg van werklike verlies van die liefdesobjek, wanneer dit gebeur, ontwikkel die ego verdedigingsmeganismes soos repressie en fiksasie wat selfbeskadigend is omdat dit tot vervreemding van die self lei. (Vgl. Bowlby, 1978:426.)

Otto Rank was die eerste psigoanalis wat die term skeidingsangs gebruik het en op Freud se siening daarvan uitgebrei het. Die grootste vrees by die mens is skeiding. Hierdie trauma word by geboorte onderdruk, maar word in alle latere ervarings van skeiding herhaal. (Vgl. Erasmus, 1984:71.) Dit blyk dus ook op egskeiding van toepassing te wees.

3.2.3.2 Melanie Klein

Melanie Klein koppel skeidingsangs aan die mens se doodinstink en meen dat hierdie gevoel van bedreiging van die kind se lewe 'n projeksie is van sy eie aggressie teen sy moeder. Die kind glo naamlik dat wanneer die moeder hom verlaat, sy vir hom kwaad is en hom wil straf. So glo die kind verder dat wanneer sy moeder afwesig is, sy hom verlaat het en nooit weer sal terugkeer nie. Dit word ook neurotiese angs of depressiewe angs genoem, omdat die baba glo dat sy eie destruktiewe impulse die moeder vernietig het. By die baba is benewens vervolgingsangs wat vanaf geboorte teenwoordig is ook objektiewe angs teenwoordig weens sy totale afhanklikheid van sy moeder. (Vgl. Bowlby, 1978:433.)

3.2.3.3 H.S. Sullivan

Die eerste verhouding in mense se lewens is die empatiese verhouding tussen moeder en kind wat gevoelbesmetting behels. Dit is 'n prototaktiese ervaring wat nie-verbaal is en hier-en-nou plaasvind. Sowel positiewe as negatiewe gevoelens van die moeder kan deur die kind ervaar word waarvan laasgenoemde gevoelens die bron van angs by die kind is. Hoe meer angs in 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bepaalde verhouding teenwoordig is, hoe meer uitsluiting of afsluiting vind daarin plaas.

Die selfsisteem beskerm die kind teen angsvolle interpersoonlike ervarings deurdat dit, die ervarings neutraliseer en van selfverdediging gebruik maak om die self teen verdere angs te beskerm.

Die volgende selfverdedigings kom in angsvolle interpersoonlike verhoudings voor:

- Apatie wat insluit: lusteloosheid en onttrekking, slaperige afgetrokkenheid, oormatige verbalisasies en skynaktiwiteite; en
- obsessies en outomatiese gedrag: emosies soos vrees, aggressie, geïrriteerdheid en hartseer wat deel van selfverdediging vorm en as beskerming dien. (Vgl. Erasmus, 1984:85.)

3.2.3.4 Arthur Janov

Janov (1970:24) onderskei drie vlakke van ontwikkeling waartydens pynlike ervarings kan plaasvind. Dié vlakke is naamlik:

- Die somato-sensoriese vlak (0-2 jaar);
- die affektiewe-ekspressiewe vlak (3-5 jaar); en
- die kognitiewe-evaluatiewe vlak.

Volgens Janov (1970:24) ervaar die persoon intense pyn sodra die basiese behoeftes vanweë die afsluiting of ontkenning van hierdie behoeftes onbevredig bly. Angs ontstaan wanneer die kind hom teen pynlike ervarings wat die een na die ander weggestoor word, moet verdedig. Verdedigings word as aanpassingsmeganismes gesien. Wanneer die kind nie angs kan hanteer nie, gebeur dit dat hy oormatig masturbeer, sy duim suig, naels byt of sy bed natmaak. (Vgl. Janov, 1970:24.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.2.3.5 John Bowlby

Wanneer 'n baba gebore word, is hy nie psigies, intellektueel en emosioneel gedifferensieerd van sy moeder nie. Die paradoks lê daarin dat om iemand te word, die baba met sy moeder 'n band moet vorm wat afhanklikheid en liefde impliseer. Dit vorm die basis vir sosialisering. Binding is nodig om te kan eksploreer. Die moeder se teenwoordigheid vorm 'n basis vir eksplorerende gedrag, omdat dit vir die kind sekuriteit bied. (Vgl. Erasmus, 1984:77.) Volgens Jacobson (1983:114) is die teorie van Bowlby gebaseer op die gedagte dat 'n primêre instink van die kind se verbintenis met die moeder fundamenteel is vir lewenslange binding.

Wanneer na egskeiding gekyk word, blyk dit dat hunkering na die gewese huweliksmaat ten spyte van die beskikbaarheid van alternatiewe verhoudings en ten spyte van bewondering of respek mag voortduur. Op hierdie wyse toon die voortdurende band met die gewese egmaat 'n ooreenkoms met die verbintenis van kinders met ouers. (Vgl. Levinger & Moles, 1979:204.) Hierdie skrywers (1979:204) noem in dié verband die volgende: "...it seems reasonable to surmise that the bond we observe to persist in unhappy marriages is an adult development of childhood attachment". Dit blyk egter dat die motivering van die kind om in die ouers se teenwoordigheid te wees, komplekser is en die band tussen volwasse egliede meer is as die uitdrukking van 'n ingebore instinktiewe patroon. (Vgl. Jacobson, 1983:115.)

Uit die voorafgaande bondige bespreking van teoretiese beskouings is dit duidelik dat kinders wat van hul ouers geskei word, sekere verdedigingsreaksies toon. Dit blyk voorts dat daar ooreenstemming is tussen skeidingsangs by jong kinders en dié by geskeide volwassenes. Baie van die simptome, hoewel miskien minder duidelik waarneembaar, kom by volwassenes voor wat skeidingsangs beleef. By beide kind en volwassene mag daar woede teenoor die bindingsfiguur wees omdat hy gesien word as iemand wat op een of ander manier vir die skeiding verantwoordelik is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Net soos by die kind word die aandag by die volwassene ook gefokus op die verlore figuur en op die intense ongemak wat vanweë die figuur se onbereikbaarheid ervaar word. Ongelukkigheid kan as gevolg van die verlating voorkom, maar angstigheid en paniek mag ook teenwoordig wees. Vanweë sy ongemak en frustrasie word die individu gou aggressief. Vrees, angstigheid of paniek gee uitdrukking aan sy gevoel van nuwe kwesbaarheid. Vreesverbandhoudende toestande gee aanleiding tot spanning. Laasgenoemde lei dikwels tot die volgende:

- Probleme in die slaappatroon wat voorts angs in die hand werk;
- aptytverlies of kompulsiewe eetpatrone;
- gevoelens van geïrriteerdheid asook 'n toestand waarin die persoon maklik in trane kan uitbars; en
- die individu kan dit moeilik vind om te konsentreer op ander aspekte wat nie met die egskeiding verband hou nie.

So byvoorbeeld kan sy bestuursvermoë belemmer word. Ongelukke veroorsaak deur persone wat pas geskei is word dan ook dikwels aangemeld. Verder blyk dit uit navorsing dat ongelukke soms in die werksarea plaasvind. Net soos die kind, gebruik die volwassene ook sekere verdedigingsmeganismes om die disforiese toestand te hanteer. Hierdie meganismes soos aggressie wat ook in egskeidingshofsake na vore kom, lei daartoe dat die binding met die verlore huweliksmaat steeds in stand gehou word. (Vgl. Weiss, 1975:48-51 en Hunt, 1966:48-65.)

3.2.4 Die natuurlike ontwikkeling van binding

Soos blyk uit die reeds genoemde teorieë is die teenwoordigheid van, ten minste die toeganklikheid tot 'n spesifieke ander persoon noodsaaklik vir sekuriteit. Die bindingsfiguur vir suigelinge is nie noodwendig altyd die moeder nie. Die vader of ander persone vervul soms ook hierdie rol. (Vgl. Dworetzky, 1981:227-228.) Daar kan dus bindingsfigure addisioneel tot die moeder wees, alhoewel daar twyfel oor die relatiewe belangrikheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


van sekondêre bindingsfigure soos die vader, broers of susters is. (Vgl. Weiss, 1975:40.)

Die ontwikkeling van bindingsgedrag tydens die ontwikkelingstydperk voor adolessensie, word gekenmerk deur 'n verhoogde kapasiteit kapasiteit om skeiding van die bindingsfiguur te hanteer, solank dit as bereikbaar beskou word. Die begeerte om na aan die moeder te wees, soos gedemonstreer deur onder andere te huil wanneer die moeder buite sig is, bereik 'n hoogtepunt op ongeveer tweejarige ouderdom. Tussen die ouderdom twee tot drie jaar neem skeidingsangs gewoonlik af. (Vgl. Dworetzky, 1981:225.) Fundamentele veranderinge in die funksionering van binding blyk gedurende adolessensie te ontwikkel. Tydens hierdie lewensfase word 'n progressiewe en by tye weifelende en spanningsvolle onttrekking van binding met die ouers waargeneem. Verder word die ontwikkeling van binding gedurende dié fase dikwels na die portuurgroep verplaas. Soos wat die individu deur adolessensie beweeg en 'n eie volwasse identiteit ontwikkel, word bindingsgevoelens gerig op 'n persoon met wie die latere lewe gedeel sal word. (Vgl. Weiss, 1975:41.) Hierdie proses van identiteitsontwikkeling word geïllustreer deur die formele teorie van statusverloop (formal theory of status passage), soos deur Glaser & Strauss (1975:6) ontwikkel. Dié teorie kan skematies soos volg voorgestel word:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FIGUUR 7: TEORIE VAN STATUSVERLOOP



(Vgl. Glaser & Strauss, 1975:6.)

Bogenoemde teorie beskou sosiale identiteit as 'n voortdurende ontwikkelingsproses wat tot 'n algehele identiteitstransformasie in die verloop van 'n totale lewenspatroon mag lei. (Vgl. Glaser & Strauss, 1975:6.)

3.2.5 Die ontwikkeling van binding in die huwelik

Huwelikstatus is vir die meeste mense 'n sentrale deel van hul sosiale identiteit. Glaser & Strauss (1975:43) meld in dié verband: "...the importance of being married, therefore is not just a matter of individual predilection, it is socially and culturally reinforced in no uncertain matter". Volgens Weiss (1975:42) word met huweliksluiting aangeneem dat die betrokkenes uiteindelik van 'n permanente toeganklike verbintenisfiguur verseker is. Hierdie siening dat die huwelik die toeganklikheid van 'n bindingsfiguur verseker, is een van die aantrekkingskragte van die huwelik en een van die bronne van bitterheid na egskeiding.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op dieselfde wyse as wat binding by die kind ontwikkel, ontwikkel dít ook in die huwelik solank as wat die bindingsfiguur voldoende beskikbaar is. Die meeste persone wat in die huwelik tree, het gedurende die periode van hofmakery of tydens die vroeë stadium van getroude lewe tot mekaar begin aangetrokke voel. Die positiewe emosies gedurende dié periodes kan die ontwikkeling van binding fasiliteer. So ook vergemaklik die konstante wedersydse beskikbaarheid en relatiewe toeganklikheid van die ander persoon binding. Alhoewel die proses van bindingsvorming relatief onbekend is, blyk dit egter volgens Weis (1975:44) dat huwelike sonder binding die uitsondering is. As die verbintenis eers ontwikkel is, is dit geneig om voort te bestaan, selfs wanneer die huwelik "sleg" word en die komponente van liefde vervaag of in haat ontwikkel. Weiss (1972:44) meld in hierdie verband dat verbintenis, soos loop of praat, ’n intrinsieke vermoë is wat in geskikte omstandighede ontwikkel. Dit ontstaan nie uit eie begeerte na ’n beraming van die voordele nie. Wanneer die egliede in ’n onbevredigende huweliksverhouding staan, is hulle in hul gevoelens soos mishandelde kinders, aangesien hulle vir mekaar woedend is en mekaar selfs mag haat en vrees, maar wanneer hulle die ontbinding van die huwelik oorweeg, raak hul bykans "verlam" van vrees. Deurgaans vul die egmaat en die ongelukkige huweliksverhouding die geskeide persoon se gedagtes. Die geskeidene hunker deurentyd na die verlore egmaat. Skeiding veroorsaak tye van diepe hartseer en berou oor die verlore kanse op geluk, en depressie kom ook dikwels voor. Dit is egter nie duidelik of die skeiding depressie veroorsaak en of die vroeë simptome van depressie egskeiding veroorsaak nie.

Jacobson (1983:113) kom tot die slotsom dat hoewel egskeiding ’n formele wetlike beëindiging van ’n huwelik is, dit nie die verhouding ten volle beëindig nie. Die egliede bly in ’n sekere mate verbind - sommiges ’n paar maande lank, ander jare en ander selfs die res van hul lewe. Callahan (1979:32) bevestig bogenoemde stelling en hy beklemtoon voorts die ongemak en eensaamheid wat skeidingsangs tot gevolg het. Daar bestaan talle ambivalente gevoelens en dit is ’n pynlike proses om aan die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sisteem te onttrek en tot 'n persoon in eie reg te ontwikkel. Hierdie proses kan egter 'n groeiperiode wees indien die individu eerlik met homself is en bereid is om permanent van ou rolle af te sien.

3.2.6 **Faktore wat skeidingsangs beïnvloed**

Alhoewel die meeste geskeidenes skeidingsangs na die beëindiging van die huwelik beleef, is daar verskille in terme van intensiteit, duur en kwaliteit van die angs. Die volgende faktore blyk 'n rol in hierdie verband te speel:

3.2.6.1 Waarskuwing

'n Individu se onwilligheid om te erken dat die huwelik beëindig is, kan grootliks toegeskryf word aan 'n gebrek aan voorbereiding vir so 'n gebeurtenis. 'n Huwelik word beskou as 'n lewenslange verbintenis tussen twee mense en persone is normaalweg nie voorbereid op 'n premature beëindiging van die verhouding nie. In hul analise van huweliksontbinding in die Verenigde State van Amerika, beskou Hart (1976:109) egskeiding as die eindpunt van 'n sikliese proses van vervreemding tussen individue. Dit is 'n proses wat deur krisisse gekenmerk word en in terme waarvan die huwelik as onstabiel gedefinieer word. Hierdie proses van vervreemding kan beskou word as 'n vorm van voorbereidende sosialisering vir die statusverloop.

Egskeiding wat nie na 'n lang pynlike periode van huweliksdisharmonie voorkom nie, maar na 'n huwelik wat vir een egmaat redelik bevredigend blyk te wees, is gewoonlik ongewoon pynlik vir die egmaat, veral as hy onvoorbereid daarop is. Dit mag ongeloofwaardig klink dat die man of vrou nie die moontlikheid van die egskeiding kon voorspel het nie, maar volgens Weiss (1975:61) gebeur dit wel. Bogenoemde stelling word ook deur ander skrywers bevestig. (Vgl. Hart, 1976:116.) Weiss (1975:61) meld die volgende in dié verband: "Marriage though it forces husbands and wives to be aware of one anothers moods, apparently does not

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

require that they know one another's plans. And most spouses can maintain areas of reserve from one another that make it possible for each to develop plans of which the other has not suspicion". Die feit dat twee egliede dieselfde situasie verskillend interpreteer, is 'n bewys van hul onafhanklike denke en aksies. Een egmaat kan die verhouding as onsuksesvol beleef terwyl die ander een dit as nie veel anders nie as ander huweliksverhoudinge en selfs as relatief suksesvol beskou. Individue wat vervreemding in die huweliksverhouding ervaar, is ietwat beter voorberei op egskeiding. Daar is in 'n sekere opsig 'n waarskuwing. Individue wat verlaat is sonder 'n waarskuwing, kan dikwels nie dadelik begryp wat gebeur het nie. Dit kan dae duur voordat die onvoorbereide huweliksmaat aanvaar dat alles verby is. Sulke individue herstel stadiger en ervaar ook 'n aantal spesifieke moeilikhede. Hulle moet ook 'n voortdurende wantroue in hul oordeel en persepsies te bowe kom wat ander geskeidenes nie hoef te doen nie. (Vgl. Hart, 1976:110-112 en Weiss, 1975:61.)

Oor die algemeen bevind die meeste na-egskeidingsaanpassingstudies dat 'n individu wat 'n aktiewe rol speel in die besluit om te skei, of as inisieerder optree, en/of in die besluit geken word, dit makliker vind om aan te pas. (Vgl. Kitson & Raschke, 1981:16.)

3.2.6.2 Ouderdom en huweliksduur

Dit is moeilik om die effek van ouderdom en huweliksduur op aanpassing te bepaal aangesien die twee aspekte gewoonlik nou verweefd is. Studies van Goode (1956) en Blair & Pais (1978), soos aangehaal deur Kitson & Raschke (1983:16), toon dat die beëindiging van 'n huwelik wat 'n lang periode geduur het, meer trauma asook moeilike aanpassing tot gevolg het.

Volgens Weiss (1975:63) is die aanname dat die beëindiging van 'n huwelik met 'n lang lewensduur vir die egliede ontstellend sal wees, slegs gedeeltelik korrek. Egskeidings vind meer in die eerste en tweede jaar van die huwelik as in enige ander tydperk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

plaas. Daar word veronderstel dat dit bykans twee jaar van huwelikslewe kos voordat individue hul huwelik ten volle in hul emosionele en sosiale lewe geïntegreer het. Voor dié integrasie is die beëindiging van die huwelik minder ontwrigtend vir die egliede se welsyn. Sodra die huwelik egter ten volle in hulle lewe geïntegreer is, speel addisionele jare van getroude lewe nie 'n kardinale rol nie en is die emosionele impak van egskeiding na drie- of na dertig jaar ewe groot.

Studies aangaande ouderdom en aanpassing bevind dat ouer individue, en veral ouer vroue, meer skeidingsangs ervaar en moeiliker aanpas as jongeres. (Vgl. Kitson & Raschke, 1981:24.) Studies deur Granvold toon egter teenstellende bevindings en word meer data rondom hierdie aspek benodig, alvorens tot 'n konklusie gekom sal kan word. (Vgl. Granvold in Kitson & Raschke, 1983:24.)

3.2.6.3 Die verlater en die verlatene

In die meeste egskeidings is die vasstelling van watter egmaat meer vir die egskeiding verantwoordelik was arbitrêr. Al word die huwelik vir beide egliede bykans ondraaglik, besluit een van hulle om dit te beëindig. Die identifikasie van een egmaat as die verlater en die ander as die verlatene oorvereenvoudig egter 'n komplekse interaktiewe proses. Skeidingsangs kom naamlik by beide die verlater en die verlatene voor want albei persone moet uiteraard die probleme rondom die sosiale ontwrigting hanteer en 'n nuwe sosiale identiteit daarstel.

Die onwillige party wat nie die beëindiging van die huwelik wil erken nie en steeds op 'n versoening hoop, is minder toegerus en soms totaal onvoorbereid om die verloop van gebeure in die vordering na 'n nuwe status, naamlik dié van geskeidene, te voltooi. Die egmaat wat die inisiatief in die egskeidingsproses neem, beleef die probleme in die oorgangsfase hierteenoor minder traumaties. (Vgl. Hart, 1976:118.) Weis (1975:63) meld in hierdie verband dat die verskille tussen die verlatene en die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verlater veel eerder in die aard van die gevolglike skeidingsangs as in die intensiteit daarvan lê. Die persoon wat die egskeiding geïnisieer het, is geneig om skuldig te voel asook berou te hê oor die skade wat hy aangerig het.

Die verlatenes is die ontvangers van traumatiese verwerping wat as 'n ongenoegsame moontlikheid mag lyk om weerwraak te neem. Hulle kan bedroef en misbruik voel wat nie tot hul egmaaats beperk hoef te wees nie. Hulle mag voel dat hulle die respek van ander en vir hulself verloor het en mag hul vermoë om die liefde van enige persoon te behou, bevraagteken. Weiss (1975:65) meld die volgende in dié verband: "...in addition, they may feel so hurt by the ending of their marriage that they are for a time reluctant to trust themselves to another relationship".

Van Staden (1987:10) ondersteun die aanname dat die verlatene en die verlater skeidingsdroefheid verskillend beleef en wys voorts daarop dat die huweliksmaat wat die huis verlaat, gevoelens van skuld en onsekerheid by die aanknoop van nuwe verhoudings ervaar. Dié persoon wat verlaat word beleef gevoelens van desperaatheid en voel hulpeloos, verwilderd en soms ontoereikend.

'n Derde party speel natuurlik dikwels 'n rol in die besluit van 'n persoon om sy huwelik te beëindig. Indien so 'n persoon sy bindingsgevoelens geheel en al na die nuwe figuur verplaas, kan hy afwisselende skeidingsangs beleef maar op 'n minder intense vlak. Vervolgens word stilgestaan by die derde party.

3.2.6.4 Derde party

'n Nuwe verbintenis kan die skeidingsangs verminder en die eensaamheid van sosiale isolasie bykans volkome voorkom. Die nuwe persoon kan gevoelens van nutteloosheid en onaanvaarbaarheid verminder en kan die angs en vrese van onsekerheid wat verandering meebring, teenwerk. Weiss (1975:65) meen in aansluiting hierby dat: "...having someone new would appear to provide some defense against the emotional assaults of separation". Dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beteken natuurlik nie dat die nuwe verhouding alle skeidingsangs sal deflekteer nie. Die ander persoon kan nie die skeidingsdroefheid heeltemal uitwis nie. Die aanknoop van 'n nuwe verhouding bring nie mee dat, sowel intieme verhoudings soos onder andere met kinders, die vorige huweliksmaat, vriende en familie, as die morele verpligtinge van dié verhoudings beëindig word nie.

Die nuwe verhouding mag die gewese egmaat egter onbereikbaar maak, nie slegs vanweë die egskeiding nie, maar ook vanweë die nuwe verpligtinge wat aangegaan is. Hierdie nuwe verhouding kan die huweliksmaat ook rondslinger tussen die twee verhoudings. Nuwe verhoudings mag op sigself ook bronne van angs word, omdat die betrokke persone 'n desperate behoefte het om betrokke te raak by iemand anders en hul keuse dus baie keer nie geskik is nie of ondoelmatig is. (Vgl. Van Staden, 1987:102.)

3.2.6.5 Kwaliteit van na-huwelikse verhouding

Egmaats behandel mekaar na egskeiding op wyses wat strek vanaf konsiderasie tot openlike oorlog. Daar is definitiewe voordele vir egpare wat hul op die konsidererende punt van die kontinuum bevind. Deur so 'n verhouding, beleef die egliede dat die jare van getroude lewe nie geheel en al vermors is nie, en dat ten spyte van die egskeiding hulle in 'n sekere mate op mekaar kan steun. (Vgl. Weiss, 1975:67.) Volgens Van Staden (1987:102) blyk dit dan ook dat sommige persone 'n behoefte het om met hul vorige huweliksmaats vriende te bly.

'n Na-skeidingsverhouding waarin beide egliede ten spyte van alles poog om bedagsaam te wees, maak die egskeiding vir albei makliker hanteerbaar. Die egliede kan in so 'n verhouding mekaar help om die vrese te hanteer wat deel van skeidingsangs is. Ongelukkig lê baie egskeidings op die ander punt van die kontinuum waar albei egliede mekaar as vyande bejeën. Die meeste konflikte wat in hierdie gevalle ondervind word, speel gewoonlik tydens die hofsake rondom toesig en beheer af. Volgens Callahan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(1979:33) is dit 'n geen-gewin-spel, aangesien blamering die verlede steeds aktief hou en dit groei na 'n beter toekoms belemmer. Dergelike omstandighede skep 'n metode waarmee nie van die huwelik afskeid geneem word nie.

3.2.6.6 Persoonlike steunstelsels

Wat persoonlike steunstelsels betref, meld Weiss (1975:68) die volgende: "...in separation as everywhere else, those who are better provided for do better". Individue wat by 'n egskeiding betrokke is mag behoefte hê aan verskillende bronne soos sosiale, persoonlike en geldelike bronne.

Wanneer mense belangrike veranderings in hul status ondervind, kan die deelname van ervare simpatieke mense van groot ondersteunende waarde wees. Die statusverandering van 'n getroude na 'n geskeide persoon kan as gevolg van 'n aantal redes 'n eensame proses wees. Laasgenoemde kan aan twee redes gewyt word, naamlik:

- Die individue onttrek hulle aan ondersteuning van vriende of familie; en
- familie of vriende onttrek hul ondersteuning vanweë die feit dat hulle hierdie oorgang nie goedkeur nie of vanweë 'n tekort aan voldoende kundigheid. (Vgl. Hart, 1976:118.)

'n Hardnekkige geloof dat die huwelik steeds gered kan word, kan 'n rede vir 'n egmaat se teenkanting wees om hulp van ander te soek. Sodoende kan die wankelende huwelik beskerm word en as steeds gelukkig voorgehou word. Dit blyk dat groter sosiale betrokkenheid dikwels met minder skeidingsangs, beter aanpassing en persoonlike groei verband hou.

Egskeiding veroorsaak dikwels finansiële stres, selfs al het die egpaar 'n bogemiddelde lewenstandaard gehandhaaf, aangesien 'n tweede woonplek en soms ook 'n tweede motor en ander toerusting aangeskaf moet word vir die huweliksmaat wat die huis verlaat.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoe meer persoonlike hulpbronne beskikbaar is, hoe beter sal die individu daaraan toe wees. Diegene wat genoegsame ondersteunende vriende asook voldoende finansiële bronne het, vaar beter in hul egskeidingsaanpassing as diegene wat nie oor sodanige bronne beskik nie.

3.2.7 **Skeidingseuforie**

Benewens skeidingsangs mag skeidingseuforie of 'n gevoel van behaaglikheid wat sommige mense na egskeiding ervaar voorkom. Die onveilige gevoel van skeidingsangs word dikwels opgevolg deur selfvertroue wat euforie meebring en wat aan die individu 'n mate van outonomie gee. Egskeiding kan ook vir sommige individue sekere opbeurende meganismes in die psige ontketen. Volgens Hunt (1968:47) raak persone hiperaktief en energiek en ook bewus van hul vermoë om te oorleef en struikelblokke te oorkom.

Volgens Weiss (1975:53) het van die respondente in sy studie 'n verhoging in selfbeeld en selfvertroue getoon. Die individue was aktiewer as voorheen. Hy meld egter dat hierdie gevoel van euforie nie as 'n dominante gemoedstoestand na die egskeiding gesien kan word nie. Omdat dit meer gereeld deur periodes van skeidingsagns opgevolg word, word 'n diepe gevoel van hartseer ook soms ondervind.

Euforie is geneig om gou te verdwyn wanneer die egmaat enige verwerping of ernstige mislukking ervaar, aangesien euforie nie algemeen geïntegreer of 'n voortdurende aspek van die geskeidene se persoonlikheid is nie. Hierdie verskynsel bied slegs 'n ander wyse waarmee die verlies van 'n verbintenisfiguur hanteer word; die individu herrangskik sy emosies op so 'n wyse dat die verlies sonder betekenis is.

Soms eindig euforie wanneer die persoon besef dat 'n lewe sonder die bindingsfiguur onbevredigend is, spontaan. Ongeag van hoe dit beëindig word, word dit gewoonlik deur skeidingsangs vervang wat onder andere die hunkering na die vorige huweliksmaat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

insluit.

3.3 BELEWING VAN EENSAAMHEID

3.3.1 Definiëring van eensaamheid

Hunt (1968:48) meld die volgende aangaande eensaamheid: "...of all the negative feelings of the newly separated, none is more common or more important than loneliness. Only a minority fail to suffer from it, and even those who most keenly desired the end of marriage often find the initial loneliness excruciating".

Volgens Weiss (1973:17) omsluit eensaamheid die volgende komponente:

- 'n Gevoel van innerlike ontoereikendheid, leegheid en onbekwaamheid;
- 'n angsbelewing waartydens die eensame persoon die wêreld as bedreigend beskou en die bronne om die bedreiging te verminder as onvoldoende; en
- 'n respons op die afwesigheid van 'n spesifieke rasionele voorsiening.

Uit die relevante literatuur blyk dit dat onderskeid tussen eensaamheid en alleenwees (aloneness) gemaak word. Peplau & Perlman (1982:3) omskryf "alleenwees" soos volg: "Aloneness is an enduring state, a fact of adult existence. Aloneness is a basic tenet that each person is solely and ultimately responsible for his own life and the quality of life to which he strives ... choice belongs to each of us to be alone". Alleenwees is 'n toestand van isolasie maar in teenstelling tot eensaamheid word dit nie as 'n negatiewe toestand beskou nie. Dit is 'n toestand wat opgesoek kan word omdat mense soms behoefte daaraan het.

Uit die talle definisies van eensaamheid wat in die literatuur aangetref word, blyk volgens Peplau & Perlman (1982:3) drie belangrike aspekte van ooreenstemming en is die volgende:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Eensaamheid spruit voort uit 'n leemte in iemand se sosiale verhoudings;
- eensaamheid is 'n subjektiewe ervaring en is nie sinoniem met objektiewe sosiale isolasie nie; mense kan alleen wees sonder om eensaam te wees, of eensaam wees sonder om alleen te wees; en
- die ervaring van eensaamheid is ongemaklik en bring angs mee.

3.3.2 **Aspekte wat eensaamheid veroorsaak**

Volgens Peplau & Perlman (1982:8) kan die volgende twee klasse faktore wat eensaamheid veroorsaak onderskei word:

- n Groep faktore wat op gebeure of veranderings dui wat die begin van eensaamheid bespoedig; en
- 'n groep faktore wat verband hou met individue se vatbaarheid om eensaam te word of vir 'n tyd lank eensaam te bly.

Vir doeleindes van die huidige studie word slegs gelet op die eerste groep, naamlik gebeure en/of veranderings wat die begin van eensaamheid in die hand werk. Die algemeenste verskynsel is 'n verandering in die persoon se sosiale verhoudings wat dikwels onder die optimale vlak daal. Die beëindiging van 'n noue verbintenis as gevolg van dood of egskeiding gee dikwels aanleiding tot eensaamheid.

Eensaamheid kan dan ook gesien word as die gevolg van afwesigheid van intimiteit met 'n ander individu en die gevolglike ontneming van 'n emosioneel bevredigende verhouding. Volgens Van Rooyen (1983:33) beteken eensaamheid iets heeltemal anders vir die geskeidene as vir enige ander persoon, naamlik: "'n Onvolledigheid waar daar voorheen 'n geheel was". Hunt (1968:49) beskryf hierdie gevoel van eensaamheid as 'n amputasie, 'n verbrokkeling en 'n onvolledigheid van iets wat eenmaal volledig was.

Volgens Middlebrook (1980:538) spruit die moontlikheid vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sosiale kontak hoofsaaklik voort uit twee bronne:

- Die familie, of liefdes- en/of seksuele verhoudings; en
- die werksomgewing en/of betrokkenheid by die gemeenskap.

Dit blyk dus dat as die gesins- en/of liefdesverhoudings en/of werksverwante sosiale interaksies verminder, verwag kan word dat eensaamheid ervaar sal word. Volgens Middlebrook (1980:538) is 'n persoon se huwelikstatus en gesinstatus nou verwant aan sy belewing van eensaamheid. Eensaamheid word nie slegs geaffekteer deur die teenwoordigheid of afwesigheid van sosiale verhoudings nie, maar ook deur die kwalitatiewe aspekte daarvan. Dus kan 'n afname in die emosionele bevrediging van verhoudings aanleiding gee tot eensaamheid. Eensaamheid kan egter ook veroorsaak word deur veranderings in die persoon se sosiale behoeftes en begeertes. Peplau & Perlman (1982:8) skryf in dié verband die volgende: "Life-cycle changes in a person's capacities or desires for social relations may precipitate loneliness if they are not accompanied by correspondent changes in actual relations". Die eensaamheid van die geskeidene kan grootliks toegeskryf word aan wat tegnies omskryf word as "rolversteuring". Hoe groter die aantal gespesialiseerde rolle wat 'n man of vrou in die huwelik vervul, hoe groter sal die versteuring as gevolg van egskeiding wees. Dit impliseer dat die geskeide ouer selfs eensamer as die nie-ouer is. (Vgl. Hunt, 1968:49.)

Na aanleiding van die voorgaande kan die afleiding gemaak word dat die geskeide man voor die beëindiging van die huwelik as gevolg van die feit dat die verhouding nie meer in sy emosionele en/of ander behoeftes voorsien nie, intense eensaamheid kan ervaar. Hierdie gevoel van eensaamheid word egter geïntensiveer na die egskeiding, aangesien die verbindingsfiguur dan boonop fisies nie meer "beskikbaar" en "toeganklik" is nie. Eensaamheid is dus vir die geskeide man nie soseer 'n nuwe ervaring nie, maar iets wat met egskeiding geïntensiveer word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.3.3 **Vorme van eensaamheid**

Volgens Middlebrook (1980:535) word twee vorme van eensaamheid onderskei, naamlik:

- Emosionele eensaamheid; en
- sosiale eensaamheid. (Vgl. Peplau & Perlman, 1982:74.)

Emosionele eensaamheid word veroorsaak deur die afwesigheid van 'n verbintenisfiguur. Die persoon ervaar 'n tekort aan noue omgee-verhoudings en kry die gevoel dat niemand werklik omgee nie. Middlebrook (1980:535) beskryf dié gevoel só: "...a sense of utter aloneness permeates your being, either making the world seem empty and cold or causing you to view your own self as having these characteristics". 'n Persoon wat hierdie ervaring het, raak dikwels gepreokkupeerd met 'n behoefte om die leemte te vul. Sosiale eensaamheid word dus veroorsaak deur die afwesigheid van 'n toeganklike sosiale netwerk.

Alhoewel sosiale en emosionele eensaamheid ten opsigte van die oorsake verskil, bestaan daar tog 'n gemeenskaplike element, naamlik 'n preokkupasie met die vervulling van die verlore sosiale verhouding(s).

Twee soorte faktore wat met eensaamheid geassosieer word verdien vervolgens vermelding en is die volgende:

- Situasies: Voorbeelde waarna skrywers verwys, is onder andere die lewensituasie van weduwees, die sosiale situasie van die gehospitaliseerde, dié van persone wat onlangs na 'n nuwe buurt verhuis het en dié van geskeidenes. (Vgl. Peplau & Perlman, 1982:74.) Mense wat in 'n egpaarsamelewing alleen is, ervaar dat hulle hul lewe nie volkome uitleef nie. Diegene wat hulle eggenotes deur middel van egskeiding of die dood verloor, ervaar ook 'n gevoel van mislukking. (Vgl. Woodward, Zabel & De Costa, 1980:75.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Persoonlikheidseienskappe: Aspekte waarna Peplau & Perlman (1982:76) verwys, is onder andere introversie, skaamheid en 'n swak selfbeeld. Ongetroudes is meer geneig tot eensaamheid as getroudes maar geskeidenes is die meeste daartoe geneig. Die belangrike faktor hier is ongetwyfeld die afwesigheid van 'n verbintenisfiguur. In sy werk met geskeidenes het Weiss (1975:56-57) byvoorbeeld gevind dat eensaamheid by hulle tot die soeke na iets meer as 'n kameraad of 'n seksuele maat lei. (Vgl. Weiss in Peplau & Perlman, 1982:67.)

Volgens Mijuskovic (1979:6) moet eensaamheid as:

- "betekenis", en
- "gevoel" gesien word.

In terme van **betekenis** bestaan die essensie van eensaamheid in die oorweldigende begeerte van die tot-nou-toe-onverwante-ego.

In terme van **emosie** stel die skrywer dit só: "...loneliness is manifested within consciousness as a confrontation with its, i.e., self-awareness, own nothingness, but since this emptiness is identical to it, it appears as an immediately felt quality, which has perfect being in itself, without relation to anything else". (Vgl. Mijuskovic, 1979:6.)

3.3.4 Eensaamheid en binding

'n Intieme verhouding soos die huwelik lei, soos reeds aangedui, tot binding tussen die egliede. Daaglikse besprekings en kommunikasie tussen pare rondom hulle verlede, hede en toekoms vorm geleidelik die basis vir die ontwikkeling van 'n hoogs geïntegreede paar-realiteit. Die mate waarin 'n egpaar 'n gedeelde siening van die wêreld gekonstrueer het, word na verwys as hul vlak van simboliese interafhanklikheid. (Vgl. Stephen, 1984:4.) Die huwelik verskaf 'n gevoel van "behoort tot". Met die verlies van die verhouding word 'n gevoel van eensaamheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ervaar, aangesien kontak met 'n belangrike ander persoon verbeur word.

Volgens Weiss (1975:77) is die bestudering van binding die beste wyse om kennis aangaande eensaamheid te bekom. Die simptome van eensaamheid stem met dié van skeidingsangs ooreen behalwe dat in plaas van die hunkering na 'n spesifieke figuur, die persoon na iemand anders hunker wat vir hom lief sal wees en vir wie hy lief kan wees. In plaas van aggressie of hartseer of die vereiste dat die spesifieke persoon moet terugkeer, betreur 'n eensame persoon die leegheid van die wêreld. Weiss (1975:43) meld die volgende in hierdie verband: "The ending of a love affair - or a marriage - may in consequence first produce separation distress, and then as the other is relinquished as an object of attachment, loneliness". Volgens Levinger & Moles (1979:207) sal skeidingsangs, en spesifiek die voortdurende hunkering na die huweliksmaat, metteryd weens die gebrek aan kontak met laasgenoemde vervaag. Die skrywers is dit dus eens met Weiss dat sodra skeidingsangs vervaag, dit plek maak vir die belewing van eensaamheid. (Vgl. Weiss, 1975:207.) Levinger & Moles (1979) meen verder dat eensaamheid gevoelens van rusteloosheid, angs en selfs paniek veroorsaak.

Die konsep "eensaamheid" verskaf dus nie 'n beeld van 'n spesifieke persoon wie se toeganklikheid die individu na sekuriteit sal lei nie. Wat wel verskaf word is 'n vaag ontwikkelde beeld van 'n bevredigende verhouding wat eensaamheid sal teenwerk asook die idee dat die wêreld sonder iemand met wie 'n verhouding aangeknoop kan word, leeg is. Eensames voel ook dikwels 'n leegheid in die gemeenskap en beskryf hul gevoel as "leeg" en "hol". (Vgl. Levinger & Moles, 1979:207.)

Die graad van beheer wat 'n individu oor die verlies van 'n verhouding het, beïnvloed die intensiteit van eensaamheid. Die graad van eensaamheid wat ervaar word is volgens Middlebrook (1980:544) die grootste wanneer die oorsaak daarvan nie deur die persoon beheer kan word nie. Eensaamheid, soos skeidingsangs,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sal dus in 'n sekere mate beïnvloed word deur die feit of die persoon die verlatene of die verlater in die egskeiding was.

3.3.5 Gevolge van eensaamheid

Mijuskovic (1979:212) meld: "I would agree with Schopenhauer, who affirmed in this context, that loneliness can be far worse than death, and indeed, as he points out, men have willingly chosen to die at their own hands rather than to undergo the suffering of human isolation". Só beskou, is eensaamheid anders as dood - dit kan dood veroorsaak, maar is nie dood op sigself nie. Mijuskovic (1979:212) noem egter dat eensaamheid soos dood 'n uiterste ervaring is wat elkeen van ons fataal konfronteer. Middlebrook (1980:541) is dit eens dat eensaamheid noodlottig kan wees aangesien dit dikwels tot selfmoord lei. Eensame mense is geneig om aan 'n verskeidenheid psigologiese versteurings te ly en studies dui daarop dat sodanige persone ook geneig is om depressief en angstig te wees.

Volgens Callahan (1979:78-80) toon die simptome van eensaamheid ooreenstemming met dié van depressie. Daar blyk ook ooreenstemming te wees tussen simptome van skeidingsangs en dié van eensaamheid. Dié simptome is dus ineengestrengel wat die bepaling van die oorsake van die simptome kan bemoeilik.

3.3.6 Reaksie op eensaamheid

Die geskeidene kan op verskeie maniere op eensaamheid reageer en kan dit op verkillende wyses hanteer. Volgens Hunt (1968:51) kan geskeidenes eensaamheid ignoreer. Sulke geskeidenes vind hulle nuwe status gerieflik en voel ook vry om te doen wat hulle graag wil. 'n Tweede groep - die ernstig gekwetsdes - beskou eensaamheid as 'n kosbare skat, 'n verdediging teen kontak, totdat die groeiproses 'n aanvang neem. 'n Derde groep wat gewoonlik pas geskeidenes is, beleef eensaamheid egter as 'n repeterende pyn waarvoor hul verligting soek. Sulke persone sal byvoorbeeld gedurig telefonies, persoonlik of deur middel van briefwisseling

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

met vriende of familie in kontak wil bly. 'n Vierde groep geskeidenes bederf hulself deur byvoorbeeld nuwe klere te koop wat hulle as geskenke van selfliefde beskou. Die kopery is 'n poging om die liefde wat voorheen van iemand anders ontvang is, te verplaas. 'n Vyfde groep gebruik alkohol, 'n sesde groep hou hulle met sekere aktiwiteite besig, terwyl 'n sewende groep geskeidenes in ander ernstige verhoudings betrokke raak om die leemte te vul. (Vgl. Hunt, 1968:53.)

Van al die ondersteunende bronne waarop die geskeidene hom beroep, blyk vriende en familie die belangrikste te wees. Sulke persone se fisiese teenwoordigheid is 'n goeie teenmiddel vir geskeidenes se eensaamheid. Hierdie bron hou egter ook 'n mate van ongemak in, aangesien vriende en familie dikwels onseker is oor hoe hulle moet optree. Die vriende voel dikwels dat hulle 'n keuse moet maak ten opsigte van hulle lojaliteit teenoor die egpaar en gevolglik verloor geskeidenes sekere vriende. Geskeidenes kan ook vrywillig onttrek as gevolg van 'n vrees vir verwerping. Dit is egter belangrik dat die geskeide persoon eerlik met homself sal wees en die gevoel van eensaamheid sal erken voordat dit werklik sinvol hanteer kan word.

Johnston (1984:47) meld opsommend die volgende: "...thus it is evident that the consequences or correlates of loneliness can be debilitating and the lonely individual should be supported in his or her attempt to resolve the situation". Die samesyn met ander eensame persone en die opbou van nuwe verhoudings is volgens Weiss (1975:57) die enigste manier om eensaamheid te hanteer.

3.4 **SAMEVATTING**

3.4.1 Egskeiding is 'n traumatiese lewensgebeurtenis wat ernstige korttermyn psigiese spanning en ontwrigting kan meebring. Persone in die proses van egskeiding staar verskeie emosionele veranderinge en ontwrigtings in die gesig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.4.2 Die emosionele verwerking van egskeiding is 'n komplekse proses aangesien talle ambivalente gevoelens ervaar word wat vir die geskeide persoon onbekend is en ernstige ongemak veroorsaak. Skeidingsangs is 'n toestand wat gekenmerk word deur akute spanning, benoudheid en sekere fisiologiese reaksies. Hierbenewens word die persoon se aandag op die verlore figuur gefokus en word intense ongemak vanweë dié figuur se onbereikbaarheid ervaar.

3.4.3 Sekere teoretiese beskouings van onder andere Sigmund Freud, Otto Rank, Melanie Klein, H.S. Sullivan, Arthur Janov en John Bowlby dui daarop dat die primêre instink van verbintenis van die kind met die moeder fundamenteel is vir sosiale binding dwarsdeur die lewe.

3.4.4 Daar blyk ooreenstemming te wees tussen skeidingsangs soos deur kinders en geskeide volwassenes ondervind en baie van die simptome, hoewel moontlik minder duidelik waarneembaar, kom voor by volwassenes wat na die egskeiding skeidingsangs beleef.

3.4.5 Binding ondergaan fundamentele veranderinge tydens 'n persoon se groei vanaf suigeling tot volwassene. Op dieselfde wyse as wat binding by die ontwikkelende persoon ontwikkel, ontwikkel dit ook in die huwelik. 'n Voorvereiste vir die ontwikkeling van binding is dat die bindingsfiguur voldoende beskikbaar moet wees.

3.4.6 Alhoewel die meeste geskeide persone skeidingsangs na die beëindiging van hul huwelik beleef, is daar verskille in terme van intensiteit, duur en kwaliteit van dié angs. Die volgende faktore blyk 'n rol hierin te speel: waarskuwing, ouderdom en duur van die huwelik, of die persoon die verlatene of die verlater is, die betrokkenheid van 'n derde party, die kwali-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teit van die na-huwelikse verhouding asook persoonlike steunstelsels.

3.4.7 Benewens skeidingsangs mag skeidingseuforie, 'n gevoel van behaaglikheid, ook voorkom. Sodanige euforie is egter nie 'n dominante gemoedstoestand nie en word deur periodes van skeidingsangs afgewissel.

3.4.8 'n Verdere emosie wat normaalweg na egskeiding aangetref word, is die belewing van eensaamheid. Eensaamheid kan as 'n respons op die afwesigheid van spesifieke rasionele voorsiening beskou word. Daar moet egter 'n onderskeid getref word tussen eensaamheid en alleenwees.

3.4.9 Twee onderskeibare klasse veroorsakende faktore ten opsigte van eensaamheid kan onderskei word, naamlik gebeure of veranderinge wat die aanvang van eensaamheid bespoedig en faktore wat 'n individu vatbaar maak om eensaam te word of te bly.

3.4.10 Eensaamheid word nie slegs deur die teenwoordigheid of afwesigheid van verhoudings geaffekteer nie, maar ook deur die kwalitatiewe aspekte van sosiale verhoudings.

3.4.11 Verskeie vorme van eensaamheid soos emosionele eensaamheid en sosiale eensaamheid kom voor en twee soorte faktore wat eensaamheid beïnvloed, naamlik situasies en persoonlikheidseienskappe kan onderskei word.

3.4.12 Die simptome van eensaamheid, skeidingsangs en depressie stem op verskeie wyses ooreen, wat die bepaling van die oorsake van dié simptome kan bemoeilik.

3.4.13 Egskeiding lei tot 'n aantal emosionele belewenisse en bring 'n totale verandering van lewenstyl mee. Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

proses kan egter in 'n groeiproses omskep word indien dit verwerk word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 4

DIE GESKEIDE MAN SE BELEWENIS VAN AGGRESSIE EN SKULDGEVOELENS

4.1 INLEIDING

Egskeiding is vir die meeste mense 'n traumatiese gebeurtenis. Aggressie, vrees, depressie en skuldgevoelens is algemene reaksies op 'n krisis, soos 'n egskeiding. Gevoelens van vyandigheid, bitterheid en skuldgevoelens word bykans universeel deur persone in 'n egskeidingsituasie ervaar. Na die egskeiding bevind die betrokkenes hulle in 'n fase van selfondersoek in 'n poging om vas te stel wie se skuld die mislukking was.

In teenstelling met die rouproses wat volg nadat 'n persoon aan die dood afgestaan is, word een van die egliede gewoonlik vir die egskeiding verantwoordelik gehou. Daar is dan ook gewoonlik heelwat aggressie jeens die eglied wat die egskeiding geïnisieer het.

Sekere geskeidenes vermy uitdrukking van aggressie en probeer voorgee dat hulle geen kwadegevoelens teenoor die gewese eglied koester nie. Wanneer aggressie nie eerlik uitgespreek word nie, kan dit aanleiding tot ongesonde gedrag gee. Sekere van hierdie gedrag behels gevoelens van depressie, angs en skuld. Skuldgevoelens kan op 'n bewuste of onbewuste vlak voorkom waarvan die gevolge onvergenoegdheid en selfs algehele ontevredenheid laat ontstaan. Ander geskeidenes toon egter geen selfdissipline nie en hul aggressiewe gevoelens word dikwels deur middel van destruktiewe gedrag uitgeleef. Hierdie vyandige gedrag word dikwels op 'n latere stadium berou.

In hierdie hoofstuk word aandag eerstens aan die omskrywing van aggressie en skuldgevoelens gegee. Tweedens word kortliks by enkele belangrike teorieë aangaande aggressie en depressie stilgestaan. Derdens word gelet op geskeide mans se algemene reaksies op aggressie. Vierdens word die vernaamste bronne van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

frustrasie vir die geskeide man uitgelig en word gekyk na die voorkoms van moord en selfmoord. Ten slotte word by die geskeide man se belewenis van skuldgevoelens stilgestaan.

4.2 **AGGRESSIE**

4.2.1 **"Aggressie" en verwante begrippe omskryf**

4.2.1.1 Konflik

Goldstein & Segall (1982:21) omskryf "konflik" as: "...a situational matter, a state of affairs, a characteristic of an interaction involving persons and some feature(s) of their environment. Conflict in this sense is similar to a competition; the term says nothing about how the persons involved in it will behave".

Volgens die Psigologie Woordeboek (1981:156) kan konflik soos volg gedefinieer word: "Die gelyktydige aanwesigheid van teenoorgestelde gedragsneigings of dryfvere. In die breë ontlok dit emosionele reaksie wat vanaf ligte spanning tot intense angs kan wissel".

Konflik dui dus op 'n botsing van belange wat 'n emosionele reaksie tot gevolg het.

4.2.1.2 Woede

Die Engelse term "anger" wat algemeen in die literatuur voorkom, word deur die Oxford Advanced Learner's Dictionary of Current English (1974:30) soos volg gedefinieer: "...the strong feeling that comes when one has been wronged or insulted, or when one sees cruelty or injustice; the feeling that makes people want to quarrel or fight..." Goldstein & Segall (1982:22) omskryf "anger" op hul beurt soos volg: "By anger, we refer to a hypothetical construct, in the sense that it is a presumed-to-exist state of the organism, inferred from some observed

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

behaviour, that denotes a feeling or an emotion often experienced by persons involved in conflicts or in other circumstances in which they find their needs or wants frustrated". Volgens laasgenoemde outeurs moet hierdie term gereserveer word vir 'n relatief korttermyn gevoel, wat gewoonlik deur die gedrag van ander akteurs in die konflik geprovokeer word en wat as bron van frustrasie dien. Woede word dikwels op dié persone gerig maar kan soms na ander persone verplaas word.

Woede word soms ook gebruik om alle gevoelens van antagonisme saam te vat, en wel in só 'n mate dat dit die begrip "aggressiwiteit" vervang. Volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1980:1321) is woede: "Toorn, gramskap, raserny en waansin".

Woede verwys dus na 'n intense emosie van opstand wat gewoonlik nie lank voortduur nie. Net soos met aggressie het woede ook 'n emosionele reaksie tot gevolg.

4.2.1.3 Wraak

Die wraakgevoel soek vergelding. Daar is 'n strewe na oorwinning oor en vernietiging of vernedering van die teenparty. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1980:1328) omskryf wraak as: "die wreek; die dors; sug; drang om te wreek en vergelding".

Wraak word in hoë mate deur afguns oor wat die mens nie het nie gekleur en sluit byvoorbaat reeds verheuging in oor die leed wat hy die voorwerp van sy haat wil aandoen. Hierdie twee aspekte onderskei wraak van opstand.

Dit blyk dus dat wraak met die reaksie op frustrasie, woede of aggressie te doen het en nie soseer met die emosionele ervaring van hierdie gevoel nie. Dit behels dus eerder die gedrag wat na afloop van die ervaring van 'n bepaalde aggressiewe emosie volg.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.2.1.4 Vyandigheid

Goldstein & Segall (1982:22) verskaf die volgende verduideliking van vyandigheid: "If anger is an acute state, hostility tends to be chronic, existing long after its original instigation, and often directed rather diffusely, as in the case (for example) of enduring ethnic hostility". Volgens Buss (1961:12) is vyandigheid 'n houdings-reaksie wat voortduur. Die skrywer stel dit soos volg: "...an implicit verbal response involving negative feelings (ill will) and negative evaluations of people and events". Volgens Buss (1961:12) sluit vyandigheid die interpretasie en evaluasie van stimuli in en het die negatiewe evaluasies geen impak op ander persone nie, tensy dit geverbaliseer word.

Vyandigheid is dus die ontwikkeling van opstand wat, as dit nie duidelik na buite gerig word nie, innerlik as opstand beleef sal word. Vyandigheid behels 'n meer voortdurende gerigtheid en emosie maar dit sluit nie die smeulende element van haat en wraak of die opstuwing van woede in nie.

4.2.1.5 Frustrasie

Volgens Dollard, Miller, Doob, Mowrer & Sears (1961:11) is frustrasie: "...that condition which exists when a goal-response suffers interference". Hierdie skrywers maak ook die aanname dat aggressie altyd die gevolg van frustrasie is. Volgens Goldstein & Segall (1982:22) dui frustrasie eerder op omgewingstoestande as op 'n staat van die organisme. In hierdie verband meld hulle: "...it is that feature of situations, including especially conflicts, which impinge directly on any person involved in them, which comprises a block need or want satisfaction. It can lead to anger or to hostility and, usually whenever it does, it makes likely forms of behaviour we call aggression".

Volgens Middlebrook (1980:293) is die sterkte van aggressiewe impulse proporsioneel tot die intensiteit van frustrasie. Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

intensiteit van frustrasie word deur die volgende elemente bepaal:

- Die sterkte van die gefrustreerde motief;
- die graad van inmenging; en
- die aantal motiewe wat geblokkeer word.

Dit is dus duidelik dat frustrasie tot gevoelens van aggressie en woede kan aanleiding gee.

4.2.1.6 Aggressie

Woordeboeke in bekende tale stem grootliks ooreen wanneer dit kom by omskrywing van die begrip "aggressiwiteit". Dit kom neer op "aanval", gewelddaad", "aanvalsdaad", "aanvallende optrede" en "geweld pleeg". (Vgl. Verklarende Afrikaanse Woordeboek, 1980:35.)

In die Psigologie Woordeboek (1981:9) word die volgende oor aggressie geskryf: "'n Motief vir aanvallende, destruktiewe gedrag, of sodanige gedrag self. Daar bestaan verskeie teorieë oor aggressie:

- Volgens Freud en ander psigo-analiste beskik die mens oor 'n aangebore aggressiedrang of doodsdrif.
- Volgens die frustrasie-aggressie-hipotese is aggressie die resultaat van frustrasie.
- Etoloë soos Lorenz beskou aggressie as 'n instink wat belangrik is vir die voortbestaan van die spesie deurdat dit sorg vir die eweredige verspreiding van die lede oor 'n geografiese gebied, vir rangordening van groeplede en vir biologiese seleksie.
- Volgens Bandura word aggressie gedrag deur versterking en modellering aangeleer".

Die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1971:4) omskryf aggressie soos volg: "Aspek van die geldingsdrang waardeur ander teenge-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gaan of onderwerp word ter bevordering van egoïstiese doeleindes. Averill (1982:317) omskryf aggressie weer soos volg: "...anger may be defined as a conflictive emotion that, on the biological level, is related to aggressive systems and, even more important, to the capacities for co-operative social living, symbolization, and reflective self-awareness; that, on the psychological level, is aimed at the correction of some appraised wrong; and that, on the sosio-cultural level, functions to uphold accepted standards of conduct".

Die volgende indeling van Allport (1955:256) van verskillende tipes aggressiwiteit werp verdere lig op "aggressie":

- As 'n kind 'n speelding gryp, of een dier vreet 'n ander op;
- dit kan selfhandhawing of ontplooiing wees;
- dit kan temperamentele liefde vir stryd wees;
- dit kan as neweproduk van mededingende aktiwiteite ontwikkel. (Die doel is om die hoogste sport te bereik, en die individu raak aggressief teen alles wat in sy weg staan);
- dit kan sadisties wees, wanneer die agent plesier skep uit ander se lyding (hier is aggressie nie instrumenteel nie, maar word 'n doel op sigself); en
- dit kan ook reaktief wees. Die individu kan nie die frustrasie volhardend en intelligent die hoof bied nie, hy kan nie terugtrek nie, en word vir homself en vir ander kwaad.

Aggressie is dus 'n versamelnaam vir uiterlik ooreenstemmende gedrag. Uit die voorafgaande definisies is dit duidelik dat daar in mindere of meerdere mate ooreenstemming is tussen die volgende terme, naamlik: konflik, woede, vyandigheid, frustrasie en aggressie. Hierdie terme impliseer 'n botsing van belange wat tot 'n bepaalde reaksie aanleiding gee.

Vir die doel van hierdie studie word van die term "aggressie" gebruik gemaak vanweë die feit dat dit 'n sambreelterm van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verbandhoudende terme is.

4.2.2 Teorieë aangaande aggressie

Verskeie teorieë van aggressie is al deur sosiaal-wetenskaplikes ontwikkel. Volgens Mackal (1979:VII) word vyf prominente teorieë van aggressie deur prominente sielkundiges en sosioloë omskryf, naamlik:

- Klassieke kondisionering;
- die behavioristiese teorie van primêre frustrasie;
- die sosiologiese teorie van sekondêre frustrasie;
- die behavioristiese teorie van katarsis, en
- die teorie van instinkontwikkeling.

Edmunds & Kendrick (1980:16) klassifiseer teorieë aangaande aggressie op hul beurt as:

- Biologiese teorie;
- drifteorie; en
- sosialeleerteorie.

Vervolgens word kortliks stilgestaan by hierdie drie teorieë en hul outeurs.

4.2.2.1 Biologiese teorieë

Wat biologiese teorieë van aggressie betref, onderskei Edmunds & Kendrick (1980:16) die volgende konstrukte: Freud & Adler se psigo-analitiese teorieë, Ardrey (1966), Hinde (1970), Lorenz (1966), Starr (1968), Tinbergen (1968) en Price & Whatemore (1967) se etiologiese teorieë. Die hoof biologiese teorieë beklemtoon die aangeborenheid van die aggressiewe stimulus - respons - gevolg en dus ook die moeilik beheerbaarheid van aggressie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.2.2.2 Drifteorieë

Hierdie teorieë wat na die frustrasie - agressie hipotese van Dollard en sy mede-outeurs (1969) herlei kan word is verder uitgebrei deur Berkowitz (1962); Feshbach (1964, 1970); Sears, Whiting, Nowlis & Sears (1953).

Drifteorieë gaan van die veronderstelling uit dat frustrasie 'n aggressiewe drif opwek wat slegs deur 'n sekere aggressiewe respons verminder kan word. (Vgl. Edmunds & Kendrick, 1980:16.)

4.2.2.3 Sosialeleerteorieë

Volgens Edmund & Kendrick (1980:16) is Bandura (1973) en Geen (1976) die hoof verteenwoordigers van hierdie teorieë.

Sosialeleerteorieë beklemtoon waarnemingsleer en die versterking en veralgemening van aggressie.

4.2.3 **Algemene oorsake van aggressiewe gedrag**

Die vraag ontstaan wat veroorsaak dat mense ander mense wil seermaak of hul skade wil berokken? Dit spreek vanself dat verskeie redes hiervoor aangevoer kan word.

Volgens Hartup & De Wit (1978:3) vorm aggressiewe optrede, soos enige ander gedrag, 'n skakel in 'n reeks gebeure wat dit voorafgaan en opvolg. Die skrywers verdeel die gebeure wat aggressiewe gedrag voorafgaan in drie groepe, naamlik:

- Uitlokkende gebeure wat vir die aggressiewe optrede verantwoordelik is;
- predisponerende faktore, wat die effektiwiteit van uitlokkende faktore bepaal; en
- ontogenetiese faktore wat verband hou met die potensiaal om aggressief op te tree.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Hartup & De Wit (1978:3) hou bykans elke aggressiewe optrede in 'n mate 'n risiko in dat die persoon wat aangeval word, beseer sal word. Baie stimulussituasies wat aggressiewe optrede uitlok, gee volgens die skrywers ook aanleiding tot selfverdedigingsoptredes.

Middlebrook (1980:269) ontwikkel die volgende vyf stellings aan die hand waarvan aggressiewe gedrag verduidelik kan word:

- Mense is van nature aggressief;
- mense leer om aggressief te wees;
- mense raak aggressief wanneer hulle gefrustreerd is;
- mense raak aggressief vanweë groepsdruk; en
- mense raak aggressief wanneer die negatiewe gevolge van aggressie of die "beperkende magte" verminder.

Vir die doel van hierdie studie word slegs die eerste drie stellings in fyner besonderhede bespreek aangesien die laaste twee nie soseer met egskeiding verband hou nie.

4.2.3.1 Mense is van nature aggressief

Verskeie outeurs beweer dat aggressie deel van die menslike natuur is. Twee van die hoof skole van kontemporêre psigologie, naamlik psigoanalitiese teorieë en die etiologiese teorieë ondersteun die konsep van instinktiewe vyandigheid. (Vgl. Middlebrook, 1980:280.)

Volgens Freud neig destruktiewe neigings om op 'n kompulsiewe manier te herhaal. Om dit te verklaar het hy 'n digotomie voorgestel, naamlik Thanatos en Eros, die doods- en lewensinstinkte. Terwyl die oerdrif en lewensdrif, skeppend is, is die doodsdrif destruktief teen die self gerig. Hierdie ingebore neiging tot vernietiging is die bron van alle aggressiewe neigings, beweer Freud (1950:58).

Lorenz (1966:43) meen dat aggressie by mens en dier iets spontaan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is, en dat hoe minder geleentheid daar is om uiting daaraan te gee, hoe meer sal dit ophoop en die beheer daaroor vertraag. Middlebrook (1980:280) gee die volgende verduideliking van die teorie van Lorenz: "The aggressive instinct underlies the vital functions of protecting one's territory against invasion, of defending the young, and of engaging in contest to select the strongest specimens for reproduction. The urge to defeat others, he believes, is basic to the survival of animal species".

Die algemene kritiek teen instinkteorieë is dat dit beperkte verklarende waarde het. Daar is tans min bewyse dat die teorieë geldig is. (Vgl. Middlebrook, 1980:281.)

4.2.3.2 Mense leer om aggressief te wees

'n Ander belangrike stelling is dat aggressie net soos ander gedrag aangeleer word. (Vgl. Middlebrook, 1980:283.) Oor die afgelope jare is daar baie gespekuleer aangaande aggressie by kinders. Johnson & Medinnus (1965:467) meld dat die sosiale interaksie van jong kinders gekenmerk word deur aggressief konflik-belaaide gedrag. Menniger (1943:9) is uiters uitgesproke in sy beskrywing van die kind wat sy lewe begin met 'n kreet van woede en stel dit so: "How sweetly we may interpret the fact, the human child usually begins his life in anger. The pain-staking observations by Margaret Blanton and others of the first minutes and hours of the infant, justify Kants statement that the cry of the child just born has the tone not of lamentation, but of wrath."

Maslow (1954:171) het bedenkinge aangaande aggressiwiteit by jong kinders. Hulle gee nie te kenne dat aggressiwiteit nie by kinders voorkom nie maar vestig die aandag daarop dat nie alles wat aggressief voorkom, met die sielkundige begrip van aggressi-witeit verband hou nie. Grewel (1949:209) meen dat die kind nog nie weet wat heel en wat stukkend is nie. Hy eksperimenteer, nie net met objekte nie maar ook met reaksies van volwassenes op sy handelinge. Daarom, as die kind iets breek, kan nie sonder meer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

afgelei word dat dit 'n destruktiewe of aggressiewe optrede is nie.

Volgens Middlebrook (1980:283) leer kinders deur 'n reeks ervaringe wanneer dit toepaslik is om aggressief op te tree, watter vorme van aggressie toelaatbaar is en teenoor wie hulle, hul aggressie sonder straf of afkeur kan uitspreek. Die bereiking van hierdie gekompliseerde stel van optredes word deur verskeie leerprosesse beïnvloed. Alhoewel die ouers die belangrikste invloed uitoefen is talle ander bronne van versterking soos ander gesinslede, gesinsvriende, die portuurgroep en die massamedia beskikbaar.

Na aanleiding van die herkoms van aggressiwiteit blyk die volgende:

- Aggressiwiteit is aangeleerde gedrag; en
- die mens kan nie as 'n weerlose slagoffer van 'n ingebore aggressiwiteitsdrif beskou word nie.

Verder blyk dit dat kapasiteit vir die ontwikkeling van aggressie 'n inherente eienskap is en dat die opvoeding en kultuur soveel provokasie bied dat elke mens 'n mate van opgehoopte aggressie het wat die hantering daarvan uiters moeilik maak. Ten slotte is dit duidelik dat 'n egskeiding tot gevoelens van aggressie kan aanleiding gee aangesien daar 'n botsing van belange tussen die twee partye bestaan.

4.2.3.3 Frustrasie en aggressie

Die laaste belangrike stelling aangaande die veroorsaking van aggressie slaan op frustrasie. Frustrasie word as die belemmering van enige gedrag beskou wat normaalweg tot doelwitbereiking of versterking lei. (Vgl. Middlebrook, 1980:293 en Strongman, 1978:153.)

Die frustrasieaggressie-teorie van Dollard bevat twee basiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

stellings, naamlik:

- Frustrasie verhoog die neiging tot aggressie; en
- aggressiewe gedrag is afdoende bewys van frustrasie. (Vgl. Middlebrook, 1981:293.)

Faktore wat verantwoordelik is vir die graad van die frustrasie-vlak en dus die sterkte van die aansporing van aggressie, blyk die volgende te wees:

- Sterkte van die aansporing tot die gefrustreerde reaksie;
- die graad van inmenging met die gefrustreerde reaksie; en
- die aantal gefrustreerde reaksiereekse (die getal motiewe geblokkeer). (Vgl. Dollard, Miller, Doob, Mowrer & Sears, 1961:28.)

Die sterkte van die aansporing kan verduidelik word deur die struweling tussen geliefdes. Dollard et al. (1969:128) meld die volgende in hierdie verband: "Since two lovers presumably have greater instigation to affectional behaviour involving each other than two non-lovers have, interference with this behaviour by one of the former produces a more serious frustration than would be the case with the latter." Dit is duidelik dat frustrasie wat deur egskeiding veroorsaak word selfs meer intens as die voorgaande voorbeeld kan wees en tot baie aggressiewe optrede kan lei.

Met betrekking tot die aantal gefrustreerde reaksiereekse sal die aantal en sterkte van die aggressiewe optrede deels van die aanporring deur verskeie vorige of samehangende frustrasies afhang. Dollard et al. (1961:28) stel dit soos volg: "Minor frustrations add together to produce an aggressive response of greater strength than would normally be expected from the frustrating situation that appears to be the immediate antecedent of the aggression." Dit blyk dus dat hoe meer aspekte die persoon frustreer hoe groter sal sy belewenis van aggressie wees.

Indien gelet word op die egskeidingsituasie is dit duidelik dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beide partye reeds vir 'n geruime tyd as gevolg van die ongelukkige huweliksverhouding ongemak verduur het. Hierdie ongemak word uiteraard verder tydens die egskeidingsproses verhoog aangesien verskeie frustrasies gelyktydig tydens dié proses voorkom. Hierdie frustrasies is onder andere, die verdeling van die boedel, die reëlings van toesig en beheer van die kinders en die bepaling van onderhoudskoste. Dit is van belang om aandag te gee aan die algemene reaksies op aggressie alvorens laasgenoemde aspekte meer breedvoerig toegelig word.

4.2.4 **Algemene reaksies op aggressie**

Soos reeds vermeld volg 'n reaksie, hetsy indirek of direk, op aggressie. Hoewel verskeie vorme van reaksies op aggressie onderskei word, word die volgende drie kategorieë vervolgens korliks bespreek:

- Direkte en indirekte aggressie;
- verplaasde aggressie; en
- selfgerigte aggressie (vgl. Dollard et al., 1961:33; Middlebrook, 1980:296 en Allport, 1955:243.)

4.2.4.1 Direkte en indirekte aggressie

Dit blyk dat nie alle frustrerende situasies direkte aggressie ontlok nie. Die basiese veranderlike wat die mate van spesifieke optredes van aggressie bepaal blyk die verwagting van straf te wees. Dollard, et al. (1961:33) stel dit só: "...the strength of inhibition of any act of aggression varies positively with the amount of punishment anticipated to be a consequence of that act". Die bose kringloop, naamlik frustrasie, aggressie, inmenging met aggressie, meer frustrasie, neig om herhalend voor te kom solank as wat suksesvolle optredes van aggressie onderbreek word.

Hoe groter die verhindering van meer direkte optrede van aggressie, hoe groter is die moontlikheid van minder direkte

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

optredes van aggressie. Aggressie sal dan dus meer indirek voorkom en die persoon sal byvoorbeeld eerder die stoel skop as sy vyand. (Vgl. Dollard et al., 1961:40.)

4.2.4.2 Verplaasde aggressie

Indien aggressiewe optrede teenoor 'n gegewe objek verhoed word, word soos reeds aangedui, 'n neiging tot ander optredes van aggressie aangetref wat nie teen die objek gerig is nie. Hierdie vorm van aggressie staan as verplaasde aggressie bekend. (Vgl. Middlebrook, 1980:296.) In plaas van teen die eintlike frustrerende agent op te tree, kan aggressiwiteit op 'n substituut gerig word. So beskou Allport (1955:243) vooroordeel as verplaasde aggressie.

Wanneer verwagte straf die direkte uitlewing van aggressie belemmer, kan veranderings in aggressie jeens die objek waarteen dit gemik word, voorkom. So kan 'n persoon wat daarvan weerhou word om 'n vyand om die lewe te bring daaroor fantaseer. Humor en verkleinering is ander vorme van aggressiewe gedrag. Verskeie objekte en vorme van verplaasde aggressie kan onderskei word. Soos verderaan sal blyk, word verplaasde aggressie en variasies van aggressie ook onder geskeide persone aangetref.

4.2.4.3 Selfgerigte-aggressie

Aggressie word dikwels ook teen die self gerig. Freud beskou dergelike aggressie as die doodsdrif. Volgens Freud bestaan die lewe uit twee aangebore dryfkragte naamlik 'n kreatiewe of groeidrif, en 'n destruktiewe drif. Van die oomblik van geboorte het 'n persoon behoefte aan vernietiging en aan lewe en skepping. Aggressiwiteit teen die self kan verskeie subtiele vorms aanneem. Freud wys byvoorbeeld hoe aggressie deur die superego opgeneem kan word en in 'n meedoënlose gewete teen die self gebruik kan word. (Vgl. Freud, 1953:57.)

Die persoonlikheidsteorieë van Harney is grootliks gebaseer op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die begrip van intra-aggressie, en wys op die neiging by die mens om sy konflikte te hanteer deur homself bo die stryd uit te lig en sy eie gedrag te rasionaliseer en te idealiseer. Die ware of egte self met sy gebreke word gedurig verwerp en verloën en lei tot selfverwerping. Dit is een rede waarom depressie dikwels na verdringde aggressiwiteit herlei kan word.

Dit blyk dus dat aggressie verskeie reaksies tot gevolg het wat wissel van onderdrukking van die gevoelens tot 'n selfgerigte belewenis van aggressie. Wat egskeiding betref, is daar min twyfel dat gesonde uitlewing van aggressie vir die geskeide man noodsaaklik is. Indien hierdie gevoelens nie uitgeleef word nie, sal dit sy hantering en verwerking van die egskeiding bemoeilik. In hierdie verband meld Hunt (1968:38) tereg die volgende: "For anger is needful, it is the exquisite pain that forces the process to a conclusion and thus brings surcrease." 'n Katarsis van gevoelens van aggressie kan dus uiteindelik tot die aanvaarding van pynvolle gebeurtenisse soos egskeiding lei.

4.2.5 **Aspekte wat vir geskeide mans frustrasie inhou**

Aangesien die man en vrou in Westerse lande 'n ekonomiese eenheid vorm, moet daar ook 'n ekonomiese skeiding plaasvind. Verskille in belange is inherent aan: eiendomsverdeling, onderhoud, toesig en beheer van kinders en besoek aan en van kinders. Die een party se wins is gewoonlik die ander party se verlies.

4.2.5.1 Die wetlike egskeiding en die verdeling van bates

Die betrokkenes maak gewoonlik met 'n regsgeleerde 'n afspraak om 'n skriftelike skikkingsooreenkoms op te stel. Hierdie ooreenkoms wat in die hof voorgelê word, bring normaalweg mee dat die egskeidingsbekragtiging slegs 'n paar minute van die hof se tyd in beslag neem. Wanneer 'n ooreenkoms nie bestaan nie word die saak in die hof beredeneer.

Die stap om 'n afspraak by 'n regsgeleerde na te kom is gewoonlik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n baie emosionele belewenis aangesien dit oor veel meer as oor die opstel van 'n ooreenkoms gaan. Die wetlike prosedure behels naamlik die emosionele ontkoppeling van die huwelik. Die samesprekings is tipies 'n kru terapeutiese proses of meganisme waardeur oorblywende gevoelens deurgewerk en georden word. (Vgl. Hunt, 1966:219.) As 'n terapeutiese meganisme het dit definitiewe beperkings en tekortkominge aangesien prokureurs nie terapeute is nie en Hunt (1966:219) meld die volgende in hierdie verband: "...the rational - logic emphasis of the legal system does not provide an ideal atmosphere for the resolution of interpersonal conflict and, in fact may serve as a catalyst to increased hostilities". Dit word nie van 'n prokureur verwag om 'n raadgewer te wees of om die kliënt se probleme op te los nie, sy taak is bowenal inligtinggewend.

Volgens Van Rooyen (1983:38) dra die onsekerheid jeens die regsprofessie, die hantering van emosionele ontwrigting, die koue regsterme waarin die betrokkenes se konflik en onvermoëns beskryf word, en die afwesigheid van instellings parallel aan wetlike instellings om nie-wetlike probleme te hanteer, by tot die vermeerdering van egskeidingstrauma. Die betrokkenes voel gevolglik verward en aan eksterne gebeure uitgelewer. Dit spreek vanself dat beide partye met die verdeling van eiendom, terseldertyd baie te wen en te verloor het. Verliese kan gedefinieer word as 'n opoffering ten bate van die ander persoon of as 'n benadeling deur die toedoen van die ander persoon. (Vgl. Weiss, 1975:103-104.) Die wetlike proses word soms ook gebruik om die ander party te laat "betaal" vir die kere wat hy of sy die ander persoon seergemaak het. Vir die persoon wat skuldig oor die egskeiding voel, kan die verdelig van materiële goedere help om dié skuldgevoelens te verminder. (Vgl. Hunt, 1966:220.)

Die egpaar se huis is dikwels die hoof item van hul gedeelde eiendom. Sanctuary & Whitehead (1970:63) meld die volgende in dié verband: "If you think of all the thought, pride, planning an hard cash that have gone into the making of a home, it is not surprising that to break it up and to make out of it two new and

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

independent units will create serious practical, financial and emotional problems". Daar is verskillende moontlikhede ten opsigte van die verdeling van eiendom wat oorweeg kan word.

Die man kan byvoorbeeld vir die vrou die huis in stand hou of die huis kan verkoop word wat meebring dat die vrou en kinders gedwing word om ander huisvesting te bekom. Die vrou verwelkom dikwels nie die verantwoordelikheid van die huis nie, omdat dit dikwels te groot vir haar en die kinders is. (Vgl. Weiss, 1975:104.) Volgens Sanctuary & Whitehead (1970:64) word die egpaar gewoonlik aangeraai dat die vrou in die huis aanbly aangesien dit die minste ontwrigting vir die kinders inhou. 'n Ander alternatief is om 'n ander huis of woonstel te huur aangesien dit gewoonlik bykans onmoontlik is om dadelik 'n ander huis te koop. (Vgl. Sanctuary & Whitehead, 1970:63-76.) Volgens Van Rooyen (1983:40) impliseer 'n verlaagde inkomste dikwels swakker behuising en die verskuiwing na 'n armer woonbuurt.

Van Staden (1987:117) meld dat die berader ten opsigte van huisvesting baie direktiewe riglyne moet gee en die betrokkenes moet waarsku om nie te gou aan verhuising te dink nie. Besluitneming aangaande behuising, veral wanneer die omgewing en die skool ook ter sake is, moet met groot omsigtigheid geskied.

Die verdeling van die meubels is 'n ander aspek wat uiteraard aandag moet geniet. Weis (1975:105) meld die volgende in hierdie verband: "Sometimes one or the other member of a couple may become uncooperative just on general principles, so as to avoid feeling disregarded". Die egliede val soms ook mekaar se eiendom aan. (Vgl. Weiss, 1975:102.) Talle fisiese barbariteite is redelik algemeen en omdat dit gewoonlik vernietiging en vermorsing insluit word dit afgekeur. Die egskeidingsproses vereis bowenal wyses waarop aggressie verwerk en op 'n beskaafde wyse uitgespreek kan word. (Vgl. Hunt, 1966:218-219.)

As die egpaar buite gemeenskap van goed getroud is, verkry elkeen normaalweg sy eie boedel. Persone wat binne gemeenskap van goed

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

getrou het, is elkeen geregtig op 'n halwe aandeel van die gemeenskaplike boedel. (Vgl. Wet op Egskeiding no. 70 van 1979.) Die nuwe aanwasbedeling vergemaklik die verdeling van eiendom tot 'n mate.

Die vaardighede om 'n huishouding te behartig is volgens Landman (1985:25) selde vir die vader maklik omdat dit nie deel van sy verpligtinge tydens die huwelik uitmaak nie. Die praktiese take ten opsigte van die instandhouding van 'n huis en die begroting vir huishoudelike benodigdhede is dikwels vir die man 'n onaangename verpligting. Landman (1985:26) meld ook dat die man as gevolg van sy emosionele belewenis na die egskeiding, vir maande nie die energie het om sy woonplek leefbaar te maak nie.

Egskeiding impliseer dus nie net die verbreking van 'n verhouding nie, maar ook die verbreking van 'n bekende omgewing. Dit impliseer, veral vir die geskeide man, die vertolking van nuwe rolle soos onder andere dié van tuisteskepper en voedselvoorbereider. Hierdie nuwe rolle bring heel dikwels vanweë die onbekendheid daarvan, onvoorsiene praktiese probleme mee.

4.2.5.2 Onderhoud

Dit is onontbeerlik dat 'n egskeiding die man se finansiële posisie sal raak. Volgens Landman (1985:24) behou die man na die egskeiding die verantwoordelikheid om sy kinders finansieel te onderhou. Hoewel die verantwoordelikheid indirek in die finansiële behoeftes van sy kinders voorsien, kan dit nie gekontroleer word nie aangesien die vrou dié geld na haar goeddenke spandeer. Dit is ook belangrik om daarop te let dat baie mans voel dat hulle min geld oor het om vir hulself 'n nuwe bestaan te skep.

Onder die middel- en hoë-inkomste groepe kan die aspek van onderhoud 'n baie gekompliseerde saak word en word deeglike wetlike leiding vereis. Die simboliese betekenis van die toewysing van die man se bydrae as toelaag vir die kinders of as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onderhoud is verskillend aangesien die toelaag voortduur tot die kinders 'n sekere ouderdom bereik, terwyl onderhoud, tensy die ontvanger weer in die huwelik tree, onbepaald kan voortduur. (Vgl. Weiss, 1975:106.) Die bepaling van onderhoud word deur verskeie aspekte bepaal. Volgens Van Staden (1987:124) word die volgende aspekte in ag geneem wanneer die hof moet besluit oor die omvang van die onderhoud en op die tydperk waaroor dit betaal moet word:

- Die bestaande of verwagte vermoëns van die partye;
- hul onderskeie verdienstes;
- hul onderskeie finansiële behoeftes en verpligtinge;
- hul ouderdomme;
- die duur van die huwelik;
- die partye se lewenstandaard voor egskeiding;
- hul gedrag vir soverre dit relevant is vir die verbrokkeling van die huwelik; en
- enige ander faktore wat die hof relevant mag ag.

Ambrose et al. (1983:120) vind 'n duidelike verband tussen die man se finansiële verlies en sy algemene gevoelens teenoor sy gewese eggenote. Green (1983:93) bevestig dat die man teësinnig is om onderhoud te betaal wanneer hy onderliggende aggressie teenoor die kinders se moeder ervaar. Die skrywer wys verder daarop dat sommige vaders die geldkwessie as 'n wapen teen die gewese eggenote gebruik deur te weier om onderhoud te betaal as sy toegang tot die kinders weier. Volgens Van Rooyen (1983:38) kan die rede vir die versuim van onderhoudsbetaling dikwels aan die swak verhouding toegeskryf word wat tussen die egliede, na egskeiding gevind word. Sy meld voorts dat dit ook 'n poging van die man kan wees om sy gewese eggenote te verkleineer, te laat swaarkry en te straf vir die mislukking van sy ideale en om te verseker dat sy gewese vrou geen voordeel uit die egskeiding kan verkry nie.

Ten slotte blyk dit dat dit nie soseer die finansiële uitgawe is wat by die geskeide man tot gevoelens van frustrasie lei nie,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maar eerder die magteloosheid wat hy ondervind om te bepaal waarvoor die fondse uiteindelik aangewend word.

4.2.5.3 Toesig en beheer van kinders

Volgens Van Staden (1987:111) is die skeiding van ouerskap as komponent van die egskeidingsproses 'n moeilike faset vir die betrokkenes om te verwerk. By die besluit oor wie toesig en beheer oor die kinders moet verkry, is dit in die eerste plek belangrik dat die kinders by die ouer geplaas word met wie hulle die hegste en positiefste verhouding het. (Vgl. Van Rooyen, 1983:42.) Charnas (1981:67) is dan ook tereg van mening dat die kwaliteit van die ouer-kind-verhouding, eerder as ander aspekte soos die geslag van die ouers in ag geneem moet word.

Volgens Van Staden (1987:111) word die beheer en toesig oor al die kinders gewoonlik aan een ouer gegee ten einde te voorkom dat skeiding tussen die kinders plaasvind. Sy meld voorts dat die volgende beginsels ten opsigte van hierdie saak in ag geneem moet word:

- Die ouers skei van mekaar en nie van hul kinders nie en bly daarom steeds vir die kinders verantwoordelik;
- die ouers moet afsonderlik voortgaan met die opvoedingstaak; en
- die ouers se rol as opvoeders moet sistematies van hul persoonlike verskille losgemaak word.

Die stryd om toesig en beheer van die kinders kan baie intens raak. Die algemene beginsel is dat na die beste belang van die kinders omgesien moet word. Volgens Van Staden (1987:125) word 'n egskeiding nie toegestaan indien daar nie bevredigende reëlings vir die kinders aangegaan is nie. Egpare besluit gewoonlik dat die kinders in die vrou se sorg geplaas sal word en indien die man nie direk daarna vra nie, neem die prokureur aan dat die kinders in die vrou se sorg geplaas moet word. (Vgl. Weiss, 1975:108 en Van Staden, 1987:111.) Indien die man egter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wel aansoek doen om toesig en beheer van die kinders, moet bewys kan word dat die vrou onbevoeg is om as moeder op te tree. Sekere vaders glo dat hulle 'n beter ouer as die gewese eglied sal wees. Dit gebeur egter ook dikwels dat die man om toesig en beheer vra, nie om die welsyn van die kinders nie, maar vir ander onderliggende redes. Hulle mag byvoorbeeld voel dat die verlies van hul kinders ondraaglik sal wees en dat die vrou nie ook nog die kinders kan wegneem nie. Gewoonlik gebeur dit in die geval waar die egskeiding deur die vrou geïnisieer is. (Vgl. Weiss, 1975:109.) Dit wil egter voorkom asof meer mans deesdae aanspraak op toesig en beheer van hul kinders maak.

Aggressie wat uit die egskeiding voortspruit kom dikwels in geskille rondom die kinders na vore en bring mee dat kinders dikwels in hierdie tirades gebruik word. So kritiseer en bevraagteken die egliede mekaar se vermoëns as ouers dikwels. Hunt (1966:222) meld in hierdie verband: "Still other people, in the grip of their anger, lose perspective so far as to use the children as front-line troops in their combat with each other". Kinders word baie keer in hierdie proses as boodskappers en spioene gebruik. Verder word kinders ook teen hul ouers "opgemaak" deur byvoorbeeld teenstrydige opvoedingsprosedures daar te stel. So sal die ouers byvoorbeeld reëls oor vasgestelde slaaptye van die kinders doelbewus ondermyn en die kinders toelaat om te slaap wanneer hulle wil. (Vgl. Hunt, 1966:222.)

Voortdurende aggressie is dikwels meer algemeen by diegene wat nie die egskeiding wou gehad nie nie en daartoe geforseer is. Hunt (1966:224) meld die volgende in hierdie verband: "It is also statistically evident that the unremarried feel antagonism toward their ex-mates longer than those who have remarried". Hoewel van die aggressie wel deur die hof gefinaliseer kan word, mag dit jare lank voortduur, waar die party wat nie toesig en beheer verkry het nie byvoorbeeld voortdurend na nuwe bewyse teen die gewese eglied opsoek is.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die wetlike beëindiging

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die huwelik nie noodwendig die emosionele beëindiging van dié intieme verhouding tot gevolg het nie. 'n Aspek soos toesig en beheer oor die kinders veroorsaak baie verskille en gee dikwels daartoe aanleiding dat die partye steeds gebind word.

4.2.5.4 Besoeke aan en van die kinders

Weiss (1975:109) meld in hierdie verband die volgende: "If custody battles can produce a state of war between die spouses, battles over visitation tend to resemble border skirmishes". Hierdie aspek is net so emosioneelbelaai soos die bepaling van toesig en beheer oor die kinders. Dit blyk dat egskeiding 'n vader se vertolking van sy rol veral bemoeilik. Ambrose et al. (1983:101) meld veral twee faktore wat die vertolking van dié rol beïnvloed, naamlik:

- Dat die man voel dat hy nie 'n behoorlike vader vir sy kinders is nie en eerder 'n oom is wat hulle van tyd tot tyd besoek; en
- dat sy rol tradisioneel gesien word as finansiële, eerder as emosionele voorsiener van die kinders se behoeftes.

In die praktyk blyk dat sommige vaders vanweë hul skuldgevoelens uit hul pad gaan om kontak met hul kinders te behou. Die man en vrou is kwesbaar vanweë die gedeelde ouertaak en die kinders voorsien 'n gemaklike middel vir die voortsetting van na-huwelikse haatdraendheid. Die kinders is byvoorbeeld nie betyds gereed wanneer die man hulle vir besoeke kom afhaal nie. Verder is die kinders soms nie aanwesig wanneer die vader kom besoek nie. Die vrou stel dit ook dikwels duidelik dat die verantwoordelikheid van die kinders aan haar toevertrou is en dat die man reëlings rakende besoeke aan en van sy kinders met haar moet tref. Gewoonlik vereis die vrou ook dat die man die kinders slegs in haar teenwoordigheid besoek aangesien sy hom nie vertrou nie. Die vrou mag ook weier dat haar gewese man se nuwe vrou die kinders mag sien aangesien dit hulle sal ontstel. (Vgl. Weiss, 1975:110.) Die man het egter ook sekere "wapens" wat hy gebruik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

So mag hy byvoorbeeld nie vir 'n afspraak met die kinders opdaag nie. Verder dring hy soms ook daarop aan om die kinders op ongeleë tye te besoek. Hierbenewens mag hy tydens besoeke die kinders sodanig bederf dat hulle nie na die moeder wil terugkeer nie wat haar opvoedingstaak uiteraard bemoeilik. (Vgl. Weiss, 1975:110.)

Die gedeelde ouerskap kan ook tot onsekerheid aanleiding gee. Beide ouers mag vrees dat die ander die kinders se guns sal wen. Die man poog soms om die kinders se guns te wen deur die koop van geskenke wat hulle slegs by sy huis kan gebruik of hy vertel hulle voortdurend dat hulle gelukkiger by hom sal wees. Smith (1981:44) meen dat mans hulle skuldgevoelens probeer verminder deur finansieel te vergoed vir die emosionele verwaarlosing van hul kinders. Die vrou sal op haar beurt weer voor die kinders na haar gewese man se negatiewe eienskappe verwys. (Vgl. Weiss, 1975:102.)

Dit blyk dus dat beide die moeder en die vader gewoonlik alles in hul vermoë sal doen om hul kinders se guns te wen en dat hulle nie kans sien om nog 'n persoon te verloor nie.

Hoewel vaders oor die algemeen poog om kontak met hul kinders te behou, is daar egter faktore wat hierdie kontak bemoeilik. In dié verband meld Ambrose et al. die volgende:

- Die te groot fisiese afstand tussen die vader en sy kinders;
- die ontmoediging van kontak tussen die vader en sy kinders deur die gewese eggenote;
- die feit dat die vader nie voortdurend deur die kinders se teenwoordigheid aan die egskeiding herinner wil word nie;
- die vader se bedenking dat sy kinders en hul moeder hom verwerp;
- die feit dat die vader se tyd en belangstelling sodanig deur sy nuwe gesin in beslag geneem word dat hy nie meer tyd vir die kinders uit sy vorige huwelik het nie;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- die feit dat die vader nie onderhoud betaal nie en daarom voel dat sy gewese eggenote toegang tot die kinders sal weier;
- die feit dat die vader soms voorkeur aan 'n seun bo 'n dogter gee en verkies om net met die seun kontak te maak; en
- die vader voel dat dit voldoende is om onderhoud te betaal, telefonies kontak te maak en verjaarsdagkaartjies te stuur.

Wanneer die vader se aandrang op besoeke as te veeleisend ervaar word, word hy as onredelik en onrealisties beskryf. Wanneer hy die kinders nie genoeg besoek nie, word weer gesê dat hy onverantwoordelik is en nie vir hulle omgee nie. (Vgl. Wallerstein & Kelly, 1980:122 en Ambrose et al., 1983:92-93.) Landman (1985:27) meld dat indien die gemeenskap nie riglyne kan voorsien vir die vader se veranderde rol nie, dit verwag kan word dat hy onsekerheid sal beleef en dit moeilik sal vind om aan al die verskillende verwagtinge wat aan hom gestel word, te voldoen.

Dit blyk dat afgesien van die vader se optrede, sy gedrag deurgaans gekritiseer word en dat dit die vertolking van sy vaderrol bemoeilik. Dit is egter in die kinders se beste belang dat ouers verskille tussen hulle sal oplos sonder om 'n nuwe haatdraendheid tot die na-huwelikse verhouding te voeg.

4.2.6 **Die geskeide man se belewing van aggressie**

Die verlies van 'n verbintenisfiguur lei vanweë die belewenis van skeidingsangs tot intense ongemak. Hoewel daar tydens die rouproses (waar 'n geliefde aan die dood afgestaan is) gewoonlik 'n duidelike aggressie objek is, word aggressie dikwels teen mediese personeel en minder gereeld teen die eglied of die self gerig. Tydens die egskeidingsproses word die eglied dikwels vir die skeiding verantwoordelik gehou. Dit geskied veral as die eglied die egskeiding geïnisieer het en 'n pleit vir versoening weier. Aggressie word egter ook deur die eglied wat die egskeiding geïnisieer het ervaar, aangesien hy voel dat hy deur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die eglied daartoe gedwing is. (Vgl. Levinger & Moles, 1979:207.)

Aggressie, vyandigheid en gevoelens van bitterheid word deur bykans elke geskeide persoon ervaar. (Vgl. Callahan, 1979:67 en Weiss, 1975:98.) Volgens Callahan (1979:67) is dit moeilik om nie misbruik en seergemaak te voel vanweë die mislukking van die huwelik nie. Die geskeide mag homself asook die gewese eglied, vir die mislukte verhouding verkwalik. Aggressie word dan ook dikwels gemobiliseer om die bande van affeksie te verbreek.

Volgens Hunt (1966:216) is daar 'n klein persentasie geskeidenes by wie aggressie bykans onmiddellik verdwyn sodra een van die persone uit die huis trek. In sulke gevalle was die persone nie werklik verenig nie en was die egskeiding bloot die beëindiging van 'n proses. Hunt (1966:216) beskou sulke persone as gelukkig omdat die proses hulle nie seergemaak het nie en as ongelukkig omdat die verhouding nie van veel waarde was nie. Vir die oorgrote meerderheid geskeidenes moet 'n groot mate van ontkoppeling of losmaking na die fisiese skeiding plaasvind. Hoewel aggressiewe gevoelens voortduur, is daar 'n verskuiwing van kontrole fokus, rusies handel nie meer oor intieme persoonlike gedrag of gevoelens nie maar om eksterne konflikareas.

In sy ondersoek onderskei Myers (1989:175) met betrekking tot aggressiebelewing die volgende vyf tipes verlatene mans:

- Overt-aggressiewe mans;
- passief-aggressiewe mans;
- seksistiese mans ("sexist");
- passief-afhanklike mans; en
- depressiewe mans.

- <u>Overt-aggressiewe mans</u>
  Mans in hierdie kategorie is kwaad. Hulle is in voeling met hul emosie, dit is waarneembaar en die meeste sal erken dat hulle aggressief is. Hierdie mans was en is steeds teen die egskeiding gekant. Dit blyk ook dat hul vrouens

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vir hul bang is. Hulle is verbaal en soms fisies aggressief. Hierdie aggressiwiteit kom dikwels voor in die vorm van verkleinering van die gewese eglied voor die kinders. (Vgl. Weiss, 1975:100.)

- Passief-aggressiewe mans

  Hierdie mans spreek oor die algemeen nie hul aggressie en gevoelens van woede openlik of direk uit nie. Sommige van die mans is nie in voeling met hul emosies nie en het selfs gedurende hul huwelik nie gevoelens van aggressie teenoor hul vrouens uitgespreek nie. Hulle beskou hulself dikwels as 'n slagoffer van omstandighede.

- Seksistiese mans

  Myers (1989:127) lig hierdie kategorie mans soos volg toe: "I use the word sexist to refer to men who hold an attitude of superiority about their own sex and a devaluing attitude toward the female sex" (Myers, 1989: 127). Beheer van hul vroue was vir dié mans die sentrale dinamika van hul huwelike. Die beheer is na die egskeiding verbreek en gee daartoe aanleiding dat hierdie mans paniekerig raak.

- Passief-afhanklike mans

  Dié mans is oorafhanklik van hul vrouens en het reg deur hul lewens probleme met afhanklikheid ondervind. Hierdie mans het nog nooit alleen gewoon nie en het óf saam met hul ouers óf in 'n beskermde omgewing saam met ander gewoon. Hulle het dus nog nooit geleer om onafhanklik te funksioneer nie.

- Depressiewe mans

  Volgens Myers (1989:120) is depressie nie onbekend aan die geskeide nie en hy meld die volgende: "...and it is therefore not uncommon for individuals who are separating or who are separated to develop depressive symptoms or a full-blown clinical depression". Veral mans wat die egskeiding nie verwag het nie is meer geneig tot depressie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Gedagtes van selfmoord kom ook algemeen by hierdie mans voor. Moordfantasieë is ook nie ongewoon nie.

Vervolgens word die voorkoms van moord, selfmoord en sterftes in die algemeen onder geskeide persone van naderby beskou.

4.2.7 **Selfmoord**

4.2.7.1 Inleiding

Hoewel mense wat hulself om die lewe bring as selfmoordenaars geëtiketteer word, vorm hulle nie 'n homogene groep nie. As 'n persoon homself beseer of beskadig maar nie sterf nie, word die daad as 'n poging tot selfmoord geklassifiseer terwyl die persoon wat as gevolg van sy optrede sterf as selfmoord geklassifiseer word. Laasgnoemde word ook as voltooide selfmoord geklassifiseer. (Vgl. Lester & Lester, 1971:20.) Strengel (1969:82-83) definieer 'n poging tot selfmoord soos volg: "suicidal attempt is any act of self-damage inflicted with self-destructive intention, however vague and ambiguous. Sometimes this intention has to be inferred from the patient's behaviour".

Hierteenoor beskryf Arieti & Brody (1974:744) selfmoord só: "Suicide means a suicidal act with fatal outcome, 'attempted suicide' one with non-fatal outcome". Die skrywers meld ook dat die persoon 'n hoofrol in die oorsaak van dood gespeel het en dat dit sy bewuste intensie was om te sterf. 'n Aksie van selfmoord, of dit suksesvol is of nie, moet 'n risiko van dood inhou voordat dit as selfmoord geklassifiseer kan word.

Volgens Lester & Lester (1971:4) kan 'n selfmoordkrisis omskryf word as 'n periode waartydens 'n persoon selfmoord ernstig oorweeg omdat hy voel dat die druk van die samelewing onhanteerbaar geword het. Hoewel sodanige selfmoorkrisis van verbygaande aard mag wees, blyk dit wanneer dit ondervind word 'n baie gevaarlike verskynsel. Lester & Lester (1971:4) onderskei die volgende vier tipes selfmoord-krisisse:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Impulsiewe selfmoordgedrag wat op aggressie, teleurstelling of frustrasie volg;
- die gevoel dat die lewe nie meer die moeite werd is nie wat die gevolg van 'n ernstige depressie kan wees en tot selfmoordgedrag kan lei;
- selfmoord in 'n poging om van lyding te ontsnap of geliefdes die versorging van 'n siek persoon te spaar; en
- "kommunikasie-selfmoordpogings" wat mag voorkom wanneer 'n persoon nie die begeerte het om te sterf nie maar die manier waarop ander persone optree wil verander.

Volgens Hunt (1966:208) is daar drie moontlike motiverings wat 'n selfmoordpoging ten grondslag lê:

- 'n Determinasie om jouself om die lewe te bring;
- 'n dobbel met die dood; en
- voorgee aan self-vernietiging.

Die meeste outoriteite op die gebied van selfmoord glo dat selfmoord selde die gevolg van 'n enkele oorsaak is. (Vgl. Rowe, 1983:194.) Verskeie faktore is op 'n kumulatiewe wyse werksaam. Enige ernstige verlies soos die verlies van 'n geliefde persoon, beroep, geld, gesondheid, skoonheid en onafhanklikheid mag moontlike etiologiese faktore wees. Selfs die herdenking van 'n belangrike gebeurtenis soos die dood van 'n geliefde, kan 'n selfmoordpoging inisieer.

4.2.7.2 Die voorkoms van selfmoord onder geskeide mans

Jacobson (1983:290) maak die volgende bewering: "Crime reports suggests that homicide is commonly a family matter, and a review of newspaper clippings indicates that situations involving separation are commonly mentioned in stories about homicide". Die pas geskeide persoon is meer blootgestel aan selfmoord in reaksie tot wat Hunt (1966:203) persoonlike anomie noem. Volgens Arieti & Brody (1974:744) is suksesvolle selfmoordpogings meer algemeen onder ouer persone, mans, enkellopendes, geskeides en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weduwees of wewenaars. Hierteenoor word onsuksesvolle selfmoord-pogings meer onder jonger persone, vrouens en die getroude bevolking aangetref.

Volgens Lester & Lester (1971:660) is die voorkoms van selfmoord-pogings die laagste by getroude persone, hoër onder weduwees en die hoogste onder geskeide persone.

Weiss (1975:53) wys daarop dat baie geskeides selfmoordfantasieë ervaar en meld voorts dat sekere persone desperaat en aggressief genoeg is om selfmoord te pleeg. Volgens Spanier & Thompson (1984:110) is selfmoordgedagtes by beide geskeide mans en vrouens algemeen, maar besef die meeste dat hulle die daad nie sal uitvoer nie.

Soos by weduwees bring egskeiding mee dat geskeide persone 'n belangrike bron van versorging verloor. Die verskil is egter dat die geskeidene se verlies gedeeltelik aan sy eie optrede toegeskryf kan word. Die selfmoord van die geskeidene is soms dan ook 'n selfopgelegde straf vir die verlies aan 'n huweliks-maat waaraan hy deel gehad het. Volgens Lester & Lester (1971:66) behoort die geskeide persoon, as gevolg van sy verlies, normaalweg sy aggressie na binne te keer en slegs in ekstreme gevalle selfmoord te pleeg. 'n Ander moontlikheid wat deur laasgenoemde skrywers voorgestel word, is dat beide die egskei-ding en die selfmoord uit 'n ongelukkigheid met die wêreld spruit en beide pogings is om die persoon se situasie te vergemaklik. Lester & Lester (1971:66) stel dit só: "It may be that during marriage a person may be able to place all blame for his general unhappiness on the spouse. After a divorce has occurred and the person finds that he is still unhappy, suicide may be seen as the only possible escape".

Volgens Middlebrook (1980:542) is eensaamheid een van die hoof faktore wat tot selfmoord aanleiding gee. Ongelukkigheid korrelleer met die afwesigheid van 'n begeerde sosiale kontak. Ekstreme gevoelens van eensaamheid dra by tot selfmoord. Verder

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ervaar die geskeide man dikwels eensaamheid as gevolg van die verlies van 'n verbindingsfiguur. Die graad van beheer wat die individu oor die verlies van die verhouding het, beïnvloed die mate van eensaamheid wat ervaar word. Studies het bevind dat eensaamheid veral ernstige afmetings aanneem wanneer die oorsaak daarvan nie deur die betrokke persone beheer kan word nie. (Vgl. Middlebrook, 1980:544.) Dit blyk dus dat die geskeidene wat as die verlatene bekend staan en nie oor genoegsame steunstelsels beskik nie, se risiko vir selfmoord groter is, dat die wêreld vir hom geen sin het nie en hy homself as nutteloos beleef.

Vyandigheid teenoor persone wat as verwerpend beleef word mag 'n individu ook motiveer om homself om die lewe te bring ten einde die pesoon te laat skuldig voel.

Dit blyk dus dat daar talle redes is wat 'n geskeide persoon daartoe kan beweeg om sy hand aan sy eie lewe te slaan.

4.2.8 **Die voorkoms van moord by geskeidenes**

Die voorkoms van selfmoord en moord het baie in gemeen. Beide kan maniere wees om sekere behoeftes te bevredig. Lester & Lester (1971:56) stel dit soos volg: "A person who wants revenge can achieve it by physically hurting someone else or by making the other person suffer guilt over his possible responsibility for a suicide". Dit blyk dat beide selfmoord en moord wyses is om vyandigheid te dreineer.

Moordfantasieë waarin die eglied die slagoffer is, is nie 'n rare verskynsel onder geskeidenes nie. (Vgl. Levinger & Moles, 1979:208 en Weiss, 1975:101.) Sekere egliede voel dat hul aggressie geregverdig is en dat hulle die gewese eglied moet seer maak. Ander persone ervaar dié gevoelens as iets vreemds. (Vgl. Levinger & Moles, 1979:209.) Sekere mans en vroue wat nie blatante moordwense het nie vind tot hul ongemak dat hulle geteister word deur onwelkome wense dat die eglied aan 'n ongeluk of siekte moet beswyk. (Vgl. Weiss, 1975:102.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens Lester & Lester (1971:58) is gekombineerde moord en selfmoorde, relatief algemeen in Engeland. Persone wat hulle aan hierdie dade skuldig maak is veral geneig om 'n familielid, eglied of kind om die lewe te bring. Ander studies wat Lester & Lester (1971:59) in dié verband onderneem het, toon dat die verhouding tussen die persone wat betrokke is deur konflik gekenmerk is. Die aggressie wat as gevolg van die konflik met die geliefde persoon ontstaan kan óf teen die self óf teen die ander persoon gerig word. Lester & Lester (1971:59) verduidelik laasgenoemde soos volg: "The murder occurred in the first place because of a conflict between love an hate, and the feelings of love are not destroyed along with the person's life. The suicide might then wish to rejoin the person he has killed and attempt to do so by means of his own death". Hierdie aspek, naamlik die verband tussen egskeiding en gesinsmoord noodsaak egter verdere navorsing.

4.2.9 **Mortaliteit onder geskeidenes**

Oor die algemeen het weduwees en geskeide persone 'n hoër voorkoms van siekte as getroude- of enkellopende persone. Die individu ervaar 'n onvermoë om te konsentreer wat verskeie aspekte raak. Die bestuursvermoë word byvoorbeeld aangetas en die voorkoms van motorongelukke kan ook geredelik voorkom. (Vgl. Weiss, 1975:50.) 'n Analise van die mortaliteitsyfers soos gepubliseer deur die National Centre For Health Statistics (1970) het aangedui dat vir beide geslagte, vir blankes sowel as nie-blankes noodlottige motorongelukke hoër by geskeides is as by enige ander getroude statusgroep en wel gemiddeld drie keer hoër. 'n Studie wat deur McMurray (1970) onderneem is toon dat die ongeluksyfer vir persone wat in die proses van egskeiding was gedurende die periode van ses maande voor en ses maande na die egskeiding verdubbel het. (Vgl. Levinger & Moles, 1979:188.)

Ongelukke in die werksplek kan ook meer geredelik onder geskeidenes voorkom en kan traumatiese gevolge inhou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.3 SKULDGEVOELENS

4.3.1 Begripsomskrywing

Volgens die Psigologie Woordeboek (1981:282) word skuldgevoel omskryf as: "Die gevoel van verlaagde selfrespek (wat gepaard gaan met 'n behoefte om bestraf te word) wat 'n persoon ervaar as gevolg van die besef of oortuiging dat hy 'n morele, etiese of sosiale norm oortree het". Freedman, Kaplan & Sadock (1975:2588) bied die volgende omskrywing van skuld of skuldgevoel: "Affect associated with self-reproach and need for punishment. In psycho-analysis, guilt refers to a neurotic feeling of culpability that stems from a conflict between the ego and the superego. It begins developmentally with parental disapproval and becomes internalized as conscience in the course of super-ego formation. Guilt has normal psychological and social functions, but special intensity or absence of guilt characterizes many mental disorders, such as depression and antisocial personality, respectively. Some psychiatrists distinguish shame as a less internalized form of guilt".

Dit blyk dus dat skuldgevoelens 'n emosionele belewenis is as gevolg van die individu se beskouing dat hy verkeerdelik opgetree het.

4.3.2 Oorsake van skuldgevoelens

Een van die bekendste teorieë aangaande die psige of persoonlikheid is dié van Freud. Volgens Meyer (1982:100) bestaan die psige volgens Freud uit drie dele naamlik: die Id; die Ego en die Superego. Die Id is die aangebore deel van die psige en bevat al die psigiese energie waaroor die mens beskik, en wel in die vorm van lewensdrange en die doodsdrang. Die Ego is die realistiese deel van die psige en die enigste deel wat kontak met die werklikheid het. Dit funksioneer volgens die werklikheidsbeginsel en maak gevolglik gebruik van rasionele denke. Hierteenoor verteenwoordig die Superego die samelewing se morele reëls.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit funksioneer volgens die moraliteitsbeginsel en straf die persoon vir enige verbode gedrag of verbode wense, deur hom skuldig te laat voel. Volgens Meyer (1982:102) beskou Freud gedrag as die resultaat van die gesamentlike funksionering van die Id, die Ego en die Superego. Wolman (1977:295) vat Freud se beskouing van skuldgevoelens soos volg saam: "...the tension between the demands of conscience and the actual performance of the ego is experienced as a sense of guilt". Skuldgevoelens het dus te make met die verwagtings van hoe 'n persoon veronderstel is om op te tree. Dit blyk dus dat elke persoon oor 'n Ego-ideaal beskik van die tipe persoon wat hy verwag om te wees en waarmee hy identifiseer. Wanneer 'n persoon deur gedagte of daad aan die ego-ideaal tekort skiet, ontwikkel skuldgevoelens. Indien skuldgevoelens van naderby bekyk word, blyk dit dat die superego gehoorsaamheid en inskiklikheid afdwing en straf indien daar ongehoorsaamheid is.

Skuldgevoelens kan beskou word as 'n teenstrydigheid tussen die goeie en die slegte wat alles wat die mens doen beïnvloed. Die bewustheid van hierdie teenstrydigheid is die ervaring van skuld. "Skuld" is teenwoordig in elke oomblik van morele selfbewustheid en kan die mens dryf na volkome verwerping van homself of na 'n gevoel dat hy veroordeel is - nie vir straf van buite nie - maar vir die wanhoop dat hy sy roeping gemis het.

Volgens Freeman & Strean (1986:23) ervaar alle mense op verskeie stadia in hul lewens skaamte, aggressie en skuld. Kinders word elke dag versoek om plesiere op te sê, wat tot sowel aggressie as skuldgevoelens lei.

Volgens Freeman & Strean (1986:23) is daar twee hoof tipes skuldgevoelens, te wete die waarvan ons bewus is en dié waarvan ons onbewus is. Die skrywers beskryf onbewustelik skuldgevoelens soos volg: "Consciously we may know we hate but we are frequently unaware that the wish to destroy those we hate propes and sustains our guilt". Volgens Freeman & Strean (1986:24.) verwys skuldgevoelens na hulle bron en hoewel dit skaamte en spyt mag

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

meebring hou dit as 'n reël nie neorotiese simptome in nie. Volgens die skrywers is alle skuldgevoelens subjektief en bestaan dit nie in 'n geestelike vakuum nie. Dit is die resultaat van drie emosies wat dit voorafgaan, naamlik: angs, woede en smart. Freeman & Strean (1986:24) meld die volgende aangaande angs en skuldgevoelens: "The vital connection between anxiety and guilt lies in the fact that the sense of guilt originates in anxiety and anxiety can be experienced by the infant". Dit kom dus voor asof daar 'n verband tussen haat, die belewenis van aggressie en die ervaring van skuldgevoelens bestaan. Dit is egter nie altyd moontlik om te bepaal watter emosie tot watter een aanleiding gee nie.

4.3.3 Die geskeide man se belewenis van skuldgevoelens

Spanier & Thompson (1984:106) vind dat skuld en selfverwyt meer algemeen as gevoelens van verwerping of woede onder geskeidenes voorkom en meld die volgende: "About half of the men and women said that they very much felt guilty about the separation and divorce". Spanier & Thompson vind egter geen verskille tussen mans en vrouens se belewenis van skuldgevoelens nie.

Volgens Jansen & Harris (1980:274) word twee vorms van skuld by die geskeide vrou onderskei, naamlik:

- Interpersoonlike skuld of die gevoel van mislukking en die behoefte aan 'n meer toegewyde poging om die huwelik te laat slaag; en
- skuldgevoelens wat deur eksterne bronne soos waar huweliksontrou 'n rede vir die egskeiding was, meegebring word.

Die geskeide man is voortdurend besig om die huwelik te herleef en te probeer vasstel wie vir die skeuring daarvan verantwoordelik was. Weiss (1975:78) noem dié obsessiewe gedagtepatroon "obsessive review". Dikwels is die skuldgevoelens nie afkomstig van iets wat die man gedoen het nie maar iets wat hy glo hy kon gedoen het of nagelaat het om te doen. Volgens Goode (1956:290)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


ervaar die geskeide dikwels skuldgevoelens met betrekking tot die mislukte huwelik. Al is die persoon nie verantwoordelik vir die egskeiding nie, voel hy dat hy nie in staat was om die huwelik te laat slaag nie. Verder ervaar die geskeide dikwels ook skuldgevoelens oor dinge wat hy moontlik kon gedoen het om die egskeiding te probeer voorkom.

Weiss (1975:64) meld dat alhoewel daar gewoonlik nie groot verskille in die vlak van na-egskeidingsnood tussen die verlate en die verlater bestaan nie, word duidelike verskille in die tipe nood wat die twee groepe ervaar waargeneem. Die persone wat die egskeiding geïnisieer het, toon naamlik 'n neiging om skuldig te voel oor die skade wat hul verlating die agterblywende persone berokken het. Die verlate persoon voel meer dikwels verwerp en misbruik.

In die mate waarin 'n persoon verantwoordelikheid vir die mislukte huweliksverhouding dra, ervaar hy of sy ook skuldgevoelens. Van Staden (1987:139) bied die volgende skematiese voorstelling van gevoelens van verantwoordelikheid en skuld:

FIGUUR 8: GEVOELENS VAN VERANTWOORDELIKHEID EN SKULD OP 'N KONTINUUM

Betrokkenes wat 'n deel van die mislukte huweliksverhouding verantwoordelikheid aandra.



Betrokkenes wat as gevolg van die mislukte huweliksverhouding 'n oormaat van skuldgevoelens ervaar.

(Vgl. Van Staden, 1987:139.)

Volgens dié kontinuum verteenwoordig:

Deel I: Betrokkenes wat in 'n hoë mate verantwoordelikheid vir die mislukte huweliksverhouding dra.

Deel II: Betrokkenes wat 'n relatiewe mate van verantwoordelikheid vir en skuldgevoelens oor die mislukte huweliksverhouding dra.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

A: Toon dat die mate van skuldgevoelens wat die betrokkenes ervaar, nie oorweldigend is nie.

Deel II: Betrokkenes wat goed sal funksioneer omdat hulle hul verantwoordelikheid insien en die omvang van skuldgevoelens wat daarmee saamgaan, relatief klein is.

Deel III: Betrokkenes wat 'n oormaat skuldgevoelens ervaar.

Volgens Van Staden (1987:139) kan met die skematiese voorstelling aangeneem word dat verantwoordelikheid met gevoelens van skuld gepaard gaan. Sy meld voorts dat die suksesvolle hantering van skuldgevoelens op hul oorsprong berus en dat dit vir die berader 'n aanduiding gee of dit werklik met die egskeiding verband hou en of dit op 'n neurotiese vlak lê.

Volgens Van Staden (1987:89) laat die gevolge van skuldgevoelens onvergenoegdheid en selfs algehele ontevredenheid ontstaan. Sy meld voorts dat die inwerking van skuldgevoelens tydens die egskeiding tweërlei van aard is, naamlik"

- Die betrokkene kan tydens die egskeiding leer om positiewe energie vry te stel. Die mislukte huwelik kan as 'n leerervaring beskou word en met die nodige kennis en positiewe gesindheid kan die ongemak stimulerend en positief vir die betrokkene self aangewend word; of
- persoonlike pogings kan aangewend word maar moontlik misluk om hierdie gevoelens van skuld self te hanteer. In die betrokkene se gemoed maak hy of sy van verdedigingsmeganismes gebruik. Die skuld word na iemand anders verplaas in 'n poging om nie self so te worstel nie.

Uit die literatuur blyk ook dat daar 'n beduidende verskil tussen geskeide persone met kinders en dié sonder kinders bestaan. Dit is duidelik dat dié ervaring van skuldgevoelens 'n effek op die vader se verhouding met sy kinders kan hê. Selfvergiffenis wat die berouvolle erkenning van verkeerde optrede impliseer, is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarom vir die geskeide man van kardinale belang.

Volgens Cohn (1987:52) is 'n rouproses na egskeiding nodig aangesien ontkenning, depressie, aggressie en skuldgevoelens na die egskeiding voorkom. Volgens Van Staden (1987:89) moet die betrokkene met behulp van egskeidingsberaad gehelp word om misstappe, onvermoëns en of tekortkominge in die huweliksverhouding as deel van 'n leerproses te beskou. Selfvergifinis behels vir elke betrokkene die berouvolle erkenning van verkeerde optrede.

4.4 SAMEVATTING

4.4.1 In 'n poging om aggressie te definieer is gelet op verskeie verwante begrippe, naamlik: konflik; woede; wraak; vyandigheid en frustrasie. Daar is egter volstaan met die definisie van 'n motief vir aanvallende, destruktiewe gedrag of sodanige gedrag self en die term aggressie word beskou as 'n versamelnaam vir uiterlik ooreenstemmende gedrag.

4.4.2 Die volgende drie teorieë aangaande aggressie is kortliks bespreek, naamlik:

- Biologiese teorieë;
- Drif teorieë; en
- Sosiale leer teorieë.

4.4.3 Aangaande die algemene oorsake van aggressiewe gedrag is gelet op drie aspekte, naamlik: die feit dat mense van nature aggressief is, dat mense leer om aggressief te wees asook die verband tussen frustrasie en aggressie.

4.4.4 Die algemene reaksies op aggressie wat bespreek is, is die volgende:

- Direkte en indirekte aggressie;
- Verplaasde aggressie; en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Selfgerigte aggressie.

4.4.5 Aggressie, vyandigheid en gevoelens van bitterheid word bykans deur elke geskeide persoon ervaar. Vir die oorgrote meerderheid is daar 'n losmakingsproses nodig na afloop van die egskeiding. Aggressie word dikwels gemobiliseer om die bande van affeksie te verbreek.

4.4.6 Alhoewel beide egliede geneig is om misbruik te voel is die hartseer en aggressie van die verlate meer intens as van die verlater.

4.4.7 Aspekte wat vir die geskeide man 'n bron van frustrasie kan wees is bespreek en die volgende aspekte het aandag geniet:

- Verdeling van bates;
- die bepaling van onderhoud;
- toesig en beheer van die kinders; en
- besoeke aan en van die kinders.

4.4.8 Verskeie reaksies of uitdrukking van gevoelens van aggressie kom voor by die geskeide man. Dit blyk ook dat die uiting van aggressie noodsaaklik is aangesien die onderdrukking van gevoelens van aggressie tot 'n algehele emosionele versteuring kan aanleiding gee. Dit is egter belangrik dat sinvolle wyses gevind moet word vir die uiting van gevoelens van aggressie.

4.4.9 Die geskeide persone blyk 'n hoë selfmoord-risiko groep te wees. Die pas geskeide persoon is meer blootgestel aan selfmoord in reaksie op persoonlike anomie. Selfmoordgedagtes is 'n algemene verskynsel by geskeides.

4.4.10 Moord-fantasieë waarin die gewese eglied die slagoffer is kom ook dikwels na vore by geskeide persone.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sekere egliede voel dat hulle aggressie geregverdig is en is gemotiveer om die gewese eglied seer te maak. Dit blyk ook dat geskeidenes eers selfmoordfantasieë ervaar en later moordfantasieë vanweë die aggressie teenoor die gewese eglied.

4.4.11 Oor die algemeen blyk dit dat geskeide persone 'n hoër voorkoms van siektes het as getroude persone. Die voorkoms van motorongelukke is ook hoër by geskeidenes as vir getroude persone.

4.4.12 Skuldgevoelens en selfverwyt kom algemeen voor by die geskeide man. Daar is 'n onderskeid getref tussen interpersoonlike skuld en skuldgevoelens wat deur eksterne bronne veroorsaak is.

4.4.13 Skuldgevoelens word omskryf as 'n verlaagde selfrespek en die besef dat die persoon 'n morele, etiese of sosiale norm oortree het en dit hou 'n behoefte vir straf in.

4.4.14 Daar is gelet op verskeie teorieë aangaande die veroorsaking van skuldgevoelens. Die teorie van Freud is kortliks bespreek met klem op die super-ego as verteenwoordiger van die samelewing se morele reëls.

4.4.15 Skuldgevoelens kom op 'n bewuste en 'n onbewuste vlak voor en bestaan ook nie in 'n geestelike vakuum nie maar is die resultaat van drie emosies wat dit voorafgaan, naamlik: angs; woede en smart.

4.4.16 Dit blyk dat die ervaring van skuldgevoelens verskillend beleef word deur die persoon wat as die verlate of die verlater geïdentifiseer is. Die verlater voel skuldig oor die skade wat as gevolg van die egskeiding aangerig is terwyl die verlate dikwels poog om die verlater te laat skuldig voel oor die egskeiding en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

blameer dikwels hulleself vir die egskeiding.

4.4.17 Die mate van gedeelde verantwoordelikheid en die voorkoms van skuldgevoelens is ook bespreek. Dit is belangrik om die oorsprong van skuldgevoelens te bepaal om sodoende die suksesvolle hantering daarvan deur die geskeide te verseker.

4.4.18 Die vader se belewenis van skuld het ook 'n invloed op die besoeke aan en van sy kinders, en kan lei tot oormatige besoeke aan sy kinders of verwaarlosing van sy kinders.

4.4.19 Dit is egter belangrik dat 'n rou-proses benodig word na afloop van 'n egskeiding en dat geskeidenes met behulp van egskeidingsberaad gehelp kan word om die tekortkominge in die huweliksverhouding as deel van 'n leerproses te beskou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 5

MAATSKAPLIKE HULPVERLENING AAN GESKEIDE MANS

5.1 INLEIDING

Talle spesialiste vanuit verskeie dissiplines in die helpende professies het reeds oplossings vir die egskeidingskrisis voorgestel. 'n Aantal terapeutiese benaderings asook behandelingsmetodes is dan ook al aangepas om individue, egpare, gesinne asook kinders tydens die verskeie fases van die egskeidingsproses by te staan aangesien daar tot die besef gekom is dat hierdie besondere groep mense behoefte het aan ondersteuning. Individuele-, egpaar-, gesins-, groeps- asook gemeenskapsbenaderings om in die hulpverleningsbehoeftes van die geskeide persoon te voorsien is onder andere beskikbaar.

In hierdie hoofstuk word kortliks aandag gegee aan van die wyses waarop hulpverlening aan die geskeide man gebied kan word. Gesinsterapie, individuele onderhoude, egpaarberaad en die bemiddelingsteorie sal kortliks bespreek word.

Vanweë die toenemende gebruik van groepwerk as 'n metode van hulpverlening, sal hierdie terapeutiese benadering in meer besonderhede toegelig word. 'n Selektiewe oorsig van die beskikbare groepwerkmodelle sal ook verskaf word.

5.2 WYSES VAN HULPVERLENING AAN GESKEIDE PERSONE

Dit blyk duidelik uit die voorafgaande hoofstukke dat die individu tydens die egskeidingsproses verskeie krisisse tydens die onderskeie fases van dié proses beleef. Derhalwe moet die onderskeie fases in aanmerking geneem word tydens intervensie as deel van die behandelingsproses. Fisher (1973:56) konstateer in dié verband: "Time and timing play an important role in the divorce process and therefore in the process of divorce counseling. Implications for the client's needs in divorce coun-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

seling are in large part dependent on where the clients are in the divorce process". Drie fases van egskeidingshulpverlening is dan ook reeds deur Elkin (1977), Fisher (1973) Kaslow (1981) en Van Staden (1987) onderskei. Dié fases is die volgende:

- Voor-egskeidingshulpverlening;
- tydens-egskeidingshulpverlening; en
- na-egskeidingshulpverlening.

Wanneer hierdie fases van naderby bekyk word, blyk dit dat die intervensie ooreenkomstig die eiesoortige krisse wat die egskeidingsfases inhou, tydens die drie fases verskil. Aangesien die egskeidingsproses en sy fases reeds betreklik breedvoerig in die vorige hoofstukke bespreek is, word dit nie hier verder bespreek nie en word vervolgens gelet op die hulpverleningsmetodes wat tydens die drie fases aanbeveel word. Van Staden (1987:312) bied 'n voortreflike bespreking van dié metodes en derhalwe word in die bespreking van die hulpverleningsmetodes wat volg swaar op haar werk geleun.

5.2.1 **Gesinsterapie**

Een van die belangrikste oorwegings vir die terapeut is die besluit oor wanneer hy die eerste keer in die skeidings- of egskeidingsproses moet ingryp. Volgens Jacobson & Gurman (1987:283) word dit toenemend as wenslik beskou dat, met die oog op terapie reeds kontak met egliede (as egpaar) gemaak moet word voordat die besluit om te skei geneem word. Dit verskaf aan die terapeut noodsaaklike eerstehandse inligting aangaande die huweliksinteraksiepatrone.

In die vroeë fases van egskeidingsterapie is dit van belang dat die terapeutiese beplanning gekoppel word aan die egpaar se besluit om óf te skei óf die verhouding voort te sit in 'n poging om hul huwelik te verbeter. (Vgl. Moxley, Eggeman & Schumm, 1987:241.) Professionele persone is dit oor die algemeen eens dat ondersteuning reeds tydens die proses van besluitneming van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

groot waarde is. Die waarde-oriëntasie van die terapeut om die huwelik te red het uiteraard 'n effek op die terapeutiese proses. (Vgl. Moxley, et al., 1987:241.) In hierdie verband meld Salts (1988:15) dat 'n neutrale houding ingeneem moet word en dat die besluit by die kliënt berus.

'n Kernaanname van die meeste benaderings van huweliksterapie is dat beide egliede betrek moet word om verandering te bewerkstellig. Hierdie aanname is volgens Jacobson & Gurman (1987:283) ook op egskeidingsterapie van toepassing. Die aanhoor van beide partye se siening van die situasie help die terapeut om 'n deeglike evaluering van die kwaliteit van die huwelik te maak.

Ook Whitaker & Miller (1969:61) beveel gesamentlike terapie tydens die voor-egskeidingsfase aan en sluit dikwels die kinders asook ander familielede daarby in. Hulle gaan van die veronderstelling uit dat die betrokkenheid van beide egliede eerder die identifisering van 'n huweliksprobleem sal fasiliteer en dat die diagnosering van een egmaat as die geïdentifiseerde persoon nie van veel waarde is nie. Sodoende sal beide egliede hul onderskeie aandele ten opsigte van die huweliksproblematiek erken en aan die bespoediging van die verbetering van hul situasie meedoen.

Kaslow (1984:31) beveel ook gesinsterapie aan sodat die kinders die geleentheid gebied kan word om vrae te stel om hulle gevoelens van vrees en hoop uit te spreek. Hy stel dit só: "This facilitates the possibility that within the therapist's safe sanctuary all can have an active part in shaping the envolving two single-parent families" (Kaslow, 1984:31).

Volgens Landman (1985:45) is dit besonder voordelig om die geskeide gesin as geheel by terapeutiese behandeling te betrek. Leader (1973:14) ondersteun dié stelling en meld dat een van die voordele van gesinsterapie met geskeidenes daarin geleë is dat die terapeut elke gesinslid se rol waarneem, sonder dat die beeld wat hy verkry, versteur word. Leader (1973:14) meld voorts dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die maatskaplike werker deur middel van gesinsterapie die gesin kan help om 'n nuwe grondslag vir toekomstige verhoudinge te vestig: "...it is essential to include the separated member and thereby move beyond the symbol of finality, trauma and the old wounds to an examination of present ties".

5.2.2 **Individuele onderhoude en egpaarberaad**

Individuele onderhoude is moontlik die algemeenste wyse waarop die geskeide persoon deur die maatskaplike werker betrek word. Dit blyk uit die praktyk dat een van die egliede gewoonlik om hulpverlening aanklop. Die ander party word soms eers later by hulpverlening betrek maar dikwels nooit. Daar is verskeie redes wat onder andere met onkundigheid van die terapeut of ongemotiveerdheid van die egmaat verband hou.

Volgens Jacobson & Gurman (1987:284) is 'n kombinasie van individuele en egpaarberaad na egskeiding wenslik vanweë die feit dat die egliede nie meer saam woon nie en wys verder daarop dat dit belangrik is om alle moontlike opsies tydens die egskeidingsproses oop te hou en terapeuties niks te doen wat versoening of uiteindelike egskeiding mag verhinder nie.

Indien die terapeut ongemaklik voel om beide egliede by terapie te betrek, kan van 'n mede-terapeut gebruik gemaak word. Die ideaal is steeds dat mede-terapeute die egpaar in huweliksberaad moet betrek voordat die besluit geneem word om 'n egskeiding aanhangig te maak. Gedurende die egskeiding kan individuele en egpaarberaad afgewissel word sodat een terapeut die vrou en die ander die man individueel spreek. Dit is egter van belang dat terapeute gereeld sal beraadslaag en sensitief daarvoor sal wees dat hulle nie deur die egpaar "verdeel" word nie. (Vgl. Jacobson & Gurman, 1987:285.)

Ten tye van die egskeidingsbesluitnemingsproses is egpaargroepterapie 'n waardevolle alternatiewe benadering. Volgens Kaslow (1984:28-29) kan die groep saamgestel word uit vier of vyf

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

egpare wat huweliksproblematiek ervaar. Deur middel van die groepproses kan die lede 'n spieël vir mekaar word waardeur hulle dit wat hul waarneem aan mekaar kan reflekteer of mekaar daarmee kan konfronteer.

Hierdie groepe word volgens Kaslow (1984:29) gewoonlik deur 'n hetoroseksuele ko-terapiespan gelei. Pasiënte in 'n ondersoek van Kaslow (1984:29) het aangedui dat dié groep as 'n middel gedien het om:

- Te verhoed dat hulle aan die verlede vasklem; en
- ekstreme eise aan mekaar stel.

Nadat die besluit om te skei geneem is, moet die besluit vir voortgesette individuele terapie aan die egliede oorgelaat word. Volgens Jacobson & Gurman (1987:285) gaan beide egliede selde met terapie voort. Dit is egter volgens laasgenoemde skrywers nie ongewoon dat een egmaat die begeerte het om met individuele terapie voort te gaan nie. Dit is dikwels die egmaat wat hom- of haarself as die "verlate" beskou of die individu wat meer gereed is vir ontwikkeling. (Vgl. Jacobson & Gurman, 1987:285.)

Fisher (1973:60) wys daarop dat individuele terapie op die persoon self moet fokus en die kliënt gehelp moet word om outonoom en in eie reg op te tree. In hierdie verband meld Van Staden (1984: 389) dat die fokus van beraad op die persoon self en nie op sy gewese egmaat of die huwelik moet wees nie. Verder is dit vir Van Staden (1987:149) essensieel dat die berader tydens egskeidingsberaad aan die betrokkene die geleentheid vir 'n terugskouing na sy of haar verlede sal bied. Van Staden (1987:148) stel dit soos volg: "Om by die terugskouing na die korrektheid van die besluit om te skei positief, rustig en vir die toekoms gemotiveerd te voel, vra sinvolle verwerking en aanpassing".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.2.3 **Bemiddelingsteorieë**

Wanneer die besluit om te skei geneem is, moet egpare volgens Hodges (1986:72) aangemoedig word om so vroeg moontlik in dié proses met bemiddeling te begin. Indien die besluit om te skei nog nie geneem is nie, kan egpaarberaad as hulpverlening in die besluitnemingsproses aangewend word. (Vgl. Hodges, 1986:72.)

Alle bemiddeling blyk ooreenstemmende basiese funderings te bevat. Bemiddeling poog om 'n omgewing daar te stel waarbinne die egpaar kan beleef dat die egskeiding nie 'n wen- of verloor-stryd is nie. Volgens Hodges (1986:68) moet beide "ouers" die volgende ervaar:

- Dat sy of haar behoeftes bevredig kan word;
- dat die ander persoon ook behoeftes het;
- dat die welsyn van die kinders voorkeur bo eie hartseer moet geniet; en
- dat daar aggressie en behoefte aan vergelding is.

Coogler (1978:7), een van die pioniers op die gebied van bemiddeling, het 'n gestruktureerde bemiddelingsmodel ten opsigte van die egskeidingsproses ontwikkel. Dit is 'n totaal nuwe benadering in die egskeidingskikkingsproses en hy beskou die volgende as van belang in die ontbinding van die huwelik:

- Die voortsetting van bestaande sake-aspekte wat deur die vennootskap geïnisieer is; en
- Die beëindiging van afhanklikheid van die verhouding en besluitneming aangaande eiendomsverdeling.

Om dié doelwitte te bereik het hy sowel 'n gedefinieerde prosedure as prosedures in die volgende hoofareas ingedeel:

- Die verdeling van die egpaar se eiendom;
- die bepaling van egliedonderhoud;
- die bepaling van onderhoud aan die kinders; en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- die tref van toesig- en beheerreëlings. (Vgl. Hodges, 1986:69.)

Volgens Coogler (1978:7) word die diens deur 'n bemiddelaar gelewer en moet beide egliede die spesifieke prosedures van die "huweliksbemiddelingsreëls" stiptelik nakom. Die bemiddelaar is in beide egliede geïnteresseerd en werk met hulle saam. Dit is van belang dat beide egliede vir ten minste tien uur by die bemiddeling betrokke sal wees in 'n poging om 'n ooreenkoms te bereik.

Die doelstellings van die bemiddelingsteorie word soos volg deur Cigler (1986:6) saamgevat:

- Vermindering van konflik;
- fasilitering van kommunikasie;
- identifikasie en opheldering van spesifieke aspekte;
- voorstelling van probleemoplossende strategieë; en
- kodifisering in 'n geskrewe ooreenkoms.

Verskeie ander bemiddelingsteorieë is gedurende die tagtigerjare ontwikkel, naamlik: Irving se bemiddelingsprosedure (1981); Haynes se egskeidingsbemiddeling (1981) en Musetto se gesinsterapiebemiddeling (1980). Ook die werk van Vanderkool & Pearson (1983) Bienefeld (1985) hou met die bemiddelingsteorieë verband. (Vgl. Hodges, 1986:78.) Vir die doel van hierdie navorsing word hierdié teorieë egter nie hier in fyner besonderhede bespreek nie.

Na aanleiding van beskikbare bewyse meen Hodges (1986:86) dat bemiddeling vir die welsyn van beide egliede en die kinders beter as 'n hofgeding is. Suksesvolle bemiddeling blyk sekere finansiële voordele, betekenisvolle verbetering in probleemoplossing, verbeterde verhouding met die vorige egmaat, meer inskiklikheid met hofbevele en groter ondersteuning vir langtermynbesoek reëlings in te hou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Bemiddeling blyk minder effektief te wees wanneer koalisies met familie of vriende gevorm is, wanneer daar ernstige psigopatologie by een of beide van die partye teenwoordig is, of wanneer die egpare verstrik (enmeshed) is. Hodges (1986:860) som die navorsing aangaande die effektiwiteit van bemiddeling soos volg op: "Effective divorce mediation is conceptually difficult and although it uses some of the same theoretical skills as psychotherapy, the interventions are very difficult. Since skill and knowledge are required, formal training and supervised experience are recommended".

5.2.4 **Maatskaplike groepwerk**

5.2.4.1 Inleiding

Volgens Johnston (1984:62) was daar tot en met die vroeë sewentigerjare slegs 'n beperkte aantal artikels wat groepterapie as 'n vorm van hulpverlening vir geskeide individue aangemoedig het. Sedertdien het groepwerk as 'n vorm van hulpverlening erkenning verwerf en is verskeie groepwerkbenaderings vir hulpverlening aan die geskeide persoon ontwikkel.

Van Rooyen (1983:162) meld dat die geskeide persone se entoesiastiese benutting van groepe daarop dui dat in die behoeftes van dié persone voorsien word. In hierdie verband meld Van Staden (1984:390) dat die deurwerk van 'n egskeiding nuwe energie vrystel. Die individu kry naamlik in die groep die geleentheid om as 'n outonome individu sy eie gevoelens uit te sorteer en om insig te ontwikkel oor hoe aggressie oorkom kan word. Hassall & Madar (1980:592) beskou groepwerk as voordelig vir die kliënt wat deur onopgeloste rou geïsoleerd is en in die groep die geleentheid kry om dié rou deur te werk.

Pieterse (1976:105) omskryf groepwerk as "...een van die metodes van maatskaplike werk waardeur groepe bestaande uit individue langs die weg van die wetenskaplike hantering van die groepprosesse en die verhoudinge in die groep so ontwikkel dat moontlik-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hede vir die individuele lede gestel word om te groei, te verander of te ontwikkel". Volgens die Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1971:25) is maatskaplike groepwerk: "'n metode in die maatskaplike werk waarvolgens groepe individue, deur die wetenskaplike hantering van die groepprosesse en verhoudinge in die groep, die geleentheid gebied word om ooreenkomstig hulle behoeftes en vermoëns, maatskaplik beter te funksioneer". Du Preez (1981:5) gee die volgende inhoud aan maatskaplike groepwerk: "...een van die primêre metodes van maatskaplike werk waardeur 'n opgeleide maatskaplike groepwerker op 'n professionele wyse aan groepe bestaande uit unieke individue hulp verleen deur die groepproses, die onderlinge verhoudings en die programmedia op 'n doelgerigte en bedrewe wyse te hanteer en aan te wend. Hierdeur word kragte in die groep, die groeplede en die situasie in werking gestel sodat elke individu volgens sy vermoëns kan ontwikkel en verander:. Verder beskou du Preez (1981:5) maatskaplike groepwerk as: "...'n metode van hulpverlening waardeur die spesifieke doelstellings van die groep en die doelstellings van maatskaplike werk in die algemeen nagestreef word deur die beginsels van maatskaplike werk doelgerig aan te wend en die beskikbare hulpmiddels sinvol te benut".

Maatskaplike groepwerk is dus een van die metodes van maatskaplike werk waardeur individue op 'n wetenskaplike wyse deur middel van 'n opgeleide maatskaplike werker gelei word om die spesifieke doel van daardie groep te bereik. Persone wat deel van 'n maatskaplikewerkgroep vorm, word dus tot beter maatskaplike funksionering gelei.

5.2.4.2 Basiese Modelle in maatskaplikegroepwerk-praktyk

Drie groepwerkmodelle word in maatskaplike werk onderskei, naamlik:

- Die Maatskaplike doelwitmodel;
- die Remediërende of behandelingsdoelwitmodel; en
- die wederkerige of bemiddelingsdoelwitmodel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie drie modelle sal nie in diepte bespreek word nie. Dit is egter belangrik om te let op die belangrikste aspekte van dié modelle. Hierdie modelle word dus vervolgens by wyse van 'n skematiese voorstelling deur Toseland & Rivas (1984:83) se vergelyking opgesom en skematies weergegee.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 1: BEMIDDELINGSDOELWITMODELLE

Geselekteerde eienskappe	**Maatskaplike of sosiale Doelwitmodel**	**Remediërende of behandelingsdoelwitmodel**	**Wederkerige of bemiddelingsdoelwitmodel**
Doel en doelstellings	Sosiale bewustheid en verantwoordelikheid; ingeligte politieke en sosiale aksie	Om groeplede wat wanfunksionerend optree te herstel en te rehabiliteer	Om 'n wedersydse hulpsisteem onder groeplede daar te stel ten einde optimumaanpassing en sosialisering te bereik
Agentskap	Vestigingshuise en sentrale buurtvestigings	Formele agentskappe; kliniese buitepasiënt- of binnepasiëntopsette	Aanpasbaar met kliniese buitepasiënt- of binnepasiëntopsette en buurt- en gemeenskapsvestigings
Fokus van Werk	Groter gemeenskap; individu binne die konteks van die sosiale omgewing	Verandering van individuele wanfunksionering	Die skep van eie hulp en 'n wedersydse hulpsisteem tussen al die groeplede
Rol van die groepwerker	Rolmodel en instaatsteller van verant woordelike burgerskap	Veranderingsagent wat betrokke is by studie, diagnose en behandeling om groeplede te help om individuele behandelingsdoelwitte te bereik	Tussenganger tussen die behoeftes van lede en dié van die groep en die groter gemeenskap; instaatsteller wat data verskaf wat nie aan die lede beskikbaar was nie
			Tabel vervolg

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Geselekteerde eienskappe	Maatskaplike of sosiale doelwitmodel	Remediërende of behandelingsdoelwitmodel	Wederkerige of bemiddelingsdoelwitmodel
Tipe groeplede	Burgers, buurt- en gemeenskapsinwoners	Kliënte wat nie voldoende funksioneer nie en hulp benodig om lewenstake te bemeester	Vennote wat saamwerk en algemene belange deel
Metodes wat in die groep gebruik word	Bespreking, deelname, konsensus, ontwikkeling en uitvoering van 'n groeptaak, gemeenskapsorganisering en ander program-en aksie-tegnieke om groeplede te help om instrumentele tegnieke aangaande sosiale aksie, gemeenskapslewe en verandering te bekom	Gestruktureerde oefeninge, direkte en indirekte invloed binne en buite die groep om lede te help om gedragspatrone te verander	Gedeelde outoriteit waar lede belange bespreek, mekaar ondersteun en 'n samehangende sosiale sisteem vorm tot almal se voordeel

(Vgl. Toseland & Rivas, 1984:83.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.2.4.3 Resente modelle van maatskaplike groepwerk

Die huidige kennisbasis van groepontwikkeling berus op kleingroepsosiologie, sosiale psigologie, groeppsigoterapie, menslike verhoudings en maatskaplike werk. Navorsers het dan ook op dié terreine talle studies onderneem wat die algemene siklusse en fase van groepe illustreer. Alissi (1980:134) stel dit só: "In general, most theorists look upon group development as a series of phases through which all small groups progress, or at least as some sort of recurring cycle of member attraction based on different factors". Bo en behalwe die maatskaplike-groepwerk-literatuur is 'n aantal studies aangaande groepontwikkeling onderneem. Die belangrikste van die breë modelle wat na aanleiding van hierdie en ander studies ontwikkel is, word vervolgens kortliks bespreek.

- Die prosesmodel

  Die eerste opmerkings aangaande die proses- of ontwikkelingsmodel van groepwerk het in die publikasies van die Boston se Universiteitskool van Maatskaplike Werk verskyn en wel deur die werk van die Groepwerkteoriekomitee. Die Bostonmodel is volgens Douglas (1979:120) gebaseer op die idee dat alle groepe deur definieerbare stadia beweeg, dit wil sê groepe beweeg deur 'n ontwikkelingsfase wat ooreenstem met dié van 'n lewende organisme, hoe ingewikkeld of eenvoudig dit ook al mag wees. Die model beklemtoon tyd, proses en stadia van groepontwikkeling asook individuele lede se verhouding tot dié ontwikkeling.

  Uit 'n bespreking van Douglas (1979:121) van die ontwikkelingsmodel van Garland, Jones & Kolodny (1965) blyk dat dit uit drie aannames en vyf stadia bestaan. Die aannames sien soos volg daaruit:

  * "Nabyheid" is teenwoordig in alle groepe waar ontwikkeling plaasvind. Mense moet in dieselfde geografiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

area wees om fisiese nabyheid te ervaar en 'n affektiewe band te ontwikkel alvorens fases tot stand kan kom.

* Verwysingsraamwerke kan geïdentifiseer word wat as riglyne vir lede se persepsie en gedrag in die groep dien.
* Die verwysingsraamwerke verander soos die karakter van groepervaring verander.

Die stadia van groepsontwikkeling, soos ontwikkel deur Garland; Jones & Kolodny, word soos volg deur Douglas (1979:122-123) weergegee:

* Vóór-affiliasie: Nabyheid van lede is die sentrale tema in hierdie fase terwyl "toenaderingsvermyding" wat nóú hiermee skakel ook baie belangrik is. Ambivalensie teenoor betrokkenheid, nog 'n belangrike element in dié fase, word in die lede se aarselende reaksies op programaktiwiteite en -gebeure gereflekteer. Die verhoudings is gewoonlik nie intiem nie.

* Mag en kontrole: Nadat die besluit geneem is dat lidmaatskap van die groep lonend is, beweeg die lede na 'n fase waarin aspekte soos mag, kontrole, status, tegniek en besluitneming van kardinale belang is. Daar sal heel moontlik tydens dié fase 'n toetsing van die groepwerker en ander lede wees, asook 'n poging om verhoudings te definieer en te formaliseer en 'n statushiërargie af te baken.

* Intimiteit: Hierdie stadium word soos volg deur Alissi (1980:137) saamgevat: "This stage is characterized by intensification of personal involvement, more willingness to bring into the open feelings about club members and group leader, and a striving for satisfaction of dependency needs." Die groep begin as 'n "groep" en nie bloot as 'n versameling van indivi-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

due te funksioneer nie en geneentheid begin tussen die groeplede ontwikkel.

* Differensiasie: Gedurende hierdie fase begin lede mekaar as afsonderlike individue beskou, die maatskaplike werker as 'n unieke persoon ervaar, en beskou die groep as voorsienend van 'n unieke ervaring. Volgens Douglas (1979:122) is die volgende 'n eienskap van dié fase: "The frame of reference now becomes an internal one, i.e. the group itself and outside factors tend to be compared to what exists within the group rather than the reverse". Die groep vorm dus, soos Alissi (1980:137) tereg opmerk, in 'n sekere sin sy eie verwysingsraamwerk.

* Terminasie: Hierdie stadium verteenwoordig die beëindiging van die groep. Die groepervaring word naamlik voltooi en die lede begin om van mekaar weg te beweeg ten einde nuwe bronne te vind waarmee hulle hul sosiale, rekreasie- en beroepsbehoeftes kan bevredig. Die volgende reaksies is herhaaldelik by groepe in die proses van terminasie gevind: ontkenning, regressie, samevatting van vorige ervarings, evaluasie en pleidooie van lede dat die groep in stand gehou moet word, dit wil sê 'n uitdrukking van voortdurende behoeftes en vlug. (Vgl. Douglas, 1979:123 en Alissi, 1980:137.)

Die kern van die prosesmodel is geleë in die waarneming dat ontwikkelingstadia sal voorkom en dat sekere doelstellings vir die groep geredeliker in sekere stadia as in ander gevorm sal kan word. Dit bied dus aan groepwerker duidelik georganiseerde doelstellings vir die groep. Volgens Douglas (1979:123) moet die volgende egter ten opsigte van hierdie doelstellings in gedagte gehou word:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

* Afhangende van die groei van die groep is die doelstellings onderhewig aan verandering; en
* algemene aannames met die duidelike oorkoepelende strewe dat die groep help om die ontwikkelingstadia te bereik, het invloed op dié doelstellings.

- Klein se eklektiese posisiemodel

Klein se model van groepwerk word soos volg deur Douglas (1979:125) omskryf: "...he draws what he considers to be the best available information from all sources and is different in that his basic assumption is founded in a concept of human organization which is much wider than groupwork and much wider even than social work".

Volgens Douglas (1979:125) maak Klein voorspraak daarvoor dat die mag in die groep moet bly en dat die rol van die groepwerker daarop gemik is om lede te "bevry" sodat hulle selfstandig kan optree. Hy beklemtoon dat die "groepprosses", die ontwikkeling van die groep, die effektiewe agent van verandering is en nie die groepwerker nie. Hy beskou die groepwerker se rol as fasiliteerder en instaatsteller en hy konstateer: "...consider ... the group as a system and the groupworker as a setter-up and guider of the system towards the achievement of the purpose agreed by the group members". (Vgl. Douglas, 1979:125.) Ten slotte wys Douglas (1979:128) daarop dat Klein aanneem dat alle mense oor die vermoë beskik om by 'n groepervaring te baat maar dat daar geen afdoende bewys daarvoor bestaan nie.

- Die model van Sarri en Galinsky

Hierdie model van groepontwikkeling toon 'n groot mate van ooreenstemming met Vinter se siening dat die groep sowel die middel as die konteks van behandeling vorm. Dié model word goed deur Heap (1987:226-223) opgesom en sien soos

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

volg daaruit:

* Beginfase: Hierdie fase verwys na die samestelling van die groep. Aangesien 'n beginstadium met die oog op latere ontwikkelng nodig is, word 'n aanvangsfase onderskei.

* Vormende fase: Die inisiële aktiwiteit van die groeplede, naamlik die soeke na ooreenstemming en wedersydse belangstelling, is die uitstaande kenmerk van hierdie fase.

* Intermediêre fase (1): Hierdie fase word deur 'n matige vlak van groepkohesie, die klarifikasie van doelwitte en die waarneembare betrokkenheid van die lede in groeigerigte-aktiwiteite gekenmerk.

* Hersieningsfase: Hierdie fase behels uitdagings van bestaande groepstrukture en 'n gepaardgaande wysiging van groepsdoelwitte en werksprosedures.

* Intermediêre fase (2): Eienskappe soos omskryf in die eerste intermediêre fase, kan in hierdie fase weer na vore kom. Die groep beskik egter in dié fase oor 'n hoër vlak van integrasie en stabiliteit.

* Rypwordingsfase: Hierdie fase word deur stabilisasie van die groepstruktuur, groepsdoelwitte, werkende en regerende prosedures, uitbreiding van die kultuur van die groep en die bestaan van effektiewe reaksies op interne en eksterne stres gekenmerk.

* Afsluitingsfase: Dit behels die beëindiging van die groep as gevolg van doelwitbereiking, wanaanpassing, tekort aan integrasie of omdat die groep wat vooraf beplan is, die einde van sy lewensduur bereik het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ter afsluiting van die bespreking van die verskeie groepwerkmodelle, word met die volgende opmerkings van Jacobs in Du Preez (1981:74) volstaan: "...indien ... (die werker) 'n spesifieke werkmodel vir maatskaplike groepwerk sou moes formuleer, dit by wyse van 'n geïntegreerde benadering sal wees. Geïntegreerd in dié opsig dat dit die nodige vryheid moet bied om soos die omstandighede van 'n gegewe situasie op 'n spesifieke oomblik dit vereis, komponente van die verskillende teorieë en modelle met mekaar te verenig in 'n werkmodel wat in daardie stadium tot die grootste voordeel van die groep waarmee daar gewerk sal wees". Dit is dus die taak van die maatskaplike werker om die mees geskikte model te selekteer.

5.2.4.4 Maatskaplike Groepwerk as hulpverleningsvorm aan die geskeidene

Verskeie studies is reeds oor die waarde van groepwerk vir geskeide persone onderneem en daar is ook al met 'n verskeidenheid groepe geëkperimenteer. Dié groepe het onder meer die volgende ingesluit: heteroseksuele groepe, groepe vroue, groepe mans, groot seminaargroepe, gemeenskapseminare, "enkellopende-groeigroepe", groei-georiënteerde groepe en groepe vir die hantering van persoonlike verlies. (Vgl. Fetsch & Surdan, 1981; Fisher, 1984; Kessler, 1976; Weis, 1975; Canter, 1977; Dreyfuss, 1979; Grandvold & Welch, 1977; Mahery & Myrick, 1981; Edwards, 1977 en Heikkiken, 1979.)

'n Waardevolle behandelingsprosedure vir die na-egskeidingsperiode is, groepterapie. Baie individue voel na die verbrokkeling van hul huwelik onseker oor hul verhoudingsvaardighede en sosiale aanvaarbaarheid. Hulle voel ook terselfdertyd eensaam en het behoefte om hul ervarings en gevoelens met ander persone in soortgelyke omstandighede te deel. Vir die man wat eensaam is, verwerp voel en sosiaal geïsoleerd is, bied die groepervaring die geleentheid om van 'n netwerk van sosiale verhoudings deel te vorm. Afgesien van die geleentheid om ervarings te deel,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

voorsien die groep ook, volgens Hassall & Madar (1980:592) onmiddellike wedersydse terugvoer oor elke lid se optrede.

Die groep bied, soos Dinkmeyer & Munro (1979:11-12) tereg aantoon groeplede die geleentheid om die realiteit van die sosiale laboratorium te toets. Vir sy eie persoonlike groei is dit belangrik dat die man sal weet watter invloed hy op ander het en hoe sy gedrag deur ander vertolk word. (Vgl. Jacobson & Gurman, 1986:298.) Volgens Yalom (1975:28) kan die groepwerker die man help om verbande tussen sy interpersoonlike gedrag en die rol wat dit by die verbrokkeling van sy huwelik gespeel het, uit te wys. Groeplede word dan ook, soos Fisher (1974:143) tereg aantoon deur die groep tot aksie gemotiveer. Ook Brown (1979:10) het gelyk wanneer hy sê dat 'n groep die atmosfeer skep waarbinne groeplede glo dat vordering moontlik is en dat daar hoop is.

5.3 **KEUSE VAN TERAPEUTIESE INTERVENSIE**

Na aanleiding van die metodes van hulpverlening is dit van belang om op die fase van egskeiding te let. Dit is belangrik om vas te stel of die egpaar die verhouding wil verbeter en of hulle reeds besluit het om te skei. Hierdie proses word deur intense ambivalensie gekenmerk wat die proses van besluitneming bemoeilik en meebring dat die terapeut baie geduld aan die dag moet lê. Egliede verwag dikwels dat die terapeut die besluit namens hulle moet neem maar dit is van die uiterste belang dat die terapeut deurgaans objektief sal bly. Sowel persoonlike as terapeutiese volwassenheid is 'n voorvereiste in terapie met geskeide persone.

Dit blyk voorts dat beide egliede tydens die voor-egskeidingsfase by terapie betrek moet word sodat die terapeut 'n geheelbeeld van die situasie kan kry. Die besluit of individuele terapie (vir een of beide egliede), gesamentlike terapie (egpaarberaad) of gesinsterapie tydens die onderskeie egskeidingsfases aangewend sal word, word deur die betrokke individue bepaal. Die opvatting wat dan ook algemeen gehuldig word, is dat afhangend van die spesifieke egpaar en hul omstandighede, die bestaande behande-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lingsbenaderings meer of minder effektief sal wees. Die terapeut se taak is om daardie benadering te selekteer wat die kliënte se behoeftes ten beste akkommodeer.

5.4 SAMEVATTING

5.4.1 Die doel van hierdie hoofstuk was om van die wyses van hulpverlening aan kliënte (ingeslote geskeide mans) gebied kan word, kortliks te bespreek.

Die volgende drie hulpverleningsfases is onderskei:
- Die vooregskeidings-;
- tydensegskeidings-; en
- die na-egskeidingshulpverleningsfase.

Dit het geblyk dat die fokus van intervensie tydens dié fases verskil.

5.4.2 Die onderskeie hulpverleningsmetodes wat tydens die hulpverleningsfases aanbeveel word, is aan die hand van Van Staden (1987:312) se uiteensetting daarvan bespreek. Die gevolgtrekking waartoe geraak is, is dat geen een van dié metodes (gesinsterapie, individuele onderhoude, egpaarberaad en bemiddelingsteorieë) op sigself effektief is nie en dat hul effektiwiteit deur die besondere egpaar en hul besondere omstandighede bepaal word.

5.4.3 Aandag is gegee aan verskeie groepwerkmodelle wat tydens groepwerk met geskeide mans benut kan word. Dié modelle wat vergelyk is, is die volgende:
- Die maatskaplike doelwitmodel;
- die remediërende of behandelingsdoelwitmodel; en
- die wederkerige- of bemiddelingsdoelwitmodel;

5.4.4 Resente modelle van maatskaplike groepwerk, naamlik:
- Die prosesmodel;
- die eklektiese posisiemodel van Klein; en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

- Sarri- en Galinsky se groepsontwikkelingsmodel is bespreek en het hierdie gedeelte rakende groepwerk modelle afgesluit.

5.4.5 Ten slotte is kortliks aandag gegee aan maatskaplike groepwerk as hulpverleningsvorm aan geskeidenes asook die belang van die korrekte keuse van terapeutiese intervensie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DEEL III

In hierdie gedeelte word die vernaamste aannames en metodes van kwalitatiewe navorsing bespreek. Aandag word ook geskenk aan die navorsingsbevindinge.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 6

KWALITATIEWE NAVORSING AS METODOLOGIESE MODEL VIR DIE ONDERSOEK

6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die kwalitatiewe metodologie wat in die ondersoek aangewend is, onder die loep geneem. Daar sal egter nie net met 'n bespreking van dié benadering volstaan word nie. Aangesien 'n behoorlike greep op kwalitatiewe navorsing aansienlik vergemaklik word deur dit met die kwantitatiewe model te vergelyk, sal in hierdie hoofstuk ook na laasgenoemde benadering verwys word. Hierbenewens sal kortliks by daardie navorsingsontwerpe stilgestaan word wat veral in kwalitatiewe navorsing aangetref word.

Ten slotte sal die gebruiklike besluitnemingstappe wat binne die proses van kwalitatiewe navorsing onderskei word, bespreek word.

6.2 VERKENNENDE EN BESKRYWENDE NAVORSINGSONTWERPE

Dit spreek vanself dat een van die eerste en belangrikste besluite wat tydens die ontwerp van 'n besondere studie geneem moet word, betrekking sal hê op wat presies met die ondersoek beoog word. Volgens die literatuur kan drie basiese soorte navorsingsdoelstellings onderskei word, te wete: verkennende, beskrywende en verklarende studies. (Vgl. Mouton & Marais, 1985:43; Schurink, 1990:107.) Volgens Grinnell (1988:225-238) kan verkennende studies as nie-eksperimentele ontwerpe, beskrywende studies as kwasi-eksperimentele ontwerpe en verklarende studies as eksperimentele ontwerpe getipeer word. Vervolgens word eersgenoemde twee ontwerpe verder toegelig.

6.2.1 Verkennende studies

Volgens De Brie & Visser (1986:23) is verkennende studies dikwels kwalitatief van aard, en kan die volgende onder andere

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarmee bereik word:

- Nuwe insigte aangaande ’n bepaalde verskynsel kan verwerf word;
- dit kan dien as ’n vooronderskoek tot ’n meer gestruktureerde studie; en
- verbande en verklarings kan tentatief geformuleer word.

Die doel van die verkennende navorsingsontwerp is bowenal om te ontdek en daarom is dit veral geskik vir studies wat verskynsels ondersoek waarvan min bekend is. Die oogmerk met sulke studies is nie om met eksakte statistiese data of met afleidings na vore te kom nie maar om hoogstens ’n basis van algemene idees en tentatiewe teorieë te vorm wat later deur middel van presieser en komplekser navorsingsontwerpe nagegaan kan word. (Vgl. Grinnell, 1988:225-238.)

Dit is ten slotte belangrik om op ’n baie belangrike opmerking van Mouton & Marais (1989:43) te let, naamlik dat verkennende studies die gebruik van indiepte-onderhoudsvoering, die ontleding van stimulerende gevallestudies en die gebruik van informante behels.

6.2.2 **Beskrywende studies**

Die spektrum van beskrywende studies sluit ’n wye verskeidenheid navorsingprojekte in. Twee tipes word duidelik onderskei, naamlik eerstens waar die klem op ’n diepte-beskrywing van ’n spesifieke individu, situasie of groep val, en tweedens waar die fokus geplaas word op ’n beskrywing van die frekwensie waarmee ’n bepaalde eienskap of veranderlike in ’n steekproef voorkom. Volgens Mouton & Marais (1989:44) is die belangrikste metodologiese oorweging in beskrywende studies: "... om akkurate inligting/data oor die domeinverskynsel onder bestudering, in te samel". In beskrywende studies het die navorser dikwels nie ’n formele hipotese nie en daarom is sy eerste taak om meer inligting oor die verskynsel in te win ten einde die vraag "Wat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gebeur?" te beantwoord. Bailey (1982:38) meld dan ook tereg: "...they (the researchers) attempt to describe phenomena in detail...". In beskrywende studies word die klem dus geplaas op 'n volledige beskrywende weergawe van die ondersoekte verskynsel.

Ten slotte is dit belangrik om in gedagte te hou dat 'n besondere navorsingsprojek 'n kombinasie van ontwerpe kan insluit. 'n Bepaalde projek kan beide beskrywend en verklarend wees of kan as 'n verkennende studie begin maar uiteindelik tot 'n beskrywende een ontwikkel. (Vgl. Mouton & Marais, 1989:48.)

6.2.3 **Kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing.**

6.2.3.1 Kwantitatiewe Navorsing

Reid & Smith (1981:87) skryf die volgende oor die kwantitatiewe metodologie: "... (it) can be said to describe the extension of the social sciences or the methodology of the natural science". In hierdie benadering is die navorser se rol dié van 'n objektiewe waarnemer wie se betrokkenheid by die bestudeerde verskynsel beperk is tot dit wat benodig word om die nodige data te verkry. Polkinghorne (1983:202) wys daarop dat meetbare kennis een van die produkte van empiriese navorsing is wanneer hy skryf: "The empirical approach produces knowledge which is theoretical, formal, functional, and quantitative". Kwalitatiewe ondersoeke verg dus 'n hoë mate van objektiwiteit by die navorser.

Mouton & Marais (1989:157) beskryf 'n kwantitatiewe benadering op hul beurt as: "...daardie benadering in geesteswetenskaplike navorsing wat meer geformaliseerd, sowel as eksplisiet gekontroleerd is, met 'n reikwydte wat meer presies is en relatief na aan die natuurwetenskappe se benadering geleë is".

Daar word volstaan met dié definisies van kwantitatiewe navorsing en die volgende elemente wat daaruit blyk, naamlik:

- Kwantitatiewe navorsing word op 'n formeel voorgeskrewe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wyse uitgevoer;
- kontrole is eksplisiet aan dié benadering;
- die benadering het 'n afgebakende reikwydte;
- kwantitatiewe navorsing lê na aan die natuurwetenskaplike benadering; en
- die benadering het 'n sterk empiriese karakter.

6.2.3.2 Kwalitatiewe Navorsing

Dooley (1984:267) definieer kwalitatiewe navorsing as sosiale navorsing gebaseer op nie-kwantitatiewe waarnemings wat in die veld gemaak word, en wat op nie-situatistiese wyses geëvalueer word. Volgens Mouton (1989:157) word kwalitatiewe navorsingsbenaderings beskryf as: "...daardie benaderings waarvan die prosedure nie so streng geformaliseer en geëkspliseer is nie, terwyl die reikwydte meer grensloos is en op 'n meer filosofiese wyse te werk gegaan word". Walker (1985:3) sluit by Mouton aan wanneer hy meld dat die benadering veral ten doel het: "...what things 'exist' than to determine how many such things there are". 'n Ander belangrike eienskap van kwalitatiewe navorsing word deur Sherman & Webb (1988:17) beklemtoon wanneer hulle meen dat kwalitatiewe navorsing: "...implies a direct concern with experience as it is 'lived' or 'felt' or 'undergone'." Navorsing moet dus met begrip en empatie vir die respondent en die situasie waarby hy betrokke is, onderneem word. (Vgl. Howe, 1988:13.)

'n Laaste eienskap van kwalitatiewe navorsing is dat dit inligting in 'n vertellende of verhalende vorm (verhaal) verskaf. Tripodi & Epstein (1980:37) meld die volgende in dié verband: "Thus asking applicants to describe their feelings concerning divorce, death, marriage, career and so on, will generally yield rich narrative or qualitative responses". Daar word dus selde, indien ooit van histogramme en ander statistiese voorstellings gebruik gemaak.

Ten einde 'n goeie denkbeeld te verkry van wat kwalitatiewe navorsing behels, word ten slotte verwys na die belangrikste

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sinonieme wat vir hierdie navorsingstyl in relevante literatuur aangetref word. (Vgl. Burgess, 1984:2; Mouton, 1988:1 en Schurink 1989:xxi.) Dit blyk dat die belangrikste terme "veldnavorsing", "veldwerk" "(fieldwork)", "naturalisme", "etnografie"; "interpretatiewe navorsing", "gevallestudie" en "kwalitatiewe navorsing" is. Hierdie terme word vervolgens kortliks verduidelik.

Veld-navorsing impliseer dat hierdie tipe navorsing as ’n reël uitgevoer word in die habitat van die persone wat bestudeer word. Volgens Mouton (1988:1) dui "veld-navorsing" daarop "...dat hierdie navorsingsbenadering gewoonlik plaasvind binne die natuurlike opset/konteks (setting) van die persone wat bestudeer word..." Die navorser beweeg dus in die persone wat bestudeer word se omgewing.

Naturalistiese navorsing, is nou verwant aan veld-navorsing, en dui daarop dat:

- Voorgestelde idees waarmee die navorser die besondere verskynsel wat hy ondersoek mag benader, sover moontlik moet beperk; en
- dat die navorser nie dit wat ondersoek word sal manipuleer nie.

Hoewel ’n groot verskeidenheid beskrywings en definisies van **etnografie** in die literatuur aangetref word, dui dit veral, soos Mouton (1988 : 1) tereg aandui: "...op die tipies beskrywende aard van kwalitatiewe navorsing".

Die term **"interpretief"** verwys volgens Mouton (1988:1) na die feit dat dit in hierdie navorsing nie gaan om menslike gedrag te verklaar aan die hand van algemeen geldende wette nie, maar eerder om ’n greep te kry op die betekenisse en simbole wat onderliggend aan mense se handelinge is.

Ten slotte dui **"gevallestudie"** op die idiografiese, holistiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

of kontekstuele navorsingstrategie wat eie aan kwalitatiewe navorsing is. Dit impliseer dus dat die oogmerk met hierdie navorsing nie is om na groot populasies te veralgemeen nie, maar eerder om 'n enkele geval of 'n beperkte aantal gevalle uitvoerig te bestudeer. (Vgl. Mouton, 1988:1.)

Wanneer daar na die voorgaande toeligting van die kwalitatief verwante begrippe gekyk word, is dit duidelik dat hulle en "kwalitatiewe navorsing" minstens een aspek in gemeen het. Dit is volgens Schurink (1989:xxii) "...die verheldering van die sin en betekenis wat mense aan sosiale situasies heg". Dit is dus die beskrywing van die lewensituasie van die ondersoekgroep.

6.2.3.3 Die verskil tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing.

Dit behoort teen dié tyd duidelik te wees dat die kwantitatiewe en kwalitatiewe metodologiese benaderings in verskeie belangrike opsigte verskil. Die vernaamste van dié verskille word ter afsluiting van die bespreking van dié twee benaderings deur navorser in Tabel 2 uiteengesit.

TABEL 2: KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE NAVORSING

METODOLOGIESE MODEL

Kwantitatiewe navorsing	**Kwalitatiewe navorsing**
1. Doel van navorsing - 'n soeke na 'n verklaring van gebeure of verskynsels deur die vasstelling van die oorsake daarvan.	- 'n soeke na kontekstuele "verstaan".
2. Hipoteses - word eksplisiet gestel en behoort vooraf geformuleer te word. - verwerpbaar.	- geen, of word in die vorm van 'n algemene navorsingsdoel gestel; - ontwikkel tydens ondersoek; - dikwels nie verwerpbaar nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tabel vervolg	
3. <u>Konsepte</u> - eenduidige betekenis; - definitief geïdentifiseerde terme; - vir meting.	- surplus betekenis, gesensitiseerde konsepte en/of betekenisvolle sketse; - vir etikettering.
4. <u>Data-versamelingsprosedures en meting</u> - word vooraf opgestel en op gestandaardiseerde wyse toegepas; - Meting fokus op spesifieke veranderlikes en statistiese metodes word vir die analise gebruik. - objektiewe meetinstrumente; - dataversameling en -analise vind afsonderlik plaas.	- word op ongestruktureerde wyse geïmplementeer soos die ondersoek vorder; - statistiese metingsmetode word nie aangewend nie; - subjektiewe oordeel; - dataversameling- en analise vind tegerlykertyd plaas.
5. <u>Aard van verkreë inligting</u> - numeriese telling van kliëntegedrag; dit wil sê graderings van kliënte se houdings of gesindhede.	- gebaseer op vertellings/ vertellende beskrywings van kliëntegedrag.
6. <u>Rol van navorser</u> - navorser moet slegs die voorgeskrewe inligting verkry en moet vermy om hulle eie indrukke of interpretasies weer te gee.	- navorser neem in 'n mindere of meerdere mate deel aan die aktiwiteite van sy respondente.
7. <u>Retoriek</u> -manipulasie deur woorde moet vermy word, want die feite moet vir hul spreek; - strak styl word gebruik.	- 'n verbale beskrywing in alledaagse taal word normaalweg aangetref waarmee die lewensituasie van die respondente uitvoerig weergegee word.
8. <u>Verslaggewing</u> - empiriese navorsingsverslag; - getabuleerde statistiese gegewens vorm die kern van die verslag.	- verslag neig grootliks na beskrywings wat getrou bly aan die belewenisse van die subjekte; - verbatum-aanhalings uit die lewensituasie van die subjekte word deurgaans aangebied.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Voordat afgestap word van die bespreking van die verskille tussen hierdie twee navorsingstyle, is dit nodig dat in gedagte gehou word dat navorsingsprojekte dikwels elemente van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings reflekteer. Sosiaal-wetenskaplikes is dit dan in die jongste tyd ook eens dat hierdie modelle nie noodwendig teenoor mekaar gestel moet word nie maar dat hulle mekaar eerder moet aanvul.

6.3 DIE PROSES VAN KWALITATIEWE NAVORSING

6.3.1 Inleiding

Soos reeds bespreek, is die doel van kwalitatiewe navorsing bowenal om meer te leer van die sosiale lewensituasie van subjekte op 'n wyse wat nie so rigied gestruktureer is soos dié van die kwantitatiewe benadering nie.

Die kwalitatiewe navorser poog om, soos ook reeds gesuggereer, metodes te gebruik wat relatief ongestruktureerd is en wat beskrywende data tot sy beskikking sal stel aan die hand waarvan dit vir hom moontlik sal wees om die wêreld te sien soos sy subjek dit beleef. Dié metodes word na aanleiding van Rubin & Alkin (1983:340) in drie basiese vorme verdeel en in Tabel 3 weergegee.

TABEL 3: BASIESE VORME VAN KWALITATIEWE NAVORSING

Graad van fokus	Graad van navorserbetrokkenheid
1. Deelnemende waarneming In die algemeen beskou, is dit 'n poging om die lewenstyl van 'n groep of die algemene werking van 'n organisasie te verstaan.	Die navorser is baie nou betrokke by die lede van die groep of organisasie en dit wissel van passiewe waarneming tot aktiewe deelname aan groep-aktiwiteite.
2. Gevallestudie Dit is 'n gefokusseerde poging om die oorsprong van spesifieke gedrag of probleme te verstaan.	Die navorser is in 'n sekere mate by lede van die groep/ organisasie betrokke maar sy deelname is dikwels beperk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tabel vervolg	
3. <u>Fokusonderhoud</u> Dit behels 'n noue fokus op die perspektief van 'n enkele individu. Daar word naamlik tipies op 'n "nou" (narrowly) gedefinieerde probleemarea gelet.	Die navorser se betrokkenheid by die aktiwiteite van die groep of organisasie geskied gewoonlik op 'n een-tot-een basis.

(Vgl. Rubin & Alkin, 1983:340).

Uit hierdie tabel blyk dit dat die sentrale data-insamelingsmetodes van die kwalitatiewe benadering deelnemende waarneming en in diepte onderhoudvoering is. Dit is egter belangrik om op die volgende twee sake te let wat nie deur Rubin (1983) aangespreek word nie. Eerstens maak kwalitatiewe navorsers benewens individuele ongestruktureerde onderhoudvoering ook van fokusgroeponderhoude gebruik om data in te samel. Tweedens word dit waarna Schurink & Schurink (1983:31) verwys as lewensdokumente, lewensgeskiedenis, outobiografieë, lewenstories, eerste-persoonweergawes, of die dokumentêre tradisie, ook dikwels deur kwalitatiewe navorsers gebruik.

Vervolgens word dié verskillende data-insamelingsmetodes van naderby beskou.

6.3.2.1 <u>Kwalitatiewe onderhoudsvoering</u>

6.3.2.1.1 Inleiding

Onderhoudsvoering wat deel van maatskaplike werk is en die meeste deur maatskaplike werkers gebruik word (vgl. Kadushin, 1983) word, volgens Schurink & Schurink (1983:31) grotendeels deur kwalitatiewe navorsers gebruik om data in te samel.

Hierdie onderhoude, of wat Rubin & Alkin (1983:339) fokus onderhoude (focused interviews) noem, kan in kwalitatiewe navorsing as 'n afsonderlike metode aangewend word om data in te samel maar word normaalweg in sodanige navorsing met deelnemende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waarneming en lewensgeskiedenismetodes aangevul.

Die voorbereiding van die onderhoudinstrument of -skedule is van kardinale belang wanneer hierdie metode gebruik word. Tereg wys Grinnell (1985:312) daarop dat 'n belangrike veranderlike in die beplanning van navorsingsonderhoude die mate van gestruktureerdheid van die onderhoud is. Na aanleiding hiervan kan drie tipes onderhoude onderskei word naamlik:

- Gestruktureerde onderhoude;
- semi-gestruktureerde of fokus onderhoude; en
- ongestruktureerde onderhoude. (Vgl. Grinnell, 1985:313.)

Rubin & Alkin (1983:35) onderskei op sy beurt hoofsaaklik vier tipes onderhoude, te wete:

- Vasgestelde formaat-ondersoek onderhoud (Fixed format survey interview);
- oop-ondersoek onderhoud (open ended interview);
- oop-sensitiserings onderhoud (open ended sensitizing interview); en
- oop-fokus onderhoud (open ended focused interview).

Jones (in Walker, 1985:47) verskil van bogenoemde skrywer wanneer hy aanvoer dat daar in werklikheid nie van 'n totaal ongestruktureerde onderhoud gepraat kan word nie. Volgens hom is die proses van onderhoudsvoering een waarin die navorser gedurig keuses soos die volgende moet maak, naamlik:

- Keuses gebaseer op navorsing;
- keuses ten opsigte van belangstelling en vorige teorieë; en
- keuses omtrent watter data nog verder met die respondente geëksploreer moet word. Die maak van hierdie keuses impliseer, soos die skrywer tereg aantoon, die oplegging van struktuur.

Volgens Schurink & Schurink (1988:31) word gestruktureerde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onderhoude soos vraelyste selde, indien ooit, in kwalitatiewe navorsing aangewend. Volgens hulle word 'n informele, ongestruktureerde onderhoud wat buigsaam en dinamies is, vir hierdie tipe navorsing gebruik. Hierdie soort onderhoude word oop- (open-ended), diepte- of kwalitatiewe onderhoude genoem.

In die res van die bespreking van kwalitatiewe navorsing sal die algemene beginsels van kwalitatiewe onderhoudvoering en ongestruktureerde onderhoude van nader beskou word.

6.3.2.1.2 Algemene beginsels van kwalitatiewe onderhoudvoering

Volgens Grinnell (1985:313) verg semi-gestruktureerde onderhoude meer vaardigheid en 'n beter opgeleide onderhoudsvoerder as gestruktureerde onderhoude. Onderhoudsvoerders moet soveel moontlik weet van die bepaalde aspek of ervaring waaroor hulle navorsing doen. Rubin & Alkin (1983:357) onderstreep laasgenoemde stelling en meld dat dit tyd en oefening verg om hierdie tipe onderhoud te kan voer.

Die navorser moet vooraf 'n lys opstel van onderwerpe wat hy graag wil bespreek sodat hy seker is dat hy tydens elke onderhoud elke onderwerp of tema dek. Die onderhoudgids dien dan as 'n soort kontrolelys asook om die vloei van die onderhoud te struktureer. Die navorser moet dus reeds vooraf kennis van die bepaalde onderwerpe dra, sodat so 'n lys of gids opgestel kan word. Dit mag ook soms nodig wees om verskillende "kontrolelyste" op te stel na aanleiding van die verskillende persone met wie onderhoude gevoer gaan word. (Vgl. Rubin & Alkin, 1983:259.)

Dit is ook belangrik dat die respondent sal besef dat die navorser kennis dra van die onderwerp. Dit toon dat die navorser nie naïef is oor die verskynsel of probleem wat ondersoek word nie en dat hy ook nie maklik geflous sal kan word nie. Daar moet egter 'n balans wees sodat die onderhoudvoerder nie as te "slim" voorkom nie. Die doel waarna gestreef moet word, is om die respondent te laat verstaan dat die navorser iemand is wat reeds

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oor kennis beskik van die basiese aspekte van dit wat ondersoek word, maar dat hy graag meer daaroor sal wil leer.

Aangaande die voorbereiding van die onderhoud meld Rubin & Alkin (1983:357) dat die navorser moet poog om te verstaan waarom die respondent 'n onderhoud aan hom toestaan. Dit spreek vanself dat onderhoude om verskillende redes toegestaan word wat uiteraard 'n invloed op die soort response het wat die respondent op die vrae gee. Dit is dan ook belangrik dat onderhoudsvoerders hul ooreenkomstig die redes sal aanpas.

Dit is ook belangrik dat die fisiese opset waarin elke onderhoud plaasvind deur die navorser in gedagte gehou sal word, aangesien dit die geldigheid van die data wat versamel word kan beïnvloed. Die plek waar die onderhoud plaasvind, moet sover moontlik na aanleiding van die tipe onderhoud, die doel van die studie en die betrokke respondent bepaal word. (Vgl. Rubin & Alkin, 1983:357.)

Verskeie navorsers wys tereg daarop dat suksesvolle onderhoudsvoering bowenal afhanklik is van die opbou van 'n goeie vertrouensverhouding tussen die navorser en die respondent. Measor (1985:62) het byvoorbeeld gevind dat 'n gemeenskaplike belangstelling help om rapport te bewerkstellig. Dit is soms nodig dat die navorser inligting oor homself aan die respondent bekend maak ten einde die respondent aan te moedig om te reageer. (Vgl. Schurink, 1981.) Rubin & Alkin (1983:362) maan egter dat dit nie oor- dryf moet word nie. Measor (1985:74-76) doen dan ook aan die hand dat die onderhoudsvoerder slegs genoeg inligting oor homself en sy belangstellings moet vermeld om 'n goeie verhouding met die respondent te bewerkstellig.

In terme van die verloop van die onderhoud beveel Rubin (1983: 361) aan dat die onderhoudsvoerder aan die begin van die onderhoud aan die respondent sal noem watter onderwerpe bespreek sal word. Verder blyk uit die literatuur (Vgl. Schurink & Schurink, 1986,) dat die navorser op hierdie tydstip ook 'n aanduiding sal gee van onder andere die wyse waarop die onderhoud

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

of onderhoude gevoer sal word, die tyd wat daarvoor benodig word en of dit op oudioband vasgelê moet word.

Volgens Jones (in Walker, 1985:49) kan daar nie definitiewe reëls vasgelê word vir die gebruik van oop- of leidende vrae nie, of oor hoe konflik met respondente hanteer moet word nie. Die navorser se besluite in dié verband sal afhang van die begrip wat die navorser van die respondent het asook die soort verhouding wat ter sprake is.

'n Lastige kwessie tydens onderhoudvoering waarna ten slotte verwys moet word, is die hantering van leuens aan die kant van die respondent. Rubin & Alkin (1983:361) het gelyk dat daar altyd respondente sal wees wat leuens vertel en dat die onderhoudsvoerder dit sal moet "hanteer". Die volgende twee wenke kan in dié verband gegee word:

- Stel dieselfde vraag op 'n ander wyse; of
- gebruik die leuen as 'n aanduiding dat die aspek(te) verdere ondersoek vereis.

6.3.2.1.3 Verdere opmerkings oor ongestruktureerde onderhoude

Vervolgens word enkele verdere aspekte van ongestruktureerde onderhoude uitgelig.

Semi-gestruktureerde of fokusonderhoude word eerstens deur die gebruik van "oop"-vrae gekenmerk. Die respondent is dus vry om die vraag in sy eie woorde te beantwoord. Dit spreek vanself dat wanneer daarna gestreef word om kennis oor respondente se siening van die realiteit te verkry, dit noodsaaklik is dat hulle daaroor uitgevra sal word. Dit is egter belangrik dat dit op só 'n wyse sal geskied dat hulle in staat gestel word om dit in hul eie woorde te beskryf. Verder moet sodanige intensiteit gehandhaaf word sodat die "ryke" inhoud wat die substansie van hulle menings vorm, aangespreek sal word. (Vgl. Walker, 1935:46.) Onderhoude moet dus diepgaande inligting verskaf en moet in detail uitgevoer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word sodat die resultate volledig en geloofwaardig (dit wil sê, getrou aan die lewensituasie van die respondente) sal wees.

Aangaande die respondente en dus ook die aantal onderhoude wat by 'n kwalitatiewe studie betrek sal word, meld Lofland (1970:91) die volgende: "It is my impression that studies based on intensive interviewing have typically used only from about 20 to 50 interviews. Given the material management problem, numbers in that range seem quite reasonable." 'n Kleiner aantal respondente word dus benodig, anders as in die geval van kwantitatiewe navorsing.

Rubin & Alkin (1983:339) beklemtoon dat: "...a focused interview is not a rambling chat" en bedoel hiermee dat gepoog moet word om kennis van voorafbepaalde onderwerpe te bekom. Geen vasgestelde vrae moet dus vooraf voorberei word nie, maar die navorser beperk die onderhoud tot sekere onderwerpe wat met die doel van die ondersoek verband hou.

Aangesien die navorser bepaalde temas wil dek, moet hy dit tydens die onderhoud deurgaans in gedagte hou en die gesprek in dié rigting stuur. Sou die respondent van die tema afdwaal, is dit nie sonder betekenis nie, aangesien die onderhoudsvoerder veral data aangaande aspekte wat vir die kliënt/subjek belangrik is, wil bekom. Omdat alle subjekte se kennisvlakke verskil en omdat hulle verskillende sienswyses oor bepaalde onderwerpe het, sal die vrae wat gestel word, uiteraard van persoon tot persoon wissel.

Taylor & Bogdan (1934:77) meld die volgende aangaande opvolgonderhoude: "...by in depth qualitative interviewing we mean repeated face-to-face encounters between the researcher and informants directed toward understanding informants' perspectives on their lives, experiences, or situations as expressed in their own words". Dit blyk dus dat daar met sleutelpersone in 'n besondere studie meer as een onderhoud gevoer sal word. Verder blyk dit dat opvolgonderhoude ook bepaalde voordele inhou. So

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is die vreemdheid van die eerste onderhoud tydens opvolgonderhoude iets van die verlede. Die respondent is dan uiteraard meer op sy gemak, het dikwels vorige aspekte wat vir hom onduidelik was opgeklaar en het ook tyd gehad om sekere aspekte te oordink en om antwoorde te verskaf wat hy moontlik in 'n vorige onderhoud nie kon beantwoord nie. (Vgl. Rubin & Alkin, 1983:362.)

Hierbenewens wys Jones (in Walker, 1985:53) daarop dat meer as een onderhoud nie slegs bydra tot 'n dieper eksplorasie van die kompleksiteit van die verskynsel nie, maar dat dit ook die navorser se betrokkenheid by sowel die onderwerp van studie as die subjek as mens onderstreep. Sodanige betrokkenheid kan ook meehelp om meer vertroue by die respondent te skep en die versekering aan hom te gee dat hy terugvoering van die navorsingsbevindings in die nabye toekoms sal ontvang.

Ten slotte meld E.M. Schurink (1988:137) dat daar nie slegs een wyse is waarop ongestruktureerde onderhoudsvoering gehanteer word nie en sy onderskei die volgende tipes:

- Die informele gesprek - of in-die-diepte-onderhoud:
  Wanneer dié tipe onderhoud gebruik word, neem die navorser gewoonlik nie vooraf kennis van bestaande literatuur nie. Dit word gedoen om subjektiwiteit sover moontlik te voorkom. Geen vrae word vooraf geformuleer nie en vrae ontwikkel spontaan namate die onderhoud vorder. Alhoewel die onderhoudsvoerder sy vrae tot die minimum beperk, neem hy steeds die inisiatief en bly in beheer van die onderhoudsituasie.
- Ongestruktureerde onderhoudsvoering aan die hand van 'n skedule:
  Hierdie onderhoud word met behulp van 'n navorsingskedule gevoer. Dié skedule impliseer dat die navorser reeds bestaande literatuur bestudeer het en dit as riglyn vir die onderhoud gebruik.
- Die oop-vraagonderhoud:
  Dié tipe onderhoud bestaan uit 'n stel vooraf geformuleerde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en versigtig gerangskikte oop vrae wat in 'n bepaalde volgorde (as deel van 'n vraelys) aan alle respondente gevra word. Hierdie tipe onderhoud kan streng gesproke nie as 'n suiwer vorm van kwalitatiewe onderhoudsvoering beskou word nie, omdat slegs die antwoorde ruimte laat vir die respondent se persepsie en interpretasie. (Vgl. Schurink, 1988:37-39.)

6.3.2.2 Menslike Dokumente

Volgens Schurink (1990:114) is lewensgeskiedenisse, outobiografieë en lewensverhale gedetailleerde eerstehandse verslae van die innerlike belewenisse van persone, dit wil sê, hoe mense die wêreld om hulle omskryf, interpreteer en verstaan. Schurink (in Ferreira et al., 1988:21) wys tereg daarop dat daar 'n ryke verskeidenheid dokumentêre materiaal tot die sosiaalwetenskaplike se beskikking is.

Vervolgens word drie indelings van menslike dokumente wat deur Schurink (in Ferreira et al., 1988:20-21) bespreek word, weergegee:

- Primêre versus sekondêre dokumente
  Primêre dokumente word omskryf as eerstehandse dokumente wat regstreeks verband hou met die mense, situasies of gebeure wat bestudeer word. Sekondêre dokumente behels hierteenoor onder meer transkripsies of opsommings van primêre materiaal.
- Private en publieke dokumente
  Oor die algemeen is publieke dokumente insgelyks sekondêre dokumente. Daar is egter ook gevalle wanneer hofverklarings, gevangenisverslae of koerantberigte direk na 'n persoon verwys, in watter geval dit as primêre dokumente beskou kan word. Aktuariële verslae; politieke en juridiese verslae, staatsdokumente en mediaverslae is voorbeelde hiervan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Gevraagde versus ongevraagde dokumente
  Daar word ook 'n duidelike onderskeid getref tussen ongevraagde en gevraagde dokumente. Die eerste tipe dokumente word opgestel sonder dat navorsing die oogmerk is terwyl die tweede op versoek van die navorser gekonstrueer word en hy in meerdere of mindere mate 'n aandeel in die konstruksie daarvan het. Volgens Schurink & Schurink (1983 : 31) kan die hoofrede waarom hierdie tipe dokumente gebruik word, teruggevoer word na die strewe om die subjektiewe standpunte van die akteurs vas te stel en te beskryf.

6.3.2.3 Deelnemende waarneming

Vervolgens word kortliks gelet op een van die ander belangrike metodes wat in kwalitatiewe navorsing gebruik word, te wete deelnemende waarneming.

Volgens Schurink & Schurink (1983:31) is deelnemende waarneming die vernaamste metode wat in kwalitatiewe navorsing gebruik word. Die navorser wat hierdie metode gebruik, slaan die doen en late gade van diegene wat hy bestudeer terwyl hy poog om dit so min moontlik te versteur. Die navorser neem die konseptuele raamwerk aan van die groep wat hy bestudeer terwyl hy ter wille van wetenskaplikheid 'n sekere mate van objektiwiteit handhaaf. Hy poog naamlik om dit wat die lede van die groep gewoonlik as vanselfsprekend aanvaar, eksplisiet te maak. (Vgl. Fielding, 1986:19.)

6.4 **DATA-VASLEGGING**

Anders as in kwantitatiewe navorsing het die kwalitatiewe navorser nie die rekenaar waarvan hy gebruik kan maak om sy data vas te lê nie. Hy moet die verkreë data nogtans op een of ander wyse bewaar. Kwalitatiewe navorsers maak vir dié doel normaalweg van veldnotas en oudiobande gebruik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6.4.1 **Veldnotas**

Daar word soms na veldnotas as tekstudies verwys. Onder teksstudie word nie alleen verslae, artikels en teksboeke ingesluit nie, maar ook die navorser se eie aantekeninge wat hy tydens onderhoudsvoering en waarneming maak om later by die verwerking van die gegewens te gebruik.

In kwalitatiewe navorsing word veldnotas voortdurend tydens die verloop van die ondersoek bygehou. Dergelike notas verteenwoordig belangrike addisionele data, vorm die eerste vlak van analise en verskaf 'n aanduiding van die besluite wat tydens die verloop van die ondersoek geneem is.

Kidder (1981:112) meld dat die deelnemende waarnemer gedetailleerde notas moet verskaf van alles wat hy waargeneem het. Hierdie vereiste klink dikwels vir die beginner na 'n onmoontlike taak want die term, alles, stel geen grense nie. Dit kan eindelose detail insluit aangaande die tyd en plek van die onderhoud of waarneming, met beskrywings van onder andere die gebou, meubels, dekorvlak, netheid, geraas, mense teenwoordig, hul gesigsuitdrukkings, hul voorkoms, hul kleredrag en hul gedrag. Hoewel slegs sekere van dié detail relevant sal wees vir analise wat aanvanklik nie vir die navorser bekend is nie, is die reël om "alles" te probeer onthou en om aantekeninge so deeglik as moontlik te neem. (Vgl. Kidder, 1981:112.)

In hierdie verband meld Schurink & Schurink (1983:32) dat dit volkome onmoontlik is om alles weer te gee wat plaasgevind het. Die skrywers meld egter dat die volgende aspekte aangespreek moet word: Wat was betrokke?; Wie was betrokke?; en Waar het die aktiwiteite plaasgevind? Hierbenewens wys Schurink (1988:87) daarop dat dit belangrik is om in dergelike notas 'n aanduiding te gee van:

- Ontwikkelende konsepte; en
- metodologiese sake.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hoewel verskeie indelings van veldnotas in die literatuur aangetref word (Vgl. Burgess, 1984,) is die model wat deur Schatzman & Straus (1973:99-101) voorgestel word 'n betreklik eenvoudige een wat al met vrug in kwalitatiewe studies hier te lande benut is. Vervolgens word dié skema wat, soos verder sal blyk ook in die huidige studie gebruik is, kortliks toegelig.

Schatzman & Straus (1973:99-101) se model bestaan uit die volgende tipes:

- Observasienotas
  Hierdie notas impliseer die volgende, naamlik: Wie? Wat? Waar? Wanneer? en Hoe? van menslike aktiwiteit. In terme van observasienotas meld Sanders & Pinhey (1983:357) dié volgende: "There is no analysis ***per se*** either, theoretically or methodologically at this point, only notes as to what was observed and said."
- Teoretiese notas
  Schatzman & Straus (1973:100) meld dat hierdie notas die doelbewuste poging van die navorser is om betekenis af te lei van een of meer observasienotas. Volgens Sanders & Pinhey (1983:358) is hierdie notas suiwer analities van aard, wat die navorser se bewuste en gekontroleerde pogings bevat om betekenis te verkry van enige van die observasienotas.
- Metodologiese notas
  Dié tipe notas dien hoofsaaklik as instruksies vir die navorser (soos byvoorbeeld die geldigheid van waarnemingsnotas) en verskaf riglyne oor wat volgende gedoen moet word. (Vgl. Schatzman & Straus, 1973:101.)

6.4.2 **Oudiobande**

Oudiobande hou voor die hand liggende voordele in soos dat 'n onderhoud volledig vasgelê kan word en dat die onderhoudvoerder nie nodig het om die respondent se vertellinge neer te skryf nie. Dit is egter ook waar dat die gebruik van oudiobande nadele

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

inhou. So mag subjekte ongemaklik en verleë raak by die aanskoue van 'n bandopnemer en belangrike sake terughou of glad nie bereid wees om 'n onderhoud toe te staan nie. Oudiobande word nogtans vrylik in kwalitatiewe navorsing gebruik.

6.5 **DATA-ANALISE**

Volgens Burgess (1984:166) bestaan veldnavorsing uit die gelyktydige versameling en analisering van data. Ook Lofland (1971:119) is dit eens dat daar 'n oorvleueling bestaan tussen die insameling en analise van data. Taylor & Bogdan (1984:128) meld dat data-analise 'n voortdurende proses in kwalitatiewe navorsing is. Navorsers is naamlik gedurig op die uitkyk vir temas, lees veldnotas en ontwikkel konsepte ten einde sin uit die data te maak. Namate die studie vorder, fokus navorsers op temas, vra direkte vrae, kontroleer informante se verhale en volg leidrade op.

Dit is belangrik om daarop te let dat hoewel die kwalitatiewe navorser in die woorde van Taylor & Bogdan (1984:135) begin met: "...minimal commitment to a priori assumptions and theory", hy tydens die latere fases van sy ondersoek, wanneer intensiewe data-analise normaalweg voorkeur geniet, hom op die hoogte sal bring met teoretiese konstrukte en vorige navorsingsresultate wat relevant tot sy studie is. Wat veral opval wanneer die literatuur oor die analise van kwalitatiewe data in oënskou geneem word, is dat daar tot dusver relatief min aandag aan hierdie opwindende en kreatiewe aspek van kwalitatiewe navorsing geskenk is. (Vgl. Schurink, 1989:xxx.)

Uit die beperkte literatuur wat oor die analise van kwalitatiewe data beskikbaar is, blyk dat anders as in kwantitatiewe navorsing, daar slegs enkele formele data-ontledingsmetodes beskikbaar is. Volgens Schurink (1989:xxxi) is hierdie metodes wat insgelyk baie abstrak is, analitiese induksie, gegronde teorie (grounded theory) en interaksionele strategie. Dit wil egter voorkom of kwalitatiewe navorsers in die ontleding van hul data meer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dikwelsop die een of ander wyse na ooreenkomste en verskille in hul data soek as wat hulle een van hierdie metodes sal gebruik.

6.6 DATA-AANBIEDING

Die rapportering van die uitvoering van die ondersoek en van die resultate daarvan vorm die belangrikste stappe in enige navorsingsproses. Babbie (1989:A8) noem die volgende drie belangrike funksies van wetenskaplike verslagdoening: "First, the report communicates to an audience a body of specific data and ideas. The report should provide those specifics clearly and with sufficient detail to permit an informed evaluation. Second, the scientific report should be viewed as a contribution to the general body of scientific knowledge. While remaining appropriately humble, you should always regard your research report as an addition to what we know about social behaviour. Finally, the report should serve the function of stimulating and directing further inquiry". Wat verslagdoening van kwalitatiewe navorsing betref, blyk die volgende veral van belang te wees: die navorser moet sorg dra dat die subjekte se beskouings en ervarings in die verslag gereflekteer word. Dit beteken egter nie dat numeriese data nie ook soms aangebied kan word nie. Die volgende opmerking van Schurink (1986:201) in dié verband bied 'n goeie aanduiding van die aard van kwalitatiewe verslaggewing: "While qualitative researchers sometimes use tables to summarize findings they generally provide in-depth descriptions or quotations of how social life is accomplished. They typically provide clear examples from the voluminous amount of data representing the way in which subjects have organized their worlds, their thoughts about what is happening, their experiences as well as their perceptions." In hierdie aanbieding word dus gebruik gemaak van die respondente se vertellings sodat hulle lewensituasie ten beste omskryf sal word.

6.7 SAMEVATTING

6.7.1 Die doel van hierdie hoofstuk was om die kwalitatiewe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

metodologiese model toe te lig. Die talle besluite wat tydens 'n kwalitatiewe ondersoek geneem word, kon uiteraard nie in die bestek van die hoofstuk uitgespel word nie en daar is volstaan met die vernaamste besluitnemingstappe.

6.7.2 'n Onderskeid is getref tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing en die belangrikste verskil blyk te wees, die feit dat die meeste besluite in kwantitatiewe navorsing aan die begin van die navorsingsprojek gemaak word en by kwalitatiewe navorsing gedurende en na die insameling van die data.

6.7.3 Die proses van kwalitatiewe navorsing is bespreek en die metodes wat op hierdie studie van toepassing is, is veral fokusonderhoude, gevallestudies en menslike dokumente. Aandag is gegee aan onderhoudsvoeringstegnieke, verskillende tipes onderhoude en algemene beginsels van kwalitatiewe onderhoudsvoering.

6.7.4 Die vaslegging van kwalitatiewe data het ook aandag geniet. Dit het geblyk dat kwalitatiewe navorsers gebruik maak van oudiobande om die verkreë data te bewaar. Verskeie tipes veldnotas soos observasienotas, teoretiese en metodologiese notas word in kwalitatiewe navorsing aangetref en is toegelig.

6.7.5 Ten slotte is data-analise en die aanbieding van die data ook onder die soeklig gebring. Dit het geblyk dat kwalitatiewe navorsers wanneer hulle hul data ontleed, veral op die ooreenkomste en verskille daarvan let. In die navorsingsverslae word dié gegewens selde statisties en by wyse van tabelle aangebied, en word eerder gebruik gemaak van uittreksels van veldnotas, transkripsies en persoonlike dokumente om die leefwêreld van die subjekte te illustreer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 7

NATUURLIKE VERLOOP VAN ONDERSOEK EN DIE KWALITEIT VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE

7.1 INLEIDING

Hoewel sommige eksponente van kwalitatiewe navorsing argumenteer dat eksplisiete kriteria vir die beoordeling van dergelike navorsing onvanpas is, is dit nodig dat die navorser vir die leser wat sy/haar studie lees, 'n aanduiding van die praktiese toepassing daarvan sal gee. Dit is, soos Schurink (1989:56) tereg aantoon, nodig om die leser te oriënteer en in staat te stel om dit te beoordeel. In navolging van Schurink (1989) word daarvoor, in hierdie hoofstuk, 'n geskiedenis of chronologiese uiteensetting gegee van die belangrikste besluite wat tydens die uitvoering van die onderhawige ondersoek geneem is. 'n Volledige uiteensetting van al die besluite en stappe wat geneem is, word egter nie beoog nie omdat dit die leser óf sal oorweldig óf sal verveel. Gevolglik word slegs die belangrikste en kenmerkendste besluite en stappe geskets wat tydens die fases van die studie geneem is. Hierbenewens sal aangedui word hoe daar gepoog is om steuringsfaktore te bekamp ten einde die geldigheid van die resultate te maksimaliseer.

7.2 BESLUITE EN STAPPE WAT TYDENS DIE ONDERSOEK GENEEM IS

Wanneer die verloop van die onderhawige studie in oënskou geneem word, blyk dit dat, soos tipies van kwalitatiewe navorsing, sekere definitiewe fases onderskei kan word. Die fases wat in hierdie studie onderskei kan word en aan die hand waarvan sy geskiedenis beskryf kan word, is die volgende:

Fase 1: Die voorbereidingsfase.
Fase 2: Operasionalisering en konstruksie van die gestruktureerde vraelys.
Fase 3: Oorskakeling na 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fase 4: Ontleding van data, verifiëring en redigering van die verhandeling en beëindiging van sowel die verhandeling as van die ondersoek.

Die vier fases word vervolgens van nader beskou.

7.2.1 **Fase 1: Die voorbereidingsfase**

Hierdie fase het van Maart 1986 tot November 1988 geduur. Die belangrikste aspekte tydens hierdie eerste stadium van die ondersoek was: registrasie vir die M.A.-graad by die Universiteit van Pretoria, die aflê van tentamina, die opstel van 'n navorsingsmemorandum en die bestudering van die relevante literatuur.

7.2.1.1 Registrasie vir die M.A.-graad

Navorser het gedurende Maart-April 1986 vir die M.A.(MW) graad by die Universiteit van Pretoria geregistreer. Hoewel sy op daardie stadium nog nie 'n spesifieke onderwerp in gedagte gehad het nie, was dit vir haar belangrik om haar verder as maatskaplike werker te kwalifiseer.

7.2.1.2 Tentamina

Daar word van alle voornemende M.A.-studente verwag om twee tentamens af te lê. Die eerste tentamen handel oor maatskaplike werknavorsing en die tweede oor die tema van die voorlopige onderwerp van die studie. Eersgenoemde tentamen word mondeling voor 'n interne en eksterne eksaminator afgelê. Die primêre doel van die studie is om die student se kennis aangaande navorsing te toets. Dit dien dus ook as 'n verfrissing van sy kennis aangaande navorsing. As voorbereiding vir die eksamen word verwag dat hy minstens twaalf bronne sorgvuldig sal bestudeer en self die reëlings vir dié voorlopige eksamen met die dosent te reël. Navorser het die boeke bestudeer, die reëlings getref en die eksamen gedurende Augustus 1986 suksesvol afgelê. Sy kon

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

haar nou voorberei vir die tweede tentamen. Aangesien sy op hierdie stadium nog nie uitsluitsel oor die studieonderwerp gehad het nie, het sy nie haar weg oopgesien om dié eksamen gedurende 1986 af te lê nie.

Navorser het verskeie onderwerpe oorweeg soos "Die effektiwiteit van die maatskaplike werker", "Die keuring van die maatskaplike werker" en "'n Vergelykende studie van die gevangenisaanpassing van persone wat weens moord gevonnis is en diegene aan wie gevangenisstraf weens bedrog opgelê is". Nie een van hierdie onderwerpe het navorser egter sodanig geïnteresseer dat sy 'n studie daaroor wou aanpak nie.

Gedurende September 1986 is navorser as proefbeampte by die Departement Gesondheidsdienste en Welsyn te Pretoria aangestel waar sy as deel van haar take verslae aan die Hooggeregshof rakende aspekte van egskeiding moes lewer. Sy moes naamlik aanbevelings maak oor toesig en beheer van minderjarige kinders wat by egskeidingsake betrokke was. Uit haar ondersoeke van die betrokke egpare se omstandighede was sy diep geraak deur die vernietigende effek wat die egskeiding op hulle en hul kinders gehad het. Hoewel verskeie fasette van egskeiding haar getref het, het die omstandighede van twee gevalle van geskeide mans met wie sy te doen gekry het, haar veral geïnteresseer. Dit was vir haar duidelik dat dié mans se persepsies van egskeiding dramaties verskil het van dié wat deur sosiaalwetenskaplikes beskryf is. Verder was dit vir haar gou duidelik dat die man nie noodwendig as die sondebok vir die egskeiding beskou kan word nie. Dit het haar baie diep getref toe die hof, ten spyte van haar aanbevelings wat in beide gevalle ten gunste van die mans was, die toesig en beheer van die minderjarige kinders aan die vrouens toegesê het. Dié gebeure het 'n blywende indruk op haar gemaak en sy het besluit om die geskeide man as tema vir haar studie te neem.

Navorser het haar voorneme vroeg gedurende 1987 met professor E.A.K. Hugo bespreek wat goedkeuring verleen het dat sy haar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ondersoek oor die geskeide man kon doen en professor M.S.E. du Preez as haar studieleier aangewys het. Navorser was nou gereed om haar vir die tweede tentamen voor te berei. Sy het dié voorbereidingseksamen gedurende middel 1987 suksesvol afgelê waarna professor Du Preez dié beoogde navorsing met haar bespreek het. Tydens dié onderhoud is die volgende besluite geneem:

- Die studie sou oor egskeiding met spesiale verwysing na die geskeide man handel;
- aangesien dit oor die maatskaplike werk gaan, sou ook aandag aan maatskaplikewerk-hulpverlening aan geskeide mans gegee word; en
- 'n memorandum sou opgestel word waarin die ondersoek afgebaken, die navorsingsontwerp en die vernaamste besluitnemingstappe uitgewerk en 'n hoofstukindeling van die verhandeling verskaf sou word.

Navorser was baie entoesiasties oor haar onderwerp en die voorgenome studie en was oortuig van die welslae daarvan.

7.2.1.3 Die opstel van 'n navorsingsmemorandum

Nadat sy, afgesien van die bronne oor egskeiding wat sy reeds met die oog op die tweede tentamen bestudeer het, 'n aantal werke oor die onderwerp deurgewerk het, het sy die voorlegging gedoen. Die belangrikste besluite wat daarin vervat was, is:

- Die volgende vier emosies wat geskeide mans tipies volgens die literatuur ondervind, sou aandag geniet, naamlik: eensaamheid, aggressie, woede en skuldgevoelens;
- 'n hoofstuk sou gewy word aan die egskeidingsproses en veral aan die verskeie stadia daarin, asook die belewenisse van geskeide mans wat verskillende vorme tydens dié fases vertoon;
- 'n kwantitatiewe metodologie sou in die studie aangewend word. In die besonder sou 'n eksperimentele ontwerp gevolg word waarin gestruktureerde vraelyste ten opsigte van 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eksperimentele en kontrolegroep voltooi sou word om die sukses van die intervensie te meet. Uit die literatuur het groepwerk geblyk 'n uitstekende vorm van hulpverlening aan geskeide persone te wees en daar is derhalwe besluit om só 'n program vir die geskeide mans in te stel;

- die vraelys sou aan die hand van belangrike inhoude in die relevante literatuur opgestel word; en
- die vraelys sou eers gekonstrueer word vóór die werwing van respondente.

Nadat die memorandum deeglik bespreek en die eksperimentele deel van die ondersoek verder verfyn is, is dit goedgekeur.

7.2.1.4 Literatuurstudie

Die literatuurstudie het in Desember 1987 'n aanvang geneem en tot einde November 1988 geduur. Navorser het in Desember 1987 na Klerksdorp verhuis vanweë haar aanvaarding van 'n betrekking as terapeut van die Sentrum vir Persoonsontwikkeling van die Klerksdorpse myne. Met die oog op haar studie het sy dadelik ondersoek ingestel na die egskeidingsyfer vir die Klerksdorpse landdrosdistrik. Dit het geblyk dat dié distrik een van die hoogste egskeidingsyfers in die land het.

Sedert Desember 1987 tot Maart 1988 het navorser indringende literatuurstudie oor die egskeidingsproses gedoen en die beoogde hoofstuk voltooi. Hierna het sy die vyf hoofstukke oor eensaamheid, aggressie, skuldgevoelens, skeidingsangs en maatskaplike-werkhulpverlening afgehandel.

Die feit dat navorser in Klerksdorp vêr van Pretoria en die Universiteit van Pretoria, gewoon het, het die studie baie bemoeilik. Dit was naamlik prakties moeilik om geskikte bronne te bekom en baie tyd is verspil met ritte na en van Pretoria. Sy het soms moedeloos gevoel en was ook bekommerd oor die finansiële aspek aangesien hierdie ritte baie duur was. Die onderhoude met professor Du Preez telkens wanneer 'n hoofstuk

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ingelewer is, was gelukkig baie inspirerend. Dié studieleier se voorstel dat aansoek om 'n interbiblioteeklening by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gedoen word en wat gerealiseer het, het die verkryging van toepaslike literatuur dan ook in 'n mate vergemaklik.

7.2.2 **Fase 2: Die operasionalisering en konstruksie van die vraelys**

7.2.2.1 Inleiding

Die konstruksie van 'n gestruktureerde vraelys (Bylaag 1) aan die hand waarvan navorser die vier emosies wou meet wat geskeide mans, volgens die bestaande literatuur, ervaar en sekere sosio demografiese inligting van geskeide Suid-Afrikaanse mans wou bekom, het gedurende April 1988 'n aanvang geneem.

Die eerste konsepvraelys is opgestel nadat sy die literatuur oor vraelyste deurgewerk en etlike onderhoude met professor Du Preez en van haar kollegas gehad het. Ten einde te verseker dat die vraelys aan die gebruiklike wetenskaplike vereistes sou voldoen, het twee kollegas, dr. Coetzee Badenhorst en mej. Rina Nel, navorser bygestaan.

As gevolg van die feit dat sy, soos reeds genoem, op dié stadium in Klerksdorp gewoon het en in diens van die Kamer van Mynwese was, het sy besluit om geskeide mans wat in dié dorp gewoon het en wat daar by die myne gewerk het, by die studie te betrek. Benewens vrae waarmee data rakende die egskeidingsproses en die belewing van skeidingsangs ingesamel sou word, het sy ook sosio-demografiese vrae by die vraelys ingesluit aan die hand waarvan besonderhede van die geskeide mans se werk- en woonomstandighede bekom kon word.

Die eerste konsep van dié vraelys is aan professor Du Preez gepos waarna navorser 'n afspraak met haar gemaak het om dit met haar by die Pretoriase Universiteit te gaan bespreek. Op die dag van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die samesprekings was navorser baie opgewonde aangesien sy gemeen het dat die empiriese ondersoek eersdaags sou kon begin. Haar opgewondenheid was egter van korte duur aangesien daar baie probleme met die vraelys was en heelwat veranderinge aangebring moes word. Hoewel die wysigings wat aan die vraelys van 34 bladsy aangebring moes word, heelwat tyd geverg het, is gesorg dat dit so gou moontlik geskied. Die tweede konsep van die vraelys is hierna aan die studieleier gepos en daarop het 'n bespreking daarvan gevolg. Professor du Preez was hierdie keer tevrede met die vraelys en het versoek dat dit met die oog op die verwerking van die data aan die afdeling Navorsingsondersteuning van die Universiteit van Pretoria voorgelê word.

7.2.2.2 Insette deur die afdeling Navorsingsondersteuning van die Universiteit van Pretoria

Nadat 'n afspraak met mnr. Botha van die Statistiekdienste gemaak is, is navorser weereens gedurende Julie 1988 Pretoria toe om die vraelys te bespreek. Die eerste keer gedurende die studie het sy studente in Pretoria en omliggende gebiede beny en gewonder of sy die studie nie makliker sou kon voltooi indien sy ook in Pretoria gewoon het nie.

Mnr. Botha was bekommerd oor die relatief groot aantal "oopvrae" in die vraelys, aangesien dit die statistiese verwerking van die gegewens sou bemoeilik. Hy het gevolglik voorgestel dat dié vrae anders verwoord moes word sodat die respondente se antwoorde eerder met behulp van vasgestelde antwoordkategorieë vasgelê kon word. Dié voorstel het meegebring dat die vraelys in sy geheel aangepas en oorgetik moes word. Dit het aansienlik tyd in beslag geneem.

Nadat die veranderinge aangebring is, het navorser die vraelys voorgelê aan mev.Swart wat ook by dié dienste betrokke was. Hoewel dit nou vir die statistiese manipulering van die response van die respondente geskik was, moes kodes vir die vaslegging daarvan nog aangebring word. Dit en die feit dat die Statistiek-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dienste gedurende Desember 1988 tot Februarie 1989 sou sluit, het meegebring dat sy 'n geruime tyd sou moes wag voordat sy enige data kon laat verwerk. Dit het haar ontmoedig. Sy het gewonder of al die werk werklik die moeite werd was. Sy het egter reeds soveel tyd aan die studie bestee dat daar geen sprake daarvan was om dit te staak nie.

7.2.2.3 Pogings om respondente te werf

Pogings om respondente te werf het gedurende November 1988 'n aanvang geneem. Daar is besluit dat veertig blanke geskeide mans vir die ondersoek gewerf sou word. Twintig van die mans sou by groepwerk betrek word terwyl die orige twintig die kontrolegroep sou vorm. Hierdie relatief groot getal respondente sou verseker dat die bevindinge as algemeen geldend beskou sou kon word.

Navorser het met die oog op die samestelling van die steekproef die lêers van die Sentrum vir Persoonontwikkeling nagegaan. Tot haar verbasing was daar geen geskeide mans in dié gevallelading nie. Daar was wel heelwat mans wat voorheen geskei was maar wat weer getrou het.

Tydens samesprekings met haar eertydse hoof, mnr. Beugger, toe hy aangaande haar studie ingelig is asook die feit dat sy respondente daarvoor benodig het, is ooreengekom dat die studie 'n projek van die Sentrum sou word. Dit het geïmpliseer dat die studie gedurende werksure geloods kon word. Sy was baie entoesiasties oor dié besluit en sy was daarvan oortuig dat die navorsingsresultate groot waarde vir die Sentrum sou inhou.

Nadat mnr. Beugger die nodige reëlings getref het, het navorser gedurende September 1988 tydens 'n bestuursvergadering die bestuurders van die onderskeie myne in Klerksdorp en omgewing toegespreek. Tydens haar spreekbeurt het sy die gevolge van egskeiding vir die egliede en vir die werkgewer toegelig en die noodsaaklikheid van terapeutiese intervensie aan geskeidenes beklemtoon. Sy het ook die doel en aard van haar beoogde studie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geskets en verduidelik dat sy geskeide mans benodig om daaraan deel te neem. Sy was baie verheug toe die vergadering sy steun aan die ondersoek toegesê het en besluit het dat die personeelbestuurders van die onderskeie myne haar sover moontlik behulpsaam sou wees.

Sy het die personeelbestuurders gedurende Januarie 1989 ontmoet. Hulle het almal 'n druk werksprogram gehad en dit het soms tot twee weke geduur voordat 'n onderhoud aan haar toegestaan kon word. Die personeelbestuurders het die noodsaaklikheid deurgaans beklemtoon dat alle persoonlike gegewens van hul werknemers te alle tye beskerm moet word. Navorser is dan ook meegedeel dat die identiteit van werknemers wat geskei is, nie sonder hulle toestemming aan haar bekend gemaak kon word nie. Hoewel sy die klem op vertroulikheid ten volle kon begryp, het sy die indruk gekry dat die personeelbestuurders nie dieselfde positiewe gesindheid teenoor die projek as die mynbestuurders gehad het nie. Sy moes betreklik lank op terugvoer van die personeelbestuurders wag, in sommige gevalle tot 'n maand. Sy het verder die indruk gekry dat die personeelbestuurders haar versoek om te help met die identifisering van moontlike respondente as 'n addisionele en lastige taak by hul reeds vol werksprogram beskou het en beslis nie as dringend nie. Hoewel 'n gevoel van mismoedigheid van haar besit wou neem, het sy dit afgeskud en besluit om die personeelbestuurders te help deur 'n brief op te stel wat hulle aan die geskeide mans moes lewer. In die brief het sy haar voorgestel en die doel van die studie uiteengesit. Sy het ook 'n beroep op die lesers gedoen om so gou moontlik met haar in verbinding te tree. Afskrifte van die brief is gedurende Maart 1989 aan die personeelbestuurders gelewer. Tot haar teleurstelling het die briewe nie die gewenste resultate opgelewer nie.

Dit het gevoel asof sy in 'n doodloopstraat is en sy het besluit om sonder die hulp van die mynbestuurders of personeelbestuurders, respondente te werf.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.2.2.4 Die plasing van artikels oor egskeiding in Klerksdorpse nuusblaaie

Gedurende Mei 1989 het sy in 'n poging om geskeide mans op te spoor, 'n artikel oor die egskeidingsproses en dié gevolge asook die betrokkenes se persepsies daarvan in die **Klerksdorp Nuus** geplaas gekry. (Bylaag 2). Sy het die berig so simpatiek moontlik teen- oor geskeide mans geskryf en hulle genooi om met haar kontak te maak. Ook dié poging was nie geslaagd nie, want slegs 'n dame het navorser namens haar seun geskakel. Die seun het nooit self van hom laat hoor nie.

Navorser het haar artikel oor egskeiding in sowel Afrikaans as Engels in die onderskeie mynblaaie gepubliseer gekry. Die artikel het in die Junie-uitgawes van die blaaie verskyn maar sy kon nog nie daarin slaag om respondente vir die studie te kry nie.

7.2.2.5 Skakeling met sleutelpersone in die Klerksdorpse gemeenskap

Gedurende Junie 1989 het sy die studie met die plaaslike sielkundige bespreek en die gebrek aan respondente aan hom genoem. Hy het ook die vertroulikheid van sy kliënte vooropgestel maar het beloof dat hy die projek aan hulle sou noem. Sy het egter nooit weer iets van hom gehoor nie.

Kort hierna het sy besluit om haar tot die plaaslike prokureurs te wend. Hoewel hy hoofsaaklik egskeidingsgedinge van vroue hanteer, het een van die prokureurs beloof om besonderhede oor haar en haar projek aan geskeide mans oor te dra indien hy sulke kliënte sou hê. Hy het egter gemeen dat die kanse skraal sou wees aangesien geskeide mans baie moeiliker as geskeide vroue opgespoor kan word. Nog twee Klerksdorpse prokureurs is genader. Hulle het egter nie hul weg oopgesien om haar met die ondersoek te help nie. Ook hulle het die vertroulikheid van hulle kliënte vooropgestel en wou geen inligting beskikbaar stel nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.2.2.6 Pogings om respondente in Pretoria en omgewing te werf

Toe sy einde Julie 1989 nog geen kontak met geskeide mans in Klerksdorp kon bewerkstellig nie en 'n aanbod ontvang om in Pretoria te kan werk, het navorser besluit om na die Pretoria terug te keer en daar respondente in die hande te probeer kry. Haar vertrek na Pretoria het egter meegebring dat haar studie etlike maande lank nie aandag geniet het nie. Haar nuwe betrekking het hoë eise gestel en gedurende November 1989 tot Januarie 1990 was die Universiteit gesluit met die gevolg dat skakeling met die promotor onmoontlik was.

Nadat navorser van haar studieleier verneem het van die nuutgestigte "egskeidingskrisishulplyn" waarvan besonderhede in die Beeld verskyn het; skakel sy met die hoof, mev. Lewis, en woon een van die stigtingsvergaderings by. Hoewel dié en ander stigtingsvergaderings slegs deur vroue bygewoon is, was sy daarvan oortuig dat geskeide mans ook mettertyd hul opwagting sou maak. Nadat etlike weke verloop het, het dit vir haar duidelik geword dat dit betreklik lank sou duur alvorens die "egskeidingkrisishulplyn" gevestig sou wees. Sy het besef dat sy nie so lank kon wag op geskeide mans wat moontlik by dié hulpverleningsaksie mag inskakel nie. Gevolglik het sy haar weereens tot prokureurs gewend. Sy het geredeneer dat daar beslis meer geskeide mans in Pretoria as in Klerksdorp sou wees. Ook het sy gehoop dat die vertroulikheidsaspek nie so streng in Pretoria in ag geneem word nie. Net soos in die geval met die Klerksdorpse prokureurs het dié poging om respondente te werf op niks uitgeloop nie.

Teen April 1990 het sy besef dat sy nie die verlangde aantal geskeide mans vir die ondersoek sou verkry nie. 'n Gevoel van moedeloosheid het oor haar gekom en die eerste keer het sy daaraan begin dink om die studie te laat vaar. Haar studieleier het haar egter aangemoedig om nie tou op te gooi nie en voorgestel dat sy van die welsynsorganisasies in Pretoria om respondente moes nader. Sy het besluit om die studie te voltooi. Soveel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

werk was reeds gedoen en die verkryging van die graad was van kardinale belang.

Daar is kontak gemaak met F.A.M.S.A., Kindersorg, Christelik Maatskaplike Raad (C.M.R.) en die Departement Gesondheidsdienste en Welsyn en die studie toegelig. Hoewel C.M.R. wat op daardie stadium met 'n enkelouerprojek besig was, haar daadwerklik met haar werwingspoging behulpsaam was, was dit die Departement wat uiteindelik na 'n skriftelike versoek aan die Direkteur name van geskeide mans beskikbaar gestel het. In vier gevalle was die mans se telefoonnommers bekend. Sy was baie opgewonde oor die fonds en het bykans dadelik die nommers geskakel. Tot haar groot teleurstelling kon sy geeneen van die geskeide mans in die hande kry nie. Hulle het óf weggetrek óf van beroep verander en dit was nie bekend waar hulle hulle bevind het nie. Dit was gou duidelik dat hierdie poging ook geen vrugte sou afwerp nie en geen verdere welsynsorganisasies is gekontak nie. Navorser het ook besef dat al haar pogings nutteloos was en is die beëindiging van die studie oorweeg.

Met dié besluit is 'n afspraak met professor Du Preez gereël. Tydens die samesprekings het sy voorgestel om die navorsingsontwerp te verander. Sy het 'n kwalitatiewe ontwerp voorgestel en aanbeveel dat geskakel moet word met dr. Willem Schurink van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (R.G.N.) wat 'n kundige op die gebied van kwalitatiewe navorsing is. Daar is besluit om nog 'n laaste poging aan te wend en om in die geval van welslae voort te gaan met die studie al sou dit 'n groot hoeveelheid werk impliseer.

7.2.3 **Fase 3: Oorskakeling na 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp**

7.2.3.1 Kennismaking met kwalitatiewe navorsing

Gedurende Augustus 1990 het navorser haar eerste afspraak met dr. Schurink by die R.G.N. gehad. Sy het die doel en aard van die studie aan hom verduidelik asook die feit dat sy nie daarin kon

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slaag om geskeide mans as respondent te vind nie. Hy het, nadat hy enkele vrae aan haar gestel het haar meegedeel dat hy positief oor die studie voel en dat mans se belewing van egskeiding 'n onderwerp is wat hom baie goed tot kwalitatiewe navorsing leen.

Hy het aangebied om haar met die kwalitatiewe ontwerp van haar studie te help en het voorgestel dat die moontlikheid dat hy 'n medestudieleier word met die studieleier bespreek word. Sy was op hierdie stadium desperaat om die studie afgehandel te kry en het besluit om haar navorsingsontwerp na 'n kwalitatiewe een te verander en om van dr. Schurink se aanbod gebruik te maak. Daar is met die studieleier, prof. Du Preez ooreengekom dat dr. Schurink insette sou lewer met betrekking tot die kwalitatiewe navorsingsmetode waarvoor hy vergoed sou word, en dat sy verantwoordelikheid sal bly behou vir die res van die studie. Gevolglik is dr. Schurink nie as mede-studieleier aangestel nie.

Hoewel sy besef het dat die omskakeling van haar ondersoek na 'n kwalitatiewe - 'n navorsingstyl waarvan sy niks geweet het nie - aansienlik addisionele werk tot gevolg sou hê, was sy die eerste keer in 'n lang ruk weer opgewonde oor die studie. Sy het ook op die stadium die gevoel gehad dat die ondersoek sou realiseer. Die feit dat sy met dié metode minder respondente benodig, was vir haar die belangrikste en sy het hoop gehad vir die ondersoek.

7.2.3.2 Die onderbreking van die studie

Hoewel sy so gou moontlik met die veranderings aan die ondersoek wou begin, het die feit dat sy binnekort in die huwelik sou tree haar daarvan weerhou. Hierbenewens het 'n hoë werklading meegebring dat sy bittermin tyd vir studie oorgehad het. Na haar huwelik het sy die eise wat haar huwelik meegebring het, asook haar werksituasie deeglik onder oë geneem en besluit dat sy die studie in Februarie 1991 sou hervat. Sy het dan ook vir professor Du Preez en dr. Schurink hiervan verwittig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

7.2.3.3 Die ontwikkeling van 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp vir die studie

Ten einde haar te oriënteer ten opsigte van kwalitatiewe navorsing wat in verskeie opsigte van kwantitatiewe navorsing verskil, het sy soveel moontlik relevante werke bestudeer. Sy het besef dat dr. Schurink gelyk gehad het toe hy aangetoon het dat kwalitatiewe navorsing baie selde in Suid-Afrikaanse maatskaplikewerk-navorsing aangewend word en dat sy met die studie, benewens 'n bydrae tot die ontwikkeling van 'n bystandsprogram aan geskeide mans, ook 'n bydrae tot die metodologie van maatskaplikewerk-navorsing hier te lande kon lewer. In die lig hiervan het sy in oorleg met professor Du Preez besluit om 'n hoofstuk te wy aan die kwalitatiewe navorsingstyl.

Sy het die hoofstuk opgestel en op 16 Maart 1991 aan dr. Schurink vir kommentaar voorgelê. Die hoofstuk is kortliks bespreek en daar is ooreengekom dat hy dit op sy tyd sou deurwerk. Tydens hierdie onderhoud het hulle op aandrang van hom ook gesels oor die verdere verloop van die ondersoek. Hy het haar dan ook volledig ingelig oor die vernaamste besluitnemingstappe van kwalitatiewe navorsing.

Dr. Schurink het die versamel van gegewens in sodanige navorsing bespreek, en voorgestel dat sy van ongestruktureerde metodes gebruik moes maak om gegewens van die geskeide mans te bekom. Hy het dit beklemtoon dat 'n kwalitatiewe navorser daarna streef om sy subjekte se leefwêreld te analiseer en dat hy van ongestruktureerde data-insamelingsmetodes gebruik maak. Sulke metodes maak die peiling en beskrywing van mense se alledaagse leefwêreld moontlik. Hy het verduidelik dat wanneer die gegewens van 'n kwalitatiewe ondersoek versamel word, die navorser ideaal gesproke, sy respondente nie moet beïnvloed nie ten einde te verseker dat hy gegewens bekom wat getrou is aan hul lewensituasie. Hy het egter daarop gewys dat kwalitatiewe navorsers verskil oor die mate wat hulle hul respondente aan hul wetenskaplike konsepte blootstel, en dat die persoonlike omstandighede

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die navorser en die hulpmiddels tot sy beskikking meebring dat sy respondente in die praktyk in meerdere of mindere mate deur hom beïnvloed word.

Nadat dr. Schurink navorser se oogmerke met die studie indringend bespreek het, is daar besluit dat sy met die studie sal trag om:

- Eerstehandse inligting omtrent geskeide mans se subjektiewe ervarings te bekom;
- die toepaslikheid van sekere wetenskaplike konsepte van egskeiding by outentieke gevalle na te gaan; en
- aan die hand van laasgenoemde twee aspekte 'n raamwerk vir 'n model te ontwikkel met behulp waarvan maatskaplike werkers geskeide mans kan help om die egskeidingskrisis te verwerk.

Wat die metodes van data-insameling betref, het dr. Schurink voorgestel dat daar van indringende onderhoude en persoonlike dokumente gebruik gemaak moes word. Hulle het dan ook besluit dat navorser tydens die onderhoude die respondente eers die geleentheid sou gee om self van hul lewe en die egskeiding te vertel waarna sy vrae na aanleiding van die relevante literatuur opgestel, aan hulle sou stel. Op dié wyse sou data oor hul lewensituasie versamel word en sou die relevansie van abstrakte teoretiese konsepte ondersoek word. Hierbenewens sou daar vasgestel moet word of:

- Die mans nie oor persoonlike dokumente soos dagboeke of briewe beskik wat vir die doeleindes van die studie gebruik kan word nie; en
- of hulle nie bereid sou wees om opstelle oor hulself en die egskeiding aan die hand van 'n gegewe raamwerk te skryf nie.

Aangesien steekproeftrekking in kwalitatiewe studies net soos in enige ondersoek verskeie belangrike implikasies inhou, is baie aandag hieraan geskenk. Dr. Schurink het beklemtoon dat dit in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kwalitatiewe navorsing bowenal oor so 'n volledig moontlike beskrywing van 'n verskynsel gaan, en dat navorser in stede van 'n groot aantal geskeide mans eerder 'n relatief klein getal (tussen 10 en 20) by die ondersoek moes betrek aan wie sy binne tyds- en ander beperkings genoegsame aandag kon gee. Hy het verder voorgestel dat sy verskillende tipes geskeide mans, soos byvoorbeeld diegene met en diegene sonder kinders, tot samewerking moes probeer oorreed. Vanweë die beperkte tyd wat sy vir die studie gehad het en die feit dat kwalitatiewe ondersoeke tipies groot hoeveelhede data genereer wat lank duur om verwerk en geïnterpreteer te word, is daar besluit dat as 'n reël slegs 'n enkele onderhoud met die respondente gevoer sou word. Opvolgonderhoude sou beperk word tot daardie gevalle wat oor die nodige kennis beskik en wat as geskik beskou word om die geldigheid van die navorsingsresultate te evalueer.

Dr. Schurink het die noodsaaklikheid van die bewerkstelliging van rapport met die geskeide mans vir die verkryging van geldige resultate beklemtoon en verskeie wenke in dié verband aan die hand gedoen. Navorser se eie bekendstelling, 'n uiteensetting van die doel en aard van die ondersoek en 'n verduideliking van die werkwyse tydens die onderhoude, insluitende die noodsaaklikheid om van oudiobande gebruik te maak, was van die vernaamste sake waaraan aandag gegee moes word. Dr. Schurink het voorgestel dat nadat sy die eerste onderhoud met 'n geskeide man gevoer het, hulle dit vóór die ander onderhoude eers deeglik moet bespreek. Hierdie voorstel is geredelik aanvaar.

'n Verdere aangeleentheid tydens hierdie onderhoud, was die noodsaaklikheid om notas by te hou oor sowel die data-insamelingsproses as oor die ander hoofbesluitnemingstappe tydens die uitvoering van 'n kwalitatiewe navorsingsprojek. Dr. Schurink het naamlik verduidelik dat navorser so gou moontlik na voltooiing van die onderhoude met die mans veldnotas daaroor moes skryf en 'n dagboek oor die verloop van die studie moes byhou. Dié notas sou help om verdere besluite betreffende die studie te neem, byvoorbeeld of 'n opvolgonderhoud met 'n besondere

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

respondent gevoer moet word en of genoegsame tipes geskeide mans betrek is. Die dagboek sou help om tydens die skryf van die verslag die historiese verloop van die studie te beskryf.

Ook die kwessie van opsporing van geskeide mans is gedurende die onderhoud bespreek. Nadat navorser haar probleme in dié verband met dr. Schurink bespreek het, is daar besluit dat sy eerder van 'n meer persoonlik gerigte benadering gebruik sou maak en wel van 'n sneeubaltegniek. Sy sou naamlik geskeide mans met wie sy reeds kontak gehad het as skakel gebruik om ander gevalle op te spoor. Dié strategie asook die werkwyse om ander persone soos byvoorbeeld kollegas wat bewus was van geskeide mans as referente te gebruik, het haar dan ook uiteindelik in staat gestel om genoegsame respondente by die studie te betrek en selfs meer respondente as wat nodig was te kon bekom.

7.2.3.4 Kwalitatiewe onderhoudvoering

Navorser het op 18 Maart die eerste geskeide man getelefoneer. Sy het haar voorgestel en die doel en aard van die ondersoek aan hom verduidelik. Hoewel hy aanvanklik verbaas was, het hy ingewillig tot 'n onderhoud op 20 Maart 1991. Sy was baie verheug oor die vooruitsig en dit het gevoel asof sy 'n energie-inspuiting ontvang het. Sy het dan ook die volgende inskrywing in haar dagboek gemaak: ***Die man gaan sowaar met my praat - dis wonderlik!*** Die praktiese implikasies van die onderhoud het eers later tot haar deurgedring. Die feit dat sy, 'n jong getroude vrou, alleen 'n onderhoud aan huis van 'n vreemde man sou voer, het haar redelik angstig gemaak. Sy en haar man het dit bespreek en ooreengekom dat sy by haar aankoms en vertrek van die man se woning hom sou telefoneer. Hoewel sy onseker was oor die respondent se reaksie op dié reëling, was dit gou duidelik dat dit nie vir hom 'n vreemde versoek was om haar eggenoot van haar bewegings te verwittig nie. Trouens, sy het die indruk gekry dat dié optrede van haar tot die skepping van 'n professionele navorser-respondentverhouding bygedra het, aangesien hy deeglik bewus was daarvan dat sy getroud is en dat die doel van haar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

besoek was om vir wetenskaplike doeleindes 'n begrip van sy ervaring van egskeiding te verkry.

Hardus het haar vriendelik ontvang. Hy het nadat sy die doel en die aard van die ondersoek asook die wyse waarop sy die onderhoud gevoer wou hê, geen kapsie gemaak op haar versoek dat hulle gesprek op oudioband vasgelê moet word nie. Die onderhoud het vlot verloop. Sy het daarin geslaag om vrae te beperk en hy was in staat om van homself en sy egskeiding te vertel. Die onderhoud het een en 'n half uur geduur. Navorser was aanvanklik hieroor bekommerd omdat sy gevrees het dat dit nie genoegsame gegewens sou lewer nie. Dit het meegebring dat sy die volgende in haar veldnotas aangeteken het: ***Hierdie man is baie stil. Miskien is hy ongemaklik of dalk is dit ek wat ongemaklik was... miskien moes ek meer vrae gevra het!***

Sy het reeds die aand na afloop van die onderhoud begin met die transkribering daarvan. Dit was 'n redelike groot taak want dit het ongeveer vyf uur in beslag geneem.

Nadat sy 'n verdere afspraak met dr. Schurink gereël het, het hulle op 31 Maart 1991 die onderhoud bespreek. Nadat hy voorstelle aangaande haar optrede tydens die verdere onderhoude, en veral met betrekking tot die skryf van die veldnotas, gemaak het, is ooreengekom dat sy sou voortgaan om onderhoude met die orige respondente te voer. Dié onderhoude het oor die algemeen soos die eerste onderhoud verloop behalwe dat die plek van onderhoudvoering gewissel het en dit langer geduur het.

Sy kon nie daarin slaag om die gevoelens van ongemak en spanning af te skud wat sy telkens beleef het wanneer sy onderhoude met die mans aan hul wonings moes voer nie. Sy het hierdie ongemak met prof. Du Preez bespreek. Dié dosent het aangebied dat navorser haar kantoor by die Universiteit, kon gebruik. Navorser was verheug want dit sou baie praktiese probleme uitskakel. Dat sy vier van die onderhoude in die studieleier se kantoor kon voer, het egter baie gehelp om dié gevoelens te bowe te kom. In

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die algemeen beskou, het die onderhoude haar tegelykertyd voldaan en uitgeput gelaat. Sy was opgewonde oor die feit dat sy soveel persepsies en emosies aangaande egskeiding versamel het maar uitgeput vanweë die emosionele eise wat die onderhoude nie net aan haar as onderhoudvoerder nie, maar ook aan haar as vrou gestel het. Sy het naamlik dikwels om 17:30 of later tuisgekom. Die huislike pligte was steeds haar verantwoordelikheid en sy het soms skuldig gevoel omdat sy gevrees het dat sy moontlik die huis en haar man ondergeskik aan haar studie gestel het. Afgesien van die tyd wat die onderhoude in beslag geneem het, het die opstel van die veldnotas ook baie van die tyd in beslag geneem wat sy normaalweg aan haar man en haar huis bestee het.

Die gebruikmaking van die sneeubaltegniek om 'n steekproef van respondente vir die ondersoek saam te stel was baie suksesvol en het daartoe gelei dat sy uiteindelik vyftien geskeide mans by die ondersoek betrek het.

Sy het na afloop van die onderhoude en die skryf van die veldnotas op 31 Maart 1991 die verloop van die studie met dr. Schurink bespreek. Dit was dadelik vir haar duidelik dat hy net soos sy baie in sy skik was met die gegewens wat die onderhoude opgelewer het. Hulle was veral in hulle skik met die feit dat dit uit die eerste ontledings in die veldnotas duidelik was dat daar verskille in die egskeidingservarings tussen mans met kinders en diegene sonder kinders was. In haar dagboek het sy die volgende opmerking hieroor gemaak: ***Die mans sonder kinders "skei" wettig baie gouer as dié met kinders. Ek wonder of hulle werklik ooit skei want dit is asof die kinders die man en vrou saambind tot "till death us do part".*** Dié bevinding asook die feit dat etlike ander patrone en temas tydens die onderhoude navore gekom het, het opvolgonderhoude genoodsaak. Dr. Schurink het navorser op die waarde van die studie gewys en daar is besluit dat sy minstens 'n enkele opvolgonderhoud met haar respondente sou voer om hierdie patrone verder te ondersoek. Aan die einde van dié onderhoud het sy die volgende aantekening in haar dagboek gemaak: ***Ek kan nie glo dat ek soveel werk op myself***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

neem nie! Sy was ook oortuig daarvan dat die studie vir die respondente en selfs ander geskeide mans van waarde kon wees. Om dié rede was sy steeds vasbeslote om haar studie te voltooi, ongeag die eise wat aan haar gestel word.

Navorser het hierdie gevoelens egter gou afgeskud toe prof. Du Preez net soos dr. Schurink positief teenoor die studie gereageer het, en sy besef het dat sy die waarde van die ondersoek sou verhoog indien sy die opvolgonderhoude sou voer.

Sy het gedurende 4 April tot 23 Mei 1991 'n tweede onderhoud met sommige van die geskeide mans gevoer en waardevolle addisionele gegewens bekom. Hoewel sy sekerlik verdere data oor die mans se egskeidingservarings met verdere onderhoude sou kon verkry het, het sy besluit om ten opsigte van die data-insameling hiermee te volstaan. Verskeie oorwegings het tot dié besluit gelei. In die eerste plek het die onderhoude haar baie uitgeput. Sy het moeg gevoel en soms gevoel dat sy nooit daarin sou kon slaag om die baie gegewens wat sy kry te orden en te vertolk nie. Die talle oudiobande wat sy moes transkribeer en veldnotas wat sy moes opstel het dan ook veroorsaak dat 'n gevoel van moedeloosheid haar op 'n stadium oorval het. Die feit dat sy toe ook agter was met die verwerking van drie onderhoude het haar veral ontmoedig. 'n Tweede faktor wat haar laat besluit het om verdere onderhoude op te skort was 'n skuldgevoel wat sy na sekerlik die moeilikste van al haar onderhoude beleef het. Die man het tydens die onderhoud gesê dat hy baie verbitterd teenoor sy vrou was omdat sy volgens hom heeltemal te veel tyd aan haar beroep afgestaan het, en het navorser wat ook so in haar beroep opgaan, met haar vergelyk. Dit het haar geweldig ontstel en na dié onderhoud het sy die volgende in haar dagboek opgeteken: ***Stel ek nie dalk my eie huwelik in gevaar deur so baie uithuisig te wees en dalk te veel tyd aan my studie te bestee nie? ...Dalk is die man reg, dalk is ek te beroepsgeoriënteerd!*** Die skuldgevoel het meegebring dat sy vir veertien dae in vertwyfeling verkeer het en nie aan haar studie gewerk het nie. Haar man het haar veral baie ondersteuning in hierdie periode gebied. Haar studie-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

leier, prof. Du Preez asook dr. Shurink het haar deurgaans aangemoedig.

Dit was aan die einde van hierdie tyd van vertwyfeling dat sy van dr. Schurink terugvoer oor die Metodologiehoofstuk gekry het. Hy het dit deeglik deurgewerk en verskeie veranderinge voorgestel. Hulle het die hoofstuk indringend bespreek waarna sy die nodige veranderinge aangebring het.

7.2.3.5 Menslike dokumente

Tydens verskeie gesprekke wat navorser met dr. Schurink gehad het, het hy daarop gewys dat waardevolle inligting in 'n kwalitatiewe studie bekom kan word deur gebruik te maak van persoonlike dokumente wat subjekte óf vir hul eie gebruik opstel, byvoorbeeld dagboeke, óf wat hulle op versoek en onder leiding van die navorser saamstel. Sy en dr. Schurink het dan ook ooreengekom dat sy tydens die onderhoude met die mans die gebruik van dergelike dokumente met hulle sou aanroer.

Sarel en Floris het oor dokumente van hul egskeidings beskik. Sarel het 'n artikel oor sy egskeiding gehad wat hy vir 'n boek opgestel het. Hy het geen beswaar gehad dat navorser dit lees en dele daarvan in die verhandeling gebruik nie. Floris het twee tipes dokumente getoon, te wete:

- 'n Opstel wat hy in opdrag van 'n psigiater geskryf het en wat oor sy lewe handel vanaf sy babajare tot sy egskeiding; en
- 'n lêer met afskrifte van al die korrespondensie tussen homself, sy vrou en die onderskeie prokureurs wat by hul egskeiding betrokke was.

Navorser het die stuk wat hy geskryf het aan dr. Schurink getoon wat haar aangeraai het om dele daarvan in die studie te gebruik en om die moontlikheid te ondersoek dat Floris ook notas oor sy egskeiding opstel. Sy het dié moontlikheid dan ook met hom bes-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

preek. Sy het riglyne voorgestel vir die skryf van hierdie opstel. In dié riglyne het sy versoek dat hy in sy eie woorde sy gevoelens voor, tydens en na die egskeiding moet beskryf. Hy was geïnteresseerd en het nadat riglyne aan hom verskaf is 'n opstel van tien bladsye geskryf. Vyf ander respondente het ook daarvan melding gemaak dat hulle 'n lêer met korrespondensie rakende hul egskeidings het. Navorser het egter nie dié lêers bestudeer nie aangesien die respondente dit nie tot haar beskikking gestel het nie.

7.2.3.6 Die opvolgonderhoude

Nadat die onderhoude met die vyftien mans gedurende 10 tot 15 Junie 1991 getranskribeer is en hulle intensief bestudeer is, het sy 'n verdere onderhoud met nege van die mans gehad. Verskeie faktore het meegebring dat sy nie met die res van die geskeide ses mans opvolgonderhoude gehad het nie, waarvan die belangrikstes die volgende was: Drie mans (George, Sylvester en Neels) het druk werksprogramme gehad en dit was nie moontlik om verdere onderhoude met hulle te voer nie; Danie en Thys was weens werksverpligtinge op dié tydstip nie in die Pretoria-gebied nie. Hannes is 'n introvert en sou na haar oordeel min inligting in verdere onderhoude kon bied.

Die opvolgonderhoude het wesenlik dieselfde patroon as die eerste onderhoude gevolg behalwe dat navorser haar nie voorgestel het of uitgewei het oor die doel van die ondersoek nie. Die tweede onderhoude was veral daarop ingestel om ontbrekende data oor die respondente se egskeidings en hul ervarings daarvan te bekom. Sy het naamlik 'n lys opgestel van alles waaroor daar nie duidelikheid tydens die eerste onderhoud verkry kon word nie en dit is met die respondent bespreek. Hoewel dit meegebring het dat die opvolgonderhoude meer gestruktureerd verloop het, het sy steeds voorsiening daarvoor gemaak dat die mans enigiets anders wat volgens hul mening van belang was, kon noem deur die volgende vraag aan hulle te stel: ***Is daar enigiets wat u graag sal wil byvoeg?***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Op 17 Julie 1991 is die laaste opvolgonderhoud gevoer. Navorser was baie verlig om uiteindelik al die onderhoude afgehandel te hê. Verder was sy baie entoesiasties oor die gegewens wat sy bekom het en oor die voorlopige interpretasies wat sy gemaak het. Sy was vuur en vlam om met die intensiewe vertolking van die data te begin, maar het tydens 'n onderhoud met dr. Schurink op 27 Julie 1991 besluit om weens die dramatiese veranderinge wat die kwalitatiewe navorsingsontwerp meegebring het, eers die eerste hoofstuk van die verhandeling aan te pas. Dié aanpassings is gedurende Augustus 1991 afgehandel.

7.2.4 **Fase 4: Die ontleding van die data**

Hierdie fase het in Augustus 1991 begin en het geduur tot die voltooiing en inlewering van die verhandeling in Februarie 1992. Dit het die volgende twee hoofbesluitnemingstappe behels:

- Die ontleding van die gegewens; en
- die verifiëring daarvan.

7.2.4.1 Die ontleding van die data

Soos tipies van kwalitatiewe navorsing, het die ontleding van die gegewens al tydens die data-insameling 'n aanvang geneem. Soos reeds aangedui, is telkens na afloop van die onderhoude volledige notas oor hulle opgestel. Benewens die metodologienotas is teoretiese aantekeninge gemaak waarin gepoog is om die mans se persepsies van egskeiding en hul hantering daarvan te beskryf. Die volgende dien as voorbeelde van dié notas: ***Ek kan nie glo dat twee mense wat mekaar so liefgehad het mekaar so ontsettend kan haat nie... Ek dink nie mense besef watter geweldige verlies die egskeiding vir 'n man inhou nie ... bo en behalwe 'n lewens-maat verloor hy ook sy kinders.***

Dit blyk dat 'n egskeiding beslis in fases verloop soos wat Bohannan & Kubler-Ross aanvoer. Die egskeiding kan dus ook beslis met die fases van rou na die dood in verband gebring word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vanaf 18 Augustus tot einde Oktober 1991 het sy al die transkipsies van die onderhoude, die dokumente en die veldnotas intensief deurgewerk. Hoewel sy dit hoogs interessant gevind het, het sy aanvanklik nie geweet hoe om dit te analiseer nie. Nadat dr. Schurink tydens 'n onderhoud gedurende Augustus 1991 haar touwys gemaak het en verduidelik het dat sy as algemene riglyn moet neem die soeke na ooreenkomste en verskille in die data, het sy die eerste gedeelte van die analisehoofstuk geskryf en aan hom voorgelê. Hy het dit deurgewerk en verskeie veranderinge voorgestel wat sy dan ook aangebring het. Sy was baie ingenome met die analise en het gevoel dat waardevolle insigte met die studie bekom is. Sy het die orige deel van die hoofstuk geskryf en nadat sy weer op voorstel van dr. Schurink wysigings aangebring het, het sy die hele hoofstuk op 11 November 1991 aan prof. Du Preez oorhandig. Volgens haar was die bevindinge baie interessant en was sy tevrede met hierdie hoofstuk nadat enkele redaksionele veranderinge aangebring is.

7.2.4.2 Verifiëring van die gegewens

Tydens hulle gesprek op 2 November 1991 het dr. Schurink haar daarop gewys dat dit in kwalitatiewe navorsing baie belangrik is om van die respondente met wie goeie rapport opgebou is, en/of van respondente wat besonder belangstel en kundig is oor die onderwerp te versoek om na te gaan in watter mate die resultate soos beskryf deur 'n navorser, hul lewensituasie weerspieël.

Hoewel sy en dr. Schurink aanvanklik besluit het om drie mans vanuit die respondente te selekteer om sogenaamde lidvalidasies ten opsigte van die studie uit te voer, het sy voorgestel dat al die respondente hierby betrek moet word. Sy het hierop besluit omdat:

- Sy aan die mans tydens die onderhoude die versekering gegee het dat indien verbatim kwotasies van hul vertellinge in die verhandeling gebruik word, sy hul toestemming sou verkry alvorens dit gefinaliseer sou word; en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- sy vanweë die intense betrokkenheid van al die respondente by die ondersoek dit haar plig geag het om die bevindinge daarvan met hulle te deel.

Aangesien navorser ook kontak gehad het met verdere geskeide mans wat nie by die ondersoek betrek is nie, het sy op voorstel van dr. Schurink besluit om twee van hulle te versoek om ook kommentaar op die bevindinge van die studie te lewer.

Uiteindelik het elf van die respondente die navorsingsresultate gekontroleer. Twee respondente, Hannes en Thys, het nie hul weg oopgesien om haar hiermee behulpsaam te wees nie, terwyl die orige twee, Frikkie en Neels, weens werksverpligtinge ten tye van dié beoordeling uitstedig was. Die elf respondente en die twee mans het hul kommentare gedurende November 1991 aan navorser beskikbaar gestel. Uiteindelik was slegs George, Marius, Albert en Sarel se lidvalidasies skriftelik. Hardus, Sylvester en Nico het hul kommentare telefonies verstrek, Frans, Louis en Dawid se evaluasies is tydens onderhoude bekom terwyl beoordeling van Hansie, Neville en Ben met behulp van sowel notas as onderhoude verkry is.

Die kommentare het in sommige gevalle betreklik lywige verslae behels. Nadat navorser die lidvalidasies deeglik bestudeer het en van die evalueerders se opmerkings en voorstelle in die bevindinge-hoofstuk geïnkorporeer het, het sy die verhandeling gefinaliseer (getik, geproeflees, gedupliseer en gebind) en op 10 Februarie 1992 by die Universiteit ingelewer.

7.2.5 **Slot**

Hoewel hierdie uiteensetting van die belangrikste besluite en stappe van die ondersoek nie op volledigheid kan aanspraak maak nie, word vertrou dat dit 'n aanduiding van die doeltreffendheid daarvan bied. Daar word naamlik gehoop dat, soos Schurink (1989: 98-99) dit stel, "...die besluitnemingstappe genoegsaam geëkspliseer is sodat die leser die wetenskaplike geloofwaardigheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarvan kan beoordeel."

Schurink (1989: 99) wys tereg daarop dat kwalitatiewe navorsers vanweë die gebrek aan streng, kontroleerbare reëls, gekonfronteer word met lastige vrae ten opsigte van die gebruiklike standaarde wat vir wetenskaplike navorsing gestel word. Daarom word vervolgens aangedui hoe die onderhawige studie hulle opgelos het.

7.3 DIE GELDIGHEID VAN DIE DATA

7.3.1 Inleiding

'n Kernvraag wat natuurlikerwys na vore kom wanneer gegewens, wat met behulp van kwalitatiewe metodes versamel is, in 'n verslag aangebied word, is: Hoe naby het die ondersoeker aan die lewensituasie en oortuigings van die subjekte gekom? Daar sal dan ook, in wat volg, gepoog word om 'n antwoord op dié belangrike vraag te bied. Dit sal gedoen word deur toeligting van:

- Die belangrikste faktore wat in die studie die geldigheid van die navorsingsresultate bedreig het; en
- strategieë wat tydens die ondersoek aangewend is om sodanige waarnemings te kontroleer.

7.3.2 Remmende Faktore

Die belangrikste faktore wat terselfdertyd die navorsing bemoeilik en die geldigheid van die navorsingsbevindinge bedreig het, was die volgende:

7.3.2.1 Navorsereffekte

Die feit dat navorser, 'n vrou, die studie onderneem het, het soms probleme met die ontsluiting van die inligting geskep. Dit was naamlik duidelik dat hoewel die mans talle verskillende persepsies van en gevoelens teenoor die teenoorgestelde geslag gehad het, háár geslag en huwelikstatus, meegebring het dat hulle

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dit moeilik gevind het om ervarings met haar te deel. Dit is onder meer geïllustreer deurdat van die respondente wat negatiewe opmerkings oor die vroulike geslag gemaak het, geneig was om verskoning vir dié uitlatings aan te bied uit vrees dat hulle haar daardeur kon beledig.

Dat sommige van die mans baie aggressie teenoor hul gewese eggenotes ervaar het, is partykeer deur die navorser ondervind en dit was duidelik dat dié emosie minstens soms op navorser geprojekteer was. Die eerste onderhoud met Frikkie dien as 'n voorbeeld hiervan. Hy het naamlik opgemerk: ***Sy*** (respondent se eertydse eggenote) ***was ook só in haar beroep in soos navorser; lang ure gewerk en ook laat saans eers teruggekom - 'n regte beroepsvrou...*** Afgesien van die feit dat in die lig van sodanige gevoelens daar nouliks van die respondent verwag kon word om eerlik en objektief sy belewenisse van sy voormalige vrou en die egskeiding met 'n vroulike en getroude navorser kan bespreek, het dit tot spanning by navorser gelei. Dié opmerking het, soos reeds vroëer gesuggereer, meegebring dat navorser skuldgevoelens ervaar het. Dit het naamlik daartoe aanleiding gegee dat sy introspeksie oor haar rolle as jong getroude vrou en navorser gehou het wat die studie vertraag het.

Hoewel die feit dat navorser se geslag van dié van die respondente verskil, die navorsing nadelig getref het, is navorser egter ook van mening dat, soos Gurney (1985: 56-57) tereg aantoon, dit tot 'n mate van afstand tussen haar en die respondente gelei het wat kritieke insig rakende die dinamiek van dit wat sy ondersoek het, egskeiding, bevorder het.

Nog 'n effek wat met navorserseienskappe verband hou en wat vermelding verdien, is die feit dat die respondente die navorser minstens aanvanklik met suspisie bejeën het. Die navorser se beeld onder die geskeide mans was tydens die eerste onderhoud dié van 'n vreemdeling. Dié beeld asook die feit dat onderhoudeise dikwels op versoek van die geskeide vrouens verhoog word, het daartoe gelei dat van die respondente haar aan die begin gewan-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

trou het. Hansie het byvoorbeeld tydens die eerste onderhoud wat hulle gehad het haar gewaarsku dat indien sy vir sy vrou sou spioeneer hy sekere stappe sou neem. Hy het naamlik gedreig dat hy nie sou skroom om haar by die Raad van Maatskaplike Werkers aan te gee nie, sodat navorser nooit weer sou kon praktiseer nie. Dit het dan daartoe gelei dat sy gedurende die eerste onderhoude met die mans betreklik baie tyd moes bestee om hulle van haar **bona fides** te verseker. Dié taak is verder telkens bemoeilik wanneer die mans wou weet hoe sy hulle opgespoor het en sy op versoek van haar verwysingsbronne nie hul name bekend kon maak nie.

Die feit dat navorser 'n student, verbonde aan die Universiteit van Pretoria, 'n M.A.-studie onder geskeide mans wou onderneem, en die feit dat sy bereid was om alle identifiserende besonderhede streng vertroulik te hanteer, het egter die deurslag gegee dat die geskeide mans ingewillig het om aan die navorsing deel te neem. (Vgl. Afdeling 6.3.3.3.) Dit beteken natuurlik nie dat hulle nie steeds terughoudend en ontwykend in hul response kon gewees het nie!

7.3.2.2 Subjekeffekte

In die algemeen beskou, verwys subjekeffekte na die invloed wat kenmerke, soos byvoorbeeld, geslag, ouderdom en ras en oriëntasies van diegene wat by 'n ondersoek betrek word, op die resultate het.

Die enkele vernaamste subjekeffek in die huidige ondersoek wat met die uitwerking van onderhoudvoerdereienskappe verband gehou het, is die feit dat vrae gestel moes word oor 'n aangeleentheid wat terselfdertyd traumaties en uiters persoonlik was. Dit blyk uit dié feit dat van die respondente ten tye van die onderhoude nog baie emosioneel was en nog nie daarin kon slaag om hul egskeidings te verwerk nie. Dit het dan ook meegebring dat navorser van die mans eers moes help om hul emosies onder beheer te kry voordat met die onderhoud voortgegaan kon word. Afgesien

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van waardevolle tyd wat op die wyse verlore gegaan het, het dié hulp die navorser emosioneel baie vermoei.

Ander bekende subjekeffekte soos geheue-afname, die alwetendheid-sindroom, ondersoekversadiging en rolseleksie het nie tydens die data-insamelingsproses na vore getree nie. (Vgl. Mouton & Marais, 1985:86-87.) Dit beteken natuurlik nie dat hulle nie aanwesig kon gewees het en invloed op die navorsingsresultate kon gehad het nie.

7.3.2.3 Kontekseffekte

Mouton & Marais (1985:89) gee die volgende omskrywing van kontekseffekte, naamlik: "Wanneer van die navorsingskonteks gepraat word, kan 'n onderskeid getref word tussen die breëre tydruimtelike konteks, soos deur historiese, sosiopolitieke en ekonomiese faktore bepaal, en die engere navorsingsituasie (research setting) waarbinne die onderhoud of eksperiment of waarneming geskied". Daar word dus na die tydruimtelike en die navorsingsituasie gelet.

Betreffende die meer spesifieke navorsingsituasie het die onderhoude plaasgevind soos reeds aangetoon:

- By die respondent se privaatwoning;
- by sy werkplek; of
- in prof. Du Preez se kantoor by die Universiteit van Pretoria.

Die navorsingslokaliteit was in die eerste twee gevalle vir navorser onbekend terwyl dit in die laaste geval nie vir die respondente bekend was nie. Die plek van data-insameling kan dus nie as neutraal beskou word nie. Daar is reeds aangetoon hoe onderhoude aan die respondent se privaatwoning spanning by navorser teweeggebring het. Hoewel die invloed van die Universiteitskantoor op sowel die respondent se beskouing van sy rol tydens die onderhoude as op sy response nie vasgestel kon word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie, kan aanvaar word dat dit verskillend sou wees indien die gesprekke by sy huis sou plaasgevind het. Die verskille in sowel die navorser as die respondente se rolle het gevolglik die ingesamelde data beïnvloed.

7.3.2.4 Meetinstrumenteffekte

Dit is die ideaal om in kwalitatiewe navorsing die lewensituasie van die respondente so akkuraat en werklikheidsgetrou moontlik te herskep. Die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoude in dié huidige studie was beperkend. Hoewel, soos reeds beskryf, die mans tydens dié onderhoude die geleentheid gehad het om aspekte van hul egskeidingservarings wat vir hulle van belang was, vas te stel, was die tyd wat aan hulle gegun was om dit te doen baie beperk. Dit was dus onmoontlik vir hulle om selfs die vernaamste gebeure, gevoelens, houdings en persepsies rondom die egskeiding weer te gee. Hierbenewens het die vrae wat na aanleiding van die relevante literatuur aan die mans gestel was, meegebring dat hul response rondom die vrae gesentreer het en nie noodwendig om dit wat vir hulle van belang was nie. Kortom, daar is inbreuk gemaak op hul eie ervarings van egskeiding.

Ook die gebruik van 'n oudioband tydens die onderhoudsituasie het die data wat versamel is redelik negatief beïnvloed. Hoewel al die respondente ingestem het dat die gesprekke op oudioband vasgelê kon word, was dit duidelik dat hulle tydens die onderhoude maar te bewus van die bandmasjien was. Dié hulpmiddel was veral steurend wanneer intiem-persoonlike sake bespreek is of wanneer die oudiobande omgedraai of vervang moes word. In laasgenoemde geval is die mans se gedagtegange dikwels verbreek en kon hulle nie by heraanskakeling onthou waaroor hulle vroeër gepraat het nie.

Ten slotte het eksterne onderbrekings en steurings soos telefoon-oproepe en die aanwesigheid van musiek in die vertrek waar die gesprekke plaasgevind het, probleme geskep. Die musiek is uiteraard ook op die bande vasgelê wat die transkribering daarvan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

baie bemoeilik het. Wat die onderbrekings betref, het dit, afgesien van die feit dat die respondent in sy vertelling onderbreek is, in enkele gevalle gebeur dat navorser by voortsetting die gesprek nagelaat het om die oudioband aan te skakel. Dit het uiteraard meegebring dat belangrike data verlore gegaan het.

7.3.3 **Strategieë om die steuringsveranderlikes te bekamp**

Hoewel alle moontlike waarnemingseffekte wat in die huidige ondersoek 'n invloed op die navorsingsresultate kon gehad het, nie geïdentifiseer kon word nie, en dié wat wel afgebaken is uiteraard nie geheel en al uitgeskakel kon word nie, is getrag om hulle sover moontlik te kontroleer. Vanweë die klem op 'n kontekstuele navorsingstrategie is in die onderhawige ondersoek van vyf strategieë gebruik gemaak om akkurate resultate, dit wil sê bevindings voort te bring wat in ooreenstemming is met die lewensituasie van die subjekte. Hierdie strategieë word vervolgens toegelig:

7.3.3.1 Opbou van rapport

Daar is, soos reeds aangedui, sover moontlik gepoog om die vertroue van die geskeide mans te wen. Die feit dat die mans, namate die gesprekke gevorder het, meer op hul gemak voorgekom het en geneë was om intiem-persoonlike inligting aan navorser toe te vertrou, asook die gunstige persepsies wat hulle van die ondersoek gehad het, regverdig die afleiding dat betreklik goed hierin geslaag is. (Vgl. Bylaag 3.)

7.3.3.2 Versekering van anonimiteit

Aangesien dit reeds reg aan die begin van die ondersoek duidelik was dat egskeiding 'n baie sensitiewe onderwerp vir navorsing is, is alles in werking gestel om te verseker dat die geskeide mans se identiteite in die studie beskerm sou word. Die respondente is dan ook reeds voordat die onderhoude 'n aanvang geneem het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarvan verseker dat alle identifiserende inligting wat hulle sou verskaf deur sowel die navorser as deur die studieleier en metodoloog vertroulik gehanteer sou word en dat die data in die verhandeling só aangewend sou word dat die mans anoniem bly.

Verder is aan die mans beloof dat geen inligting wat deur hulle verskaf is, gepubliseer sou word sonder dat hulle die geleentheid gehad het om dit te bestudeer en goed te keur nie. Al vyftien mans het dan ook, soos verder sal blyk, die hoofstuk waarin die resultate van die ondersoek uiteengesit word deurgewerk en hulle daarvan vergewis dat die skuilname wat vir hulle gekies is in orde is. Hierbenewens het hulle ook enkele wysigings aangebring aan verbatim kwotasies uit hul onderhoude of dokumente.

7.3.3.3 Bereidwilligheid van geskeide mans om aan die ondersoek deel te neem

In 'n poging om die invloed van veral moontlike subjekeffekte in die onderhawige studie na te gaan, en die geldigheid van die navorsingsbevindings enigsins te raam, is die respondente versoek om redes te verstrek waarom hulle bereid was om aan die ondersoek deel te neem. Dié redes verskyn in bylaag 4. Die meerderheid van die geskeide mans het genoem dat hulle hul samewerking gegee het omdat hulle navorser met haar studie wou help, terwyl heelparty redes vir deelname verstrek het wat verband hou met óf die begeerte om die breë samelewing aangaande die man se ervarings van egskeiding in te lig, óf met die oortuiging dat die studie voordelig is en dat daar geen rede is waarom nie daaraan deelgeneem kan word nie. Die ander motiewe het te make met die behoefte om ander persone in dieselfde bootjie te help, om self hulp te ontvang en om vas te stel waarom 'n ondersoek oor die geskeide man onderneem word.

7.3.3.4 Kruisvalidasie

Intermetodiese kruisvalidasie dui op die gebruik van meerdere metodes van data-insameling om die geldigheid van die navorsings-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

resultate te verhoog. In die verband meld Mouton & Marais (1988:90) die volgende: "Op 'n vry algemene vlak, behoort die navorser as breë riglyn te aanvaar dat die insluiting van meerdere data-insamelingsmetodes in sy navorsingsontwerp die geldigheid van die waarneming sal verhoog". Met hierdie oorweging in gedagte is in die onderhawige studie van drie metodes van data-insameling gebruik gemaak, naamlik:

- 'n Literatuurstudie;
- onderhoudsvoering, aanvanklik ongestruktureerd en later semi-gestruktureerd; en
- menslike dokumente, sowel gevraagde as ongevraagde dokumente.

Die aanwending van hierdie metodes het meegebring dat die nadele van 'n enkele data-insamelingsmetode deur ander metodes wat nie dieselfde ingeboude tekortkominge het nie, geneutraliseer kon word. So is die betreklik hoë mate van reaktiwiteit van onderhoudvoering - die feit dat die respondent bewus is daarvan dat hy bestudeer word en daarop reageer - deur die gebruik van die dokumentêre bronne gekorrigeer.

7.3.3.5 Lidvalidasie

Marais (1989: 2-26) stel dat lidvalidasie breedweg daarop neerkom dat 'n navorser sy resultate voorlê aan kundiges en/of respondente met wie goeie rapport opgebou is, met die versoek dat hulle moet aantoon hoedanig dié resultate hul lewensituasie weerspieël.

In die onderhawige studie is dan ook, soos reeds aangedui, aanvanklik besluit om slegs 'n paar van die respondente te versoek om die navorsingsresultate te beoordeel. Daar is egter na afloop van die studie besluit om al die respondente by dié evaluering te betrek. Daar is naamlik geargumenteer dat aangesien die mans, soos ooreengekom, die bevindinge van die ondersoek moes goedkeur alvorens dit as deel van die verhandeling versprei kon word, hulle almal gevra kan word om dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

terselfdertyd te evalueer. Hierbenewens het dit geblyk dat bykans al die respondente, net soos die navorser, begerig was dat die man se "ware" belewenisse van egskeiding vasgestel en beskryf moes word.

'n Afskrif van die bevindinge-hoofstuk (Hoofstuk 8) is dan ook aan die respondente oorhandig tesame met 'n brief wat in bylaag 5 verskyn, waarin versoek is dat:

- Alle inligting wat deur hulle verskaf is asook verbatim aanhalings daaruit nagegaan moes word ten einde te verseker dat dit korrek is; en
- kommentaar gelewer moes word of dit 'n realistiese beskrywing bied van egskeiding soos deur hulle beleef.

Soos reeds beskryf, het elf van die respondente tesame met twee geskeide mans wat nie aan die studie deelgeneem het nie, die navorsingsbevindings geëvalueer. Hul kommentare word in bylaag 6 vervat waarin dit baie duidelik is dat hulle ooreenstem dat dié bevindinge afgesien van die volledigheid en interessantheid daarvan, 'n akkurate en getroue weergawe bied van egskeiding soos hulle dit self beleef het.

Alvorens afgestap word van die beoordeling van die geldigheid van die navorsingsresultate, is dit belangrik dat die volgende deurgaans in gedagte gehou sal word: Hoewel belangrike insigte aangaande:

- Mans se belewing en hantering van die egskeidingsproses;
- geskeide manse se wetlike posisie en ander probleme; en
- moontlike inhoude vir beraad aan geskeide mans van die respondente verkry is,

het sekere praktiese probleme meegebring dat die **sosiale realiteit van geskeide blanke Suid-Afrikaanse mans nie volledig beskryf kan word nie.** Die navorser is egter daarvan oortuig dat daardie gedeelte van die werklikheid wat in terme van die onderhawige ondersoek van belang is outentiek en volledig genoeg

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beskryf is om 'n tipering van die studie as **verkennend-beskrywend** te regverdig.

7.3.4 Samevatting

Die doel van hierdie hoofstuk was tweeledig. Eerstens is die belangrikste besluite wat tydens die praktiese uitvoering van die ondersoek geneem is, chronologies weergegee. Tweedens is aangetoon hoe in die huidige studie gepoog is om waarnemings-effekte sover moontlik aan bande te lê ten einde optimaal geldige data te bekom.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

HOOFSTUK 8

DIE LEWENSITUASIE VAN DIE GESKEDIE MAN

8.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die ervarings van die respondente onder die loep geneem. Meer spesifiek gestel, daar word stilgestaan by:

- Die proses van egskeiding;
- die veranderlikes wat na-egskeidingsaanpassing beïnvloed;
- die gevolge van egskeiding;
- emosionele ervarings na afloop van die egskeiding;
- die effek van egskeiding op die verhoudingslewe van die mans;
- die mans se ervarings en persepsies van terapeutiese hulpverlening; en
- ander insigte.

Alvorens die lewensituasie van die geskeide mans beskryf kan word, is dit noodsaaklik dat hul agtergrondskenmerke asook die tydperk wat hul geskei is, kortliks aangestip word.

8.2 SOSIO-DEMOGRAFIESE EIENSKAPPE VAN DIE RESPONDENTE EN DIE TYDPERK WAT HUL GESKEI IS

Die agtergrondskenmerke van die respondente verskyn in Tabel 3.

TABEL 4: AGTERGRONDSKENMERKE EN EGSKEIDINGSTYDPERK VAN ONDERSOEK-GROEP

Respondente	Ouderdom	Aantal jare/mnde getrou	Kinders	Onderwyspeil	Beroep	Aantal jare/mnde geskei
1.George	30	1jr	geen	BA	Finansiële adviseur	5jr 4md
2.Hardus	30	1jr 10md	geen	Dipl. Metalurgiese Ingenieurswese.	Kwaliteitkontroleur	3jr 2md
3.Nico	26	1jr 10md	1 dogter	St. 10 3jr Dipl.	Assistent-Rekenmeester	1jr.7md

Tabel vervolg

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tabel vervolg

Respondente	Ouderdom	Aantal jare/mnde getroud	Kinders	Onderwyspeil	Beroep	Aantal jare/mnde geskei
4.Hansie	24	9 maande	geen	St.10	Polisiebeampte	1jr 1md
5.Sarel	53	16jr	2 dogters	BCom,SOD, BEd,BTA, LIS TOL; MTH DED.	Senior Lektor	16jr
6.Floris	46	18jr10md	3 dogters 1 seun	BA,BD,-Dipl. Tegnologie	Skakelbeampte	3jr 4md
7.Hannes	35	9jr 2md	2 dogters	BA	Argitek	2jr 2md
8.Dawid	36	7jr 2md *2jr 8md	1 seun 1 dogter	St.10	Snr.Versekeringsadviseur	7jr 1md *1jr
9.Sylvester	33	7jr	geen	BA, BD, B.Admin	Senior Personeelbeamp-te	2jr 6md
10.Louis	39	15jr 4md	1 dogter 1 seun	NDK,BCom	Koste-Rekenmeester	3 md
11.Neville	40	17jr 4md	2 seuns	Nas.dipl. in Kuns en Ontwerp	Beheer: Nywerheidstegnikus: Asst. Direkteur	3jr 4md
12.Albert	28	1jr 11md	geen	MBchB	Geneesheer	1md
13.Marius	36	6jr	2 dogters 1 seun	St. 8	Motorwerktuigkundige	1jr
14.Frikkie	51	13jr	1 seun 1 dogter	BCom	Personeelbestuurder	10jr
15.Neels	29	6jr	geen	St. 8	Stoorman	7md

* Tweede huwelik

Uit dié tabel blyk die volgende:

- Die ondersoekgroep se ouderdomme het gewissel van 24 jaar tot 53 jaar;
- die periode van geskeide lewe het gewissel van 3 maande tot 10 jaar;
- die periode van getroude lewe het gewissel van 9 maande tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

11 jaar.

8.3 DIE SOSIALE WERKLIKHEID VAN DIE RESPONDENTE

8.3.1 Inleiding

Uiteraard is daar 'n ryke verskeidenheid egskeidingsbelewenisse wat bespreek kan word. In die onderhawige ondersoek het die volgende egter veral na vore gekom:

- Die redes of oorsake van egskeiding;
- die verloop van die proses;
- sekere belangrike veranderlikes of stressors;
- gevolge van egskeiding; en
- die mans se ervarings en persepsies van terapie.

8.3.2 Redes vir egskeiding

'n Besondere dimensie van geskeide mans se beleweniswêreld, wat uiteraard van groot belang vir voorkomingstrategieë is, is hul siening van die faktore wat 'n rol in die egskeidingsproses gespeel het.

Die respondente het tydens die onderhoude en in hul sketse 'n hele aantal uiteenlopende redes vir hul egskeidings aangevoer. Aanduidings hiervan word in die volgende aanhalings gevind:

- Louis: *...die grootste oorsaak van die probleem of oorsake van die egskeiding was ons verskillende agtergronde. Haar vader het selfmoord gepleeg en my skoonma was 'n alkoholis. Na ons twee jaar getroud was, het my vrou reeds 'n verhouding aangeknoop met een van my gholfvriende. Daar was baie aanduidings dat sy uit die huis uit is oor 'n man met wie sy 'n verhouding gehad het. 'n Maand na sy uit is, het dié man se vrou my gebel en gemeld dat haar man ook weg is en dat dié twee saamwoon. Ons siening van die lewe verskil ook drasties. Sy is onverantwoordelik en kan nie*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

dissipline, rakende die kinders, handhaaf nie.

- George: *...ons was baie jonk, ek was 22 jaar oud; ek dink nie ons was volwasse genoeg om 'n huwelik te hanteer nie. As skakelbeampte was ek ook baie weg van die huis. Die grootmense sou sê dis nie baie gesond vir so 'n jong huwelik nie; ek kon nie anders nie.*
- Nico: *...sy het toe erken sy het 'n verhouding gehad. Daar was 'n groot argument. Ek wou nie skei nie en het dit so verduidelik...*
- Sarel: *...twee partye tree in die huwelik en slegs in uitsonderlike gevalle kan een party sê hy of sy is volkome onskuldig in die verbrokkeling daarvan.* Hierdie respondent het gemeld dat hulle van meet af aan nie aanpasbaar was nie, dat 'n egskeiding onvermydelik was. Die huwelik het egter meer as 20 jaar geduur.
- Neville: *...ek dink ons het weg van mekaar geleef en om daardie rede was daar geen kommunikasiekanaal nie, ook nie die wil om die kommunikasiekanaal oop te stel nie, en dit het net van sleg tot slegter gegaan. Op daardie stadium was dit totaal onmoontlik om enige positiewe kontak op te bou. Ek het die probleem aangespreek en sy ook op haar beurt, maar ons het nie bymekaar uitgekom nie. Daar was geen wil meer om aan te gaan nie.*
- Sylvester: *Ek het voor die huwelik besef ek maak 'n fout, maar ek het voortgegaan ten spyte daarvan. Daar was tekens wat gewys het dit gaan nie werk nie. Byvoorbeeld die feit dat ons verskillende persoonlikhede het, sy was baie jaloers en besitlik en "beweeg baie uit".*
- Floris: *Ernstige rusies van tyd tot tyd as gevolg van absolute onredelikheid by haar wanneer sy verkeerd optree, waarop ek weer met onredelikheid gereageer en haar met geweld van haar standpunt afgeforseer het. Sy het dit met 'n vriendin bespreek met wie sy so 'n ongesonde verhouding gehad het dat die gemeenskap dit as lesbies beskou het. Dié het haar geadviseer om nie Christelike oplossings vir ons probleme te soek nie, maar egskeiding, natuurlik omdat sy haar vir haarself wou opeis. Sy het gevolglik die*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Christelike pad verlaat, en die onchristelike weg van bitterheid, vyandskap, absolute onversoenlikhied en egskeiding, in plaas van die Christelike weg van berading, vergifnis, versoening en herstel gevolg.

- Hansie: *Ons het baie gebaklei, baie argumente in die huwelik gehad en ons kon die probleme nie uitpraat nie. Daar was ook negatiewe invloed van haar moeder en suster.*
- Dawid: *My eerste huwelik: my kortsigtigheid en tonnelvisie; my eggenote se onvermoë om my tipe werk te verstaan - ongereelde ure.* (Die respondent is 'n versekeringsadviseur). *My tweede huwelik: My eggenote se onvolwassenheid, gedwonge huwelik, dit wil sê my "vrou" was swanger en baie jonk (21 jaar oud). Ek is reeds 36 jaar oud.*
- Albert: *Sy wou alleen wees. Sy het nie kans gesien vir die sogenaamde "commitment" van die huwelik nie. Sy wou nie kinders hê nie omdat dit haar loopbaan en beroep sou skade doen. Al hierdie aspekte is egter nie die redes wat op die dagvaarding verskyn het nie!*
- Hannes: *Wyd uiteenlopende belangstellings en finansiële waardes. Ek het te veel en te hard gewerk om te besef dat my vrou besig was om van my af weg te dryf. Hierbenewens het ek 'n verskiklik bemoeisieke skoonma gehad.*

8.3.3 **Egskeiding as proses**

8.3.3.1 Egskeidingsfases

Wanneer die modelle van die egskeidingsproses in oënskou geneem word, blyk dit uit die verkreë materiaal dat al die respondente een of meer van die stadia wat in die literatuur onderskei word, deurloop het. Vervolgens word hierdie fases van naderby beskou.

8.3.3.1.1 Die besluitnemingsfase

Wanneer gekyk word na die respondente se emosionele belewenisse tydens die egskeidingsproses, word 'n stadium waargeneem waartydens besluit is om die eg te verbreek. Drie tipes

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"voorbereidings" het naamlik na vore gekom en sien soos volg daaruit:

- Die respondent het die besluit om te skei geïnisieer;
- die twee egliede het die moontlikheid van 'n egskeiding bespreek en gesamentlik daarop besluit; en
- die respondent was geheel en al onvoorbereid en het geen kennis van die egskeiding gedra nie.

Wanneer die eerste soort voorbereiding onder oë geneem word, blyk dit duidelik dat die eggenoot reeds 'n geruime tyd die gedagte om te skei oorweeg het. In hierdie studie het twee van die respondente die besluit geïnisieer. Een van die respondente, Sylvester, 'n predikant van beroep, het reeds drie jaar voor die egskeiding in 'n ander studierigting gestudeer om hom vir 'n ander professie te bekwaam. Hy stel dit soos volg: ***...ek het lank reeds geweet dit gaan nie werk nie en dat ons op die ou end sou skei. Ek het dit geïnisieer...ek was voorbereid maar dit was steeds erg...***

In die geval van sewe respondente is die moontlikheid van 'n egskeiding tussen die egliede bespreek en was albei dus daarvan bewus dat die verhouding sou doodloop. Hoewel hierdie egpare gereeld die moontlikheid van 'n egskeiding bespreek het en dit 'n gesamentlike besluit was, het slegs een van die partye tot die finale stap oorgegaan. Dit was naamlik om fisies die huis te verlaat of die egskeiding by die prokureurs aanhangig te maak. In hierdie verband noem Neville die volgende: ***...ek het nie meer kans gesien om daardie valsheid*** (ongelukkige huwelik) ***nog verder voort te "bluff" nie. Op die ou end is dit net 'n materiële band wat die hele "set-up" aan mekaar hou en as 'n mens verlief neem vir die materiële verlies, ter wille van die "reality of life" van albei kante en die kinders, het ons besluit dit is die beste om te skei en daardie besluit was wedersyds. Ek sou eers die einde van die jaar die huis verlaat ... die situasie was onuithoudbaar, ek het die huis 'n paar maande voor die werklike afhandeling van die egskeiding verlaat.***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit die gegewens blyk dit dat die respondente wat uiteindelik daadwerklik tot die verbreking van die huwelik oorgegaan het, dit sowel fisies as emosioneel steeds baie moeilik gevind het.

Albert gee sy mening aangaande hierdie fase in die volgende stelling weer: ***Reeds by dié fase is dit te laat om 'n huwelik te red. Dit is myns insiens die belangrikste fase en as jy reeds hier verby is, is daar nie meer 'n ommekeer nie. Die party wat tot hierdie stap oorgaan, is meestal ook die dagvarende party.***

'n Derde groep respondente (ses gevalle) het glad nie die egskeiding geïnisieer of bespreek nie, was nie daarop voorberei nie en het die situasie as uiters traumaties beleef. Drie van hierdie respondente het hul belewenisse in dié verband soos volg beskryf:

- George: ***...maar nou het ek haar gebel, gesê ek kom. Ek verlang en alles. Alles is pragtig ... terwyl ek met haar praat, klink dit so snaaks, so asof jy in 'n saal praat maar ek dog toe dis maar 'n telefoonhokkie. Ek het die Sondagmiddag so vyf uur hier*** (by die huis) **aangekom en toe ek in die "duplex" inkom, loop ek in 'n dolleë plek in, toe is daar nie 'n mens nie, nie 'n meubel nie, nie 'n bed nie, niks, niks, niks nie, toe is dit asof die plek net klaar gebou was. Al wat daar was, was my klere in die kas, dis al ... ek het nie geweet wat aangaan nie...**
- Nico: ***Ek het nie in my verste gedagtes gedink so iets sou gebeur nie. Ons het selfs gedink om so gou moontlik met 'n gesinnetjie te begin. Ek kon nie verstaan dat alles so gou verby is nie...***
- Dawid: ***Ek het nie besluit om te skei nie, inteendeel ek het, omdat ek tonnelvisie gehad het, geglo alles was "hunky dory". Ek het 'n lekker huis in 'n goeie voorstad, my vrou het alles wat sy wil hê, sy het nou weer 'n nuwe karretjie, ek het mooi meubels, met ander woorde, ek was uiters materialisties. Die laaste tyd voor die egskeiding het sy knaend by haar ma gekuier en ek het aangeneem sy is dié dag***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> ***ook by haar ma. Sy het saam met haar broer daar*** (egpaar se woning) ***aangekom. Ek sien toe sake is nie lekker nie. Ek vra toe waarheen sy was as sy so mooi aangetrek is. Sy sê toe ek het jou gedagvaar vir 'n egskeiding! Dit was vir my 'n geweldige slag. Ek het dit nie eers vermoed nie, jy weet, nie eers vermoed nie...***

Uit die gegewens is dit duidelik dat die respondente wat nie op die egskeiding voorberei was nie, talle onbeantwoorde vrae aangaande hul situasie gehad het. Daar was naamlik heelwat onsekerheid en in 'n poging om dié onsekerheid op te klaar het van die respondente probeer om met hul vrouens kontak te maak. In dié gevalle waar sodanige pogings misluk het, is familielede, veral die skoonma, en vriende genader. George het hom in dié verband soos volg uitgelaat: ***Ek bel toe uit die aard van die saak vir my skoonma. Al wat sy toe sê, is Annatjie wil nie meer by jou wees nie. Ek het nie 'n sê in die ding gehad nie. Ek het drie weke haar probeer opspoor maar ek kon dit nie regkry nie.***

Dit het dan ook geblyk dat alhoewel sommige van die familie en vriende kennis gedra het van die vroue se doen en late, hulle aanvanklik nie bereid was om dit met die respondente te deel nie. Hierdie onsekerheid het die intensiteit van die emosionele trauma uiteraard verder verhoog.

Daar moet ten slotte beklemtoon word dat alhoewel drie verskillende tipes voorbereiding onderskei is, dit die respondente nie van die traumatiese belewing van die egskeiding gevrywaar het nie. Wat dergelike voorbereiding wel meegebring het, is dat die geskeide mans in sekere opsigte die egskeiding minder intens beleef het, aangesien hulle sekere voorsorgmaatreëls kon tref. Behuising of terapeutiese hulpverleningsessies kon byvoorbeeld gereël word. Dus kon dié mans hulle fisies en geestleik voorberei op die egskeiding.

8.3.3.1.2 Die voor-egskeidingsfase:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Alhoewel die fisiese verlating 'n goeie aanduiding van die voor-egskeidingsfase bied, was dit in die onderhawige ondersoek nie moontlik om presies vas te stel wanneer die "emosionele verlating" 'n aanvang geneem het nie. Dit blyk egter dat die respondente in retrospeksie meen dat die emosionele skeiding reeds 'n geruime tyd, selfs so lank as 'n aantal jare, voor die fisiese verlating begin het.

In die ondersoek is gevind dat van die fases oorvleuel en dat dit moeilik is om die grense van die stadia te bepaal. Nogtans is dit betreklik duidelik dat die fisiese verlating in die meeste gevalle die werklike egskeiding voorafgegaan het. In slegs een geval het die eggenote in die huis gewoon tot en met die afhandeling van die wetlike egskeiding. In die orige veertien gevalle het die vrou die huis fisies verlaat voordat die wetlike proses afgehandel was.

Dit blyk dat die fisiese verlating dikwels uitgestel word. Vier van die geskeide mans het naamlik in 'n poging om hul huwelik te red die fisiese verlating vertraag. Die volgende gedeelte uit die onderhoud met Dawid bied 'n goeie beskrywing hiervan: ***Nadat sy gesê het ons skei, sê ek vir haar dat sy alles kan kry, sy moet net nie weggaan nie. Ons kan skei, sy moet net nie uit Pretoria, uit die huis uit weggaan nie. ...Op grond daarvan ... ons het nog 'n maand saamgewoon voor ons geskei is ... ek het dit "kwaai" uitgerek want ek besef toe ek gaan nou alles verloor. Ek het 'n prokureur geraadpleeg en ons het vriende geraak ... elke skoot het hy dan fiktief 'n beswaar teen die ooreenkoms ingebring ... en dan is dit weer tien dae, hofdae ... so het ek die egskeiding uitgerek.***

Drie van die respondente het op die moontlikheid van 'n proefverlating gewys. Dié mans het naamlik gereken dat 'n proefverlating 'n beter oplossing as 'n egskeiding sou bied omdat die egskeiding dan nie gefinaliseer sou word nie. Hardus laat hom in dié verband só uit: ***...ek het gedink dis bietjie drasties om dadelik te skei. Miskien moes ons eers net apart woon as om dadelik te***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skei; dit is te vinnig, te finaal. Vir 'n lang periode net apart te bly. Sy sou dan nie geskei het nie, want sy het gesê sy is spyt daaroor.

In die geval van twee van die mans het hul vroue, wat op die egskeiding besluit het, hul wonings fisies verlaat, maar voordat die egskeidings wetlik voltrek was, weer daarheen teruggekeer. Sarel meld die volgende hieroor: ***Ek het toe na sy weg is, alles in die stryd gewerp om haar terug te kry. Dit was weer 'n stuk oneerlikheid, maar ek kon nie met die kinders breek nie... Om die kinders terug te kry het ek alles in die stryd gewerp. Na ses maande het sy te kenne gegee sy kom terug. Ek dink sy was ook in 'n absolute warboel. Sy wou ook skei maar alles was vir almal net te veel. As ek nou moet probeer dink wat kon gebeur het ...Sy het net in Desember hier aangekom en te kenne gegee sy gaan weer weg. Sy was so 'n maand hier en toe het sy weer weggegaan ... Ek het soos Nebikadneser wat die gras wou eet, gevoel. Ek was plat, ek het regtig nie meer gelewe nie, nog net bestaan. Ek kon nie 'n minuut met myself saamlewe nie, die stilte het my gek gemaak...***

Dit val op dat al vyftien geskeide mans na hul egskeidings wetlik voltrek was weer met hul eggenotes kontak gehad het. Twee van die respondente oorweeg dit selfs om weer in die huwelik te tree. Hierdie insiggewende bevinding word uitvoerig onder die opskrif "Die verhouding van die egliede na afloop van die egskeiding" bespreek.

Verskeie emosionele en praktiese dimensies vorm uiteraard deel van die voor-egskeidingsfase. Vervolgens word hierby stilgestaan:

- <u>Emosionele gewaarwordinge</u>

  Indien die respondente wat uitgewy het oor dié voorbereidingsfase, se beskrywings ontleed word, blyk dit dat die geskeide mans 'n wye reeks emosies ervaar het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Agt van die vyftien respondente het genoem dat hulle pyn, smart en verlies beleef het toe die moontlikheid van 'n egskeiding 'n werklikheid geword het. Die volgende uittreksels uit die gevraagde sketse en uit onderhoude bied 'n betreklik goeie beskrywing van dié gevoelens:

* ***Gevoel van absolute verplettering, die lewe alles aan skerwe. Diep belewing van pyn, smart, verlies soos met die dood van my een kind - net erger, want nou was ek alleen, anders as met die dood van ons baba, en ek is beroof van my vrou en al vier ander kinders. Ek het gevoel soos 'n lewende lyk.*** (Floris).
* ***Jy huil in teleurstelling en in magteloosheid en jy besef dat die realiteit van die egskeiding onafwendbaar is.*** (Sarel).

Vier van die respondente het melding gemaak van 'n gevoel van hoop. Albert stel dit soos volg: ***As verweerder sit jy met ontkennings in jou gemoed en steeds blywende hoop en vertroue dat dit tog sal herstel. Dit is dikwels 'n gevoel van "dis nie verby voor dit nie verby is nie".***

Drie van die respondente het die laaste twee tot drie maande voor die egskeiding in aparte kamers geslaap. In al drie gevalle was dit op aandrang van die gewese vrou. Hardus het dié reëling soos volg beleef: ***Ongeveer een en 'n halwe maand voor ons egskeiding het ons, op haar aandrang, in aparte kamers gewoon, dit was vir my moeilik maar dit het tog gehelp om die finale egskeiding te vergemaklik.***

- Die fisiese egskeiding

Wat die fisiese verlating van die wonings betref, het verskeie belangrike insigte in die studie na vore gekom. Die finansiële posisie van die gesin voor die egskeiding het tydens die egskeiding 'n kardinale rol gespeel. Ses van die mans in wie se name die woning geregistreer was,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het naamlik daarin aangebly. Nico het weens finansiële oorwegings oorweeg om na 'n jeugtuiste te verhuis. Hy het egter besluit om in sy woonstel, op sy naam geregistreer, aan te bly. Neville wie se huisverband in sy gewese vrou se naam geregistreer was, moes die woning verkoop. Hy het slegs 'n persentasie van die verkoopprys ontvang en het 'n periode lank by vriende gewoon. Hy het egter na afloop van 'n paar maande 'n kleiner huis gekoop. George moes as gevolg van geldelike probleme die woning waarin hy en sy gewese vrou gewoon het, verkoop en saam met 'n vriend 'n kleiner woonstel betrek. Sylvester moes na die egskeiding die pastorie waarin hy en sy gewese eggenote gewoon het, ontruim en in 'n duplex intrek (hy het naamlik van die platteland na die stad verhuis). Floris se huis is 'n paar maande lank verhuur alvorens dit verkoop is. Hy het twee jaar by sy suster geloseer voordat hy 'n duplex gekoop het. Sy seun het sedertdien by hom kom woon.

Hoewel Nico in wie se naam die woonstel waarin hy en sy gewese vrou gewoon het, geregistreer was, nie nodig gehad het om dit na die egskeiding te verlaat nie, was daar addisionele uitgawes en dit was nie vir hom maklik nie: ***Die woonstel was ook emosioneel, ons het hier gebly - ons was getroud en July, (hulle dogtertjie) is hier gebore...***

Die oorblywende vier respondente het nie 'n huis of woonstel nie maar in gehuurde wonings gewoon waarvan die huur na die egskeiding opgesê is, en sowel hulle as hul gewese vrouens moes nuwe woonplekke vind. Slegs een van die respondente, Hansie, het na sy egskeiding teruggetrek na sy ouers by wie hy 'n woonstel op hul erf gehuur het. Hy het hierdie "terugkeer" egter baie negatief beleef aangesien hy toe weer deur sy ouers as 'n kind aangesien is.

Benewens die finansiële implikasies het die respondente sonder uitsondering die fisiese egskeiding besonder moeilik ervaar. Dit het alles behalwe vlot verloop en van die mans

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

het vertel dat hulle ook "afskeid" geneem het van fisiese objekte soos die tuin. Neville wat die huis waarin hy en sy gewese vrou gewoon het moes prysgee, daar die verband op haar naam geregistreer was, skets hierdie traumatiese ervaring soos volg: ***Dit was amper vir my meer 'n sterker emosionele afbreekpunt om van die tuin, die natuurlike, afskeid te neem en ek het fisies, in November 1988, een dag deur die tuin gestap - dit maak my die meeste bewoë*** (hy was ook tydens die onderhoud baie bewoë) ***en het afskeid geneem waar ek met die plante die breuk gemaak het. Ek was die tuinier, ek het die gate gegrou maar ek het nooit die plante geplant nie. Die goed wat ek geplant het, is nooit natgegooi nie en so op 'n snaakse manier is dit óf oorgeplant óf nie reg behandel nie maar die keuse van die erf, was te danke aan die hoeveelheid bome. 'n Boom het vir my 'n besondere sterk simboliese betekenis en ek kan daardie punt verder voer: Ons het in die tuin, vir die tuin met die tuin geleef. Toe dinge nou baie erg begin raak het, het daardie bome begin vrek en 'n jaar nadat ons uitgetrek het, is daardie bome dood. Ek maak die stelling dat daardie bome dood is direk as gevolg van ons vertrek...***

Die datum waarop die egskeiding wettig voltrek word en die datum waarop een van die partye die woning verlaat, was vir veertien van die respondente nie dieselfde nie. Slegs een respondent se eggenote het op presies die dag waarop hul wettig geskei is, die huis verlaat, naamlik Hardus.

Die periode waarop een van die partye die huis fisies verlaat het, was gewoonlik vóór die wettige egskeiding. Die periode het gewissel van so kort soos een maand tot so lank as twee jaar.

8.3.3.1.3 Die wetlike egskeiding

Van die respondente het die wetlike sy van die egskeiding baie negatief ervaar en die regsprofessie in hierdie verband dikwels

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

bevraagteken. Dit was egter opvallend dat slegs die respondente wat kinders het, breedvoerig uitgewei het oor hul ervaring met prokureurs. Die rede hiervoor hou waarskynlik daarmee verband dat die egskeidings van die respondente wie se gewese huwelike geen kinders opgelewer het nie, wetlik gouer voltrek is en dat finansiële kompensasie aan hul gewese vrouens nie ter sprake was nie.

Net soos in die geval van die fisiese egskeiding het drie mans doelbewus gepoog om die wetlike egskeiding te vertraag. George, wie se huwelik kinderloos was en wat glad nie 'n egskeiding vermoed het nie, verduidelik in dié verband soos volg: ***Dit was nie lank nie toe kry ek 'n skeibrief of 'n dagvaardiging, wat jy dit ook al noem, om die goed te teken. Ek het net reguit gesê ek wil nie skei nie, ek is nie hier om te skei nie; as sy wil skei moet sy voortgaan. Ek wil niks met die ding te doen hê nie. Toe kom sy eendag by die kantoor aan saam met die prokureur, en ek besluit hoe lank moet ek nou voortgaan, hoe lank moet ek dan nou mooi praat en toe teken ek die goed en ek is geskei...***

Floris meld die volgende rakende hierdie aspek: ***Ek het die egskeiding vertraag met die oog op moontlike versoeningspogings. Ek vind dat die voorsiening van die egskeidingwet dat daar uitstel kan kom ten opsigte van versoeningspogings in die praktyk nutteloos is. As een wil skei, al is die ander vas oortuig dat hulle die probleme sal oplos, kan niks haar keer nie en beteken daardie klousule in die wet niks.***

Albert: ***In die Republiek van Suid-Afrika is dit makliker om te skei as om 'n vuurwapenlisensie te bekom. Miskien, dis net 'n moontlikheid en dalk drasties, moet dit moeiliker gemaak word om te skei, sodat dit dalk nie die moeite werd sal wees nie.***

Louis is reeds twee jaar besig om te skei en beweer dat dit as gevolg van 'n "welsynsondersoek" is: ***Ek word soms kwaad vir my prokureur. Ek glo hy sien die saak van 'n ander kant as die gesinsadvokaat. Ons is nou al twee jaar besig om te skei maar***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kan nie ooreenstemming bereik nie... Die ondersoeke het die saak baie vertraag. Die ondersoek het meer as 'n jaar geduur. Ek dink die instelling van die gesinsadvokaat is goed; dit gee meer detail aan die Regter.

Frikkie wie se egskeiding ook gesloer het, verkwalik die prokureur: *Die egskeiding het gesukkel om te realiseer. Die prokureur het "vuil gespeel". Waar ons nog vriende was, het die prokureur van ons vyande gemaak. Die saak het toe ál leliker geraak en tot vandag nog vermy ons* (hy en sy vrou) *eerder kontak...*

In die onderhawige ondersoek word 'n duidelike verskil bespeur by die geskeide mans wat kinders het en dié wie se huwelike nie kinders opgelewer het nie se belewenis van die strafreg se hantering van egskeiding. Al die mans was dit egter eens dat die howe die vrou altyd baie meer goedgesind is en dat sy in terme van haar wetlike posisie beter daaraan toe is as die man. Hannes het hom hieroor soos volg uitgespreek: *Die howe is eerstens geweldig onregverdig teenoor die man. As ek die skuldige party is, dan maak hulle my skoon. Heel eerste vat hulle alles wat ek het, ek verloor alles wat ek het, my huis word opgebreek en klaar, as jy die prokureur gaan spreek en hoor jy is skuldig - is dit die einde, klaar! In my geval was my vrou skuldig, sy het weggeloop met 'n dokter - kinders gelos by die huis bedags as ek in die werk is. Sy het self bietjie gaan rondloop, wie weet waar - daardie goed tel niks in die hof nie. Dis geen versagting vir jou finansieel, wetlik of andersins nie. Dit maak nie saak nie. Daar word gesê om 'n speurder agter haar te sit en feite te kry, maar op die end van die dag maak dit nie saak nie.*

Sarel skryf in sy skets die volgende oor prokureurs se hantering van egskeiding: *En net so min as wat alle prokureurs Christene is, is almal van hulle in die eerste instansie daarop uit om die huwelikspartye weer te versoen. Ten regte of ten onregte poog hulle as juriste om die beste bedeling te beding vir hulle onderskeie kliënte ... Wat die saak egter kompliseer is nie slegs*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die lugspieëling van 'n goeie finansiële pakket vir die onbuigsame party nie, maar veral die werklike belange van die minderjarige kinders wat deur die egskeiding geraak word. Oor hulle besluit almal selfs mense wat hulle nog nooit geken het nie, en nooit weer iets met hulle te doen sal hê nie - behalwe hulleself. "Hulle belange" word meteens gebruik en misbruik vir eie gewin en om die teenparty mee by te kom.

Neville het vertel dat hy tydens sy ontmoeting met die prokureur baie emosioneel was: *Die prokureur het ons eers alleen gesien en toe saam. Ek het vir die prokureur gesê dat ek verbaas is om hier te wees. Ek het emosioneel geraak, soseer dat ek van die vrae nie kon beantwoord nie en ek het ook gehuil tydens die onderhoud. Ek was baie verleë dat ek my nie sterk kon hou nie maar geknak het...*

8.3.3.1.4 Die na-egskeidingsfase

Die feit dat die respondente fisies van hul vroue geskei was en dat die egskeiding wetlik gefinaliseer was, het nie meegebring dat die egskeidingsproses vir hulle afgehandel was nie. Verskeie emosies moes nog deur die geskeide mans verwerk word. Dit blyk dat verskeie metodes deur hulle aangewend is om dit te bewerkstellig. Die volgende uittreksels bied 'n goeie aanduiding van die probleme wat die respondente op dié stadium beleef het en hoe hulle dit gehanteer het:

- *Ek het alles verbrand toe ons geskei is - alles van haar verbrand - pajamas, troufotos en alles wat sy agtergelaat het. Ek het dit in 'n groot vuur verbrand ...* (Ek) **het moord gepleeg op daardie manier - dit was goed vir my ... Die aand nadat sy uitgetrek het** (het ek dit) **sommer by my ouers se huis op die braaivleisplek verbrand...** (Nico).
- *Ek het stadig maar seker weer verander, maar ek voel nog nie dieselfde as wat ek was nie. Dit voel nog na al die jare nie of ek dieselfde man is wat ek eenmaal was nie ... dit voel asof iets afgesny is ... ek het 'n deel van my*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

karakter saam met die egskeiding gelos! (George).

Vier van die respondente het vertel dat egskeiding vir hulle erger as die dood is, Nico en Floris stel dit byvoorbeeld so:

- Nico: ***...dit was die ergste ... dis nie so erg soos die dood nie, dis 'n verskriklike belewenis. Egskeiding is erger as die dood ... As my vrou dood was, kon ek my dogterjie by my hê. Ek sou dan nooit weer van haar gehoor of haar gesien het nie. Jy aanvaar ... as sy dood is, dan is dit klaar ...***
- Floris: ...(Dit is 'n) **diepe belewing van pyn, smart, verlies soos met die dood van my een kind - net erger, want nou was ek alleen, anders as met die dood van ons baba, en is ek beroof van my vrou en vier ander kinders. Ek het gevoel soos 'n lewende lyk...**

Die feit dat mense egskeiding verskillend beleef, het duidelik uit die selfrekenskappe van die respondente geblyk. 'n Betreklik duidelike patroon is rakende die egskeidingsverwerkings vasgestel. Daar is naamlik verskille opgemerk tussen mans uit wie se huwelik kinders gespruit het en diegene wat kinderlose huwelike gehad het. Die volgende uittreksels is in dié verband veral van belang:

- Neels: ***...mens verwerk dit nou nie sommer die tweede dag nie, daar is die boeke reg, daar is 'n routydperk.***
- Nico (pa van 'n dogter): ***Ek het die egskeiding maklik verwerk. Dit het ongeveer een jaar en 'n paar maande gekos. My arme kind kan dit nog nie verwerk nie...***
- George (kinderloos): ***Dit het lank geduur voor ek herstel het, van April tot Junie ... ek het gevoel ek raak van my kop af...***
- Sarel (pa van twee kinders): ***My diepe rou oor die kinders het een tot een en 'n half jaar geduur ... Ek het nooit van my kinders geskei nie, dit was vir my die ergste, dit was vir my die diepste trauma van my lewe.***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Frikkie (kinderloos): ***Nadat ek die egskeidingsbrief ontvang het, ongeveer drie maande na die egskeiding, het ek die eerste keer begin losmaak. Dit het egter gevoel soos tien, soos honderd jaar. Tyd het doodgegaan, die dae en nagte was baie lank...***

Twee van die geskeide mans met kinders wat onderskeidelik tien en drie jaar lank geskei is, voer aan dat hulle die egskeiding nog steeds nie verwerk het nie.

Floris is steeds bereid om sy vrou na drie jaar van wetlik geskeide lewe terug te neem, en stel dit soos volg: ***'n Gevoel van verontregting: Ek het alles wat moontlik is probeer doen om op Christelike wyse die probleme op te los en versoening en herstel te soek, maar dis met minagting verwerp en afgemaak. Aan die een kant aanvaarding dat dit verby is. Aan die ander kant steeds die hoop dat Gods wil, naamlik herstel, wel nog mag kom.***

In die woorde van Neville is dit belangrik dat 'n geskeide persoon introspeksie sal hou en hy stel na afloop van die egskeiding die volgende voor: ***Jy moet jou weer voorstel as jou eie vriend want dis die enigste punt waar jy eintlik weer kan begin. Jy moet met jou Skepper en ook met jouself weer vrede maak, dit dan uitbrei na die werksplek, na jou kollegas, na vriende waar jy woon, die sportklub - en dan altyd as enkeling ... in die begin is jy nie bereid om te "date" nie, jy moet die ding in die oë staar...***

Daar word met hierdie uiteensetting van die mans se belewing van die egskeidingsproses volstaan. Soos reeds uit die voorafgaande blyk, ondervind geskeide mans verskeie emosies. Vervolgens word in groter diepte na dié emosies gekyk.

8.3.4 <u>Veranderlikes wat die na-egskeidingsaanpassing beïnvloed</u>

Volgens McPhee (1984:4) se teorie is die sentrale stelling of premis dat egskeidingsaanpassing afhanklik is van gesinslede se

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

suksesvolle oorgang van voor-egskeidings- na na-egskeidingsrolle. In hierdie teorie wat met die egskeidingsoorgangsmodel van Beuhler, Hogan, Robinson & Levy (1985/86:63) ooreenstem, word sekere aspekte of "stressors" onderskei.

Hierdie "stressors" oorvleuel met dié aspekte wat in die algemeen deur deskundiges gesien word as faktore wat skeidingsangs beïnvloed. Dit blyk verder dat die faktore moeilik gekategoriseer kan word. Hoewel daar bepaalde faktore is wat egskeidingsaanpassing bemoeilik of aspekte wat as gevolg van skeidingsangs ontstaan, is dit baie moeilik om te bepaal tot watter kategorie die onderskeie faktore of "stressors" behoort.

In die lig van die feit dat "stressors" moeilik in tipes verdeel kan word, sal die onderskeie faktore soos dit in die selfrekenskappe van die respondente aangetref word in die volgende bespreking slegs onder subhoofde uiteengesit word.

8.3.4.1 Voorbereiding op die verlating oftewel waarskuwing

In die bespreking van die besluitnemingsfase (paragraaf 8.3.3.1.1) is drie tipes voorbereiding op egskeiding bespreek. Daar is ook gemeld dat hoewel hierdie voorbereidings tipes algemeen voorkom, dit nie die vyftien respondente van die traumatiese belewenis van egskeiding gevrywaar het nie. Verder het dit geblyk dat die voorbereiding egter kan meehelp dat die persoon se oorgang van getroude na geskeide status makliker verloop. Hieruit volg dat dit nie alleen die intensiteit van die oorgangsfase mag verminder nie, maar ook die belewing van skeidingsangs mag beïnvloed.

In hierdie ondersoek het slegs twee respondente die besluit om te skei geïnisieer en voortgegaan om wetlike stappe te doen. Volgens Sylvester het hy skuldig gevoel oor die mislukte verhouding en het hy en sy vrou, nadat hulle gesamentlik so besluit het vir huweliksberaad ingeskakel. ***Ons was vir terapie*** (by 'n bekende organisasie). ***Dit was 'n gesamentlike besluit***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maar ek voel dit was sinneloos want ek het klaar besluit wat om te doen. Ek het ook gevoel, die terapeut bevestig slegs wat ek reeds geweet het, naamlik dat ons uitmekaar gedryf het en as dit wil slaag (die huwelik) ***sou ons albei weer van heel voor af moes begin, van sewe jaar gelede.*** Volgens Sylvester het sy vrou die egskeiding baie meer traumaties as hyself beleef. Sy was baie hartseer en was volgens hom meer depressief as hy.

Volgens dié respondent het die feit dat hy voorberei was op die egskeiding daartoe bygedra dat hy die egskeiding minder traumaties as sy eggenote beleef het. Wanneer Sylvester en Neels, die ander respondente wat die egskeiding geïnisieer het met die res van die respondente vergelyk word, blyk dit dat hulle die aanpassing minder traumaties beleef het.

Marius vertel dat sy egskeiding traumaties was maar meld dat dit sy besluit en keuse was en dat hy hom daarom fisies en emosioneel kon voorberei. Hy het byvoorbeeld dadelik met die prokureur onderhandel en kon dadelik reëlings betreffende behuising en finansies tref. Hierdie besluit het egter tot talle skuldgevoelens aanleiding gegee. Bo en behalwe die skuldgevoelens wat deur die ander respondente genoem is, het Sylvester en Neels ook skuldig gevoel oor die feit dat die egskeiding húl keuse was. Daar was ook baie vrae rondom alternatiewe optredes ten einde die verhouding te laat slaag, soos byvoorbeeld of hulle nie dalk langer aan die verhouding moes gewerk het nie.

In die geval van die sewe respondente wat die moontlikheid van die egskeiding met hul eggenotes bespreek het, was dit moeilik om te bepaal wie die verlatene of die verlater was. Dit kan waarskynlik gestel word dat die party wat die egskeiding wettig aanhangig maak en/of die een wat die huis fisies verlaat, die verlater is. In die praktyk is daar egter nie altyd sodanige duidelike grense nie. So het Neville se eggenote die egskeiding by die prokureurs aanhangig gemaak, maar hy het die huis fisies verlaat. Hy het gemeld dat hy die situasie nie langer kon verduur nie en om dié rede die huis vroeër as wat beplan was,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verlaat het. Alhoewel hy blyplek moes bekom en ander praktiese reëlings moes tref, wys hy daarop dat hy emosioneel op die egskeiding voorbereid was aangesien hy en sy eggenote dit bespreek het.

Alhoewel die orige respondente ook die egskeiding met hul gewese vroue bespreek het, het hulle of hul gewese vroue die egskeiding wettig aanhangig gemaak, terwyl die ander een die huis fisies verlaat het.

Wat egter duidelik uit die gegewens blyk, is die verskil tussen die respondente wat die egskeiding vooraf bespreek het en dié wat glad nie op die egskeiding voorbereid was nie. Hannes meld die volgende in dié verband: ***Die dag wat dit met jou gebeur is dit 'n "moerse" traumatiese ervaring - jy weet nie wat om te doen nie, jy is "useless", vir ses maande tot 'n jaar kon ek nie met myself huishou nie, ek was onvoorspelbaar...*** Nico meld die volgende: ***my egskeiding is iets anders ... wat erg is daaraan ... want ek wou nie skei nie. Ek was baie bekommerd oor my kind, ek het geen mag meer oor my kind gehad nie, geen invloed nie ...***

Dit blyk dus dat 'n waarskuwing, al dan nie, 'n invloed op die aanpassing na die egskeiding het en juis in dié opsig dat die verlater hom emosioneel en selfs op 'n praktiese vlak kan voorberei.

8.3.4.2 <u>Steunstelsels</u>

Die respondente het die betrokkenheid van vriende en familie verskillend beleef. Vir sommige van die mans was hul vriende en familie ondersteunend. Veral die respondente se ouers was gedurende hierdie traumatiese periode vir hulle van onskatbare waarde:

- Nico: ***My ouers het eers na die egskeiding by my "huwelik" betrokke geraak en dit was van ontsaglike emosionele waarde.***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Albert: *Die nommer een steunstelsel is jyself. Op hierdie stadium van jou lewe lag jy nie en daarom is jy dikwels alleen. Dit is dan ook so dat jy terugkeer na jou wortels, naamlik jou ouers en familie wat baie belangrik is. Indien jy 'n Christen is, sal jy harder hieraan vashou.*
- Floris: *My ouers, my broer en suster, twee predikante-vriende met buitengewone pastorale gawes asook 'n Christen-psigiater het vir my baie beteken tydens hierdie uiters traumatiese tyd. Ook een huisgesin, dié van die gemeente-sekretaris, het baie beteken. Die meeste lidmate het nie geweet hoe om op te tree nie maar op 'n afstand gebly, behalwe wanneer ek hulle gekontak het.*

Ander respondente het egter ervaar dat ander mense nie werklik insig in hulle problematiek gehad het nie. Hierdie groep het verder 'n "alleenheid" in hierdie verhoudings ervaar. Die volgende uittreksels illustreer dit betreklik goed.

- George: *Dit het gevoel asof al die mense om my is, maar niemand weet hoe ek werklik voel nie. Ek sou graag vir die mense aan hul skouers wou gevat en gesê het hoe ek werklik voel. Ek wou graag sê: "Ek kan nie meer nie". Ek dink my vriende het gedink dit gaan goed met my, net my broer het geweet van die skietvoorval. Hy is die enigste een wat geweet het dit gaan nie goed nie. Die ander mense het gedink: "Hulle was in elk geval so kort getroud, dit maak nie saak nie, ook nie kinders nie". "Meanwhile back at the ranch" - "suffer" hierdie outjie die hele pad.*
- Hardus: *...daar was baie mense om my wat my ondersteun het. Ek het probeer gesels; ek het egter net op hul vrae gereageer, so asof ek nie werklik daar was nie.*
- Frikkie: *...almal het my moed ingepraat, ouers, broers, susters en vriende. Daar was vreeslik baie mense wat my probeer moed inpraat het. Ek het nie geweet ek het so baie vriende nie, maar ek het net afgesluit. Ek het soos 'n "zombie" gelewe, ek het gevoel soos 'n outomaat.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van die respondente het die betrokkenheid van hul vriende baie negatief ervaar. Sarel skets sy ervaring in dié verband soos volg: *In die meeste gevalle is mense nuuskierig. Hulle wil graag weet wat dan gebeur het dat hierdie huwelik nie geslaag het nie. By sommige is hulle nuuskierigheid selfs gekleur met sensasielus wat gou verraai word deur hulle vrae en opmerkings, wat die gevoelens en ervaringswêreld van die geskeide persoon geensins konsidereer nie. Heel dikwels loop baie van hierdie mense se belangstelling dan ook gou dood, wanneer hulle nuuskierigheidsdrang bevredig is. En daarna word die geskeide persoon in sy smart en ellende eerder vir hulle 'n las, omdat dit vir hulle in die eerste plek om die nuuswaardigheid van sy storie en nie om hom in sy menswees gegaan het nie. Vir 'n geskeide persoon kan dit 'n traumatiese ervaring wees wanneer hy ondervind dat mense met groot gevoellose voete oor sy grootste hartseer loop asof sy gevoelens, sy liefde vir sy kinders en hulle verskeurde verhoudings, sy behoeftes en verlangens en wat met hom/sy familie gebeur het 'n ligsinnige, gespreksonderwerp word tot die vermaak, nuuskierigheid en die gebruik vir ander se selfsugtige voordeel.*

- Hannes: *...alles is teen jou, die wet is teen jou, die familie is teen jou, jou sosiale kringe is teen jou. Almal dink altyd dis die man wat rondloop. My vriendekring is omtrent heeltemal gedisintegreer want ek het my mond gehou oor wat in die huis gebeur het. My vriende het opgehou om my te bel, opgehou om my te nooi, opgehou om my te vra om te kom eet. En dan ry jy by dié vriende se huise verby en dan sien jy daar staan haar kar!*

'n Ander verskynsel is by Neville aangetref in verband met sy ervaring van steunstelsels en wel ten opsigte van veral sy mansvriende. Hy het naamlik genoem dat hy ervaar het dat sommige van sy mansvriende hom sy posisie as geskeide man beny. Veral die feit dat hy die moed gehad het om hierdie besluit te neem, is bewonder. Neville stel dit soos volg: *Ek glo daar is steeds baie ander mense, selfs van my vriende wat in dieselfde situasie*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

as ek is maar nie bereid is om die saak te verander nie. Hulle is dalk te bang of te oneerlik en daarom ploeter hulle voort en lewe hulle 'n "pretentious" lewe - maar hulle sal voor die Skepper moet staan, ek was nie bereid om dit te doen nie.

Na aanleiding van hierdie opmerkings van Neville ontstaan die vermoede dat daar 'n mate van bitterheid is teenoor mense, veral mans, wat nie die "moed" het om hul ongelukkige situasie te beëindig nie. Dit wil voorkom of dié persoon mans moontlik veroordeel wat in 'n ongelukkige huweliksituasie staan en dalk selfregverdiging soek vir sy eie situasie.

Oor die algemeen skyn dit dus asof die betrokkenheid van persone na aan die geskeide man vir hom óf tot voor- óf tot nadeel kan wees. Die indruk word ook geskep dat die gemeenskap nie weet hoe om teenoor die geskeide persoon op te tree nie. Dit is egter natuurlik ook belangrik om te besef dat die geskeide dikwels self nie weet hoe hy wil hê dat mense teenoor hom moet optree nie. Soos met enige ander sinvolle verhouding spreek dit vanself dat daar wisselwerking moet wees en dat ten einde hul behoeftes te bevredig beide partye die saak onderling moet bespreek.

8.3.5 **Fisies-waarneembare gevolge van egskeiding**

Uit die relevante literatuur blyk dit dat die ontbinding van die huwelik die persone wat daarby betrokke is op verskeie wyses kan raak en dat persone se reaksies op egskeiding verskillende vorme kan aanneem. Dit is dan ook nie vreemd nie dat die vyftien geskeide mans melding gemaak het van verskeie fisiese en psigo-sosiale belewenisse wat hulle na hul egskeidings ervaar het.

8.3.5.1 Fisiese implikasies

Vier van die respondente wat reeds 'n geruime tyd geskei is, kan nie onthou of hulle enige spesifieke fisiese simptome na hul egskeidings ervaar het nie. Vyf van die respondente het gemeld dat hulle geen fisiese simptome na afloop van die egskeiding

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gehad het nie, die orige ses respondente wel. Die volgende vier uittreksels uit die onderhoude gee 'n aanduidng van hierdie simptome:

- George: ***Ek het toe in 'n "lamsak" verander. Ek was baie sieklik en het my vreeslik jammer gekry. Ek het hoofpyne gekry wat ek nooit voorheen gehad het nie. Ek het allerhande pyne gehad, soos 'n ou man van 65 jaar en ouer.***
- Neels: ***Ek het te siek gevoel om te werk en het 'n week van die werk af weggebly...***
- Sarel: ***Ek dink nie daar was fisiese probleme nie. Ek het egter sinus ontwikkel wat soms asmaties geword het en wat moontlik 'n sielkundige oorsprong het.***
- Hansie: ***Ek het 'n maagseer ontwikkel as gevolg van die rusies en argumente in die huwelik.***

Nog 'n verskynsel wat opgemerk is, is die veranderinge wat in die eetpatroon van die geskeide mans voorgekom het. Van die respondente het selfs na afloop van die egskeiding 'n geweldige gewigsverlies getoon. Hierdie veranderinge in eetpatroon het selfs in sommige gevalle aanleiding gegee tot die fisiese simptome wat na vore gekom het. Dit blyk uit die volgende opmerking van Marius dat: ***As gevolg van die hartseer en rou was ek nie eintlik honger nie en 'n mens skeep jou baie af. Ek het baie gewig verloor en het binne 'n jaar grys geword.***

Die veranderde eetgewoontes hou klaarblyklik verband daarmee dat van die mans nie voorheen die rol van "versorger" vervul het nie. Hulle was nóg fisies nóg prakties in staat om hul eie kos voor te berei. In hierdie gevalle wil dit voorkom asof dié rol deur die moeder en daarna deur die eggenote vervul is. Die volgende uittreksels uit die onderhoude is hier veral relevant:

- Marius: ***Jou eetgewoontes verswak. Ek kan nie self kos maak nie. Ek het van kitskos geleef, of by vriende geëet, of ek het sonder kos gebly. Ek het tipies dae sonder kos gegaan.***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Hansie: ***Ek het nie vir myself kos gemaak nie, nie meer na myself omgesien nie. Byvoorbeeld sjampoe, ek het nie geweet hoe dit werk nie, my ma het dit altyd gekoop, toe my vrou. Dit was dus altyd die vrou se werk. Ek het toe my hare met 'n koekie seep begin was, tot dit so hard geword het. Ek het nie meer na myself omgesien nie.***

Dit blyk dat van die respondente met verloop van tyd tog in die gewoonte gekom het om kos te kook. Hulle het egter nie hierdie rol geniet nie en die take daaraan verbonde as tydverkwistend ervaar. Ander respondente het saamwoonverhoudings gehad en nie nodig gehad om hierdie take te vervul nie. Slegs een respondent, Hardus, het die versorgingsrol reeds voor die egskeiding vervul. Hy het geen gewigsverlies getoon nie en beskou hierdie rol, en veral die voedselvoorbereidingsaspek, nie as 'n las nie.

Slegs drie respondente het melding gemaak van slapeloosheid. Een van dié drie beskryf die aspek soos volg:

- Nico: ***...na die egskeiding het ek baie hard gewerk, te hard, ek kon nie slaap nie. Ek het my amper uitgebrand, dit het egter baie vrugte afgewerp.*** Hy is dan ook tot onder-rekenmeester bevorder.

Behalwe drie mans wat melding gemaak het van slapeloosheid, was dit opvallend dat bykans al die respondente snags relatief laat tot rus gekom het. Dit kan egter nie sonder meer in alle gevalle aan die egskeiding toegeskryf word nie, aangesien drie van die respondente verder gestudeer het en dus noodgedwonge met betreklik min slaap moes klaarkom.

Ten slotte dien vermeld te word dat nagmerries ook by sommige van die respondente voorgekom het.

Chemiese stowwe, soos tabak en alkohol, is oor die algemeen deur die mans gebruik om hul buie, gevoelens en persepsies te verander. Vervolgens word nagegaan in watter mate hierdie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wydverspreide gewoontes onder die geskeide mans voorkom of daar veranderinge in hul gebruik van dié stowwe was, en indien wel, of dit met hul egskeidings verband gehou het.

8.3.5.2 Rook- en drinkgewoontes

- Gebruik van tabak

Van die vyftien respondente is daar ses wat nog nooit gerook het nie. Die ooblywende nege respondente se rookgewoontes sien soos volg daaruit:

Twee van dié nege respondente het, nadat hulle getroud is, die gewoonte gestaak. Tydens die besluit om te skei en tydens die wetlike egskeiding het beide weer begin rook. Hardus stel dit só: ***Na die egskeiding het ek weer begin rook. Ek het in die "army" laas gerook, omtrent twee sigarette per dag. Vandag rook ek tot dertig.***

Die oorblywende sewe respondente soos Hansie het na die egskeiding meer gerook: ***...Ek het na die egskeiding meer begin drink en rook. Ek rook tans plus minus sestig sigarette, voorheen het ek plus minus twintig sigarette gerook.***

Al nege rokende respondente het tydens die onderhoude gerook en dit was opvallend dat van hulle betreklik straf rook. Twee kan selfs as "kettingrokers" geklassifiseer word. Hoewel die onderhoudsituasie 'n verhoogde rookpatroon tot gevolg kon gehad het, is navorser van mening dat dit nie 'n noemenswaardige rol kon gespeel het nie.

Al die respondente (vyf) wat nie voor die egskeiding gerook het nie, het ook nie tydens of na afloop van die egskeiding gerook nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Alkoholgebruik

Soos met die rookgewoontes was daar van die respondente wat nie van alkohol gebruik gemaak het nie - nóg voor nóg na die egskeiding. Sommige respondente het hul gebruik van alkohol as matig bestempel en het gemeld dat daar geen verandering in hul drinkpatroon na die egskeiding was nie.

Soos verder sal blyk, het van die respondente meer van alkohol begin gebruik maak. Van dié mans het saam met vriende gedrink en dikwels tot laataand gekuier of die hele nag lank gesellig verkeer. Dit is dus duidelik dat selfs in die gevalle waar daar nie melding gemaak word van slapeloosheid nie, daar beslis 'n versteuring in die mans se normale slaappatroon was.

Wat egter opvallend is, is dat dit die jonger respondente is wat na die egskeiding uitermatig van alkohol begin gebruik maak het. Nie een van die mans wat erken het dat hul alkoholgebruik toegeneem het, was ouer as 38 jaar nie. Neels, een van dié respondente, het sy drankgebruik soos volg beskryf: ***...ek het baie meer gedrink na die egskeiding, eintlik het ek vreeslik gesuip na die egskeiding.***

Sommige van hierdie geskeide mans soos Hansie, het alleen gedrink terwyl ander slegs gedrink het wanneer hulle in groepe uitgegaan het. Hansie skryf die volgende oor sy drinkgewoontes: ***Ek het baie meer alkohol begin gebruik, sterk drank. Ek het ook alleen begin drink.***

Ten slotte is dit van belang om daarop te let dat die respondente wat saam met ander persone gedrink het, gewoonlik saam met ander geskeide mans diskoteke en restaurante besoek het waar hulle dikwels dames ontmoet en afsprake gereël het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.3.5.2 Konsekwensies vir die werk

Uit die verkreë gegewens kon die volgende twee groepe respondente na aanleiding van die implikasies wat hul egskeidings op hul beroepe gehad het, onderskei word:

- Mans wat in 'n groter mate as van tevore aandag aan hul beroepe geskenk het en meer energie daaraan bestee het; en tweedens
- diegene wat na hul egskeidings meer onbetrokke geraak het by die werk en selfs fisies van die werk afwesig was.

Vyf van die respondente het gemeld dat die egskeiding 'n negatiewe effek op hul werkvermoëns gehad het. Die volgende gedeeltes uit die onderhoude bied toeligting hiervan:

- Neville: *...my werksplek het begin ly onder die spanning van die huislike omstandighede, in so 'n mate dat ek moes besluit, waarnatoe nou?...*
- George *...my werk het baie agteruitgegaan. Ek was eers altyd gelukkig by die werk en het goed gewerk, maar my werk het verswak. Ek het nooit weggebly van die werk nie, want ek moes my besig hou, anders sou ek van my kop af gegaan het. Ek het daar by die werk gesit soos 'n "zombie".*
- Hansie: *My werk het baie agteruitgegaan. Ek kon nie konsentreer nie. Ek het baie siekteverlof geneem en het baie weggebly van die werk. Ek was soms nog dronk in die oggend ... en siek as gevolg van die drank, dan het ek nie gaan werk nie.*
- Hannes: *Ek was altyd ontsaglik pligsgetrou en op my plek en alles, daai tyd ... ons het mal "gegaan". Eers 10 uur soggens gaan werk. Vier aande 'n week dwarsdeur die nag partytjie gehou, gekyk wie die meeste meisies in een aand kon uitneem.*

Drie van die respondente was predikante van beroep en moes noodgedwonge van beroep verander. Die egskeiding het in hierdie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gevalle nie slegs tot die verlies van 'n lewensmaat gelei nie maar ook tot die verlies van 'n lewenstaak. Sarel skets sy omstandighede soos volg: ***Ek het daarna nooit weer gepreek nie. Ek het die voorsitter van die Ring meegedeel dat ek bedank en hy kon dit nie glo nie. Die gemeente was baie emosioneel oor die egskeiding. Ek het byvoorbeeld mans sien huil, want ons was baie geliefd.*** Sarel was egter akademies sodanige gekwalifiseerd dat hy na afloop van die egskeiding 'n onderwyspos kon beklee.

Sylvester, een van die ander predikante in die ondersoekgroep, moes verder studeer om hom vir 'n ander beroep te bekwaam. Aangesien hy die inisieerder van die egskeiding was het hy reeds 'n geruime tyd, ongeveer twee jaar, voor die egskeiding begin studeer. Soos reeds voorheen vermeld, is dit duidelik dat Sylvester hom op die egskeiding kon voorberei, nie net emosioneel nie maar ook wat die praktiese sy van sy lewe betref.

Twee van die ander respondente (Nico en Hardus) het ook verder gestudeer. Hardus stel dit soos volg: ***Ek het boodskappe gekry dat ek moes verbeter (akademies). Ek het ingeklim en verder gestudeer, reeds tydens die huwelik. Ek het my só ingeleef in my studie, ek is nou nog daarmee besig.***

Van die oorblywende vyf respondente het drie 'n oplewing in hul beroep beleef. Hierdie respondente het gemeld dat hulle nie net gedurende normale werksure harder gewerk het nie, maar dat hulle ook na-uurs meer tyd aan hul werk bestee het. Van dié respondente het erken dat dit moontlik 'n poging was om van die egskeiding te probeer vergeet. Nico meld die volgende oor sy werkverrigting na die egskeiding: ***Na die egskeiding het ek baie hard gewerk, my gat af gewerk en aan niks anders gedink nie, tot drie-uur in die oggend. Na ses maande het ek een rang gespring en is toe tot onder-rekenmeester bevorder. Ek het só hard gewerk, gelukkig vir my werk, anders was ek vandag nie meer hier nie. Ek het soms deur die nag gewerk.***

- Albert: ***In my werksverband was daar verhoogde produktiwi-***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teit omdat dit my ontvlugting gebied het. In my spesifieke werksverband as geneesheer in die Weermag was dit ideaal omdat roekeloosheid toegeneem het want daar was niks om na terug te gaan nie.

- Marius: ***Ek is besig om myself op te werk*** (in sy beroep). ***Eendag gaan ek weer op 'n vlak kom waar ek sterk voel. Ek voel ek is nou al amper op 'n hoër vlak as voor die egskeiding.***

Die orige twee respondente het geen verandering ten opsigte van hul werksvermoë gemeld nie.

8.3.5.3 Finansiële konsekwensies

Die finansiële implikasies van die egskeiding was tweeledig, naamlik:

- Die fisiese verhuising en die verdeling van die huisraad; en
- die onderhoud aan die vrou en/of die kinders.

Net soos met die na-huwelikse verhouding met die gewese eggenote wat later aandag geniet, is hier ook 'n duidelike onderskeid tussen dié egpare met kinders en dié sonder kinders te konstateer.

Die vyf respondente wat kinderloos was, het slegs die fisiese verdeling van besittings as "pynlik" ervaar. Deur al hierdie respondente is geen onderhoud na afloop van die egskeiding aan die vrou betaal nie. Die verdeling van goedere en finansiële aspekte is ook gouer afgehandel as in die geval van mans met kinders.

Twee van die respondente, wat kinderloos was, meld die volgende:

- Hardus: ***...daar was stres oor die verdeling*** (van die materiële).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- George (wat na afloop van die egskeiding skuld moes aangaan): *Ek het nie meubels gehad nie en moes weer alles koop. Daar was niks in die woonstel nie, nie eers borde en eetgerei nie. Daar was nie kos nie en die plek het gelyk asof dit nou net klaar gebou is.*
- Hansie: *Hulle het alles opgelaai wat haar pa gegee het. Die meeste glasware was alles op Koopkrag gekoop maar ek het alles betaal. Die meeste van die goed het sy gevat. Ons het nie regtig gebaklei oor die goed wat sy ingepak het nie. My pa het ook gekeer dat ek dit nie doen nie.*

Die volgende respondente is vaders en meld die volgende:

- Sarel (vader van twee dogters): *Ek het haar al die meubels gegee, om die kinders se onthalwe. Ek het daarna nie eers 'n bed gehad nie. Ek het gevoel sy het alles gekry, ook die kinders, en boonop 'n huwelik* (sy is weer getroud) *en ek het gehoop dat dit sou help om my toegang tot my kinders makliker te maak.*
- Louis: *Ek verkeer onder groot finansiële druk. Ek moet nou weer die prokureur R4 500 gee. Ek moes my vrou se regskostes betaal en haar onderhou, die eerste paar maande ... tydens die welsynsondersoek. Na die ondersoek het ons elkeen ons eie koste gedra. Die mediese koste verg ook baie, sy* (sy gewese vrou) *eis nog teen my medies. Sy het die afgelope twee jaar plus minus R20 000 van my medies geëis. Dit het my baie skade aangedoen want ek moes die duurste mediese skema bekom. Sy het ook gesorg dat my versekering my die trekpas gegee het, sy het so baie geëis dat hulle my afgehaal het. Ek het dus baie groot finansiële onkostes gehad. Ek het byvoorbeeld na die egskeiding een van my twee motors verkoop om 'n kleiner kar te koop - sy het ons kar geneem. Die "outjie",* (die vermeende derde party), *het al die ruite uitgeslaan en die kar vol duike geskop ... hy het ook al op 'n geleentheid al haar klere op 'n hoop gesit en verbrand ... Sy het my finansieel probeer breek. Dat ek oorleef het, is 'n wonder.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Neels: *...die finansiële uitgawes was die ergste. Ons het 'n baie goeie lewe gehad voor die egskeiding, baie vakansie gehou. Ons het baie skuld aangegaan, R54 000. Ek het dit oorgeneem, sy is weg met bykans al die meubels en die kar. Ek het slegs die skuld oorgehad!*
- Neville: *Voor die egskeiding, reeds in Januarie, het ek uit die huis getrek, en om die huis verkoopbaar te maak moes die meubels bly. Dit het veroorsaak dat ek slegs met 'n tassie uit die huis uitgetrek het. Ek het by 'n kollega op 'n hoewe ingetrek. Al die trekke en verskuiwings het baie geld gekos. Dit was ook ongemaklik om uit 'n tas te leef en by mense te bly voor ek uiteindelik weer my eie huis gehad het. Ek het dus ongeveer sewe maande nie 'n vaste blyplek gehad nie.*

Van dié respondente het bo en behalwe die onkoste van die trek en dus die fisiese verlating, ook onkoste as gevolg van onderhoudseise en besoeke van en na die kinders gehad. Hoewel nie een van die gevalle tans onderhoud aan hul gewese vrouens betaal nie, betaal agt van die nege respondente wat kinders het, maandeliks onderhoud vir hul kinders.

Die bedrae wat die agt respondente maandeliks aan onderhoudskoste spandeer, word in die onderstaande tabel gereflekteer en word nie verder ontleed nie.

TABEL 5: RESPONDENTE SE ONDERHOUDSKOSTES VOLGENS AANTAL KINDERS ONTLEED

Respondent	Getal kinders in respondent sorg	Getal kinders in gewese eggenote se sorg	Getal kinders wat alternatiewelik versorg word	Bedrag wat maandeliks aan onderhoud spandeer word
1.Floris	1 seun (7jr)	2 dogters (16jr en 15 jr)	1 dogter (19jr) op Universiteit	R 840.00

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2.Hannes		2 dogters (3jr en 3jr)		R2 000.00
3.Neville	1 seun (2jr)	1 seun (18jr)		R 500.00
4.Louis *	1 dogter (11jr) en 2 seuns (9jr en 5jr)			R 375.00*
5.Dawid		1 doger (10jr) in sorg van sy lste vrou. Seun (3jr) in die sorg van sy 2de vrou		R 375.00 R 300.00
6. Sarel		1 dogter (14jr)	1 dogter (18jr) op Universi-teit	R1 200.00
7.Nico		1 dogter (2jr)		R 300.00
8.Marius		2 dogters (6jr en 5jr) en 1 seun (4jr)		R 600.00
9. Frikkie			1 dogter (22jr) en 1 seun(20-jr) op Universi-teit	R1 000.00

* Die enigste respondent wat onderhoud van sy gewese eggenote ontvang.

Die volgende twee uittreksels bied verdere toeligting rakende die finansiële implikasies en verdere gevolge van egskeiding:

- Sarel ***...ek ontvang gereeld onderhoudseise, die absolute maksimum, terwyl sy met 'n skatryk man getroud is en kan***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

bekostig om vyfstervakansies te hou. Ek kan dit nie bekostig om so 'n lewe vir hulle te gee nie. Selfs die besoeke van die kinders het finansiële implikasies. Sy gebruik die "belange van die kinders" om alles moontlik van my te eis.

- Floris: *Drie dinge het gebeur: sy het my finansieel uitgebuit, sy het my kinders aktief van my probeer weerhou en vervreem, en sy het my doelbewus en onnodig vervolg. My gevoel was dat ek my ten opsigte van drie sake teen uitbuiting en verontregting moes verdedig. Gevolglik was spanning deel van my lewe: oorlog oor die kinders, oorlog oor geld, voortdurende hofaksies en pogings om die polisie teen my te misbruik. Waar my gedagtes die eerste klompie maande volkome in beslag geneem was om versoening te soek, het ek nou daarin opgegaan om my teen haar verontregting en uitbuiting te verdedig, met die spanning dat sy eintlik die hef in die hand het om my na willekeur te verontreg. Nadat, met groot koste vir my, ek byna 'n "verstandhouding" met haar op prokureurssamesprekings op 1 Februarie 1990 "gekoop" het, en sy direk daarna alles weer verbreek het, het ek gevoel om haar die stryd aan te sê en het drie verskillende hofaksies teen haar geloods. Ek het gesê: Nou moet die reg sy weg gaan en het versoening en herstel laat vaar. Ten diepste was dit seker bitterheid.*

Dit was opvallend dat van die respondente se onderhoudseise nie eenmalig was nie, maar op verskeie geleenthede voorgekom het. Van hierdie mans is naamlik gereeld vir hoër onderhoud gedagvaar wat tot gevoelens van bitterheid en in sommige gevalle selfs haat teenoor die gewese vrou aanleiding gee.

8.3.5.4 Implikasies vir Godsbeskouinge en godsdiensbeoefening

Soos reeds vermeld, was drie van die respondente predikante van beroep en dit is verstaanbaar dat vrae rondom hul beroep noodwendig tot vrae rondom hul opvattings van God aanleiding sou gee. Wat egter opvallend was, is die feit dat al die ander

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

respondente ook op een of ander stadium aandag aan die godsdiens-aspek gegee het.

- Sarel meld die volgende aangaande God en egskeiding: ***God kan Homself tog nie weerspreek nie. Hy maak geen toegewings met sonde nie. Sal Hy deurgaans vanaf die instelling van die huwelik beklemtoon dat die huwelik nie ontbindbaar is nie. (Vgl. Matt. 19:3vv en Mark. 10:2vv)? Sal Hy egskeiding haat, soos wat hy ook alle sonde en ongeregtigheid haat (Ps. 5:6, 11:5, Spr. 6:16-19; Herbr. 1:19) en die volgende oomblik die sonde van egskeiding toelaat op grond van 'n ander sonde (owerspel)? Ek glo dit nie en daarom volg een logiese konklusie: Egskeiding is teen die wil van God en dus sonde en derhalwe is daar geen grond vir 'n egskeiding nie. Die grootste en die ergste is natuurlik jou verhouding met God. Ek is daarvan oortuig dat elke Christen wat deur 'n egskeiding gaan, dit met 'n intense gebedsworsteling doen. Dié van ons wat al daardeur gegaan het, weet hoe moeilik dit is om hieroor met God te praat. Jy weet dat wat jy besig is om te doen, sonde is. Jou innerlike konflik en verwarring voel by tye buite beheer. Enersyds wil jy natuurlik nie sondig nie en andersyds besef jy dat jou keuse al meer beperk word tot 'n paar swak alternatiewe. Jy dreineer jou breinkrag en al jou energie.***
- Floris skryf die volgende oor egskeiding vanuit 'n Christelike oogpunt: ***'n Gevoel van skande, skaamte, omdat egskeiding, veral sonder enige bybelse gronde vir my as toegewyde Christen eties en Christelik totaal onaanvaarbaar is; 'n gevoel van ontsaglike vernedering.*** Vanweë sy gogsdienstige beskouings meld Floris dat hy nie weer in die eg sal kan tree nie.

Die oorgrote meerderheid respondente het gevoel dat hulle gesondig het deur te skei. Baie skuldgevoelens het ook as gevolg hiervan ontstaan wat noodwendig 'n effek op hulle godsdiensbeoefenig gehad het. Van die respondente het, soos uit die volgende uittreksels blyk, met God in gesprek getree oor die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

traumatiese gebeurtenis.

- George: *Ek het begin wonder, wonder hoekom bid 'n mens en lei jy 'n Godsdienstige lewe; wonder oor die sin van alles. Jy dink soos 'n ateïs. Ek het begin wonder of daar 'n God is as sulke dinge dan met jou gebeur. Soms was ek kwaad vir God. Ek was kwaad want ons het gereeld kerk toe gegaan - dis nie dat ons 'n heidense lewe gelei het nie. Ons het saans saam gebid en gelees en daarom kon ek nie verstaan waarom hierdie dinge gebeur het nie; ek het vir God gesê ek verstaan nie die dinge nie. Ek het gevoel daar is nie hoop nie en al die dinge is nutteloos. Ek het toe nie meer Bybel gelees ... of gebid ... of kerk toe gegaan nie.*
- Albert: *Aanvanklik is daar rebellie. Hoe kon Hy toelaat dat so iets met my gebeur. As jy glo en vertrou sal Hy jou tog bewaar van sulke dinge. Ek het ook so geredeneer. As jy weer tot jou sinne gekom het, sal jy aanvaar dat Hy niks met jou sal laat gebeur sonder dat Hy 'n definitiewe plan het nie. Niemand verstaan die skepping nie en Sy handelinge moet jy ook nie probeer beredeneer nie - dis groter as ons almal. Weet net dat jy maai wat jy saai!* Ter afsluiting meld hy ook die volgende: *Daar is en kan geen regverdiging daarvoor gevind word om 'n verbond voor die Vader tot niet te maak nie. Juridies is dit wel moontlik, maar eendag as ons finaal by die "Deur" staan, gaan daardie selfde of enige juris nie bereid wees om jou saak te stel nie. Hy gaan te besig wees met sy eie.*

Van die ander respondente het egter laat blyk dat die egskeiding uiteindelik tot 'n hegter band met God gelei het. Dawid het gemeld dat hy voor sy huwelik en selfs vir 'n periode nadat hulle getroud was, baie kerkvas was. Met verloop van tyd was hy en sy eggenote egter minder betrokke by kerklike aktiwiteite en was hulle selfs kerklos. Tydens die egskeiding het Dawid geweldige skuldgevoelens hieromtrent beleef en het hy na die kerk teruggekeer. Hy meld egter dat sy betrokkenheid verflou het en hy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

beskou hom tans weer as kerklos.

Alhoewel die oorgrote meerderheid respondente meen dat egskeiding 'n sonde is, is hulle egter oortuig van God se vergiffenis. Slegs een respondent, Neville, was van mening dat, alhoewel hy Goddelike wette oortree het deur te skei, daar vergiffenis daarvoor is. Hy stel dit soos volg: ***Ek voel ... selfs op 'n religieuse vlak het ek reg gedoen. Ek het oneerlik geleef ... ook teenoor die instelling van die huwelik - ons was oneerlik en ek weet ons het dit reg gehanteer - alhoewel die formulier sê "till death do us part" - ek voel daar is vergiffenis, selfs op hierdie vlak.***

Marius het op grond van sy godsdienstige beskouings besluit om 'n tweede huwelik met sy gewese vrou te oorweeg. Hy meld dat aangesien die Here sondaars hul sonde vergewe, hy dit as sy plig beskou om sy vrou te vergewe en haar terug te neem. Dit blyk dan ook dat die gewese egpaar in die nabye toekoms heel moontlik weer in die eg sal tree.

Bo en behalwe al hierdie fisiese gevolge wat opgemerk word na afloop van die egskeiding, is ook sekere emosionele belewenisse waargeneem. Uit die gegewens het geblyk dat die volgende emosies die algemeenste voorkom: skuldgevoelens, ambivalensie, aggressie, hartseer, eensaamheid en in 'n mindere mate euforie.

8.3.6 **Emosionele ervarings na afloop van die egskeiding**

8.3.6.1 Skuldgevoelens

Etlike respondente het skuldgevoelens ervaar wat, soos reeds geblyk het, veral rondom die godsdiensbelewenis voorgekom het. Sarel vertel soos volg van die skuldgevoelens wat hy ervaar het: ***Jou skuldgevoelens word al hoe meer en al hoe sterker en jou selfbeeld al kleiner en al swakker. Jy kruip al meer in jou verwarde self in. Jou gebede word 'n malende gesoebat. "Sal Hy my vergewe"? Jy ervaar iets van "My God, My God, waarom het U***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

my verlaat"?

Twee respondente, beide die mans wat deur hul vroue verlaat is, het geen skuldgevoelens beleef nie. Nico, 'n pa van 'n dogter, meld dat hy nie skuldgevoelens ervaar het teenoor sy vrou nie, omrede die egskeiding haar keuse was, maar dat hy wel skuldgevoelens teenoor sy dogter ondervind: ***Ek ervaar geen skuldgevoelens teenoor Annatjie nie, net teenoor my dogter. Ek weet ek was 'n baie goeie man vir my vrou. Sy sal nie weer so 'n man kry nie, maar sy moes toe met 'n man 'n verhouding aanknoop.***

- Louis: ***Ek ervaar geen skuldgevoelens nie. Ek dink sy*** (sy gewese vrou) ***het my laat probeer skuldig voel, maar ek sou nie.***

8.3.6.2 Ambivalente gevoelens

Dit was opvallend hoeveel van die respondente erken het dat hulle emosies tydens en na die egskeiding gewissel het. Dit blyk dat van die respondente begin twyfel het of egskeiding wel die beste oplossing was. Hierdie ervarings blyk uit die volgende geskrewe materiaal.

- Sarel: ***Na alles bly die kernvraag: Is 'n egskeiding nie maar net die vergroting van die reeds bestaande probleem nie, of kan 'n egskeiding ook as 'n uitkoms en 'n oplossing vir die voorafgaande probleme gesien word?***
- Frikkie: ***Ek het kort na sy weg is baie met God gepraat... baie vrae gevra, maar daar het niks gebeur nie. Niks drasties het gebeur nie en ek weet nie wat ek wou hê moes gebeur nie. Ek weet nie of ek wou hê daar moes 'n nuwe vrou aankom of dat my eie vrou met al haar meubels moes terugkom nie. Ek weet werklik nie wat ek van my eie gebede verwag het nie.***
- Neels: ***Ek het daardie jaar soos twintig mense gevoel. Ek was nie myself nie, ek was elke week iemand anders, soms stil, soms humeurig. Ek was baie onstabiel.***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Floris: *Ambivalente gevoelens was dwarsdeur deel van my gevoelslewe. Aan die een kant innige dankbaarheid teenoor Susan* (sy vrou) *vir die wonderlike vrou wat sy deur die jare, soms onder moeilike omstandighede, vir my was, met gevolglike teerheid en liefde teenoor haar. Aan die ander kant wanneer ek egter deur haar absolute verharde onredelikheid om elke Christelike versoeningspad te blokkeer en so aktief hatig teenoor my op te tree, oormeester is, was daar magtelose woede, bitterheid en selfs moordgedagtes. Aan die ander kant dié gevoel dat ek nie 'n alleenmens is nie en daarom, omdat herstel menslik onbereikbaar is, te soek na 'n nuwe maat. Aan die ander kant die Bybelse beginsels van nie hertrou indien versoening nie plaasvind nie. Diepe berou en spyt oor wat ek my vrou aangedoen het wat veroorsaak het dat sy my verlaat het. Onder bediening van dr. X,* (geestelike bediener), *het ek langer as 'n uur snot en trane gehuil onder die bediening van die Heilige Gees, met 'n intense verlange om my berou teenoor Susan uit te spreek en daarvoor te probeer goedmaak, waarvoor sy my tot nou toe geen kans gegun het nie.*

8.3.6.3 Aggressie

Alhoewel dikwels in die literatuur oor egskeiding melding gemaak word van aggressie, het dié emosie in beperkte mate by die respondente in hierdie navorsing voorgekom. Slegs een respondent, Hansie, het erken dat hy aggressie beleef het. Hy was die jongste van die vyftien respondente en beskryf sy ervaring van aggressie só: *Ek het soms skuldgevoelens ervaar omdat ek so humeurig was en ook goed in die huis gebreek het. Oor my bakleiery het ek skuldig gevoel. Ek voel ook baie kwaad vir haar, en soms as ek twee mense sien, 'n man en 'n vrou is ek weer kwaad ... vir haar. Aggressie is 'n probleem, ontsaglike aggressie. Ek sal iemand nou baie makliker te lyf gaan as voor die egskeiding, veral swartes en ouens wat saam met my werk. Ek het al ouens fisies aangerand...*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat egter duideliker in die onderhawige navorsing na vore gekom het, is gevoelens van frustrasie en dikwels ook onderdrukte aggressie. Floris skryf in hierdie verband: ***Opperste frustrasie omdat sy onderneem het, om my pogings tot versoening te kelder; wat sy op die dag van haar verlating gemaak het, konsekwent tot vandag toe, en al my goedbedoelde pogings om self hulp te kry en gesprekke tot versoening te probeer reël met onredelikheid, venyn, vyandigheid en aktiewe haat gekelder het, terwyl sy veronderstel is om 'n Christen te wees, wat vergiffenis en versoening voorop behoort te stel. Sowel toe my frustrasie hoogty gevier het omdat sy haar onderneming om my versoeningspogings nie by voorbaat te kelder nie verbreek het, as tydens die selfverdedigingsfase het 'n baie sterk gevoel van magtelose woede hom van my meester gemaak, dat ek soms gevoel het dat ek haar sou wou vermoor.***

George het hom op sy beurt hieroor soos volg uitgelaat: ***Ek het nooit kwaad geword nie, teenoor niemand nie, maar ek het al meer "down" geraak en al stiller. Ek het kalm en stil gebly. Ek het begin verwyt. Ek het gevoel die verwyte is baie na aan haat - nie vir my gewese vrou nie, maar vir haar ma.***

8.3.6.3.1 Moordgedagtes

Soos reeds uit die voorafgaande blyk, hou gedagtes aan selfmoord en moord ook dikwels met onderdrukte aggressie verband. Vervolgens word hierby stilgestaan.

Vyf van die respondente het gemeld dat hulle op 'n stadium selfmoord oorweeg het. Drie van hierdie vyf respondente naamlik George, Marius en Louis, laat hulle in dié verband dan ook soos volg uit:

- George: ***Nou kan mens daaroor (die selfmoord) giggel maar op daardie stadium was dit baie erg. Veral as ek daaraan terugdink, kry ek weer daardie gevoel. Dis moeilik om die gevoel in woorde om te sit. Ek kan die gevoel beskryf as***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n brandpyn hier diep binne. 'n Gevoel van magteloosheid.

- Marius: *Ek het selfmoord ernstig oorweeg. Ek het fisies my dienspistool gevat maar ... ek kon nie.*
- Louis (die enigste respondent wat toesig en beheer oor sy kinders verkry het): *Ek het aan die begin van die egskeiding baie aan selfmoord gedink maar die grootste oorweging is die kinders. Ek weet nie wat sal dan van hulle word nie. Ek is oortuig daarvan dat as ek nie meer daar is nie, die kinders se lewe daarmee heen is. Ek glo my grootste motivering is die kinders. Ek moet hulle net deur die lewe kry en dit hou my aan die gang.*

Slegs een persoon, Nico, het prontuit genoem dat hy nooit selfmoordgedagtes gehad het nie. Hy stel dit soos volg: *Ek het nooit sulke gevoelens ervaar nie. Niks sal my op daardie punt kry nie, ek is te lief vir myself.*

Die ander respondente het nie hierdie aspek in hul selfrekenskappe aangeraak nie.

Slegs twee respondente het ruiterlik erken dat hulle gewens het hul gewese vroue "kom iets oor". Daar is byvoorbeeld gemeld dat gewens is dat sy teen 'n boom moes vasry. Dit blyk egter dat hierdie gedagtes so gou moontlik onderdruk is en selfs weggepraat is.

- Nico het sy moordgedagtes só toegelig: *...haat vir haar en die man - ek het nooit gedink om haar te vermoor nie maar ... dit sal maklik wees as sy nie meer hier is nie. As sy dood was, kon ek ons dogtertjie by my hê. Ek sou dan nooit weer van haar gehoor of haar gesien het nie. Jy aanvaar ... as sy dood is, dan is dit klaar.*

Hierdie neiging om egskeiding met die dood te vergelyk het by drie ander respondente voorgekom waarvan twee se belewenisse soos volg daaruit gesien het:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Louis: ***...my ma se dood was 'n baie groot skok. Sy was nege weke in 'n koma en 'n mens moet dit aanvaar, maar dit was steeds 'n groot skok want sy was 'n ouerige mens. My vrou se weggaan was egter 'n ander skok. Dit was baie erger want sy is 'n lewendige mens en daar is so baie op die spel; en die kinders ly nou daaronder.***
- Sarel: ***...my hele familie het ek binne 'n kwessie van 'n jaar aan die dood afgestaan, maar almal se dood saam was nie so erg soos my egskeiding nie.***

8.3.6.4 Hartseer

Bykans al die respondente het gemeld dat hulle dikwels gevoelens van hartseer beleef het. Die volgende drie gedeeltes uit dié onderhoude met Hansie, Hardus en Sarel bied goeie beskrywings hiervan:

- Hansie: ***...tranedalle - ek het baie gehuil en het baie depressief gevoel. Ek was baie hartseer oor haar. Ek het baie gehuil, oor haar. Veral as ek saans in die bed klim, was ek baie hartseer. Ek kon nie eers meer haar rug krap nie. Ek wou haar terug hê, al sou sy nooit weer aan my vat nie, al sou ek nooit weer haar rug kon krap en haar hare kon was nie - as sy net wou terugkom.*** (Die respondent het selfs tydens die onderhoud baie bewoë geraak en het gesukkel om sy emosies te beheer).
- Hardus: ***...ek was hartseer. Jy huil soort van binne jouself...***
- Sarel: ***...ek het dan slegs van 10:00 tot 2:00 geslaap en dan het ek gehuil, van 2-uur tot omtrent ses-uur - oor die kinders. Ek was soos 'n "zombie"...***

8.3.6.5 Eensaamheid

'n Emosie wat ook uit die gegewens na vore gekom het, was eensaamheid. Sekerlik een van die beste beskrywings hiervan is deur Hansie gegee, waar hy sê: ***Ek hét eensaamheid ervaar. Dis***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

soos met 'n rit af Kaap toe - waar jy in die motor sit en daar is geen radio nie, hierdie eensaamheid is soortgelyk; 'n dooie gevoel.

Met die uitsondering van een persoon het al die respondente gemeld dat hulle in 'n stadium gedurende die egskeidingsperiode eensaamheid ervaar het. Ongelukkig was dit nie moontlik om met sekerheid vas te stel of dié emosie voor, tydens, of na die egskeiding die intenste ervaar is nie. Vier van die mans het hul gevoelens van eensaamheid só toegelig:

- George: ***...ek het stoksiel alleen gevoel. Niemand het hierdie pyn rêrig geken nie. Almal praat my moed in en gee raad, maar ek was so alleen, soos in 'n ou hokkie. Ek het gevoel ek wou nie uit die hokkie klim nie, want ek was te bang om van myself vir iemand te gee.***
- Neels: ***...ek was baie seer na die egskeiding, baie eensaam - ek het alles geprobeer, ek het niks meer oorgehad nie, niks behalwe myself nie.***
- Sarel: ***Jy voel by tye desperaat, moedeloos, verbitterd en oneindig alleen.***
- Marius: ***Die ergste gevoel na die egskeiding was vir my die eensaamheid...***

Wat egter wel duidelik blyk is dat van die respondente hul eie metodes ontwikkel het om gevoelens van eensaamheid te hanteer:

- Sarel: ***Ek het elke aand by vriende gaan kuier, soms tot 12-uur elke aand. Ek het my gedaan gekuier, net om nie alleen te wees nie, want ek het gevoel ek raak rasend as ek alleen is.***
- Frikkie: ***Ek het gesorg dat ek nooit alleen was nie. Daar was altyd mense en ek het baie geld gemors. Ek het baie partytjies gehou. Dit was 'n verdedigingsmeganisme - ek was nie myself nie.***
- Hardus, wat geen eensaamheid ervaar het nie, het die volgende verduideliking gegee: ***...ek het geen eensaamheid***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gevoel nie, ek het baie gestudeer en my in my werk uitgeleef, ek was betrokke by my werk.

Slegs een respondent, Frikkie, het gemeld dat hy dié eensaamheid nie meer so intens beleef nie. Hy was ten tye van die onderhoud tien jaar geskei en vertel dat hy nie meer sy vrou nie, maar iemand of iets mis. Hy stel dit soos volg: ***Ek voel ek kort iets, ek wil nie meer alleen slaap nie.***

Ten slotte, hierdie stelling van Sarel: ***Die geskeide man stap nie uit 'n huwelik uit sonder pyn, trauma, hartseer, intense gevoelens van verlies en verwarring nie.***

8.3.6.6 Euforie

In die geval van Hardus en Sarel, het die twee mans albei 'n gevoel van tevredenheid na die voltrekking van die egskeiding beleef. Hulle stel sit só:

- Hardus: ***...na die egskeiding 'n gevoel van verligting ... die egskeiding was taamlik spannend met hoë stres en daarom was ek bly dis klaar. Daar was 'n gevoel van verligting, ek kon nou voortgaan met my lewe...***
- Sarel: ***So byvoorbeeld is dit die beëindiging van 'n ongelukkige huwelik van botsende partye en van al die spanning en dramas en argumente en onsekerhede wat dit meebring. Gelukkig bring dit 'n eie bed, al is dit minder luuks as voorheen, vrede en groter kalmte en meer normale gebalanseerde lewe - ten spyte van die feit dat dit nie die ideale toestand is nie en dat dit baie nuwe hartseer skep. Gelukkig bied dit weer die moontlikheid van 'n nuwe begin waarin mense weer hulleself kan wees en die goeie en die mooie in en om hulleself en in mekaar weer kan raaksien.***

Uit die voorafgaande afdelings is dit duidelik dat 'n wye reeks emosies deur die geskeide mans ervaar is. Daar word met dié bespreking van hierdie emosies volstaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.3.7 **Die effek van egskeiding op die verhoudingslewe van die mans**

Die verbreking van die belangrikste verhouding wat 'n man kan aanknoop het ook 'n uitwerking op ander verhoudings wat 'n man het. Nie alleen beïnvloed egskeiding sy verhouding met sy gewese lewensmaat nie maar dit het ook vérreikende gevolge vir sy verhouding met sy kinders en met lede van die teenoorgestelde geslag.

8.3.7.1 Mans se verhouding met hul gewese eggenotes en kinders na die afhandeling van die egskeiding

Uit die gegewens is dit duidelik dat die geskeide mans se verhouding met hulle gewese eggenotes uit verskeie dimensies bestaan en dat elkeen van die situasies uniek is. Net soos in die geval van verskeie ander aspekte van egskeiding wat reeds bespreek is, het die feit dat die egpaar kinders het of kinderloos was, 'n rol gespeel in sowel die frekwensie as die aard van kontak wat die geskeide mans en hul vrouens gehad het.

Nico vergelyk die kontak met sy gewese vrou, soos verskeie ander respondente, met 'n leer: ***Jy klim die leer tot jy haar weer sien en dan val jy af en jy begin weer klim...***

Al vyftien respondente het na afloop van die egskeiding weer kontak met hul gewese vrouens gehad. Dit was nie altyd duidelik of dit deur die respondent of die gewese vrou geïnisieer was nie. Net in George se geval kan met sekerheid gesê word dat dit die vrou was wat weer kontak gemaak het. Sy was die verlater en het na die egskeiding "verdwyn". George kon haar vir 'n tyd lank nie opspoor nie en sy het hom op 'n later stadium gekontak. Hy was baie hartseer na sy hom verlaat het, en beskryf sy ervarings toe sy hom weer opgesoek het, só: ***Ek het gevoel soos 'n dooie. Ek was steeds baie lief vir haar ... as sy net wou terugkom sou ek haar terugneem sonder 'n woord. Dit was asof die pyn weer van heel voor af begin het. As sy maar liewers nie daar aangekom het***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie, sou dit beter gewees het. Sy het nou alles weer kom oopkrap en nou "bloei" hierdie outjie weer. Nadat ons ongeveer sewe maande geskei is, het sy by die huis aangekom, onverwags. Toe ek haar sien, het dit gevoel of ek net wil huil en aanhou huil en huil want dis die vrou vir wie ek nog steeds lief is, dis die vrou met wie ek getroud was. Dit het gevoel of die vrou wat voor my staan, nie sy is nie, maar 'n ander mens.

Dit blyk dat van die geskeide mans graag weer met hul gewese vrouens wou kontak maak, maar dat dit vir hulle moeilik was om die inisiatief te neem. Die algemene verskoning wat die mans gebruik het om kontak te maak was om van hul klere by hul gewese vrouens af te haal. Frikkie meld die volgende: ***...ek het haar gebel, maar dan was ek aggressief, deur byvoorbeeld te sê ek het my trui daar vergeet. Ek het nooit direk gesê ek wil haar sien nie, net verskonings gebruik...***

Van die mans se eggenotes het ook pogings aangewend om met hulle kontak te maak. Hansie vertel: ***Sy is die Saterdag weg en die Dinsdag was sy weer by die woonstel. Sy het toe van die tupperware en glasware teruggebring en ook 'n waterbottel want ek het 'n maagseer en moet baie water drink.***

Van die respondente het vertel dat hulle sedert die egskeiding emosionele verhoudings met hul gewese eggenotes het. Hulle beskryf dié verhoudings oor die algemeen soos dié van "goeie vriende". Neville laat hom in dié verband soos volg uit: ***Snaaks genoeg, ons is nou goeie tjommies ... Ons sien mekaar redelik baie, woon toevallig in dieselfde voorstad en die kinders kom kuier ook gereeld. Ek het ook nog met my gewese vrou oor die huwelik en egskeiding gesels.*** Verder noem hy dat hy en sy gewese vrou selfs na die wettige egskeiding op 'n stadium gereeld saam uitgegaan het. ***Sy het my byvoorbeeld na haar werkspartytjie genooi, ons het selfs soms gaan fliek. Ek het die kinders elke tweede Sondag kerk toe geneem en in plaas van twee karre het ons sommer almal saamgegaan. Dan bly ek vir tee of ete. Ons was dus goeie tjommies. Ons is egter seker ons het die regte ding***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gedoen, ek bedoel om te skei, ons sieninge is steeds dieselfde, nog teenstrydig, maar nou hoef ek nie meer daarmee saam te leef nie.

Soveel as tien van die mans het na die afhandeling van die egskeiding 'n seksuele verhouding met hul gewese eggenotes gehad. Nico, 'n pa van 'n dogter, skets dié verhouding tussen hom en sy gewese vrou soos volg: Na die man, (die derde party), ***haar gelos het, na ongeveer drie maande, het ek weer by haar gaan kuier. Ek wou graag hê dinge moes werk tussen ons ...ek het toe meer gereeld daar gekuier. Ons het in dié tyd weer saamgewoon. Toe ek by haar ingetrek het, was daar weer 'n seksuele verhouding. Ek dink dis normaal, ons was gewoond aan mekaar. Ek het goed gevoel. Na die tyd, toe die verhouding verbreek is, was ek kwaad vir myself dat dit gebeur het.*** Dit blyk dat Nico se gewese vrou self onseker was oor haar gevoel vir hom en sy het met hom en die derde party woer-woer gespeel. Sy het uiteindelik besluit om terug te keer na Nico toe. Hy het egter te midde van hartseer geoordeel dat 'n verhouding opnuut met sy gewese vrou nie enige potensiaal vir groei het nie.

Ook wat die verhouding tussen die geskeide mans en hul kinders betref, het 'n hele aantal belangrike dimensies na vore gekom. Hierdie aspekte word vervolgens van naderby beskou.

In die eerste plek raak 'n egskeiding nie slegs dié egpaar nie, maar almal wat daarby betrokke is, insluitende die kinders. Sarel stel dit soos volg: ***En omdat 'n egskeiding nie net jouself raak nie, maar ook die ander huweliksparty en by die meeste respondente ook die kinders wat deel van die huwelik geword het, die familielede aan albei kante asook die wye vriendekring rondom die gesin as geheel en elke afsonderlike lid (in kerklike, beroeps-, opvoedings- en sosiale verband in hulle betrokke woongebiede), strek die trauma daarvan baie wyer as net die twee skeidende partye. Elke sonde het sy prys. Hoe omvangryker die sonde, hoe groter die prys. Ongehoorsaamheid aan God het omtrent soos die wetmatighede wat in die skepping ingebou is, 'n***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

natuurlike weg om die sondaar in te haal. Die kwessie om met die kinders te breek - ek het nooit van my kinders geskei nie - dit was vir my die ergste, dit was vir my die diepste trauma van my lewe.

Uit die gegewens blyk dit dat die geskeide mans wat kinders by hul gewese vrouens het, ter wille van die kinders hul eertydse eggenotes verdra het.

Louis, die enigste respondent wat wettig toesig en beheer oor sy kinders behou het, beskryf sy gevoel teenoor sy vrou en die verhouding tussen hulle twee soos volg: ***...as dit nie vir die kinders was nie, sou ek graag my vrou heeltemal uit my lewe wou sny. My vrou is egter die ma van my kinders en ek kan nie toelaat dat sy op die ashoop beland nie. Ek verafsku haar soms en voel sy benadeel ook die kinders deur haar gedrag. Dit is egter belangrik dat ons op 'n aanvaarbare vlak kommunikeer, ter wille van die kinders. As ek moet, sal ek haar heeltemal probeer uitskakel, as dit in my mag was...***

Neville, vader van twee seuns, het die volgende oor die verhouding tussen homself en sy gewese vrou gesê: ***Ek het besluit, daar gaan nie dramas wees nie en as daar was, sou ek net wegstap - nie volstruispolitiek nie - maar ek moes 'n punt oordra dat ek nie meer al die "ou koeie" hoef aan te luister nie. Ons moes 'n goeie werkende verhouding ter wille van die kinders hê en ek het dit ook só aan haar gestel.***

Dit spreek vanself dat die respondente wat geskeide vaders is, verplig is om gereeld met hul gewese vrouens oor hul kinders te kommunikeer. Dit is ook te begrype dat hierdie kommunikasie nie altyd maklik sal wees nie.

Volgens Sarel is daar voortdurend spanning oor die onderhoud en oor toegang tot die kinders. As gevolg van talle argumente het hy en sy gewese vrou besluit om eerder oor hierdie aspekte vir mekaar te skryf omdat "praat" altyd emosioneel is. Dit is dan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook nie vreemd dat hulle mekaar in dié skrywes formeel as "meneer" en "mevrou" aanspreek nie. Kommunikasie oor die pos was nie slegs tot Sarel en sy gewese vrou beperk nie en het ook by Hannes en Louis en hulle gewese eggenotes voorgekom. Hulle vertel die volgende aangaande die tipe kommunikasie en hul verhouding met hul gewese eggenotes:

- Louis: ***...ek het na die egskeiding ook baie met my vrou daaroor gesels en byvoorbeeld gesê dat ons mekaar ons eie lewens moet gun, dat ons nie die kinders kan wegwens nie - die kinders sal altyd tussen ons wees.***
- Hannes: ***...sy, die gewese eggenote, skryf nog gereeld, skep baie probleme en is "difficult" en "bitchy". Die kinders veroorsaak dié korrespondensie oor onderhoud en toegang. As 'n mens nie kinders het nie, kan jy dalk skoon breek maar nie as daar kinders is nie.***

Twee van die geskeide vaders het laat blyk dat hulle magteloosheid ten opsigte van hul kinders ervaar:

- George: ***Ek het ook geen mag oor die kind nie. Sy het alle reg ten opsigte van die kind. Sy kan enige iets besluit en ek kan niks daaraan doen nie, ek het geen invloed nie.***
- Marius: ***My vrou*** (gewese vrou) **toon soms geen gevoel nie, met tye verag ek haar en kry ek haar ook jammer, maar sy bly die ma van my kinders en dit kan ek nie wegwens nie.**

Ten slotte die volgende belangrike opmerkings van Sarel betreffende die belange van die kinders wat deur egskeiding geraak word:

- Sarel: ***Die lewe moet eenvoudig weer na die egskeiding voortgaan. In lewe wat die beste belange van die kinders hoog aanslaan, sal hier 'n bydrae lewer. Dit behoort 'n vereiste te wees dat geen egskeidingsaak waarby minderjarige kinders betrokke is, voor die hof mag dien sonder 'n verslag met aanbevelings van 'n maatskaplike werker insake***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die toekomstige reëlings rakende onderhoud en toegang nie. Ek kies hierdie objektiewe professionele buitestaander vir wie daar nie geldelike winsbejag op die spel is nie, maar wat slegs die beste belange van die kinders vir die jare wat voorlê sal dien. So 'n reëling kan baie argumente, trauma, hofsake vir al die betrokkenes voorkom/verminder wat uiteindelik die saak van die kinders beter sal dien.

8.3.7.2 Versoening met die gewese eggenote en 'n tweede huwelik

Uit die inligting wat van die respondente verkry is, blyk dit dat minstens een, naamlik Hansie, uiteindelik weer met sy gewese eggenoot getrou het. Dié persoon wat ten tye van die onderhoud sowat 'n jaar vantevore van sy vrou geskei is, het weer by haar gekuier. Hy vertel: ***Ek sal nie gou weer iemand liefhê nie, want ek sal eerder onttrek. My vrou is die enigste persoon by wie ek nie sal onttrek nie.*** Die respondent meld verder dat sy gewese vrou met wie hy weer na afloop van hul egskeiding 'n seksuele verhouding gehad het, baie depressief was. Sy het egter nie wanneer hulle intiem verkeer het enige voorbehoedmiddels gebruik nie en hulle het besluit dat indien sy sou swanger raak, hulle weer sal trou: ***...dit sal 'n makliker manier wees om weer by mekaar uit te kom. Haar ouers het die verhouding verbied en ook dus om my weer te sien. My pa wil ook nie weer hê dat ek moet seerkry nie. Hulle vermoed egter dat ons mekaar weer sien...*** Hansie en sy gewese vrou is dan ook na die onderhoud wat met hom gevoer is, weer in die eg verbind.

Hardus, wat nie kinders het nie en steeds met sy gewese vrou kontak het, het genoem dat hy en sy eertydse eggenote hul gevoelens oor die egskeiding bespreek het en dat sy berou daaroor het. Dit is egter nie duidelik of hul verhouding van so 'n aard is en of Hardus se gewese vrou dermate berou het dat hulle in die toekoms sal herverenig nie.

Albert meld die volgende aangaande versoening: ***Ek het geprobeer maar sy het weer onttrek en my verlaat soos die eerste keer. Een***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

of ander tyd, selfs al was jy die verweerder, moet jy weer vertroue en standvastigheid hê. Ek dink tog dat versoening meestal onwaarskynlik is as gevolg van die vertroue wat by die venster uit is na die egskeiding.

Dit wil voorkom asof ander respondente soos Sarel sodanig deur hul vrouens se optredes en die egskeiding, oor vroue in die algemeen ontnugter is, dat hulle moeilik, indien ooit, weer hegte verhoudings met die teenoorgestelde geslag sal aanknoop.

8.3.7.3 Verdere heteroseksuele kontak na beëindiging van egskeiding

Al vyftien die respondente het na die egskeiding verhoudings met die teenoorgestelde geslag aangeknoop. Dit is egter nie by al die respondente duidelik of die verhoudings 'n seksuele karakter gehad het nie. Slegs een respondent, Floris was van mening dat enige seksuele kontak met ander vroue onaanvaarbaar is. ***Dis Christelik onverantwoordbaar. Ek verkies volgens die Skrif herstel, al is dit menslik onmoonlik.***

Hansie was die enigste respondent wat pertinent ontken het dat hy enige seksuele kontak, behalwe met sy gewese vrou gehad het. Hy vertel in dié verband: ***...ek het 'n maat probeer vind, ek het 'n oulike meisie ontmoet. Dit het ernstig begin word en ek het onttrek, ek wou dit nie hê nie. As ek die nuwe meisie gesoen het, het ek aan my gewese vrou gedink.*** Hansie is dan ook, soos reeds beskryf die enigste respondent wat, na afloop van die onderhoude, weer met sy gewese vrou in die eg verbind is.

Slegs een respondent, Dawid, het die tweede keer in die eg getree en weer geskei. Hy beskryf sy verhouding met die teenoorgestelde geslag soos volg: ***Ek glo 'n dame is daar om jou gesellin te wees, 'n spogstuk te wees aan jou sy. Ek glo enige ou wat nie die nodigheid vir die fisiese, die seksuele, sien nie, is 'n moffie*** ('n homoseksueel) ***- en dit is ek beslis nie. O ja, ek misbruik hulle, maar ek wil nie betrokke raak nie. Kom ek sê***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ek trek haar nader tot en met sover dat sy seksueel betrokke raak. Dan as sy wil nader beweeg, skuif jy weg - so met ander woorde jy moet haar manipuleer net tot op die punt wat die omstandighede vir haar aanvaarbaar is en sy dan hoop koester vir die toekoms. Ek glo natuurlik - moenie geaffronteer voel nie - ek glo dat 'n dame parasities van aard is want daar is sewe vrouens vir elke man en hulle moet hardloop vir 'n wennende plek, vir 'n huwelik. Gevolglik weet 'n dame net so goed as 'n man indien sy die seksuele toelaat, dan het sy die kans om hierdie man te wen en 'n huwelik en kinders te kan hê, stabiliteit, ensovoorts. Dames misbruik dié kommoditeit om 'n goeie huwelik te maak en gevolglik dwing jy hulle tot 'n punt waar hulle die kommoditeit aanbied en die slag wat hulle nader wil beweeg, dan kan hulle maar "verbyhou". Dawid het ook verder gemeld dat hy die besluite in 'n verhouding neem, dat hy "die kitaar slaan". Hy het dit ook duidelik gestel dat hy antagonisties is teenoor enige vaste verhouding en stel dit soos volg: *...ek wil nooit weer in die situasie beland waar ek nie seggenskap het oor sake nie. Ek is die een wat sê ons gaan uit of ons gaan nie uit nie.*

Op die vraag hoekom hy dan 'n tweede keer getrou het, het hy die volgende antwoord gegee: *Ek moes. 'n Pragtige jong dame ... en toe het sy swanger geraak, toe het ek nogtans besef ek is miskien oppervlakkig wat 'n verhouding met vrouemense betref, maar ek is nie 'n hond nie. Ek kom my verpligtinge na en ek het getrou.*

Die huwelik het sewentien maande geduur. Volgens Dawid het hy gevoel dat dit onnodig is om al die verantwoordelikheid van die huwelik te aanvaar en omdat hy tog sy dogter uit die vorige huwelik sien en steeds sy seun uit hierdie huwelik sou sien, sou die verhouding beëindig word.

Op die vraag hoe hy die tweede egskeiding beleef het, was sy antwoord: *...nee wat, dit was soos om deur 'n stroompie water te loop. Ek was mos al geskei, dit was my tweede keer, dis my siening. Dis niks hierdie nie. Nee as daar minder as tien hofdae 'n vereiste was, was dit gouer. Ek het geen traumatiese*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

ervaring daarvan nie. Ek moet tog net verduidelik wat die rede vir dié egskeiding was. (By haar werk), **kort voor ons getroud is, het sy van die "petty cash" gesteel. Ek het dit egter terugbetaal. Sy het vreeslik gekoop, 'n impulsiewe koper, maklik tot R2 500 se klere per maand. Ek moes net harder werk. Desember 1988 was ons saam met vriende met vakansie. Dié dame se ring raak toe weg. Eers 'n paar maande later daag die speurders op want sy het dié ring toe probeer verkoop. Sy het gevoel sy kan dit nie aan my doen nie en sy het my toe gedagvaar om 'n egskeiding. Dit was dus tog in 'n mate 'n skok.**

Dit blyk dus dat Dawid se belewing van die tweede egskeiding anders as sy eerste egskeidingservaring was. Hy spreek sy tweede gewese vrou ook aan as "mevrou" en kontak haar slegs wanneer reëlings aangaande besoeke aan en van hul seun getref moet word. Dawid het ten tye van die ondersoek saam met 'n dame gewoon maar het dit duidelik gestel dat hy nooit weer sal trou nie. Dit is egter ook so dat hy die tweede huwelik, alhoewel dit van korter duur as die eerste was, ook traumaties beleef het.

Die volgende respondente het ook gemeld dat hulle na afloop van die egskeiding intieme seksuele verhoudings gehad het:

- Nico: ***Na die egskeiding het ek met baie meisies uitgegaan. Daar was ook talle seksuele kontakte. Ek wou reeds op die eerste aand kyk of ek die meisie in die bed kon kry. Ek het uitgegaan, seker om vrouens seer te maak, ek weet nie... Ek voel vandag baie skuldig daaroor. Ek wou nie die meisies seermaak nie... dit het net gebeur. Sommer ook slegte meisies, sommer kwaad vir enige vrou... Ek was egter in beheer. Ek kon bepaal of ek die meisies weer wou sien of nie - heeltemal, volkome in beheer. As ek terugdink - die meisies het my manlike ego gestreel of dalk, miskien het dit nie 'n effek gehad nie, ek weet nie...***
- George: ***Ek het in dié periode met baie meisies uitgegaan maar dit was net in die begin. Ek het gevoel ek kan nie met hulle kommunikeer nie; ek het gevoel ek misbruik dié***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> ***mense. Daar was baie seksuele verhoudings. In die oggende kon ek nie met die vrouens praat nie; ek het gewonder hoekom ek die seksuele kontak gesoek het. Ek het vir myself gelag want ek was daarop uit om hulle in die bed te kry al voel ek niks vir hulle nie. Dit was "goeie meisies", nie "vrottes" nie. Ek glo egter dit was die verkeerdste ding om te doen; ek het myself elke keer meer gehaat. Ek het egter gevoel ek het reeds my beurt gehad, nou is dit hulle beurt. Dalk was dit sielkundig maar ék was nou in beheer, ek het nou die besluite geneem. Iemand het op my uitgeloop ... nou sal ek op almal uitloop...***

Van hierdie respondente wat intiem met vroue was, was van mening dat dames maklik bekombaar is en begerig is om saamwoonverhoudings aan te knoop. Al dié respondente beklemtoon egter dat sulke verhoudings niks vir die toekoms inhou nie.

Van die ander respondente het die aanknoop van nuwe verhoudings vreemd en selfs moeilik ervaar. ***Dis egter vreemd om weer uit te gaan. Jy moet jou verdedigingsmeganisme weer evalueer en dan besef jy dat jy eintlik a-sosiaal is, alhoewel die egskeidingstatistiek in die land hoog is. Jy besef egter jy moet 'n nuwe begin maak maar hoe en waar jy begin, is nuut, jy soek 'n rede vir die mislukking en dis moeilik. Jy soek iemand wat die fout gemaak het en jy oorweeg om vyftig persent van die blaam te aanvaar. "Cut the losses" en gaan voort ...*** (Neville).

Louis en Frikkie het gemeld dat hulle skuldig gevoel het om weer met 'n dame uit te gaan. Louis stel dit só: ***ek het een vorige verhouding gehad, ek het egter baie skuldig daaroor gevoel. Dit is die dame wat my vrou so gereeld geskakel het. Ek het haar egter Augustus laas gesien.***

Die meeste van die mans het gemeld dat hulle nie maklik weer in die huwelik sal tree nie, en dat dit dan 'n weldeurdagte besluit sal wees. Floris verduidelik: ***....ek sal weer wil trou, maar nie maklik nie. Ek raak dalk te selfstandig. Ek het tog***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

behoefte aan geselskap en wil nie my hele lewe alleen wees nie, maar ek weet dis 'n vreeslike groot besluit en ek het al een keer in my lewe so 'n fout gemaak!

Soos reeds vermeld, is een van die respondente, Hansie, met sy gewese vrou getroud en kuier 'n tweede, Hardus, weer redelik ernstig by sy gewese vrou.

8.3.8 Ander insigte

Ander gevolge van egskeiding wat deur die respondente genoem is, sluit in: stigma, mislukking, magteloosheid, lewensmoegheid en emosieloosheid. Vervolgens word kortliks aandag hieraan gegee:

- Stigma

  Frikkie, Hardus, Hansie en Sarel het almal, soos uit die volgende uittreksels uit die onderhoude en geskrewe inligting blyk, 'n stigma ervaar:

  * Frikkie: ***...wat baie opvallend is, is dat omdat jy geskei is, jy pestilensie dra. Van die vriende weet nie hoe om teenoor jou op te tree nie, of hoe om hulle teenoor jou te gedra nie.***
  * Hardus: ***Ek was verleë, skaam en selfbewus; die gemeenskap koppel 'n stigma aan egskeiding.***
  * Hansie: ***...die egskeiding het my hele toekoms "opgefoeter". As ek by 'n meisie kuier en jy sê jy is geskei ... sal sy onttrek, want 'n geskeide man het 'n slegte naam. Dis 'n gevoel dat die man die sondebok is, die geskeide man word dus ook soms as die skuldige gesien en selfs van die mans, sal jou soms "wegstoot"...***
  * Sarel: ***Vir sommige van die geskeidenes en ook vir ander, skep dit soms ook sosiaal-maatskaplike probleme. Dit versteur die aanvaarde orde in die samelewing, in gesinsverhoudinge en in vriendekringe. Mense beleef die teenwoordigheid van 'n geskeide persoon by***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

tye ongemaklik, selfs onaangenaam, omdat hulle nie altyd heeltemal weet hoe om hom/haar te hanteer nie, hoe om al die vrae van hulle kinders of vriende oor die geskeide te beantwoord nie en hoe om sy/haar geskeide status te verduidelik nie.

Nico: *...die stigma van geskei te wees is baie negatief. Ek sal trou, as dit die regte meisie is, net om nie meer die stigma van "egskeiding" te dra nie. Jy pas nie meer in nie. Jy pas nêrens in nie. Mense verstaan nie en oor die algemeen behandel hulle geskeides anders, alhoewel dit baie alledaags is om geskei te wees. Daar hang so 'n ding om jou ...*

- Mislukking
  * Sarel: *Ek dink elkeen wat 'n egskeiding deurgemaak het, beleef 'n geweldige gevoel van mislukking. Jy het van 'n belangrike "ding" 'n mislukking gemaak. Jy het misluk. Ek moes my na die egskeiding bewys. Ek moes bewys dat ek los van haar weer 'n sukses van dinge kan maak...*
  * Neville:*...die ergste van die egskeiding, die seer, die vernedering vir jouself, jy het alles verloor en die verlatenheid, amper tot die punt van desperaat-heid. As ek nie so 'n positiewe filosofie en 'n sterk geloof gehad het nie, weet ek nie.*

- Magteloosheid
  * George: *Ek het 'n passiewe magteloosheid ervaar, ek het onttrek, ek was soos 'n "zombie"; ek het myself glad nie geken nie en het ook nie van dié optrede gehou nie.*

- Lewensmoegheid
  * Sarel: *Ek was later na die egskeiding so moeg - lewensmoeg...*

- Emosieloosheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

* Louis, die enigste respondent by wie die kinders onder sy toesig en beheer geplaas is, meld die volgende: ***My lewe is in elk geval soos 'n robot. Myne is een van daardie unieke gevalle. Soggens doen ek dinge, dan moet ek die kinders by die naskoolse sentrum oplaai en toesien dat hulle kos kry. Dis vir my 'n groot opoffering maar ek weet nie wat sal van hulle word as ek nie meer daar is nie.***

Floris en Neville is die enigste ander respondente wie se seuns by hulle woon. Dit is egter slegs 'n privaatreëling en is dus nie deur die Hooggeregshof gewettig nie.

8.3.9 Ervarings en persepsies van terapeutiese hulpverlening

Van die vyftien mans in hierdie ondersoekgroep, het sewe by terapeutiese hulpverlening ingeskakel. Vier van dié sewe het by Famsa ingeskakel en het dus 'n maatskaplike werker oftewel huweliksberader gespreek. Die orige drie respondente het kliniese sielkundiges geraadpleeg.

Ten opsigte van dié sewe respondente se inskakeling het die volgende verskille geblyk. Drie van dié sewe respondente het die terapie geïnisieer en hulle eggenotes aangemoedig om by hierdie terapie in te skakel. Die volgende illustrasies dien as voorbeeld hiervan:

- ***Ek het gespartel en gesukkel dat sy 'n huweliksraadgewer moet gaan spreek en toe het sy een saam met my gaan raad-pleeg. Sy het uit die onderhoud gestap en weggery. Die terapeut het toe gesê sy het klaar besluit en die beste vir my sal wees om die huwelik klaar en verby te kry.*** (Hannes).
- Hansie en Marius het ook besluit dat terapie van waarde sal wees en eersgenoemde meld in dié verband die volgende: ***Voor die egskeiding het ek gevoel ons moes hulp kry. Ek het Famsa geskakel en het my vrou gesmeek, geskel, gedreig en weer gesmeek om te gaan en sy het toe ingegee. Sy is***

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dus fisies klaar weg van my, maar ons was nog nie wettig geskei nie. My vrou het my toe reeds gedagvaar vir die egskeiding en die dame by Famsa het voorgestel dat sy die egskeiding moes laat vaar, voor die hulpverlening begin. Die koste was minimaal, koste omtrent R20. Ek het reeds aan die einde van die sessie geweet my vrou sou nie weer gaan nie en het dit ook vir die terapeut gesê. My vrou het gevoel ons kan nie eers self ons probleme oplos nie, hoe sou iemand anders kon?

In die geval van drie van die respondente, Hardus, Nico en Neville, het hulle eggenotes die terapeutiese intervensie geïnisieer. Die respondente het hulle in hierdie verband so daaroor uitgelaat:

- Hardus: *Ons het na die einde se kant toe baie daaroor gepraat. Mens probeer nou maar dinge doen, op my vrou se keuse was ons by 'n pastorale sielkundige. Ek sou enigiets doen om die huwelik te red. Al die sielkundige toetse is op ons gedoen; die Rosarch ensovoorts, om sodoende die twee persoonlikhede te ontleed. Ek was twee tot drie keer en sy was meer kere daar. Volgens die sielkundige was die twee persoonlikhede nie "samevoegbaar" nie. Ons kon probeer, maar volgens hom was dit beter om uitmekaar te gaan voor daar kinders is.*
- Nico: *...Ons was by 'n sielkundige. My vrou het dit geïnisieer en dit was as gevolg van skuldgevoelens, as gevolg van haar verhouding met daardie man, die derde party. Die terapie het plus minus drie maande geduur. Hulle het net my geld gemors. R300 elke keer as ons die terapeute spreek! Dit was goed maar ons albei het geweet dit gaan nie werk nie... Ons het ook nie die "raad" geïmplementeer nie. Ek wou nie meer werk nie ... opoffer nie, sê "sorry" nie ... Ek het geweet dit gaan nie werk nie...*
- Neville: *...sy* (sy vrou) **was al by 'n huweliksraadgewer en wou weet wat ek gaan maak, ek het egter voor my siel geweet dit gaan niks verander nie want die benadering was ver-**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> **keerd. 'n Mens gaan nie met die doel om vinger te wys nie, maar met die wens om iets te verbeter. Ek voel dit was 'n "vicious circle". Ek het die fout gemaak om 'n dreigement te gebruik en gesê as dit met die huwelik nie binne 'n maand beter gaan nie, gaan ek begin skei, "obviously" het niks beter gegaan nie, want hoe sou dit nou kon beter gegaan het?**

In slegs een geval het die egpaar gesamentlik besluit om terapie te bekom. Sylvester en sy gewese vrou het gesamentlik besluit om, om hulp te gaan aanklop: ***Ons was vir terapie by Famsa. Dit was 'n gesamentlike besluit maar ek voel dit was sinneloos want ek het klaar besluit wat om te doen. Ek het ook gevoel dat die terapeut bloot bevestig het wat ek reeds geweet het, naamlik dat ons uitmekaar gedryf het, en as die huwelik moet slaag, sal ons albei weer van heel voor moes begin, van sewe jaar gelede.***

Wat terapie voor egskeiding betref, maak Albert die volgende belangrike opmerking: ***...dit is wensdenkery wanneer een van die partye alreeds by die besluitnemingsfase verby is... om dit*** (die huwelik) ***te wil red.***

Wat betref terapeutiese hulpverlening na afloop van die egskeiding het vier respondente daarvan gebruik gemaak. Sarel meld in die verband: ***Na die egskeiding het ek op 'n weeklikse basis na dr. X gegaan. Ek het baie gesels, ek het geweet ek moes praat. Dít, my verhouding met die Here en die terapie het my deurgehaal.***

Floris: ***Naas die hulp deur my predikantevriend, dr. X, was ek 'n jaar lank maandeliks by 'n Christen-psigiater. Dit was nodig vanweë die intensiteit van die trauma.*** Hy beskou terapie na afloop van die egskeiding as uiters noodsaaklik, afhangende van hoe traumaties die ervaring is.

Hansie het gemeld dat hy na afloop van die kwalitatiewe onderhoud wel met 'n maatskaplike werker van die Suid-Afrikaanse Polisie gesels het. Hy en sy eggenote het volgens hom as gevolg van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie terapeutiese gesprek weer in die huwelik getree.

Alhoewel sommige van die respondente hulle nie daaroor uitgespreek het nie, het slegs George en Hardus dit onomwonde gestel dat terapie na afloop van die egskeiding onnodig is.

- George: ***...ek het gevoel ek raak van my kop af, my broer het aanbeveel dat ek met iemand moes gaan praat, soos byvoorbeeld 'n sielkundige, maar ek het gevoel ek sal die saak self uitsorteer. As ons eers amptelik geskei is, sou dinge weer voortgaan.***
- Hardus: ***...na die egskeiding het ek nie 'n behoefte gehad om met iemand te praat nie. Ek het my belewing van die egskeiding met niemand gedeel nie. Ek het soms met vriende gepraat maar nie op 'n emosionele vlak nie.***

Uit die voorafgaande blyk dit dat bykans die helfte van die respondente voor en tydens die egskeiding by hulpverlening betrokke was, slegs enkeles ná afloop van die egskeiding.

8.3.10 **Samevatting**

8.3.10.1 In hierdie hoofstuk is die respondente se belewing van egskeiding bespreek. Dit was duidelik dat hierdie krisis nie as 'n toestand nie maar as 'n **proses** beskou moet word.

8.3.10.2 Vier fases kan binne hierdie proses onderskei maar nie geskei word nie. Dié stadia is:

- Die besluitnemingsfase;
- die voor-egskeidingsfase wat bestaan uit:
  * emosionele gewaarwordinge;
  * fisiese egskeiding; en
  * wetlike egskeiding; en
- die na-egskeidingsfase.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

8.3.10.3 Verder het dit geblyk dat voorbereiding op die verlating oftewel waarskuwing en beskikbare steunstelsels belangrike veranderlikes is wat na-egskeidingsaanpassing kan beïnvloed.

8.3.10.4 Derdens het dit uit die gegewens wat van die respondente verkry is, duidelik geword dat egskeiding verskeie implikasies inhou. Die volgende konsekwensies is onderskei: verskeie fisies waarneembare gevolge soos versteurde eet- en slaappatrone, rook- en drinkgewoontes, werkskonsekwensies, finansiële gevolge en gevolge vir godsdiensbeoefening.

8.3.10.5 Vierdens het die respondente melding gemaak van 'n wye reeks emosionele ervarings soos: skuldgevoelens, ambivalensie, aggressie, hartseer, eensaamheid en euforie.

8.3.10.6 Vyfdens het egskeiding belangrike implikasies gehad vir die mans se verhouding jeens hul gewese eggenotes en hul kinders en vir hul toekomstige verhoudings met die teenoorgestelde geslag.

8.3.10.7 Sesdens het egskeiding tot stigmatisering en magteloosheid aanleiding gegee. In die geheel beskou kan die uitwerking wat egskeiding op die mans gehad het in die volgende woorde van Neels saamgevat word: ***Alles is baie onsmaaklik ... ek wens dit nie vir my grootste vyand toe nie!***.

8.3.10.8 Ten slotte: Die geskeide mans was nie almal by terapeutiese intervensie voor die egskeiding betrokke nie maar dié wat wel by sodanige hulpverlening ingeskakel was, het van maatskaplike werkers, kliniese sielkundiges en psigiaters gebruik gemaak. Van die mans het te kenne gegee dat dergelike terapie nutteloos was, dat dit bloot 'n bevestiging was van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

feit dat die huwelik verbrokkel het en dat dit op ’n te laat stadium benut is om die breuk te verhoed. Dié wat wel na afloop van die egskeiding by terapie ingeskakel het, beskou dit as noodsaaklik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DEEL III

In hierdie gedeelte wat uit 'n enkele hoofstuk bestaan, word die vernaamste bevindinge geïnterpreteer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 9

INTERPRETASIE VAN DIE GEGEWENS

9.1 INLEIDING

Uit die vorige hoofstuk het sekere temas en patrone in die gegewens wat van die vyftien blanke geskeide Suid-Afrikaanse mans verkry is, na vore gekom. In hierdie hoofstuk word hierdie tendense geïnterpreteer. Dit sal naamlik gedoen word deur dit in verband te bring met abstrakte konsepte of wat Marais & Mouton (1985:125) simboliese gereedskap noem. Alvorens dié mans se gegewens vertolk word is dit nodig om weereens te beklemtoon dat literatuur aangaande blanke Suid-Afrikaanse mans se ervarings van egskeiding, baie beperk is en dat noodgedwonge swaar geleun moes word op oorsese literatuur asook op literatuur wat fokus op die vrou se belewing van egskeiding.

9.2 REDES VIR EGSKEIDING

In hierdie ondersoek is nie op die redes of oorsake van egskeiding gefokus nie, die klem het eerder op die gevolge van egskeiding geval. Nogtans het van die respondente redes vir hul egskeidings gegee. Dit is opvallend dat die redes wyduiteenlopend is en dat dit in breë kategorieë ingedeel kan word. Dit is egter belangrik om daarop te let dat 'n besondere rede vir egskeiding nie noodwendig net in 'n enkele kategorie geplaas hoef te word nie. Oorvleueling het tipies plaasgevind en dikwels is nie net 'n enkele rede of oorsaak vir 'n egskeiding verstrek nie. Die breë kategorieë is die volgende:

9.2.1 Botsende of onverenigbare persoonlikhede

Drie van die respondente het beweer dat hul persoonlikhede radikaal van dié van hul vrouens verskil het en het dit aan die verskille in hulle opvoeding en agtergrond gewyt. Twee van die respondente het ook gemeld dat die betrokke terapeute 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sielkundige en 'n maatskaplike werker, wat tydens hul egskeiding betrokke was, beweer het dat hulle en hul eggenotes se persoonlikhede "onverenigbaar" is.

9.2.2 Verkeerde keuse van lewensmaat

'n Interessante verskynsel het by drie respondente na vore gekom, naamlik dat hulle reeds voor die voltrekking van die huwelik besef het dat die huwelik nie gaan slaag nie. Dit blyk dat dié huwelike reeds van die eerste dag af op 'n egskeiding afgestuur het.

9.2.3 Buite-egtelike verhoudings

In twee gevalle was respondente se buite-egtelike verhoudings die hoofrede vir die egskeiding. Dié twee respondente het egter na afloop van die egskeiding nie weer met dié ander dames kontak gehad nie.

9.2.4 Gebrekkige kommunikasie en onvermoë om konflik te hanteer

Geweld in die huwelik het in twee gevalle voorgekom. Dit blyk dat respondente se onvermoë tot hierdie fisiese geweld gelei het.

9.2.5 Veranderde man- en vrourolle

Dit blyk dat veral die vrou se rol in die moderne samelewing geweldige verandering ondergaan het. Die vrou raak meer beroepsgeoriënteerd en haar man en kinders is dus nie meer die middelpunt van haar lewe nie. Dié veranderings het 'n besliste effek op die huweliksverhouding. Van Staden (1987:12) meld in dié verband: "Die komponente van die huweliksverhouding bied enersyds ruimte vir aanpassing, groei en ontwikkeling, andersyds vir agteruitgang, verbrokkeling en uiteindelike egskeiding".

Ten slotte dien gelet te word op 'n onlangse ondersoek van Winn (1986:17) na die man en sy ervaring van egskeiding. Sy onderskei

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die volgende redes vir egskeiding wat oor die algemeen met dié van die huidige ondersoek ooreenstem, naamlik:

- Onvermoë om gevoelens oor te dra;
- nie gereed vir 'n huwelik nie (te vroeë ouderdom waarop in die huwelik getree is);
- botsing van verwagtinge; en
- negering van eie behoeftes.

Winn (1986:17) wat in haar studie ook van kwalitatiewe metodes gebruik gemaak het, meld die volgende: "While no fault or failing, unless extreme in the extreme, is what breaks up a marriage, many strands did emerge from the stories I heard which, individually and collectively, seemed to contribute to the marriage breakdown".

In hierdie ondersoek is daar ook nie slegs 'n enkele oorsaak vir egskeiding gevind nie. Elke egskeiding is uniek en so ook die reaksies van die individue op so 'n krisis.

Vervolgens word aan egskeiding as proses en die fases van egskeiding aandag gegee:

9.3 **EGSKEIDING AS PROSES**

Daar bestaan verskeie modelle aangaande die proses van egskeiding. (Vgl. Bohannan, 1970; Kessler, 1975; Weiss, 1975; Wiseman, 1975; Kaslow, 1981 en Van Staden, 1987.) In hierdie ondersoek het dit duidelik geblyk dat die respondente ook die egskeiding as 'n proses beleef het.

9.3.1 **Die voorbereidingsfase**

9.3.1.1 Die besluitnemingsperiode

Hierdie periode speel 'n belangrike rol in die verwerking van egskeiding. Wie die besluit om te skei inisieer, is van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kardinale belang. Jacobson (1983:143) meld in hierdie verband: "The question of which marital partner initiates the separation is an important one. It is too simple to expect that only the partner who did not want the separation is adversely affected, while the initiator, who gets his or her wish, is pleased with the outcome. The intricacies of marital bonding are such that this simplistic statement is unacceptable".

In hierdie ondersoek is drie tipes "voorbereiding" aangetref, naamlik: die respondent wat die besluit om te skei geïnisieer het; die respondent en die eggenote wat saam besluit het om te skei en die gewese eggenote wat die egskeiding geïnisieer het. Die tipes besluite word vervolgens breedvoeriger toegelig.

9.3.1.1.1 Man as inisïeerder van egskeiding

Weiss (1975:61) meld dat skeidingsangs by beide die besluitnemer en die ander party voorkom. Albei ervaar negatiewe gevoelens: die persoon wat agterbly, ervaar verwerping en die inisïeerder beleef skuldgevoelens.

In die huidige ondersoek het slegs Marius en Sylvester erken dat hulle die egskeiding geïnisieer het. Alhoewel egskeiding hul keuse was het dit hulle nie gevrywaar van die trauma daarvan nie. Dit het egter daartoe bygedra dat hulle prakties op die egskeiding voorbereid was. Hulle het naamlik reeds ander behuising bekom en emosioneel gereed gemaak vir dié afsluiting. Nogtans het beide respondente skuldgevoelens ervaar en ook die kommer uitgespreek dat hulle dalk nie genoeg gedoen het om die huwelik te red nie. Hierdie twee mans was ook die enigste van die respondente wat gemeld het dat hulle aanvanklik bekommerd was oor die welsyn van hul gewese eggenotes.

9.3.1.1.2 Man en vrou besluit gesamentlik om te skei

Volgens Jacobson (1983:144) is daar nie ooreenstemming onder navorsers aangaande wie die besluit om te skei inisieer nie. Na

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aanleiding van sy eie navorsing bevind Jacobson (1983:146) egter dat slegs in 'n klein persentasie gevalle, beide egliede die egskeiding inisieer.

In hierdie ondersoek het sewe van die vyftien respondente saam met hul vrouens besluit op 'n egskeiding. Nogtans het een van dié partye die idee geïnisieer en die saak by die prokureur aanhanging gemaak. Alhoewel dit dus 'n gesamentlike besluit was, het die onus op een van die partye gerus om tot aksie oor te gaan.

Dit blyk dat daar 'n toename is in die gevalle waar die inisiëring van egskeiding deur vroue geskied. In sy ondersoek vind Jacobson (1983:147) 'n beduidende verskil tussen mans en vrouens wat egskeiding inisieer asook dat vroue in meerdere mate die eiser was en die meerderheid mans die verweerder. In dié verband meld Myers (1989:112) die volgende: "Thus, not only are men increasingly, the non initiators of their separations (that is, often they are the "rejectees"), but they also do not perceive benefits to separation, and they are more isolated".

Alhoewel bykans die helfte van die respondente in hierdie ondersoek tesame met hul eggenotes oor die egskeiding besluit het, was die meerderheid eisers die vrou. Wanneer op statistiek rakende egskeiding in Suid-Afrika gelet word, word dieselfde tendens weerspieël. (Vgl. Suid-Afrikaanse Statistiekdiens, 1990:317.)

9.3.1.1.3 Onvoorbereidheid op egskeiding

Dit klink ongelooflik dat een van die twee persone wat in so 'n intieme verhouding soos dié van 'n huwelik staan, onbewus daarvan is dat die een party so ongelukkig is dat hy/sy die huwelik wil beëindig. Dit het egter in hierdie ondersoek plaasgevind en wel in ses van die vyftien gevalle. Die verskynsel is ook deur ander navorsers bevind. (Vgl. Weiss, 1975:61 en Hart 1976:116.)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie onverwagse krisis laat talle vrae by die verlatene ontstaan. Volgens Weiss (1975:61) en Hart (1976:110-112) herstel hierdie persone stadiger en ervaar ook 'n aantal spesifieke moeilikhede. Hulle moet onder andere 'n voortdurende wantroue in hul oordeel en persepsies te bowe kom wat in die geval van die ander geskeidenes nie 'n faktor is nie. In hierdie ondersoek is dit duidelik dat ses van die respondente verskeie onsekerhede ervaar het, nie net rondom die huidige egskeidingsituasie nie maar ook rakende die verlede en veral aangaande die redes vir die egskeiding. In 'n poging om hierdie vrae te verwerk en soms selfs die huwelik te red, het ses respondente die egskeiding telkens probeer uitstel of vertraag.

9.3.1.1.4 Die effek van egskeidinginisiëring

Die waarheid van die volgende stelling van Winn (1986:71) het duidelik in hierdie ondersoek na vore gekom: "There is probably little chance of marriage break-up being untraumatic in some sense, however much it is wanted or even mutually planned. In both cases, the disorientation must still be extreme because, however clear or right the decision to part, there is likely to be unexpectedly strong emotional ambivalence".

In sy ondersoek rakende egskeiding het Jacobson (1983:148) die volgende twee hipoteses geformuleer wat hier van belang is:

- "If the spouse is perceived by the respondent as being the one who most wanted the separation or divorce, the respondent is likely to be rated as more disturbed by the chosen mental health measures;
- A respondent who indicated that the decision to obtain a separation was mutual will be less disturbed than an individual who wanted the separation or whose spouse wanted the separation".

Jacobson (1983:149) het bevind dat daar wel 'n verband tussen geestesgesondheid en die inisieerder is en hy kom dan ook tot die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slotsom dat die respondente wat die ander party as die inisieerder van die egskeiding beskou het, meer depressief, sosiaal disfunksioneel en psigiatries versteurd was as diegene wat beweer het dat hulle self die egskeiding geïnisieer het.

Aangesien in hierdie ondersoek slegs na die man se posisie in die egskeidingsituasie gelet is, kon nie bepaal word of die verlatene of die verlater egskeiding meer traumaties beleef het nie. Wanneer twee respondente wat self die egskeiding geïnisieer het vergelyk word met diegene (ses respondente) was onvoorbereid in die situasie beland het, blyk dit dat diegene wat hulself as die verlatenes beskou het, ervaar het dat hulle beheer oor die situasie verloor het wat die verwerking van die egskeiding bemoeilik het. Dit blyk dus dat ongeag wie die persoon is wat die egskeiding geïnisieer het, hy of sy nie die emosionele trauma vryspring wat die egskeiding meebring nie.

Verder blyk uit die ondersoek dat alhoewel die fisiese verlating 'n goeie aanduiding bied van die finaliteit van die verbrokkeling van die huwelik, daar nie presies bepaal kan word wanneer die emosionele verlating 'n aanvang neem nie. Volgens Van Staden (1987:213) word hierdie besluitnemingsperiode gekenmerk deur die emosionele skeiding en 'n warboel van emosies.

9.3.1.2 Emosionele gewaarwordinge

In hierdie ondersoek het dit geblyk dat van die respondente alles in hul vermoë sou doen om hul huwelik te probeer red. In hierdie verband meld Winn (1986:71) die volgende: "No matter how bad things were, which prompted the parting, there would also have been a great many good times too - forgotten, perhaps, in the fury of fighting, but poignantly recalled later, alone. It may take time to stop regretting or denying the love that has been lost and accept it as a once very real part of a marriage that didn't always last".

Irrasionele idees vorm gedurende hierdie besluitnemingstadium

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dikwels deel van die geskeide man se gedagtegang. In drie gevalle het die respondente gepoog om die gewese vrou ten alle koste te "behou". Een respondent het selfs voorgestel dat die egskeiding afgehandel kon word maar dat sy gewese vrou steeds by hom in die huis moes woon. Winn (1986:80) het ook gevind dat persone tydens die egskeidingsproses dit probeer uitstel en meld die volgende: "To most people, however, divorce marks a very definite end to marriage, so much so that some are reluctant to make it legal, even if there is no sign or hope of reconsiliation". Gedurende hierdie fase is ook veral gevoelens van onsekerheid opgemerk. Dit het naamlik voorgekom dat sowel vroue as mans soms oor hul besluit getwyfel het en van hulle het selfs nadat hulle die huis verlaat het, weer daarna teruggekeer. Hierdie pogings het egter telkens gefaal en die wettige egskeiding is later tog aanhangig gemaak. Ook gevoelens van hoop het gedurende die besluitnemingsfase na vore gekom. Van die respondente het direk na die egskeiding en selfs so lank as drie jaar daarna die hoop uitgespreek dat die verhouding sal herstel.

Ten slotte was dit duidelik dat dié fase deur talle emosionele gewaarwordinge gekenmerk is en dat pyn, smart, verlies, teleurstelling en hartseer deel van dié fase gevorm het.

9.3.1.3 Die fisiese egskeiding

Die fisiese egskeiding het nie slegs emosionele trauma tot gevolg gehad nie maar het ook praktiese implikasies vir die respondente ingehou. Dié bevinding vind aansluiting by die volgende opmerking van Winn (1986:59): "Breaking up a marriage is sometimes sudden, sometimes drawn out, but always immediately physically as well as emotionally traumatic for one partner".

In hierdie studie het nege van die vyftien respondente meestal weens finansiële oorwegings na ’n ander woning verhuis. Sommige respondente het aanvanklik by vriende of familie gewoon. Een van die respondente (Hansie) het na sy ouerhuis teruggekeer. Van die ander respondente, (Neville en Frikkie), het baie rondgetrek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie verhuisings het groot finansiële onkoste tot gevolg gehad.

Verder was dit duidelik dat een van die egliede die huis verlaat het voor die wetlike egskeiding voltrek is. In slegs een geval (Hardus) het sy vrou die huis verlaat op die dag waarop die egskeiding voltrek is. In al die orige gevalle het een van die partye die huis maande en selfs so lank as twee jaar voor die datum van die wetlike egskeiding verlaat.

9.3.2 **Die wetlike egskeiding**

Ambrose et al. (1983:38) beklemtoon dat die wetlike beëindiging van die huwelik maande en selfs jare nadat die huwelik effektief beëindig is, voorkom. Dié stelling het egter in hierdie ondersoek nie in al die gevalle gegeld nie. Vir dié party wat die inisieerder was en selfs diegene wat gesamentlik oor die egskeiding besluit het, is die stelling moontlik waar. In dié gevalle waar die egskeiding onverwags was en die respondente onvoorbereid was daarop, was die huweliksverhouding beslis nog nie "afgehandel" nie. Die wetlike beëindiging van die huwelik dui dus nie noodwendig op die emosionele beëindiging daarvan nie. Aangaande die egskeidingswet (Wet nr. 70 van 1979) het die respondente heelwat kommentaar gelewer. Die grootste kritiek wat hulle teenoor die wet geopper het, en veral diegene wat nie op die egskeiding voorbereid was nie, was dat die egskeiding wetlik te vinnig voltrek word.

Volgens die huidige egskeidingswet, Wet nr. 70 van 1979, artikel 3, geld die volgende egskeidingsgronde:

- "Die onherstelbare verbrokkeling van die huwelik; en
- die geestesongesteldheid of die voortdurende bewusteloosheid van 'n party in die huwelik".

Die wet maak voorts ook voorsiening vir versoeningsmoontlikhede. Artikel 4(3) stipuleer die volgende:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- "Indien daar na die hof se oordeel 'n redelike moontlikheid bestaan dat die partye deur huweliksraadgewing, behandeling of nadenke versoen kan raak, kan die hof die verrigtinge uitstel sodat die partye 'n poging tot versoening kan aanwend".

In die onderhawige ondersoek is gevind dat die voorsieningstydperk nie werklik tot sy reg kom nie. Dit blyk dat die respondente op hul eie probeer het om die wetlike egskeiding te vertraag. Ander het nie versoek dat hierdie versoeningsperiode toegestaan word nie en het dit dus outomaties verbeur. 'n Derde groep het voorgestel dat 'n "toetsperiode" ingestel moes word aangesien dit moontlik hul huwelik sou kon red.

Verder blyk dit dat die versoeningsperiode moontlik in een geval positiewe gevolge sou gehad het. Daar kan egter nie sonder meer aanvaar word dat 'n toetsperiode wel 'n huwelik sal "red" nie. In die ondersoek het twee respondente (Sarel en Albert) van so 'n toetsperiode gebruik gemaak, maar tog uiteindelik geskei. Dit blyk voorts dat so 'n toetsperiode die hoop by veral die persoon wat nie wil skei nie, laat opvlam dat die huwelik gered kan word. Indien die verhouding dan uiteindelik tog beëindig word, is dit asof dié persone die pyn en trauma 'n tweede keer beleef.

Toetsperiodes kan uiteraard slegs vrugte afwerp as beide egliede bereid is om mekaar gedurende hierdie periode beter te leer ken. Daar is basies twee ewe pynlike alternatiewe situasies wat hulle in die gesig staar. Om saam te bly of uitmekaar te gaan. Indien hulle uitmekaar gaan sal hulle mekaar uiteraard moeilik beter kan leer ken. Hierbenewens sal die meeste mense dit selfs moeiliker vind om na so 'n breuk na mekaar terug te gaan. Ten slotte veroorsaak dit ook dat daar nie werklik terapeuties aan die verhouding gewerk kan word nie aangesien die partye nie meer saam woon nie.

Drie respondente naamlik Sylvester, Marius en Dawid (wat vir die tweede keer geskei is en) wat die besluit om te skei geïnisieer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het, het die tydperk om te skei nie as te kort beleef nie. Hieruit wil dit blyk of 'n algemene gevolgtrekking rakende die respondente se belewing van die egskeidingswet moeilik gemaak kan word, aangesien dit deur die respondent se unieke situasie gekleur word. Dit wil sê, as die egskeiding volgens die respondent positief verloop het, is hy geneig om dit positief te ervaar.

Myers (1989:45) wys tereg daarop dat daar 'n beduidende verskil tussen respondente met kinders en diegene met 'n kinderlose huwelik is, wanneer hy skryf: "Fifty percent of divorces occur in couples without children, and understandably these divorces tend to be less complicated psychologically, economically and legally". In die huidige ondersoek is ook 'n duidelike verskil tussen dié respondente met kinders en diegene sonder kinders gevind. Diegene met kinders het die egskeidingswet oor die algemeen as onregverdig beleef. Hulle het ook beweer dat die vrou deurgaans bevoordeel word en dat die bewyslas by die man berus. Volgens dié outeurs trek die man altyd aan die kortste end wat betref die toesig en beheer van die kinders, die besoekreëlings aan en van die kinders en die onderhoudseise. In die algemeen vind hierdie bevinding aansluiting by dié van Winn (1986:81): "So divorce still leaves many men, at least, feeling that their interests and rights, to say nothing of their images, are less kindly looked upon in courts. The main bones of contention are over property, money, custody and access".

Dit blyk dus dat bykans elke aspek van die geskeide man deur die egskeiding geraak word, en heel dikwels nadelig geraak word.

Wat besoeke aan en van hulle kinders betref, het die meeste van die respondente talle probleme ervaar. Kinders is soms nie gereed wanneer die respondente hulle kom haal nie. Verskonings soos onder andere dat die kinders siek is, word gereeld geopper. Van die respondente se gewese eggenotes het sover as Kaapstad verhuis wat die respondent se kontak met sy kinders prakties byna onmoontlik gemaak het. Hierbenewens het dié besoeke ook finan-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

siële implikasies wat nie by die bepaling van die onderhoudseise in gedagte gehou word nie. Die finansiële implikasies sal later in die hoofstuk vollediger bespreek word.

In hierdie ondersoek het slegs een respondent, Louis, van 'n gesinsadvokaat gebruik gemaak. Volgens Louis is dit 'n redelik objektiewe stelsel en sy belewing daarvan is positief. Hierdie positiewe belewing mag natuurlik ook toegeskryf kan word aan die feit dat hy beheer en toesig oor sy kinders verkry het. Indien die uitslag nie in sy guns was nie, kon hy moontlik 'n minder positiewe opinie van die gesinsadvokaat gehad het.

Ten slotte het van die respondente beweer dat die prokureur dikwels die reeds swak verhouding tussen hulle en hul gewese eggenote selfs verder vertroebel het. So is daar aangevoer dat die prokureur in 'n poging "om die beste bedeling vir sy kliënt" te verkry die na-egskeidingsverhouding verder skaad. Alhoewel dié respondente die prokureurs "geblameer" het, is dit ook moontlik dat dit met inherente aggressie teenoor die gewese vrou verband gehou het.

9.3.3 **Die na-egskeidingsfase**

Wanneer na die na-egskeidingsfase gekyk word, is dit belangrik om die volgende uitgangspunte van die deskundiges in gedagte te hou:

- Individue beweeg nie teen dieselfde tempo deur dié en die ander egskeidingsfases en ook nie noodwendig in die volgorde wat dié fases beskryf word nie. (Vgl. Froiland & Hozman (1977:526.);
- dié fase vind aansluiting by Froiland & Hozman (1977:526) se aanvaardingsfase, Wiseman (1975:205) se lewenstyl en identiteits en nuwe funksioneringsvlak en Bohannan (1970:-29) en Van Staden (1987:213) se fase van psigiese skeiding en selfvertroue, -waarde,- heelheid, -opgewektheid, onafhanklikheid en hernude lewenskrag. (Vgl. Kaslow, 1981:675;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Johnston, 1984:40 en Van Staden, 1987:213.)

Uit die huidige ondersoek blyk dit dat die voltooiing van die wetlike egskeiding nie noodwendig die voltooiing van die psigiese egskeiding impliseer nie. Dit is duidelik dat die emosionele verwerking van die egskeiding lank na die wetlike egskeiding afgehandel is, nog nie voltooi is nie. In dié verband meld Kaslow (1981:675): "Each person can only proceed at his/her own rhythm according to the music of his/her internal drumbeat". Dit blyk ook dat elke individu teen sy eie tempo deur die fases van egskeiding beweeg en dat tyd nie aan hierdie fases gekoppel kan word nie.

Die respondente se reaksies na die afloop van die egskeiding het baie gewissel en was net soos met die redes vir egskeiding uniek. Dit bied steun aan die volgende opmerking van Ambrose et al. (1983:86): "Individual reactions to the stresses of divorce range across a continuum from those who negotiate the breakdown of their marriage without acrimony and who go on to make a new life whilst maintaining a good relationship with their ex-spouse to those who are both unable to accept the reality of the divorce and who fail to set about making a new start. Each individual's response across the continuum is unique but there are common threads to the experience". Daar kan dus nie 'n enkele reaksie uitgesonder word nie aangesien elke individu anders reageer op egskeiding. Die na-egskeidingsverhouding van die partye is ook telkens uniek.

Daar is gevind dat van die respondente verskeie metodes gebruik om die egskeiding "af te sluit". Die fisiese verbranding van sy vrou se besittings was vir Nico 'n manier om sy gewese vrou uit sy emosies te probeer verban. Ander respondente soos Thys en Neels het van hul foto's vernietig, moontlik in 'n poging om herinneringe uit te wis.

Om te bepaal of die respondente die egskeiding emosioneel verwerk het kan die respondente se gevoelens en gedrag vergelyk word met

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dié emosies wat algemeen in die finale egskeidingsfase voorkom. Slegs twee van die vyftien respondente het hierdie fase voltooi.

In die onderhawige ondersoek is in aansluiting by Ambrose et al. (1983:126) gevind dat mans wat onlangs geskei is, net soos dié wat reeds relatief lank geskei is, egskeiding moeilik verwerk. Die ooreenstemming tussen 'n persoon wat drie maande en een wat nege jaar geskei is, was verstommend. Uit die ondersoek blyk dit dat daar nie 'n tyd aan die verwerking van 'n egskeiding gekoppel kan word nie. Dit verskil van individu tot individu. Wat egter wel duidelik is, is dat die verwerking van egskeiding etlike jare kan duur en selfs dan nog nie voltooi is nie. Dit geld veral waar kinders betrokke is.

Verder is in die huidige ondersoek gevind dat van die respondente egskeiding met die dood vergelyk. Dit vind aansluiting by Wiseman (1975:206) wat in sy navorsing gewys het op die ooreenkoms tussen die vyf fases van die rouproses, soos omskryf deur Kubler-Ross, en die fases van aanpassing van die eglied na egskeiding. Wat egter in die onderhawige studie insiggewend is, is die feit dat die respondente meen dat die dood "makliker" as egskeiding verwerk kan word. Volgens Floris en Sarel is die dood finaal terwyl met egskeiding daar altyd elemente uit die verlede is wat 'n rol in die hede en in die toekoms speel. Dié elemente behels onder andere toesig en beheer oor die kinders, onderhoud en verdeling van bates. Indien die eglied sou sterf, sou die meeste van dié sake nie 'n rol gespeel het nie. Verder is daar in die geval van egskeiding nie vasgestelde roupatrone, soos in die geval van dood nie, en geskeidenes weet gevolglik nie hoe om op te tree nie. Ten slotte weet die gemeenskap en belangrike persone in die geskeidene se lewe ook nie hoe om teenoor geskeidenes op te tree nie. Hierdie aspek, naamlik steunstelsels, sal vervolgens aandag geniet:

9.3.3.1 Steunstelsels

Daar word beweer dat hoe groter die sosiale interaksie en/of

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

betrokkenheid buite die huis is, hoe laer is die stres wat met egskeiding geassosieer word. (Vgl. Levinger & Moles, 1979:224; McPhee, 1984:8 en Van Staden, 1987:157.)

In die huidige ondersoek het die respondente verskillende belewenisse van belangrike persone oftewel steunstelsels gemeld. Sommige respondente Sarel, Neels en Hannes, het die steunstelsels negatief ervaar. So het Sarel dié betrokkenheid as blote nuuskierigheid beleef.

Van die respondente het onsekerheid in die vriendekring beleef. Hulle het naamlik genoem dat vriende onseker was of die man of die vrou as vriend behou moet word, aangesien vriende dikwels na afloop van die egskeiding voel dat hulle nie met sowel die man as die vrou bevriend kan wees nie. Wilson (1985:33) meld die volgende aangaande vriende: "Quite often friends are not sure what to say, what or whether to advise, there are feelings of conflict - whom to side with, whom te see - and the divorceé tends to be left high an dry when help is most needed".

'n Belangrike aanname betreffende mans se vriendskappe blyk uit die volgende opmerking van Winn (1986:59): "Traditionally, the man tends not to have intimate friendships in the way that women do. It is women who more often discuss and support each others' marital relationships while men's connection with other men depends more on common interests outside of themselves". Ook in hierdie ondersoek is gevind dat die respondente selde, indien ooit, hul emosionele belewing van egskeiding met iemand gedeel het. Die mans het naamlik gemeld dat hulle nie geweet het met wie hulle daaroor kon praat nie, aangesien 'n persoon wat nie geskei is nie, nie die ervarings van die geskeide persoon verstaan nie.

Die steunstelsels waarvan die vyftien mans in die ondersoek gebruik gemaak het, was: Familie (hoofsaaklik hul ouers); eie broers en susters; gesamentlike vriende; kollegas en terapeute. Die bevinding stem met dié van Ambrose et al. (1983:63) ooreen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Verder blyk dit dat veral die respondente wat deur hul ouers onderskraag is, dié betrokkenheid baie positief beleef het.

Sommige van die respondente het daarop gewys dat volgens hulle mening, die simpatie van vriende en familie dikwels by die vrou gelê het. Ongeag die omstandighede, het hierdie persone die man as die sondebok beskou en na die vrou en kinders as: "die arme vrou en kinders" verwys.

Ten slotte blyk dit dat die ondersteuning van vriende en familie vir die geskeide man van onskatbare waarde kan wees. Dit is egter vir sowel die man as die familielede en/of vriende 'n vreemde situasie. Die gemeenskap is onseker oor hoe daar teenoor die geskeidene opgetree moet word. Dié onsekerheid lei dan ook dikwels daartoe dat die geskeidene eerder vermy word. Aan die ander kant, onttrek die geskeide man hom ook dikwels aan die gemeenskap.

9.4 FISIES WAARNEEMBARE GEVOLGE VAN EGSKEIDING

9.4.1 Fisiese implikasies

Dit blyk dat egskeiding 'n uitwerking op beide die fisies en psigiese gesondheidstoestand van die geskeide persoon het. (Vgl. Ambrose et al., 1983:88.) Volgens Levinger & Moles (1979:191) is daar 'n belangrike verband tussen huweliksontwrigting en die mortaliteitsyfer vir spesifieke siektes.

Van die vyftien respondente in hierdie ondersoek het ses melding gemaak dat hulle fisiese simptome na afloop van die egskeiding ervaar het. Dié simptome het gewissel van algemene pyne tot die ontwikkeling van maagsere. Hierdie simptome blyk egter psigosomaties van aard te wees en het met verloop van tyd verminder en selfs heeltemal verdwyn.

9.4.2 Eetpatroon

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Van die respondente, Hansie en Sarel, het nog nooit voorheen voedsel voorberei nie. Hierdie nuwe taak wat van die mans na hul eggenotes hul verlaat het, verwag is, was vir sommige 'n te groot beslommernis met die gevolg dat sommige se eetpatrone baie verswak het. Dit blyk dat indien die respondente wel voedsel voorberei het, dit nie werklik 'n voedsame en gebalanseerde maaltyd behels het nie. Sarel het ook gemeld dat hy vanweë die hartseer wat die trauma teweeg gebring het, in elk geval nie honger was nie.

Gewigsverlies het algemeen voorgekom. So meld Sarel dat hy die voedselvoorbereidingstaak selfs na jare van geskeide lewe nog nie bemeester het nie. In hierdie gevalle is daar 'n bediende of saamleefmaat wat die voedsel voorberei of andersins leef die respondent van kitskos.

9.4.3 **Slaappatroon**

In hierdie ondersoek was dit opvallend dat baie van die respondente na die egskeiding minder geslaap het. Alhoewel die mans oor die algemeen nie melding gemaak het van 'n versteurde slaappatroon nie, het van hulle genoem dat hulle hul slaaptyd uitgestel het deur later te werk of te studeer. Daar is ook melding gemaak van die voorkoms van nagmerries.

9.4.4 **Rook- en drinkgewoontes**

Tydens die onderhoude met die respondente het dit opgeval hoe straf sommige van die mans gerook het. Van die rokendes het ten tye van die ondersoek gemeld dat hulle meer rook as ooit tevore. Dié tendens het veral tydens die egskeiding en direk na afloop daarvan voorgekom.

Wat alkoholgebruik betref, het van die mans melding gemaak van 'n verhoogde alkoholinname tydens en na afloop van die egskeiding. Dit blyk egter dat nie een van die respondente wat wel alkohol gebruik, 'n alkoholprobleem ontwikkel het nie en dat,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoewel dié gebruik na die egskeiding skerp toegeneem het, dit met verloop van tyd weer afgeneem het. Van die respondente, naamlik Hannes en Hansie, het egter tydens die ondersoek meer alkohol as gedurende die periode van getroude lewe gebruik.

9.5 **BEROEPSKONSEKWENSIES**

In hul ondersoek het Ambrose et al. (1983:109) gevind dat twee derdes van hul ondersoekgroep die effek van egskeiding op hulle werk negatief beleef het. Van dié respondente het gemeld dat baie tyd aan prokureurs gewy is en aan welsynsondersoeke waartydens talle onderhoude met maatskaplike werkers gevoer is. Talle praktiese reëlings het dus veroorsaak dat die mans vir periodes fisies van die werkplek afwesig was. Van hierdie respondente het ook gemeld dat hulle moeilik gekonsentreer het. Verder het die ondersoekersbron gevind dat die tipe beroep wat die respondent beoefen ook 'n invloed het. Ten slotte het dit geblyk dat die werk van die meeste respondente wat kinders gehad het, negatief deur die egskeiding beïnvloed is en dat slegs 'n klein persentasie van diegene sonder kinders se werk nadelig daardeur getref is. Slegs nege persent van die ondersoekgroep het aangetoon dat egskeiding 'n positiewe effek op hul werk gehad het. (Vgl. Ambrose et al., 1983:109-115.)

In die huidige ondersoek kan betreffende die uitwerking van egskeiding op die werk twee definitiewe kategorieë onderskei word. Onder die eerste groep ressorteer mans wat 'n verbetering in hul werk bespeur het. Hulle het in hierdie periode meer tyd aan hul werk bestee en is ook tot hoër poste bevorder.

Wat die tweede kategorie betref, bestaan dit uit mans wat as gevolg van egskeiding 'n afname in hul werksprestasie ondervind het. Hierdie persone was fisies meer van die werk afwesig en het dus minder tyd daaraan spandeer. Van hierdie respondente, Hannes, Neels en Hansie, het ook melding gemaak van verlaagde konsentrasievermoë. Hansie en Neels is ook gedurende hierdie periode in rang verlaag en selfs dissiplinêr aangespreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Soos reeds genoem, word die individu se konsentrasievermoë ook dikwels deur egskeiding beïnvloed. Die bestuursvermoë word byvoorbeeld aangetas en motorongelukke kan ook geredelik voorkom. (Vgl. Weiss, 1975:50 en Levinger & Moles, 1979:188.) Van die respondente in die huidige ondersoekgroep het ook melding gemaak van motorongelukke. In een geval, Dawid, het hy erken dat hy onder die invloed van alkohol was.

9.6 FINANSIëLE KONSEKWENSIES

In hierdie ondersoekgroep was daar nie een van die vyftien respondente wat nie finansieel deur die egskeiding benadeel is nie. Die verlies was tweeledig van aard, naamlik: Die verdeling van die huisraad en die onderhoudskoste aan die kinders.

Wat betref die langtermyneffek van finansiële implikasies, is 'n beduidende verskil tussen mans met kinders en diegene sonder kinders gevind. In hul ondersoek het Ambrose et al. (1983:119) gevind dat 63% van die kinderlose vaders geen of baie min finansiële impak as gevolg van egskeiding ervaar het.

Van die kinderlose respondente in hierdie ondersoek, Hardus, Sylvester, Albert en Neels, het gepoog om die huisraad min of meer gelyk te verdeel, en het die verdeling dus nie as onregverdig beleef nie. In die meerderheid gevalle het die vrouens al die huisraad gehou en die respondent met niks agtergelaat nie. Dit blyk dat egskeiding vir sowel die kinderlose vaders as diegene met kinders aanvanklik, en dus op die korttermyn tot groot finansiële skok was. Nuwe meubelment moes naamlik ondermeer aangeskaf word en alternatiewe behuising moes verkry word.

In die gevalle van respondente met kinders het dié mans die oorgrote meerderheid van die huisraad aan die vrou gegee omrede hulle die kinders nie fisies wou verontrief nie. Daar kan dus tot die slotsom gekom word dat geskeide vaders wat betref huisraad meer skade ly as diegene wat nie kinders het nie. Daar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moet egter beklemtoon word dat van beide kategorieë dikwels die verlies van die vrou se inkomste ervaar word, addisionele meubelment aangekoop en ook 'n alternatiewe woning bekom moet word.

In die huidige ondersoek het geeneen van die mans onderhoud aan hul gewese vrouens betaal nie. Al die vaders het egter onderhoud aan hul kinders betaal. Slegs een responent, Louis, ontvang onderhoud van sy vrou omdat hy toesig en beheer oor die kinders verkry het. Nogtans het hy tydens die welsynsondersoek onderhoud aan sy kinders betaal, toe hulle nog in sy vrou se sorg was.

Dit blyk dat die maandelikse onderhoud wat vir die kinders betaal word, nie staties is nie. Die mans het daarop gewys dat hulle jaarliks om hoër onderhoudsgelde gedagvaar word. Ten tye van die studie het hierdie bedrae soveel as R1 000 per maand per kind beloop. Dié onderhoudseise vertroebel dikwels die reeds negatiewe verhouding tussen die respondente en hul gewese eggenotes. Van die mans, Sarel, Floris en Marius, ervaar hierdie verhoogde onderhoud as pogings deur hul gewese vroue om hulle te benadeel. Die onderhoudseise word ook soms as onregverdig beleef aangesien die respondente voel dat dit nie die enigste finansiële bydrae is wat hulle aan die kinders maak nie. Addisionele kostes wat uit hul sak kom, is byvoorbeeld mediese onkoste, reiskoste gedurende vakansies, veral as die eggenote ver van die man woon (byvoorbeeld in Kaapstad), onthaalkoste wanneer die kinders kom kuier en addisionele geld wat bloot net aan die kinders gegee word en wat nie by die berekening van die onderhoudsbedrag in verband gebring word nie.

9.7 IMPLIKASIES VIR GODSBESKOUINGE EN GODSDIENSBEOEFENING

Soos reeds vermeld, was drie van die respondente, Sarel, Floris en Sylvester, predikante van beroep en is dit verstaanbaar dat vrae rondom hul beroepe ook tot vrae oor hul opvatting van God aanleiding sou gee. Wat egter opvallend is, is die feit dat ook al die ander respondente op een of ander stadium in hul selfre-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kenskappe die godsdiensaspek aangevoer het.

Volgens Wilson (1985:39) kan die morele aspek 'n probleem skep wat uniek is aan egskeiding: "You may find it very hard to come to terms with the fact that you vowed in church to love and 'to cherish till death us do part'". Dit blyk dan ook dat skuldgevoelens, vanweë die feit dat die huwelik, 'n instelling van God wat deur middel van egskeiding verbreek is, in die algemeen vir die respondente in die huidige ondersoek 'n probleem was. Van die respondente, naamlik Sarel, Floris, Albert en George, het gemeld dat hulle van mening was dat hulle gesondig het deur te skei en dat hulle daarom dikwels met God in gesprek was. Sommige van die respondente, veral Dawid, het godsdienstig meer aktief geraak na afloop van die egskeiding en het ook intense skuldgevoelens beleef omrede hy gedurende sy huwelik afvallig was.

Alhoewel van die respondente oortuig daarvan was dat die egskeiding en dus hul sonde vergewe sal word, was sommiges, en veral Floris, egter onseker of hy weer in die eg mag tree. Die onsekerheid vererger moontlik die traumatiese belewenis verbonde aan egskeiding en die verwerking daarvan. Volgens Van Staden (1987:90) gaan skuldgevoelens en die rol wat godsdiens speel, hand aan hand. Verder meld sy dat 'n vereiste vir vergiffenis 'n berouvolle erkenning van verkeerde dade is, en stel dit soos volg: "Wanneer God die mens vergewe het, moet hierdie vergifnis aanvaar word. Die betrokkene in 'n mislukte huweliksverhouding mag dus nie sy of haar persoonlike beskouing bo God verhef nie. God plaas 'n verantwoordelikheid op elke mens. Wanneer Hy vergewe, mag die mens heengaan en voortlewe". (Van Staden, 1987:90).

9.8 EMOSIONELE ERVARINGS NA AFLOOP VAN DIE EGSKEIDING

9.8.1 Aggressie

Aggressie is 'n algemene emosie van die verlate man. Saam met ontkenning, rou en aanpassing word aggressie as een van die fases

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in die aanpassing van egskeiding beskou.

In sy ondersoek onderskei Myers (1989:175) die volgende vyf tipes verlate mans in sy bespreking van verlate mans se belewing van aggressie: Overt-aggressiewe mans; passief-aggressiewe mans; depressiewe mans; seksistiese ("sexist") mans en passief-afhanklike mans. Hiedie kategorieë is egter nie só ekplisiet in hierdie ondersoek gevind nie.

Hansie, die jongste van die vyftien respondente, was die enigste man wat melding gemaak het van overte aggressie. Die aggressie het reeds gedurende sy huwelik voorgekom en dit was opmerklik dat hy na afloop van die egskeiding met sowel vriende as kollegas aggressiewer as voorheen was en dat hy selfs soms met hulle handgemeen geraak het. Dit was ongelukkig nie moontlik om bo alle twyfel vas te stel of die ander veertien mans geen aggressie na egskeiding ervaar het nie en of hulle dit tydens die data-insameling verswyg het. Na aanleiding van Myers (1989:120) se uiteensetting van tipes aggressiewe mans was dit egter duidelik dat aggressie in verskeie vorme tot uiting kan kom. In die lig hiervan blyk dit dat aggressie in die huidige studie moontlik in die vorm van frustrasie geopenbaar is. Hierdie ervaring van frustrasie het dikwels ontstaan as gevolg van finansiële faktore en die relatiewe onbereikbaarheid van die kinders. Dit het egter nie fisies tot uiting gekom nie, maar wel op ander wyses soos deur onder andere selfmoord- en moordgedagtes.

9.8.2 **Skuldgevoelens**

Soos reeds bespreek, het die ervaring van skuldgevoelens wat die geskeide mans as gevolg van hul egskeiding ervaar, direk met hul godsdiensbelewing verband gehou. Skuldgevoelens teenoor die gewese vrou het slegs by dié twee respondente, Sylvester en Marius voorgekom, wat die egskeiding geïnisieer het.

9.8.3 **Ambivalente gevoelens**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is duidelik dat wisselende emosies deel van die geskeide mans se emosionele leefwêreld is. Van die respondente het hierdie warboel van emosies aan 'n veranderde persoonlikheid toegeskryf. George het gemeld dat hy 'n deel van sy persoonlikheid verloor het.

Egskeiding is deel van die moderne samelewing. Ten spyte hiervan het die meeste van die respondente stigma ervaar. Volgens die mans word hulle as "anders" beleef en pas hulle nêrens meer in nie.

Gevoelens van mislukking, magteloosheid, lewensmoegheid en emosieloosheid het ook voorgekom.

9.8.4 **Hartseer**

'n Gevoel van hartseer het algemeen by 'n hele aantal respondente voorgekom. Hulle het ook erken dat hulle tydens en na afloop van die egskeiding baie gehuil het. Skeiding veroorsaak, volgens Weiss (1972:44), dikwels tye van diep hartseer en berou oor die verlore kanse op geluk en depressie kom ook dikwels voor. Hardus het byvoorbeeld gemeld dat hy van binne gehuil het en dat die egskeiding intense ongemak veroorsaak het. Die mans wat gehuil het, het daarop gewys dat hulle nooit voor iemand gehuil het nie en dat dié gedrag gewoonlik in privaatheid voorgekom het.

9.8.5 **Eensaamheid**

Die belewing van eensaamheid was tipies van die geskeide man se emosionele belewenis. Hunt (1966:48) meld in dié verband die volgende: "...of all the negative feelings of the newly separated, none is more common or more important than loneliness. Only a minority fail to suffer from it, and even those who most keenly desired the end of marriage often find the initial loneliness excruciating". Gevoelens van eensaamheid is met die uitsondering van een respondent deur al die mans ondervind. Diegene met kinders het veral na afloop van die egskeiding die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

"geraas" van die kinders gemis.

Van die respondente, Sarel, Frikkie en Hardus, het meer begin kuier of gestudeer of harder gewerk ten einde nie eensaam te wees nie. Selfs na jare van geskeide lewe het sommige respondente gemeld dat hulle steeds eensaam voel.

9.8.6 Euforie

Slegs twee respondente, Hardus en Sarel, het 'n graad van euforie ervaar. Hierdie ervarings was slegs van korte duur en kon beslis nie as 'n blywende gevoel getipeer word nie.

9.9 DIE EFFEK VAN EGSKEIDING OP DIE VERHOUDINGSLEWE VAN DIE GESKEIDE MAN

9.9.1 Kontak met die gewese eggenoot na beëindiging van die huwelik

Die volgende stelling word deur Wilson (1983:39) gemaak: "It is easy to forget that when men with children divorce they loose not only their wife, and quite often their home, but also their children". Al vyftien respondente in die huidige studie het na afloop van die egskeiding weer met hul eggenotes kontak gehad. Alhoewel die na-egskeidingsverhouding van respondent tot respondent verskil het, is tog in dié verband twee breë kategorieë, naamlik die respondente met kinders en diegene sonder kinders, onderskei.

Die meeste respondente sonder kinders het baie gouer die kontak met hul gewese vrouens verbreek en in nuwe verhoudings betrokke geraak. Die mans sonder kinders het minder aan hul gewese vrouens gedink en ook makliker by nuwe verhoudings ingeskakel. Respondente met kinders het so gereeld met hul vrouens kontak gemaak dat die verhouding met hulle nie tot niet is nie, maar dat slegs die aard daarvan verander het. Slegs een respondent wat kinderloos is, Hansie, het weer met sy gewese eggenote in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

huwelik getree. 'n Ander respondent het weer 'n periode lank 'n saamwoonverhouding met sy gewese vrou aangeknoop, maar sy het dit later beëindig.

Die persone met kinders moes veral omdat kontak met die kinders vir hulle belangrik is, noodgedwonge ook kontak met hul vrouens behou. Dit het weer veroorsaak dat daar steeds baie emosies, hetsy verlange, liefde of haat tydens die kontak tussen die mans en hul gewese vroue voorgekom het. Oor die algemeen is die verhoudings van die mans met hul gewese eggenote deur wisselende emosies gekenmerk. Die aspek van moontlike terugkeer is ook herhaaldelik deur verskeie respondente geopper.

Alhoewel die mans die huweliksverhouding soms as ondraaglik ervaar het, was daar tog in sommige gevalle, byvoorbeeld by Frikkie, Sarel en Floris, 'n behoefte om weer dié verhouding aan te knoop. Van die respondente wou dan ook met hul gewese eggenotes kontak maak, maar laasgenoemdes het geweier. Alhoewel dit aanvanklik vir die respondente moeilik was, het dit bygedra tot die latere verwerking van die egskeiding. Gereelde kontak skep verwagtinge by sowel die mans as hul vrouens aangaande hernude verhoudings en dit vertraag weer die egskeidingsaanpassing.

Dit blyk dat die toesig van en beheer oor kinders slegs in uitsonderlike gevalle aan die geskeide vader toegewys word. In dié opsig meld Bekker (1990:92) die volgende: "The court may grant the sole custody of the child to one of the parents. The custody of daughters and young children is usually awarded to the mother". In die onderhawige ondersoek het slegs een vader toesig en beheer oor sy kinders verkry en dit na 'n baie intensiewe ondersoek wat deur die gesinsadvokaat gelas was.

9.9.2 Verdere heteroseksuele kontak na beëindiging van egskeiding

Uit die selfrekenskappe van die mans val dit op hoeveel van hulle

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

na afloop van die egskeiding in saamwoonverhoudings betrokke geraak het. Van die respondente stel dit ook duidelik dat hulle nie meer emosioneel by 'n verhouding wil betrokke raak nie maar slegs op fisiese vlak.

Wat ook algemeen voorkom, is die seksuele verhoudings wat die respondente veral direk na afloop van die egskeiding met hul gewese eggenotes aangeknoop het. Volgens Myers, (1989:44) voel mans wie se vrouens die egskeiding geïnisieer het, soms so kwaad en seergemaak dat hul dadelik by 'n ander persoon betrokke raak. Hul motiewe vir hierdie optrede verskil en hy meld die volgende: "Some men know they do this to bolster their damaged self-esteem both their emotional and their sexual self-esteem. They hope in their minds that their wives will be jealous and maybe consider the desire not to separate" (Myers, 1989:44).

Dit blyk dus dat die geskeide mans hierdie seksuele aktiwiteite nie slegs vir verhoging van hul seksuele selfbeeld gebruik nie, maar ook vir die verhoging van hul emosionele selfbeeld. Hoe waardevol hierdie pogings is word egter betwyfel.

9.10 ERVARINGS EN PERSEPSIES VAN TERAPEUTIESE HULPVERLENING

Dit blyk dat wanneer die proses van egskeiding eers 'n aanvang geneem het dit moeilik omkeerbaar is. Alhoewel sewe van die respondente vir huweliksberaad ingeskakel was, was een van die partye van mening dat die huwelik nie meer gered kan word nie en hulle het nie werklik hul samewerking tydens die terapie gebied nie. Dit blyk dan ook dat slegs na bevestiging gesoek word en selfs regverdiging dat egskeiding die beste oplossing is. Een van die respondente wat nie by terapeutiese hulpverlening ingeskakel het nie, het egter gespekuleer dat dit moontlik sy huwelik sou kon gered het.

In die "behandeling" van die nog-nie-geskeide-man blyk geduld baie belangrik te wees. Die kliënt moenie aangejaag voel nie en moet genoeg tyd gegun word om sy gevoelens te verwerk. Myers

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(1989:45) meld ook in hierdie verband: "We (therapists) must expect denial, bargaining, and desperate attempts to forestall the inevitability of separation. And we must expect mood fluctuation as the weeks and months pass".

Die maatskaplike werker moet dus voorbereid wees op die verandering in gedagtegang van die geskeide man en deurgaans geduldig wees in die hantering van die geskeide man.

Winn (1986:72) het gevind dat twee keer meer geskeide vrouens as mans om hulpverlening aanklop. Van die mans in haar ondersoekgroep het die soeke na hulp as 'n erkenning van mislukking beleef; 'n teken van swakheid en onbevoegdheid. Sommige van die respondente in die huidige studie het gevoel dat terapie na afloop van egskeiding noodsaaklik was. Hulle het dan ook aanbeveel dat enige geskeide persoon by sodanige hulpverlening kan baat. Tydens groepwerk kry die persoon die geleentheid om saam met ander wat in 'n soortgelyke posisie verkeer sy ervarings te deel. Dit kan dus die gevoel van "niemand weet hoe ek voel nie" verminder. In so 'n groep vind hy dan ook die ondersteuning van ander geskeidenes wat hom kan bystaan met raad soos uit hul eie ervarings. Dit is egter, soos reeds genoem, 'n moeilike taak om die mans op te spoor en te betrek. Vanweë hul wantroue in die samelewing, mense en veral vroue word aanbeveel dat mans wat wel om hulpverlening aanklop, deur die maatskaplike werker gelei moet word en dat daar so gou as moontlik 'n vertrouensverhouding met die respondent opgebou sal word en 'n atmosfeer geskep word waar hierdie mans kan veilig voel, veilig genoeg om te waag en die lang pad na herstel aan te durf.

Dit blyk egter dat daar nie sonder meer op die terapeutiese hulpverlening gekonsentreer kan word nie. Die samelewing moet opgevoed en bekendgestel word aan die geskeide man sodat hulle dit vir hom makliker sal maak om by terapeutiese hulpverlening in te skakel en hier het die maatskaplike werker 'n groot taak om te vervul.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

9.11 SAMEVATTING

9.11.1 In hierdie hoofstuk is die vernaamste bevindinge van hierdie ondersoek geïnterpreteer. Relevante literatuur is ook met die bevindinge in verband gebring.

9.11.2 Die redes vir egskeiding is uiteengesit en daar is tot die slotsom gekom dat die redes vir egskeiding verskil van individu tot individu. 'n Breë kategorie kon egter bepaal word en is weergegee.

9.11.3 Egskeiding verloop in verskillende stadia en kan as 'n proses beskou word. Die vernaamste fases van die proses wat onderskei is, is die volgende: Die voor-egskeidingsfase, die wetlike egskeiding en die na-egskeidingsfase.

9.11.4 Tydens die voor-egskeidingsfase speel besluitneming 'n groot rol. Drie tipes "voorbereiding" is aangetref, naamlik, die respondent inisieer die besluit om te skei of 'n gesamentlike besluit word geneem of die gewese eggenote iniseer die besluit om te skei. Die grootste aantal respondente (sewe) in die ondersoek het in die tweede groep geval.

9.11.5 Verdere aspekte rakende die voor-egskeidingsfase is ook toegelig, naamlik die emosionele gewaarwordinge en die fisiese verlating van die woning deur een van die twee partye.

9.11.6 Die volgende fase, naamlik die wettige egskeiding, is bespreek en dit blyk duidelik dat die respondente voel dat hulle deur die huidige egskeidingswet benadeel word en ontevredenheid bestaan dus oor die toepassing van die wet.

9.11.7 Wat betref die na-egskeidingsfase was dit duidelik dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sekere aspekte die fase beïnvloed; veral steunstelsels speel 'n groot rol. Dit was duidelik dat een groep mans die steunstelsels positief beleef het maar die ander groep het hulle negatief ervaar.

9.11.8 'n Aantal fisies waarneembare gevolge van egskeiding het na vore gekom. Van die gevolge, naamlik fisiese gesondheidstoestand, eetpatroon, slaappatroon en die rook-en-drinkgewoontes het duidelik in die studie geblyk.

9.11.9 Die uitwerking op die werk asook die finansiële posisie van die geskeide man het onder die soeklig gekom. Veral wat betref die finansiële effek is dit beslis die respondente met kinders wat die swaarste getref word en dus finansieel swakker daaraan toe is as die kinderlose respondente.

9.11.10 Die invloed van egskeiding op die godsdiensbeoefening van die mans is ook onder die loep geneem. Dit is duidelik dat die godsdiensbelewing tot skuldgevoelens kan aanleiding gee en beslis nie uit die oog verloor moet word tydens die terapeutiese hulpverlening nie.

9.11.11 Aggressie, skuldgevoelens, ambivalente gevoelens, hartseer, eensaamheid en euforie is as deel van die emosionele ervarings van die geskeide man bespreek.

9.11.12 Die effek van egskeiding op die verhoudingslewe van die geskeide man is geïnterpreteer en dit was weereens opvallend dat daar 'n beduidende verskil bestaan tussen respondente met kinders en die kinderlose respondente.

9.11.13 Ten slotte is die ervarings en persepsies van terapeutiese hulpverlening toegelig. Slegs sewe van die respondente in dié ondersoek het by terapeutiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

programme ingeskakel. Dit is van belang dat hierdie programme in samewerking met die geskeide man opgestel sal word sodat die maatskaplike werker beslis by die geskeide man se behoeftes sal aansluit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DEEL IV

In die slotgedeelte wat uit 'n enkele hoofstuk bestaan, word die belangrikste bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings van die ondersoek uiteengesit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 10

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1.10 INLEIDING

Hierdie verhandeling is in vier dele verdeel. In Deel I (Hoofstukke 2 tot 5) is die proses-aard van egskeiding omskryf. 'n Aantal emosies is in diepte toegelig en dié deel is afgesluit met 'n beskrywing van terapie soos tans van toepassing op egskeiding.

Deel II handel oor die kwalitatiewe metodologie. Die vernaamste aannames en metodes van die model is in Hoofstuk 6 beskryf, terwyl 'n uiteensetting van die praktiese toepassing van dié benadering in die studie en die geloofwaardigheid van die ondersoek in Hoofstuk 7 verskaf is en die navorsingsbevindings (Hoofstuk 8) soos verkry uit die ondersoek.

Deel III bestaan uit die interpretasie van dié bevindinge (Hoofstuk 9).

Deel IV sluit die verhandeling af en bestaan uit 'n enkele hoofstuk, (Hoofstuk 10), waarin 'n algemene samevatting, die gevolgtrekkings en aanbevelings van die ondersoek gegee word.

Ten einde die nodige struktuur aan die bespreking in hierdie hoofstuk te gee, word van die volgende besprekingspunte gebruik gemaak:

- Die proses van egskeiding;
- emosionele belewenisse na afloop van 'n egskeiding:
  * skeidingsangs;
  * eensaamheid;
  * aggressie; en
  * skuldgevoelens,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- maatskaplikewerk-hulpverlening aan geskeide mans;
- empiriese navorsing; en
- gevolgtrekkings en aanbevelings.

Verder sal in die hantering van hierdie punte telkens eers 'n opsomming en daarna die gevolgtrekkings en aanbevelings wat daaruit spruit verskaf word.

10.2 DIE PROSES VAN EGSKEIDING

10.2.1 Samevatting

Nadat 'n betreklik breedvoerige verkenning van die literatuur onderneem is, het dit geblyk dat egskeiding 'n proses is wat uit fases bestaan wat onderskei, maar nie geskei kan word nie. Verskeie teoretiese modelle is bespreek en die volgende drie fases is afgebaken:

- Die voor-egskeidingsperiode;
- die egskeidingsperiode; en
- die na-egskeidingsperiode.

Verder het dit uit die literatuurstudie geblyk dat kenners sekere gevoelens met die onderskeie egskeidingfase in verband bring. Egskeiding het ook 'n groot mate van ooreenstemming met 'n krisis getoon. Ten slotte is veranderlikes afgebaken wat na-egskeidingsaanpassings beïnvloed.

10.2.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings

10.2.2.1 Tydens die literatuurnavorsing is, met die oog op die identifisering van die egskeidingsfases en verbandhoudende emosies, tot die gevolgtrekking gekom dat daar bloedweinig literatuur aangaande die geskeide man bestaan en dat die oorgrote meerderheid literatuur rakende egskeiding oor die vrou en die kinders in die egskeidingsgeding handel. Gevolglik word **aanbeveel**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dat hierdie leemte rakende wetenskaplike inligting oor die geskeide man aangevul word, en meer spesifiek dat ondersoeke oor Suid-Afrikaanse geskeide mans onderneem word. Op dié wyse sal wetenskaplike kennis oor geskeide mans in Suid-Afrika beskikbaar gestel word en dit sal voorkom dat onakkurate aannames gemaak word.

10.2.2.2 Tydens die literatuurverkenning is, soos reeds genoem, verskeie modelle rakende die proses van egskeiding bestudeer. Dit was gou duidelik dat daar aansienlike oorvleueling is tussen die konseptuele raamwerke waarmee deskundiges 'n greep op egskeiding probeer kry. So word min of meer dieselfde komponente onder die onderskeie fases onderskei. Hierbenewens blyk dit dat resultate uit navorsing wat so vroeg as 1975 onderneem is, met meer resente navorsingsresultate ooreenstem en dat met verloop van tyd min veranderinge betreffende die proses-aard aard van egskeiding aangetref is.

Afgesien van die teoretiese bydrae wat die insig lewer dat egskeiding 'n proses is wat na aanleiding van die interaksie tussen mense ontstaan, is dit in terme van hulpverlening belangrik dat die maatskaplike werker hiervan, asook van die onderskeie fases, sal kennis dra. Daar word dan ook **aanbeveel** dat die maatskaplike werker wat met egskeiding te make het, ook op die hoogte sal wees van die gevoelens wat met elke fase geassosieer word, aangesien sodanige kennis hom in staat sal stel om 'n beter diens aan die kliënt te lewer.

10.2.2.3 Wat betref die veranderlikes wat na-egskeidingsaanpassing beïnvloed, kom verwarring in die literatuur voor. Sommige kenners bring naamlik dié veranderlikes direk met skeidingsangs in verband, terwyl ander die faktore as algemene veranderlikes beskou. Daar is dan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook tot die gevolgtrekking gekom dat na-egskeidingsfaktore nie te streng gekategoriseer moet word nie.

Daar word **aanbeveel** dat hierdie veranderlikes, naamlik ekonomiese faktore, die besluit om te skei, ouderdom ten tye van egskeiding, duur van huwelik en na-egskeidingsverhouding (soos uiteengesit in Hoofstuk 2), gesien hulle effek daarvan op na-egskeidingsaanpassing aan verdere navorsing onderwerp moet word.

10.3 ENKELE EMOSIONELE BELEWENISSE NA AFLOOP VAN DIE EGSKEIDING

Slegs die volgende emosionele belewenisse wat op egskeiding volg, kon in die bestek van die betrokke hoofstukke bespreek word:

- Skeidingsangs;
- eensaamheid;
- aggressie; en
- skuldgevoelens.

Dié belewenisse word vervolgens afsonderlik behandel.

10.3.1 Skeidingsangs

10.3.1.1 Samevatting

Egskeiding impliseer die verlies van ’n primêre verhouding en die doelgerigte en aktiewe verwerping deur ’n ander persoon wat voortdurend ’n simbool van verwerping bly. In die literatuur word na hierdie verwerping as skeidingsangs verwys. Uit die literatuurstudie blyk dit dat die volgende faktore skeidingsangs beïnvloed:

- Waarskuwing;
- ouderdom en duur van die huwelik;
- verlater en verlatene;
- derde party;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- kwaliteit van die na-huwelikse verhouding;
- persoonlike steunstelsels; en
- skeidingseuforie.

10.3.1.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings

10.3.1.2.1 Soos reeds in paragraaf 9.2.2.3 vermeld, word duidelike ooreenkomste gevind tussen algemene veranderlikes wat na-egskeidingsaanpassing en faktore wat skeidingsangs beïnvloed. Hoewel spesifieke kategorisering nie van kardinale belang is nie, is dit wel van waarde om dié faktore te onderskei.

10.3.1.2.2 Dit het ook duidelik geblyk dat daar ooreenstemming is wat betref skeidingsangs soos deur 'n baba ervaar en skeidingsangs by 'n geskeide persoon. In die onderhawige navorsing is die simptome wat met skeidingsangs verband hou as fisiese gevolge van egskeiding getipeer. Dit blyk dat die geskeide man, net soos die baba wat van sy moeder weggeneem word, hartseer is, en sowel slaap- as eetversteurings openbaar.

10.3.1.2.3 Een van die vernaamste faktore wat skeidingsangs beïnvloed, is waarskuwing. Met hierdie begrip word geïmpliseer dat die party voorberei is op die trauma. Waarskuwing is as die grootste enkele effek op die aanpassing na afloop van die egskeiding geïdentifiseer.

Daar is dan ook tot die gevolgtrekking gekom dat waarskuwing die eerste stap in die egskeiding verteenwoordig wat bepalend vir die verwerking daarvan is. Daar word **aanbeveel** dat die maatskaplike werker dié veranderlike daadwerklik in die terapie moet gebruik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

10.3.1.2.4 Die effek van ouderdom en die duur van die huwelik het nie in die navorsing as beduidende faktore na vore gekom nie. Wat egter wel in die ondersoek 'n besliste effek op die verwerking van egskeiding gehad het, was die vaderskap, al dan nie, van die mans. Hierdie veranderlike is regdeur die navorsing as die enkele beduidendste veranderlike afgebaken.

10.3.1.2.5 Ook die kwaliteit van die na-huwelikse verhouding is direk beïnvloed deur die feit of kinders uit die huwelik gebore is, al dan nie. Daar word dan ook **aanbeveel** dat in verdere navorsing oor geskeide mans 'n duidelike onderskeid getref sal word tussen respondente met kinders en diegene wie se huwelik kinderloos was.

10.3.1.2.6 Alhoewel skeidingseuforie in die relevante literatuur 'n belangrike faktor is, is dit slegs by twee respondente aangetref en blyk dit nie 'n veranderlike te wees wat van belang is om tot 'n begrip van die blanke Suid-Afrikaanse geskeide man te kom nie.

10.3.2 Eensaamheid

10.3.2.1 Samevatting

Eensaamheid word in die tersaaklike literatuur as die algemeenste gevoelsbelewenis van die geskeidene beskou. Dit blyk dat etlike faktore eensaamheid beïnvloed en dat verskillende vorme daarvan aangetref word. Verder is dit duidelik dat eensaamheid met binding verband hou. Ten slotte is vasgestel dat geskeidenes verskillend reageer op eensaamheid.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

10.3.2.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings

10.3.2.2.1 Dit blyk dat die vorming van binding in 'n intensiewe verhouding soos die huwelik, oor die algemeen vanweë die intense kommunikasie plaasvind en dat die verbreking van hierdie binding tot die ervaring van gevoelens van eensaamheid lei. Die belewing van eensaamheid is deel van menswees en soveel te meer deel van die normale verloop van 'n egskeiding. Dit is veral van belang dat die geskeidene homself as gevolg van die emosies wat hy ervaar, hom nie as "anders" moet beleef nie en dat hy daarvan bewus gemaak moet word dat dit algemeen onder geskeidenes voorkom.

10.3.2.2.2 Dit is ook van belang dat veral die publiek bewus moet wees van die belangrike rol wat hulle in dié verband kan speel. Daar word **aanbeveel** dat die algemene publiek ingelig sal word aangaande die traumatiese uitwerking van egskeiding.

10.3.3 Aggressie

10.3.3.1 Samevatting

In die relevante literatuur word verskeie begrippe soos onder andere konflik, woede, wraak, vyandigheid en frustrasie met aggressie in verband gebring. Daar is reeds verskeie teorieë rakende aggressie geformuleer wat in Hoofstuk 3 bespreek is. Die reaksie op aggressie het ook aandag geniet aangesien aggressie deel is van die emosionele belewenis van die geskeide man.

10.3.3.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings

10.3.3.2.1 Daar is in die ondersoek tot die gevolgtrekking gekom dat aggressie nie noodwendig fisies deur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die geskeide man uitgeleef word nie. Slegs in die geval van een respondent het aggressie overt en fisies na vore gekom. Dit wil voorkom asof aggressie in 'n onderdrukte vorm tot openbaring kom en of die algemeenste vorm daarvan frustrasie is. Die idee dat die geskeide man 'n vroueslaner is, kon dan ook nie in die ondersoek bevestig word nie.

10.3.3.2.2 Selfmoord- en moordgedagtes het in die ondersoek na vore gekom en kan as vorme van onderdrukte aggressie beskou word. Dit blyk egter dat dié gedagtes gewoonlik tydens en direk na afloop van die egskeiding voorkom en dat hulle mettertyd vervaag.

10.3.3.2.3 Faktore wat 'n rol in die vyftien geskeide mans se belewing van aggressie gespeel het, was onder andere die verdeling van bates, die onderhoud en veral die toesig en die beheer, en die besoeke van die kinders. Die laaste faktor is dikwels beskou as die gewese eggenote se manier om die geskeide man te benadeel en selfs seer te maak.

Daar word **aanbeveel** dat duideliker riglyne gedurende die wetlike egskeiding verskaf moet word. Persone in 'n egskeidingsgeding vind dit moeilik om belangrike aspekte te bespreek en rusies ontstaan dikwels oor praktiese aspekte soos die besoeke aan en van die kinders. 'n Volledig uiteengesette skikkingsooreenkoms met betrekking tot die besoeke aan en van die kinders moet daargestel word sodat albei partye wetlik verplig is om dié reëlings na te kom.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

10.3.4 **Skuldgevoelens**

10.3.4.1 **Samevatting**

Na afloop van die literatuurstudie het dit geblyk dat skuldgevoelens tweërlei van aard is. Hulle kan naamlik interpersoonlik en ekstern wees.

10.3.4.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings

10.3.4.2.1 In die literatuur word gestel dat hoe groter die persone se belewing van verantwoordelikheid vir die egskeiding is, hoe meer skuldgevoelens beleef hulle.

In hierdie navorsing het die belewenis van verantwoordelikheid vir die verbrokkeling van die huwelik nie na vore gekom nie. Soos reeds bespreek, was die oorgrote meerderheid mans onvoorbereid op die egskeiding, of dit was 'n gesamentlike besluit. Dit kan dus moontlik verklaar waarom skuldgevoelens nie algemeen deur dié respondente ervaar is nie. Dit was duidelik dat hoe meer verantwoordelik of "skuldig" die mans gevoel het vir die verbrokkeling van die verhouding, hoe meer skuldgevoelens het hulle ervaar.

10.3.4.2.2 Skuldgevoelens, soos ervaar deur die vyftien blanke Suid-Afrikaanse mans, het direk met hul godsdienstige beskouinge verband gehou. Daar is dus tot die gevolgtrekking gekom dat die geskeide man veral teenoor God geweldig skuldig voel. Hierdie belewenis het 'n uitwerking op sy godsdiens- beoefening en dus ook op sy verhouding met God. Hoe meer betrokke die persoon by sy godsdiens is hoe moeiliker vind hy dit om God se

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vergifnis vir egskeiding te ervaar wat weer 'n besliste effek op toekomstige verhoudinge het.

Daar word **aanbeveel** dat gesien die rol van godsdiens in die geskeide man se belewing van egskeiding, pastorale begeleiding van onskatbare waarde vir die geskeide man is, omdat dit hom kan help om sekerheid van God se vergewensgesindheid te verkry.

10.4 MAATSKAPLIKEWERK-HULPVERLENING AAN DIE GESKEIDE MAN

10.4.1 Samevatting

Die laaste deel van die literatuurverkenning het gefokus op die onderskeie maatskaplikewerk-metodes wat in hulpverlening aan die geskeide man van waarde is. Klem is gelê op individuele terapie en groepwerk.

10.4.2 Gevolgtrekkings en aanbevelings

10.4.2.1 Uit 'n verkenning van die tersaaklike literatuur blyk dit dat al die primêre metodes van maatskaplikewerk tydens hulpverlening aan die geskeide man aangewend kan word. Dit is egter duidelik dat veral van gevallewerk gebruik gemaak word, dat groepwerk eers laat in hierdie dekade op die voorgrond getree het en dat gemeenskapswerk nog nie ten volle benut word nie.

10.4.2.2 Dit blyk voorts dat maatskaplike werkers in hul hulpverlening aan geskeidenes van 'n "probeer-en-tref metode" gebruik maak. Dit kan toegeskryf word daaraan dat min navorsing oor die behandeling van geskeide mans onderneem is en inligting rakende die nut van byvoorbeeld individuele- of groepwerkterapie te beperk is om enige afleidings oor die waarde daarvan te maak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit die inligting wat van die vyftien blanke Suid-Afrikaanse geskeide mans verkry is, is dit duidelik dat hulle lugtig vir hulpverlening is, en soveel te meer vir 'n groepwerkbenadering. Die aard van hulpverlening aan geskeide mans blyk dus verkeerd te wees. Dit is duidelik dat hulpverleningsprogramme nie sonder insette van die geskeide man daargestel kan word nie en dat kennis geneem moet word van sy behoeftes en probleme.

In die lig van die voorgaande word die volgende **aanbeveel:**

- Die publiek moet oor die aard van egskeiding en die behoeftes van die geskeide man ingelig word en
- die geskeide man moet gemotiveer word om in te skakel by maatskaplikewerk-hulpverlening. Veral predikante en steunstelsels van die geskeide man kan 'n kardinale rol in motivering vir terapie speel en hulpverleningsprogramme moet sover moontlik gesinchroniseer word met die geskeide man se belewing van egskeiding.

10.4.2.3 Dit blyk dat persone in 'n egskeidingsgeding dikwels wil weet of hul reg of verkeerd optree. Verder is dit duidelik dat dit 'n periode van wisselende emosies is en dat die betrokkenes van die belangrikste besluite in hul lewe moet neem.

Daar word derhalwe **aanbeveel** dat die maatskaplike werker gedurende hierdie periode baie geduld aan die dag sal lê en daarteen sal waak om kant te kies. Die man moet die geleentheid gebied word om oor sy gevoelens en belewenisse te gesels en onder geen omstandighede moet die kliënt gedwing word om haastige besluite te neem nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Verder word **aanbeveel** dat die man sowel gedurende as ná die egskeiding die geleentheid gebied moet word om oor die egskeiding te gesels, en dat katarsis sodoende aangemoedig sal word sodat hy van al die emosies wat verband hou met egskeiding, ontslae sal kan raak.

10.5 EMPIRIESE NAVORSING

10.5.1 Samevatting

10.5.1.1 Die huidige ondersoek waarin navorsing oor 'n groep blanke Suid-Afrikaanse mans se emosionele belewenis van egskeiding ondersoek is, het voortgespruit uit:

- Die gebrek aan wetenskaplike kennis oor mans se ervaring en hantering van egskeiding en
- die behoefte om dergelike inligting te bekom wat aangewend kan word om effektiewer maatskaplike-werk-dienslewering aan geskeide mans te bied.

10.5.1.2 In 'n poging om kennis aangaande die lewensituasie van die man te verkry, is besluit om gebruik te maak van 'n plooibare navorsingsbenadering, te wete, die kwalitatiewe model wat veral geskik is vir verkennende studies. Dié model is dan ook suksesvol aangewend om **eerstehandse** inligting oor die sosiale werklikheid van vyftien blanke geskeide Suid-Afrikaanse mans in te samel. Hierbenewens is die volgende sekondêre doel-stellings van die studie ook bereik:

- Die verkryging van inligting aangaande blanke Suid-Afrikaanse geskeide mans se behoefte aan terapeutiese hulpverlening sodat aanbevelings aan die plaaslike maatskaplikewerk-praktyk gemaak kan word en
- die lewer van 'n bydrae tot die metodologie van maatskaplikewerknavorsing in Suid-Afrika deur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

prakties te illustreer hoe kwalitatiewe navorsing wat selde deur plaaslike maatskaplike werkers onderneem word, uitgevoer kan word.

10.5.1.3 Ooreenkomstig die kwalitatiewe tradisie is 'n uiteensetting van die belangrikste besluite en stappe wat tydens die ondersoek geneem is, bespreek (Vgl. Hoofstuk 7.) Hoewel alle stappe wat in die ondersoek gedoen is, weens die hoogs veranderlike karakter van die navorsingsproses nie beskryf kon word nie (vgl. Schurink, 1989:105), is die belangrikste besluitnemingstappe wat tydens die onderskeie fases van die ondersoek geneem is, genoegsaam verduidelik sodat die **geloofwaardigheid** daarvan bepaal kon word.

10.5.1.4 Hoewel dit uiteraard nie moontlik is om ál die veranderlikes te kontroleer wat die geldigheid van die data, én dus ook die navorsingsresultate, negatief kan beïnvloed nie, is navorser tevrede dat dit genoegsaam gedoen is en dat 'n getroue weergawe - hoewel nie volledig nie - van die ervaring en hantering van die groepie blanke Suid-Afrikaanse mans van egskeiding bekom is. Waardevolle inligting is dan ook oor die volgende aspekte verkry, naamlik: Redes vir egskeiding; die egskeidingsproses met sy onderskeie fases; veranderlikes wat 'n invloed op egskeidingsaanpassing het; fisiese implikasies van egskeiding; emosionele ervarings na afloop van egskeiding; die uitwerking van egskeiding op die verhoudingslewe van geskeide mans en geskeide mans se belewing van en behoefte aan terapeutiese hulpverlening.

10.5.2 <u>Gevolgtrekkings en aanbevelings</u>

10.5.2.1 Vanuit die gegewens wat van die mans bekom is, is dit duidelik dat hulle egskeiding traumaties beleef. Sekere emosionele belewenisse vorm deel van hierdie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

trauma.

Dit wil voorkom asof geskeide mans nie gemaklik hul gevoelens deel nie en dat dit aanleiding gegee het tot die algemene wanindruk dat hulle die egskeiding nie as traumaties beleef nie.

10.5.2.2 Uit die selfrekenskappe van die respondente blyk dit dat die man se pogings om die egskeiding emosioneel te verwerk anders as dié van die vrou is. Verder het dit geblyk dat die respondente oor die algemeen hulle in hul werk en in hul studies uitgeleef het. Alhoewel daar sprake van seksuele promiskuïteit na afloop van die egskeiding is, moet dit nie geïnterpreteer word, as sou die man gou weer in emosionele verhoudings met ander vroue betrokke raak nie. Hierdie kontakte blyk slegs seksueel van aard te wees en 'n poging van mans om weer in beheer van hul verhoudings te kom.

10.5.2.3 Daar is gevind dat egskeiding mans finansieel beïnvloed en dat hulle soms selfs slegter as hul gewese eggenotes daaraan toe is. Nie alleen verloor die man 'n lewensmaat nie, maar dikwels meer as die helfte van sy besittings (soms sy huis) asook sy kinders. Die onderhoudskoste aan die kinders verg nie net finansieel baie van die man nie, maar veroorsaak dikwels ook emosionele implikasies aangesien die gewese vrou dit kan misbruik.

10.5.2.4 Alhoewel die wet op egskeiding verander het en die gesinsadvokaat as nuwe "instrument" in die egskeidingsgeding daargestel is, vergemaklik dit nie noodwendig die man se situasie nie. Die idee word verkry, veral waar minderjarige kinders ter sprake is, dat die howe die vrou simpatiek gesind is en dat die kinders in 99% van die gevalle steeds aan die vrou toegewys word. Dit wil voorkom of die bewyslas in laasgenoemde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gevalle outomaties by die man berus.

10.5.2.5 Wat betref die besoekreëlings aan en van die kinders is daar talle praktiese probleme. Daar word sonder meer aanvaar dat die geskeide ouers hierdie "eenvoudige reëlings" self sal kan tref. Vir persone in só 'n emosioneel belaaide situasie is dit egter geensins 'n eenvoudige taak nie en lei dit dikwels tot baie spanning. Die reeds swak verhouding word ook dikwels as gevolg hiervan verder vertroebel. Wanneer een of albei van die partye weer in die huwelik tree, verhoog die nadelige invloed op hierdie praktiese reëlings selfs verder.

Daar word dan ook **aanbeveel** dat persone na afloop van 'n egskeidingsgeding deur 'n derde persoon bygestaan moet word in die bepaling van hierdie reëlings. Dit sal ook van waarde wees indien die reëlings wetlik afdwingbaar kan wees sodat konflik verhoed kan word.

10.5.2.6 'n Ander aspek rakende die huidige egskeidingswet is die sogenaamde versoeningsperiode. Dit blyk dat hierdie periode nie tot sy reg kom nie.

In die lig hiervan word **aanbeveel** dat prokureurs meer klem op hierdie periode moet lê en dat dit selfs as 'n toetsperiode kan dien. Hierdie periode moet egter doelbewus deur beide partye gebruik word in 'n poging om hul verhouding te verbeter en te verseker dat die krisis nie ontken word nie.

10.6 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

10.6.1 Vir die huidige studie is veral probleme met die werwing van proefpersone ondervind. Dit het geblyk dat onregstreekse werwingspogings soos 'n advertensie in die gedrukte media nie suksesvol is nie, maar dat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

metodes waar die navorser self met geskeide mans onderhandel, wel vrugte afwerp. In die lig hiervan word **aanbeveel** dat in toekomstige navorsing eerder van laasgenoemde metodes gebruik gemaak moet word om proefpersone bestaande uit geskeide mans, te betrek.

10.6.2 Die kwalitatiewe navorsingsbenadering wat in die huidige ondersoek geïmplementeer is, was besonder geskik om die leefwêreld van die geskeide man te verken. Hoewel die model in meerdere of mindere mate tot emosionele spanning by navorser gelei het wanneer vyftien respondente soms hoogs persoonlike intimiteite met haar gedeel het, is die geheelindruk waartoe sy geraak het, dat dit vir hulle 'n positiewe ervaring was om hul eie weergawe van hul ervaring van egskeiding te gee. Hulle was die navorser dan ook besonder behulpsaam en het lewendige belangstelling in die ondersoek getoon. Daar word **aanbeveel** dat in verdere ondersoeke oor die geskeide man asook in ondersoeke van ander verskynsels ook van kwalitatiewe metodes gebruik gemaak moet word, aangesien genoemde metode by uitnemendheid insig in mense se leefwêrelde verskaf.

10.6.3 Daar word **aanbeveel** dat samevattende en gekoördineerde aksies so gou moontlik geloods moet word ten einde die onkunde oor die aard van egskeiding en die gevolglike afsydigheid teenoor die geskeide man, uit die weg te ruim. As deel van sodanige optrede moet die staat, welsynsorganisasies, sekondêre en tersiêre onderwysinstellings asook kerkgenootskappe meer didaktiesgerigte inligtingsveldtogte loods waarin die wese en waarde van maatskaplikewerk-hulpverlening aan die geskeidene, sy familie en vriende en die breë gemeenskap aangetoon moet word. Hierdeur sal 'n begin gemaak kan word om houdingsverandering te bewerkstellig en om die gemeenskap te aktiveer om dié dienste nie net vir terapeutiese doeleindes nie, maar ook vir voorkoming

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te benut.

10.6.4 Gesien in die lig van die beperkte teoretiese konsepte aan die hand waarvan 'n greep op die geskeide man verkry kan word, word **aanbeveel** dat plaaslike sosiaal-wetenskaplikes daadwerklik moet poog om sulke konstrukte te ontwikkel.

10.6.5 Ten einde die navorsingsresultate van die huidige verkennende ondersoek te verifieer word **aanbeveel** dat verdere kwalitatiewe, maar ook kwantitatiewe ondersoeke oor die geskeide man geloods word.

10.6.6 Navorsing met klem op die man en die egskeidingswet hier te lande is ook noodsaaklik en daar word **aanbeveel** dat 'n ondersoek geloods moet word na die effek van die huidige egskeidingswet, en meer spesifiek die effek op die geskeide man.

10.6.7 Die rol wat godsdiens in die geskeide persoon se lewe speel, word geheel en al onderskat en daar word **aanbeveel** dat die aspek meer in diepte nagevors sal word aangesien dit veral in terme van terapie baie waardevol kan wees.

10.6.8 Ten slotte word **aanbeveel** dat afgesien van blanke geskeide mans, ook swart-, kleurling- en Indiërmans se ervaring en hantering van egskeiding hier te lande aan navorsing onderwerp moet word.

10.7 SLOTOPMERKING

Afgesien van die vrou en die kinders word haar eggenoot ook diep deur egskeiding geraak. Waardevolle insigte aangaande die emosionele leefwêreld van die geskeide man is met hierdie studie bekom. Gesien die beperkinge van dié navorsing, kan dit hoogstens as verkennend en voorlopig beskou word. Ten slotte

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word ’n beroep gedoen op alle maatskaplike werkers en ander sosiaal-wetenskaplikes hier te lande om die grondwerk wat met die huidige studie gedoen is, verder te voer sodat relevante wetenskaplike kennis rakende die geskeide man opgebou kan word wat ook aangewend kan word om die lot van dié Suid-Afrikaners te verlig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

RONNELYS
BOEKE

ALISSI, A.S. 1980. Perspectives on social group work practice. London: The Free Press, Calier MacMillan Publishers.

ALLPORT, G. 1955. Becoming. New Haven: Yale University Press.

AMBROSE, P.; HARPER, J. & PEMBERTON, R. 1983. Surviving divorce : Men beyond marraige. Brighton: Wheatsheaf Books.

ARIETI, S. BRODY, E.B. 1974. Adult clinical psychiatry. New & York: Basio Book.

AVERILL, J.R. 1982. Anger and aggression: An essay on emotion. New York: Spinger.

BABBIE, E. 1989. The practice of social Research. Belmont: Wadsworth.

BAILEY, K.D. 1982. Methods of social Research. Second edition. New York: The Free Press, A division of MacMillan Publishers Company Inc.

BARKER, L.L.; GEGALA, D.K.; KIBLER, R.J. & WAHLERS, K.J. 1979. Groups in Process. An Introduction to small Group communication. Englewood Cliffs, New Yersey: Prentice Hall Inc.

BEKKER, J.C. 1990 Family Law: An Introduction. Cape Town: Juta for South African Legal Rights Foundation.

BELL, R.R. 1981. Worlds of Friendship. London: Sage Productions.

BERENT, I. 1981. The algebra of suicide. New York: Human Sciences Press.

BOHANNAN, P. 1970. Divorce and after. New York: Doubleday.

BOHANNAN, P. 1980. Marriage and divorce. Kaplan, H.I.; Freedman, A.M. & Sadock, B.J. (Ed.). Comprehensive textbook of psychiatry, Vol III. Third Edition. Baltimore: Williams and Wilkins

BOWLBY, J. 1978. The making and breaking of affectional bonds. London: Tavistock.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BOWLBY, J. 1978. Attachment and Loss, Vol I attachment. Middlesex: Penguin.

BROWN, A. 1979. Groupwork. London: Heinemann Educational Books.

BURGESS, R.G. 1984. In the field: An Introduction to field research. London: Allen and Unwin.

BUSS, A.H. 1961. The psychology of aggression. United States of America: John Wiley and Sons Inc.

CALLAHAN, B.N. 1979. Separation and divorce : Workshop models for family life education. New York: Family Service Association of America.

CAPLAN, G. 1970. The theory and practice of Mental Health Consultation. New York: Basic Books.

COOGLER, O.J. 1978. Structural mediation in divorce settlement. Massachusetts: Lexington Books.

DE BRIE, S.S. & VISSER, R. 1986. Onderzoek puntsgewijs. Amsterdam: Boom.

DINKMEYER, D.C. & MUNRO, J.J. 1971. Group Counseling: Theory and Practice. Illinois: Peacock Publishers Inc.

DIXON, S.L. 1979. Working with people in crisis. London: The C.V. Mosby Company, St. Louis.

DOLLARD, J. DOOB, L.W. MILLER, N.E., MOWRER, O.H. & SEARS, R.R. 1961. Frustration and aggression. New Haven: Yale University Press.

DOOLEY, D. 1984. Social Research Methods. Englewood Cliffs: Prentice-Hall Inc.

DOUGLAS, T. 1976. Groupwork Practice. London: Tavistock.

DOUGLAS, T. 1979. Group Processes in social work: a Theoretical Synthesis. Chicester: John Wiley and sons.

DU PREEZ, M.S.E. 1981. Maatskaplike groepwerk - Teorie en Praktyk. Johannesburg: Keartland Press.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DWORETSKY, J.P. 1981. Introduction to child development. West St-Paul.

EDMUNDS, G. & KENDRICK, D.C. 1980 The measurement of human aggressiveness. Chichester: Horwood.

EPSTEIN, J. 1974. Divorce: The American Experinece. London: Jonathan Cape.

FERREIRA, M.; MOUTON, J.; PUTH, G.; SCHURINK, E. & SCHURINK, W. 1988. Inleiding tot kwalitatiewe metodes: Module 3. Pretoria: R.G.N.

FIELDING, N.G. & FIELDING J.L. 1986. Linking data. Beverly Hills: Sage.

FREEDMAN, A.M.; KAPLAN, H.I. & SADOCK, B.J. 1975. Comprehensive Textbook of Psychiatry II, Baltimore: Waverly Press Inc.

FREEMAN, L. & STREAN, H.S. 1986 Guilt: Letting Go. New York: Wiley.

FREUD, S. 1950. Analysis : Terminable and Interminable. In Collected Papers, Vol 5. London: Hogarth Press.

GARLAND, J.A.; JONES, H.E. & KOLODNY, R.L. A model for stages of development in Social Work with groups. Bernstein, S. (Ed.). Explorations in Groupwork: Essays in Theory and Practice. Boston: Boston University School of Social Work.

GARVIN, C.D. 1981. Contemporary Group Work. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall Inc.

GHISELLI, E.E.; CAMPBELL, J.P. & ZEDECKS, S. 1981. Measurement theory for the behavioral sciences. United States of America: Wit Freeman & Company.

GOLAN, N. 1978. Treatment in crisis situations. New York: The Free Press.

GOLDSTEIN, A.P. & SEGALL, M.H. 1982. Aggression in global perspective. New York: Pergoman.

GOODE, W.J. 1956. After Divorce. Glencoe, Illinois: Free Press.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HALLE, E. 1982. The abandoned Husband: When wives leave. Solomon, K. & Levy, N.B. (Ed.). Men in transition: Theory and Therapy. New York: Plenum Press.

HART, N. 1976. When marriage ends. A study in status passage. London: Tavistock Publications.

HARTUP, W.W. & DE WIT, J. 1978. Origins of aggression. New York: Mouton.

HEAP, K. 1979. Process and action in work with groups. London: William Clowes and Sons Limited.

HODGES, W.F. 1986. Interventions for Children of divorce : Custody, Access and Psychethorapy. New York: John Wiley.

HUNT, M. 1966 The world of the formerly married. New York: McGraw.Hill.

IRVING, B.M.D. 1981. The algebra of suicide. Los Angeles: Human Sciences Press. Inc.

IZARD, C.E. 1979. Emotions in Personality and Psychopathology. New York: Plenum Press.

JACOBS, J.J. 1981. Soorte groepe in en benaderings tot die hulpproses in die praktyk van maatskaplike groepwerk. Du Preez, M.S.E. (Red.). Maatskaplike Groepwerk-teorie en praktyk. Denver, Johannesburg: Keartland Press.

JACOBSON, G.F. 1983. The multiple crises of marital separation and divorce. London: Academic Press Inc.

JACOBSON, N. & GURMAN, A. 1986. Clinical Handbook of Marital therapy. New York: Guilford.

JANSEN, C. & HARRIS, O. 1980. Family Treatment in Social Work Practice. Illinois: F.E. Peacock Publishers.

JONES, S. 1985. The analysis of depth interviews. Walker, R. (Ed.). Applied Qualitative Research. Guilford: Biddles Ltd.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

JANOV, A. 1970. The primal scream. London: Nichalls, G.B.

JOHNSON, R.C. & MEDINNUS, G.R. 1969. Child psychology behaviour and development. New York: Wiley.

KADUSHIN, A. 1983. The Social Work Interview. Second edition. New York: Columbia University Press.

KASLOW, F.W. 1981. Divorce and Divorce therapy: Handbook of Family therapy. New York: Brunner and Mazel.

KASLOW, F.W. & SCHWARTZ, L.L. 1987. The dynamics of Divorce: A lifestyle perspective. New York: Brunner/Mazel Publishers.

KESSLER, S. 1975. The American way of divorce : Perscriptions for change. Chicago: Nelson-Hall.

KIDDER, L.H. 1981. Selltiz, Wrightsman and Cooks's research methods in social relations. New York: Holt, Rinehard and Winston.

KIDDER, L.H. & WRIGHTSMAN, S. 1981. Research Methods in Social Relations. Tokyo: Halt-Scunder International Editions.

KLEIN, A.F. 1972. Effective Groupwork: An Introduction to Principle and Method. New York: Association Press.

KÜBLER-ROSS, E. 1969. On death and dying. New York: MacMillan.

LESTER, G. & LESTER, D. 1971. Suicide: The gamble with death. New Jersey; Englewood Cliffs: Prentice-Hall Inc.

LEVINGER, G. & MOLES, O.C. 1979. Divorce and separation context: Causes and consequences. New York: Basic Books.

LOFLAND, J. 1970. A guide to qualitative Observation and analysis. Belmont, CA: Wadsworth.

LOFLAND, J. 1971. Analyzing Social Settings: A guide to qualitative observation and analysis. Belmont, CA: Wadsworth.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

LORENZ, K. 1966. On aggression. New York: Harcourt Brace and World.

LÜTTIG, E.M. 1987. The psycho-social implications of divorce and remarriage. Steyn, A.F.; Strijdom, H.G.; Viloen, S. en Bosman, F.J. (Ed.). Marriage and family life in South Africa: Research priorities. Pretoria: RGN.

MACKAL, P.K. 1979. Psychological theories of aggression: A social psychologist reflections about aggression. Amsterdam: North Holland.

MASLOW, A. 1954. Motivation and Personality. New York: Harper en Bros.

MEASOR, L. 1985. Interviewing: A strategy in qualitative research. Strategies of educational research. London: Falmer Press.

MEYER, D.G. 1982. The clinicions' handbook: The psycopathology of adulthood and adolescence. Second Edition. Needham Heights: Library of Congress Cataloging-in-Publication Dota.

MITCHELL, J.T. & RESNIK, H.L.P. 1981. Emergency response to crisis. A crisis intervention guidebook for emergency service personnel. Maryland: Brady.

MYERS, M.F. 1989. Men and divorce. New York: Guilford Press.

MIJUSKOVIC, B.L. 1976. Loneliness in philosophy and literature. Assen: Van Gorcum.

MIDDLEBROOK, P.N. 1980. Social Psychology and Modern life. New York: Alfred A. Knopf Inc.

MOSTERT, W.P.; OOSTHUIZEN J.S. & HOFMEYR, B.E. 1992. Demografie: Studie van menslike bevindings. Pretoria: RGN.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1985. Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe. Pretoria, R.G.N.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1989. Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe. Pretoria: R.G.N.

MOUSTAKAS, C.E. 1972. Loneliness and Love. New Jersey: Prentice Hall.

MOXLEY, V.; EGGEMAN, K., & SHUMM, W.R. 1987. An Evaluation of the Recovery of hope program. Everett, C.A. (Ed.). The divorce process: A handbook for clinicians. New York: Haworth Press.

PARAD, H.J. 1965. Crisis Intervention : Selected readings. Family Service association of America. New York: Harps & Bros.

PARKES, L.M. 1972. Bereavement: Studies of Grief in Adult life. London: Tavistock Publicators.

PEPLAU, L.A. & PERLMAN, P. 1982. A sourcebook of current theory: Research and Practice. New York: A Wiley Interscience Publications.

PIETERSE, J.E. 1976. Maatskaplike werk : 'n Algemene Inleiding. Pretoria: H & R Academica Edms.

POLKINGHORNE, D. 1983. Methodology for the human Sciences. Albany: State University of New York.

QUINNETT, P.G. 1987. Suicide: The forever decision: for those thinking about suicide and for those who know, love or council them. New York: Continuum.

REDFIELD, R. 1945. Forward. Gottschalk, L., Kluckhohn, C. & Angell, R. (Ed.). The use of personal documents in history, anthropology and sociology. New York: Social Science Research Council.

REBER, A.S. 1985. The penguin dictionary of psychology. New York: Penguin Books.

REID, W.J. & SMITH, A.D. 1981. Research in Social Work. New York: Columbia University Press.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ROBERT, R.W. & NORTHEN, H. 1976. Theories of social work with Groups. New York: Columbia University Press.

RUBIN, D.B. & ALKIN, I. 1983. Incomplete data in sample surveys. Volume II. New York: Academic Press.

SANCTUARY, G. & WHITEHEAD, C. 1970. Divorce and after. London: The Camelot Press, Ltd.

SANDERS, W.B. & PINHEY, T.K. 1983. The conduct of social Research. New York: Halt, Rinehard and Winston.

SCHATZMAN, L. & STRAUSS, A.L. 1973. Field Research: Strategies for a natural sociology. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

SCHURINK, E.M. 1983. Die metodologie van ongestruktureerde onderhoudsvoering. Ferreira, M.; Mouton, J; Puth, G; Schurink, E & Schurink, W.(Red.). Inleiding tot kwalitatiewe metodes. Pretoria, RGN.

SCHURINK, W.J. 1986. Lecture 1 : Reconstructing social reality. In Ferreira, M. en Mouton J. Pretoria: RGN.

SCHURINK, W.J. & SCHURINK, E.M. 1988. Memorandum: 'n ondersoek na sosiale dimensies van die vigs-probleem onder Gays in Suider-Afrika. Pretoria: RGN

SCHURINK, W.J. 1981. Gay vroue: 'n Sosiologiese verkenning van die leefwyse van 'n aantal lesbiërs aan die hand van outobiografiese sketse. Pretoria: RGN (Verslag S-74), 1981.

SCHURINK, W.J. 1990 Kriminologiese navorsing. Cloete, M.G.T. en Steven, R. (Red.). Kriminologie: Halfweghuis: Southern Boek uitgewers.

SCHURINK, W.J. 1988 Deelnemende Waarneming. Ferreira, M.; Mouton, J.; Puth, G.; Schurink, E. & Schurink, W. (Red.). Inleiding tot kwalitatiewe metodes. Pretoria: RGN.

SHAW, M.E. 1976. Group dynamics: The psychology of small group behavior. New York: McGraw-Hill.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SHERMAN, R.R. & WEBB, R.B. 1988. Qualitative Research in education. Philadelphia: Falmer Press.

SMOKE, J. 1976. Growing through divorce. Toronto: Harvast House Publishers.

SPANIER, G.B. & CASTO, R.F. Adjustment to separation and divorce. A qualitative analysis in Levinger, G & Moles, O.C. (Ed.). Divorce and Separation: Context, causes and consequences. New York: Basic Books.

SPANIER, G.B & THOMPSON L. 1984. Parting: The aftermath of separation and divorce. Beverly Hills: Sage.

SPECTER, L.S. & CLAIBORN, W.L. 1973. Crisis Intervention. New York: Human Sciences Press.

SPIELBERGER, C.D. 1972. Anxiety, current trends in theory and research (Vol I). New York: Academic Press.

STEYN, A.F.; STRIJDOM. H.G.; VILJOEN, S. & BOSMAN, F.J. 1987. Marriage and family life in South Africa: Research priorities. Pretoria: RGN.

STRAUSS, A.L. & GLASER, B.G. 1975. Chronic Illness and the quality of Life. St. Louis: Mosby.

STRONGMAN, K.T. 1978. The psychology of emotion. Second Edition. Chichester: Wiley.

TAYLOR, S.J. & BOGDAN, P. 1984. Introduction to qualitative research methods: The search for meanings. Second Edition. New York: Wiley.

TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 1984. An Introduction to Groupwork Practice. New York: MacMillan Publishing Company.

TRIPODI, T. & EPSTEIN, I. 1980. Research Techniques for clinical Social Workers. New York: Columbia University Press.

TURNER, F.J. 1974. Social Work treatment: Interlocking theoretical approaches. New York: The Free Press.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VAN ROOYEN, I.J.J. & COMBRINK, M.J. 1980. Gevallewerk. 'n Integrerende benadering. Pretoria en Kaapstad: Academica.

VAN SETERS, W. 1980. Kind, gezin en echtscheiding. Deventer: Van Loghum Slaterus, B.V.

VAN STADEN, S. 1987. My huwelik het misluk. Hillcrest: Owen Burgess Uitgewers.

WALKER, R. 1985. Applied Qualitative Research. Guilford: British Library Cataloguing in Publication data.

WALLER, M. 1951 The Family: A dynamic Interpretation. New York and Chicago: Holt, Rinehart and Winston.

WALLERSTEIN, J.S. & KELLY, J.B. 1980. Surviving the breakup. How Children and parents cope with divorce. London: McIntyre.

WEISS, R.S. 1973. Loneliness: The Experience of emotional and Social isolation. Cambridge: Massachusetts Institute of Technology.

WEISS, R.S. 1975. Marital separation: New York: Basic Books.

WEISS, R.S. 1979. Going it alone. New York: Basic Books.

WILKINSON, M. 1981. Children on divorce. Oxford: Basil Blackwell.

WINN, D. 1986. Men on divorce. London: Piatkus.

WOLMAN, B.B. 1977. Handbook of parapsychology. New York: Van Nostrand.

YALOM. I.D. 1975. The theory and practice of group psychotherapy. Second Edition. New York: Basic Books.

TYDSKRIFARTIKELS

BEINEFIELD, F. 1985. "The problems with Divorces is that they turn into Wars". Conciliation Court Review. Vol. 23 No. 1, p.33-42.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BEUHLER, C.A.; HOGAN, M.J.; ROBINSON, B.E. & LEVY, R.J. 1985/1986 (Winter) The Parental Divorce transition: Divorce related stressors and well-being. Journal of Divorce. Vol. 9, No. 2, p. 61-79.

BOSS, P.G. 1977. A clarification of the concept of psychological father presence in families experiencing ambiguity of boundary. Journal of Marriage and Family. Vol. 39, p.141-151.

BOSS, P.G. 1980. Normative family stress: Family boundary changes across the life-span. Family Relations. Vol. 29, p.445-452.

CANTER, D.K. 1977. Counseling divorced women. Personnel and Guidance Journal. Special feature: Coupling and uncoupling. Vol. 55, pp.537-541.

CHARNAS, J.F. 1981. Practical Trends in Divorce. Related Divorce Custody. Journal of Divorce. Vol. 4, no. 4, pp.57-67.

COOGLER, O.J.; WEBER, R.E. & McKERNY, P.C. 1978. Divorce Mediation: A means of facilitating divorce and adjustment: The Family Coordinator: Vol. 2, p. 36-44.

COHN, S. 1987. Themes in Group Work with Separated Individuals. Social Work with Groups. Vol. 10(1), p.46-61.

CROSBY, J.F.; GAGE, B.A. & RAYMOND, M.C. 1983. The Grief Resolution Process in Divorce. Journal of Divorce. Vol. 7, No. 1, p. 3-17.

DANIELS-MOHRING, D. & BERGER, M. 1984. Social Network Changes and the adjustment to divorce. Journal of Divorce. Vol. 8(1).

DASTEEL, J.C. 1983.(Spring) Stress reactions to marital dissolution as experienced by adults attending courses on divorce. Journal of Divorce. Vol. 5, No. 3, p. 37.42.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

DAVIDOFF, I.F. & SCHILLER, M.S. 1983. The divorce workshop as crisis intervention, a Practical Model. Journal of Divorce. Vol. 6(4), p. 22-29.

DE FAZIO, V.J. & KLEINBORT, J. 1975. A Note on the dynamics of psychotherapy during marital dissolution. Phychotherapy: Theory and Practice. Vol. 12, p. 101-104.

DREYFUSS, E.A. 1979. Counseling the divorced father. Journal of Marital and Family Therapy. Vol. 5, No. 4, p. 79-85.

ELKIN, M. 1977. Post divorce counseling in a conciliation court. Journal of Divorce. Vol. 1, p. 55-56.

FISHER, E.O. 1973. A guide to divorce counseling. The Family Coordinator. Vol. 22, p. 55-61.

FROILAND, D.J. & HOZMAN, T.L. 1977. Counseling for constructive divorce. Personnel and Guidance Journal. Vol. 55, p. 525-529.

GRAVOLD, D.K. & WELCH, G.J. 1977. Intervention for postdivorce adjustement problems: The treatment seminar. Journal of Divorce. Vol. 1, p.81-92.

GREEN, D.G. 1983 (Fall). The influence of divorce prediction variables on divorce adjustment: An Expansion and test of Lewis's and Spanier's Theory of Marital Quality and Marital Stability. Journal of Divorce. Vol 7(1), p.67-80.

HASSALL, E. & MADAR, D. 1980. Crisis Group therapy with the separated and divorced. Family Relations. Vol. 29, p.591-597.

HETHERINGTON, E.M.; COX, M. & COX, R. 1976. Divorced Fathers. Family Coordinator. Vol. 25, No. 4, p.417-428.

HOWE, K.R. 1988 Against the Quantitative-Qualitative Incompatibility: Thesis or dogmas die hard. Educational Researcher. November, p.10-16.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

KASLOW, F. & AYATT, R. 1981. (Winter) — Divorce: A potential growth experience for the extended Family. Journal of Divorce. Vol. 5, No. 1/2, p.115-126.

KASLOW, F.W. 1984. — Divorce impact mediation and its emotional on the couple and their children. The American Journal of Family Therapy. Vol. 12.

KASLOW, F.W. 1984. — Divorce: A evolutiorary process of change in the family system. Journal of Divorce. Vol. 7, No. 3.

KITSON, G.C. & RASCHKE, H.J. (Spring) 1981. — Divorce Research: What we know: What we need to know. Journal of Divorce. Vol. 4, nr. 3, p.1-31.

KRAUS, S. 1979. — The crisis of divorce: Growth promoting or pathogenic? Journal of Divorce. Vol. 3, p.107-119.

KRESSEL, K. & DEUTSCH, M. 1977. — Divorce Therapy: An In-depth survey of Therapists' Views. Family Process. Vol. 16, No. 4, p.413-443.

LEADER, A.L. 1973. — Family therapy for divorced fathers and others out of home. Social Casework. Vol. 54, p.13-19.

LESTER, D. 1986. — The interaction of divorce, suicide and homicide. Journal of Divorce. Vo. 9(3), p.103-109.

McPHEE, J.J. (Winter) 1984. — Ambiguity and change in the Post-Divorce Family: Towards a model of divorce adjustment. Journal of Divorce. Vol. 8(2), p.1-13.

McPHEE, J.J. 1984. — "Ambiguity and change in the Post Divorce Family: Towards a Model of Divorce adjustment". Journal of Divorce. Winter 1984. Vol. 8, No. 2, pp.1-13.

PARIS, J. & WHITE, P. 1979. — Family redefintion: A review of literature toward a model of divorce adjustment. Journal of Divorce. Vol. 2, p.271-281.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

RASCHKE, H.J. 1977. The role of social participation in postseparation and postdivorce adjustment. Journal of Divorce. Vol. p.129-140.

SALTS, C.J. 1979. Divorce process: Integration of theory. Journal of Divorce. Vol. 2, p.233-240.

SCHURINK, E.M. & SCHURINK, W.J. 1988. Developing practice wisdom into theory: The use of qualitative methodology in social work. Die maatskaplikewerk-navorser-praktisyn. Vol. 1, p.27-37.

SPANIER, B.G. & THOMPSON, L. (Fall) 1983. Relief and distress after marital separation. Journal of Divorce. Vol. 7(1), p.31-49.

STEPHEN, D.S. 1984. Symbolic Interdependence and Post-break-up-distress: A reformulation of the attachment construct. Journal of Divorce. Vol. 8(1), p.1-15.

THOMAS, P.S. (Spring) 1982. After divorce: Personality factors related to the process of adjustment. Journal of Divorce. Vol. 6(3), p.19-33.

WHITAKER, C.A. & MILLER, M.H. 1969. A re-evaluation of "psychiatric help" when divorce impends. American Journal of Psychiatry. Vol. 56, p.205-212.

WISEMAN, R. 1975. Crisis theory and the purpose of divorce. Social Casework. Vol. 56(4), p.205-212.

WOODWARD, J.C.; ZABEL, J. & DECOSTA, C. 1980. Loneliness and divorce. Journal of Divorce. Vol. 4(1), p.73-82.

PROEFSKRIFTE

DU TOIT, S.I. 1968. Aggressiwiteit. D.Phil-Tesis, Universiteit van Pretoria.

VAN STADEN, S.M. 1984. Egskeidingsberaad. Ongepubliseerde D.Phil Proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

VERHANDELINGS EN SKRIPSIES

BUITENDACH, J.H. 1987. 'n Kwalitatiewe ontleding van die gevoelens en probleme wat vroue in die egskeidingsproses ondervind. Gedeeltelike vervulling van MA-verhandeling. Randse Afrikaanse Universiteit.

BUYS, M.A. 1977. Voorligting aan geskeide vroue ter verbetering van hul aanpassing. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

ERASMUS, S.H. 1984. Gestruktureerde spel met dowe kleuters wat skeidingsangs toon. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

JOHNSTEN, M. 1984. The effects of a adjustment programme on a mixed sex group. MA-Thesis, University of Port Elizabeth.

LANDMAN, M. 1985. Maatskaplike groepwerk met geskeide vaders ter bevordering van hul rolaanpassing. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

VAN WYK, A.C. 1986. Die geskeide vrou se rekonstruksie van haar sosiale werklikheid. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

VAN ROOYEN, E.R. 1983. Groepwerk met geskeide vrouens as enkelouers met die oog op doeltreffender ouerskap. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

WOORDEBOEKE

GOUWS, L.A.; LOUW, D.A.; MEYER, W.F. & PLUG, C. 1981. Psigologie Woordeboek. Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.

HORNBY, A.S.; DOWIE, A.P. & GIMSON, A.C. 1974. Oxford advanced Learner's Dictionary of Current English. Third edition. Oxford: Oxford University Press.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

KRITZINGER, M.S.B. & LABUSCHAGNE, F.J. 1980. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Sewende Uitgawe, Pretoria: J.L. van Schaik.

KRITZINGER, M.S.B.; SCHOONEES, P.C. & CRONJé, U.J. 1972. Groot Woordeboek: Afrikaans:Engels. Pretoria: J.L van Schaik Beperk.

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK, 1971. Verklarende Afrikaanse Woordeboek vir Maatskaplike Werk. Pretoria: Staatsdrukker.

VAKTAALKOMITEE VIR MAATSKAPLIKE WERK, 1984. Tweetalige definierende woordeboek vir Maatskaplike Werk. Pretoria: Die Staatsdrukker.

REFERATE

CIGLER, E. Mediation - It's significance, technology and feasibility in Social Work Sciences related to divorce issues. Referate uit ongepubliseerde doktorale verhandeling, 1986.

STEYAERT, R. 1981. Welcome address. XIX International CFR Seminar on divorce and remarriage. Leuven, Belgium: Catholic University of Leuven, 30 August - 4 September.

MOUTON, J. 1988. Lesings 1: Die filosofie van kwalitatiewe navorsing. Inleiding tot kwalitatiewe metodes. Lesings gelewer by die derde RGN-winterskool in navorsingsmetodologie gehou op 11-15 Julie 1988 te Pretoria, RGN. pp.1-13.

ADDISIONELE BRONNE

SENTRALE STATISIEK-DIENS, 1990. Suid-Afrikaanse Statistiek. Pretoria: Sentrale Statistiekdiens.

SENTRALE STATISTIEK-DIENS, 1990. Statistiese nuusberig, P O 307: Huwelike en egskeidings - 1989. Pretoria: Sentrale Statistiekdiens.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wette van die Republiek van Suid-Afrika:

- Wet op Egskeiding, No. 70 van 1979.
- Wysigingswet op Egskeiding, No. 7 van 1989.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

BYLAE 1

STRENG VERTROULIK

VRAELYS: ENKELE EMOSIONELE BELEWENISSE VAN DIE GESKEIDE MAN

---

1. Respondentnommer — V01 [ ]

2. Kaartnommer — V02 [1]

3. Herhalingsnommer — V03 [ ]

Afdeling Een:

Identifiserende besonderhede:

4. Geboortedatum
DD MM JJ — V04 [ ][ ][ ][ ][ ][ ]

5. Ouderdom — V05 [ ][ ]

6. Woongebied:

6.1	Klerksdorp	1
6.2	Orkney	2
6.3	Stilfontein	3
6.4	Buffelsfontein	4
6.5	Vaal Reefs	5
6.6	Ander (spesifiseer) _____	6

V06 [ ]

7. Meld die hoogste standerd wat u op skool geslaag het

7.1	St 6 en laer	1
7.2	St 7	2
7.3	St 8	3
7.4	St 9	4
7.5	St 10	5

V07 [ ]

8. Meld die hoogste akademiese kwalifikasie wat u na-skool behaal het.

8.1	Geen	1
8.2	Sertifikaat minder as 1 jaar	2
8.3	Sertifikaat van 1 jaar	3
8.4	Sertifikaat van meer as 1 jaar	4
8.5	Universitêre kwalifikasie	5
8.6	Nagraadse kwalifikasie	6
8.7	Ander (spesifiseer) _____	7

V08 [ ]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

9. Meld die naam van die kwalifikasie: V09 ☐☐

_____

10. Watter beroep beoefen u tans?

_____ V10 ☐☐

11. Dui die aard van u beroep aan

11.1	Bogronds	1
11.2	Ondergronds	2
11.3	Bo- en ondergronds	3

V11 ☐

12. Hoeveel jaar staan u reeds in u huidige werksposisie?

12.1	Minder as 1 jaar	1
12.2	1-4 jaar	2
12.3	5-8 jaar	3
12.4	9-12 jaar	4
12.5	13-16 jaar	5
12.6	Meer as 17 jaar	6

V12 ☐

13. Is u tans getroud?

Ja	1
Nee	2

V13 ☐

Indien tans wel getroud, beëindig die onderhoud hier.

14. Hoeveel keer het u al in die huwelik getree?

14.1	1 keer	1
14.2	2 keer	2
14.3	3 keer	3
14.4	4 keer of meer keer	4

V14 ☐

15. Op watter datum is u in u laaste huwelik bevestig?

JJ MM V15 ☐☐☐☐

☐☐☐☐

16. Hoe lank het u laaste huwelik geduur?

JJ MM V16 ☐☐☐☐

☐☐☐☐

17. Wanneer is u geskei? (Die laaste huwelik).

JJ MM V17 ☐☐☐☐

☐☐☐☐

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afdeling Twee:

Kinders

18. Meld die aantal kinders wat uit u vorige huwelik(e) gebore is.

18.1	Geen	1
18.2	Een	2
18.3	Twee	3
18.4	Drie	4
18.5	Vier of meer	5

V18 ☐

19. Spesifiseer geslag en ouderdom van al u kinders.

	Geslag M	Geslag V	Ouderdom
19.1			
19.2			
19.3			
19.4			
19.5			
19.6			

Geslag

V19 ☐ 37 V20 ☐☐
V21 ☐ 40 V22 ☐☐
V23 ☐ 43 V24 ☐☐
V25 ☐ 46 V26 ☐☐
V27 ☐ 49 V28 ☐☐
V29 ☐ 52 V30 ☐☐

20. Het u toesig en beheer oor enige van bogenoemde kinders verkry?

Ja	1
Nee	2

V31 ☐

21. Indien wel, meld oor watter kinders u toesig en beheer verkry het:

	Geslag M	Geslag V	Ouderdom
21.1			
21.2			
21.3			
21.4			
21.5			
21.6			

V32 ☐
V33 ☐
V34 ☐
V35 ☐
V36 ☐
V37 ☐

22. Indien u nie toesig en beheer oor u kinders verkry het nie, meld wie het wel toesig en beheer verkry.

22.1	Gewese eggenote	1
22.2	Eie ouers	2
22.3	Skoonouers	3
22.4	Ander (spesifiseer) _____	4

V38 ☐

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

23. Indien u nie toesig en beheer oor u kinders verkry het nie, het u toegang tot u kinders?

Ja	1		
Nee	2	V39	☐

24. Indien wel, hoe gereeld?

24.1	Een keer per week	1	
24.2	Een keer per maand	2	
24.3	Meer as een keer per week	3	
24.4	Elke tweede week	4	
24.5	Ander (spesifiseer) _____	5	V40 ☐

25. Is u tevrede met die reëlings rondom die besoeke aan en van u kinders?

Ja	1		
Nee	2	V41	☐

26. Indien u nie tevrede is nie, spesifiseer die rede(s):

26.1	Onvoldoende tyd vir besoeke	1	V42	☐
26.2	Rusies met vorige eggenote	2	V43	☐
26.3	Reëlings word dikwels verander	3	V44	☐
26.4	Kind(ers) is nie betyds gereed vir besoeke nie	4	V45	☐
26.5	Ander (spesifiseer) _____	5	V46	☐

27. Woon enige persoon behalwe u onmiddellike gesinslede tans by u in?

Ja	1		
Nee	2	V47	☐

28. Indien wel, dui aan wie by u woon:

28.1	Vriendin	1	
28.2	Vriend	2	
28.3	Eie ouers	3	
28.4	Skoonouers	4	
28.5	Ander familielede	5	
28.6	Ander (spesifiseer) _____	6	V48 ☐

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afdeling Drie:

Woning/huislike omstandighede

29. Waar het u voor u egskeiding gewoon? Merk slegs een van die onderstaande moontlikhede.

29.1	Eie huis	1	
29.2	Eie woonstel	2	
29.3	Huurhuis	3	
29.4	Huurwoonstel	4	
29.5	Enkelkwartiere	5	
29.6	Hotel	6	
29.7	Losieshuis	7	
29.8	Vriende	8	
29.9	Familie	9	
29.10	Ander (spesifiseer) _____	10	V49 ☐☐

30. Waar woon u tans? Merk slegs een van die onderstaande moontlikhede.

30.1	Eie huis	1	
30.2	Eie woonstel	2	
30.3	Huurhuis	3	
30.4	Huurwoonstel	4	
30.5	Enkelkwartiere	5	
30.6	Hotel	6	
30.7	Losieshuis	7	
30.8	Vriende	8	
30.9	Familie	9	
30.10	Ander (spesifiseer) _____	10	V50 ☐☐

31. Het u na 'n ander woonbuurt verhuis na u egskeiding?

Ja	1
Nee	2

V51 ☐

---

32. Respondentnommer V52 ☐☐

33. Kaartnommer V53 2

34. Herhalingsnommer V54 ☐

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

35. Indien wel, wat was die rede(s) vir u verhuising?

35.1	Wou van "vooraf begin" het	1	V55
35.2	Gewese eggenote het die woning behou	2	V56
35.3	Wou onnodige kontak met gewese eggenote vermy	3	V57
35.4	Redes wat nie met die egskeiding verband hou nie	4	V58
35.5	Finansiële drukte	5	V59
35.6	Ander (spesifiseer) _____	6	V60

36. Het u na 'n ander dorp/stad verhuis na die egskeiding?

Ja	1	V61
Nee	2	

37. Indien wel, wat was die rede(s) vir die verhuising?

37.1	Wou van "vooraf begin" het	1	V62
37.2	Gewese eggenote het die woning behou	2	V63
37.3	Wou onnodige kontak met gewese eggenote vermy	3	V64
37.4	Redes wat nie met die egskeiding verband hou nie	4	V65
37.5	Finansiële drukte	5	V66
37.6	Ander (spesifiseer) _____	6	V67

38. Het die verhuising u algemene funksionering, d.w.s. u lewe in geheel beïnvloed?

Ja	1	V68
Nee	2	

39. Dui aan in watter mate:

39.1	Positief	1	
39.2	Negatief	2	
39.3	Geen verandering	3	V69

LET WEL: Die onderstaande inligting het slegs betrekking op u laaste egskeiding.

Afdeling Vier:

Inligting m.b.t. die egskeiding

40. Het u die egskeiding geïnisieer, d.w.s. was dit u besluit om te skei?

Ja	1	V70
Nee	2	

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

41. Indien u nie die egskeiding geïnisieer het nie, was dit skielik en onverwags?

Ja	1
Nee	2

V71 ☐

Spesifiseer: _____

_____ V72 ☐☐

42. Watter van die volgende faktore het 'n rol gespeel in die oorsaak ons u egskeiding?

		Ja	Nee	
42.1	Huweliksontrou	1	2	V73 ☐
42.2	Finansiële probleme	1	2	V74 ☐
42.3	Swak kommunikasie	1	2	V75 ☐
42.4	Herhaaldelike rusies	1	2	V76 ☐
42.5	Godsdiensverskille	1	2	V77 ☐
42.6	Onaanpasbaarheid	1	2	V78 ☐
42.7	Onvervulde emosionele behoeftes	1	2	V79 ☐
42.8	Seksuele probleme	1	2	V80 ☐
42.9	Verskille rakende die opvoeding van die kinders	1	2	V81 ☐
42.10	Jaloesie	1	2	V82 ☐
42.11	Inmenging van ouers, skoonouers of familie	1	2	V83 ☐
42.12	Drank- of dwelm-misbruik	1	2	V84 ☐
42.13	Geweld in die huwelik	1	2	V85 ☐
42.14	Ander (spesifiseer) _____			V86 ☐

43. Watter van die volgende gevoelens het u in die dae voor die egskeiding ervaar?

		Ja	Nee	
43.1	Vrees, angs	1	2	V87 ☐
43.2	Verligting	1	2	V88 ☐
43.3	Eensaamheid	1	2	V89 ☐
43.4	Mislukking	1	2	V90 ☐
43.5	Skuldgevoelens	1	2	V91 ☐
43.6	Verbittering	1	2	V92 ☐
43.7	Frustrasie	1	2	V93 ☐
43.8	Onsekerheid	1	2	V94 ☐
43.9	Verwardheid	1	2	V95 ☐
43.10	Minderwaardigheid	1	2	V96 ☐
43.11	Selfbewustheid	1	2	V97 ☐
43.12	Aggressie	1	2	V98 ☐
43.13	Ander (spesifiseer) _____			V99 ☐

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

44. Watter van die volgende gevoelens het u tydens die egskeiding ervaar?

		Ja	Nee		
44.1	Vrees, angs	1	2	V100	
44.2	Verligting	1	2	V101	
44.3	Eensaamheid	1	2	V102	
44.4	Mislukking	1	2	V103	
44.5	Skuldgevoelens	1	2	V104	
44.6	Verbittering	1	2	V105	
44.7	Frustrasie	1	2	V106	
44.8	Onsekerheid	1	2	V107	
44.9	Verwardheid	1	2	V108	
44.10	Minderwaardigheid	1	2	V109	
44.11	Selfbewustheid	1	2	V110	
44.12	Aggressie	1	2	V111	
44.13	Ander (spesifiseer) _____			V112	

45. Watter van die volgende gevoelens het u in die dae na die egskeiding ervaar?

		Ja	Nee		
45.1	Vrees, angs	1	2	V113	
45.2	Verligting	1	2	V114	
45.3	Eensaamheid	1	2	V115	
45.4	Mislukking	1	2	V116	
45.5	Skuldgevoelens	1	2	V117	
45.6	Verbittering	1	2	V118	
45.7	Frustrasie	1	2	V119	
45.8	Onsekerheid	1	2	V120	
45.9	Verwardheid	1	2	V121	
45.10	Minderwaardigheid	1	2	V122	
45.11	Selfbewustheid	1	2	V123	
45.12	Aggressie	1	2	V124	
45.13	Ander (spesifiseer) _____			V125	

46. Respondentnommer V126 [ ][ ]

47. Kaartnommer V127 [3]

48. Herhalingsnommer V128 [ ]

49. Na aanleiding van bogenoemde gevoelens meld in volgorde van belangrikheid die 4 gevoelens wat u na die egskeiding die meeste ervaar het.

49.1 _____ V129 [ ]
49.2 _____ V130 [ ]
49.3 _____ V131 [ ]
49.4 _____ V132 [ ]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

50. Watter van bogenoemde gevoelens ervaar u steeds?

50.1	_____	V133
50.2	_____	V134
50.3	_____	V135
50.4	_____	V136

Afdeling Vyf:

Eensaamheid

51. Dui aan hoe dikwels u elk van die volgende emosies ervaar?

Die kodes is as volg:

1 Nooit
8 Altyd

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

		Nooit 1	2	3	4	5	6	7	8 Altyd	
51.1	Ek voel in harmonie met die mense rondom my.									V137
51.2	Ek kort geselskap.									V138
51.3	Daar is niemand tot wie ek my kan wend nie.									V139
51.4	Ek voel nie alleen nie.									V140
51.5	Ek voel deel van 'n groep vriende.									V141
51.6	Ek het baie gemeen met die mense rondom my.									V142
51.7	Ek is nie meer na aan iemand nie.									V143
51.8	My belangstellings en idees word nie deur diegene om my gedeel nie									V144
51.9	Ek is 'n sosiale mens.									V145
51.10	Daar is mense tot wie ek getrokke voel.									V146
51.11	Ek voel uitgesluit.									V147
51.12	My sosiale verhoudings is oppervlakkig.									V148
51.13	Niemand ken my werklik baie goed nie.									V149
51.14	Ek voel afgesonder van ander.									V150
51.15	Ek kan geselskap vind wanneer ek dit nodig het.									V151
51.16	Daar is mense wat my werklik verstaan.									V152
51.17	Ek is ongelukkig om so teruggetrokke te wees.									V153
51.18	Mense is om my maar nie met my nie.									V154
51.19	Daar is mense met wie ek kan praat.									V155
51.20	Daar is mense na wie ek my kan wend.									V156

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Afdeling Ses:

Skeidingsangs

52. Vind u dit soms moeilik om u emosioneel los te maak van u gewese vrou?

Ja	1
Nee	2

V157 ☐

Spesifiseer _____

_____ V158 ☐☐

53. Mis u soms u gewese vrou se teenwoordigheid?

Ja	1
Nee	2

V159 ☐

54. Indien wel, wanneer mis u haar teenwoordigheid die meeste?

54.1	Wanneer u alleen is	1
54.2	Wanneer u saam met vriende van dieselfde geslag is	2
54.3	Wanneer u saam met vriende van die teenoorgestelde geslag is	3
54.4	Wanneer u saam met u kinders is	4
54.5	Wanneer u probleme ondervind bv. t.o.v. u werk	5
54.6	Ander (spesifiseer) _____	6

V160 ☐

55. Het u nog kontak met u gewese vrou?

Ja	1
Nee	2

V161 ☐

56. Indien wel, hoe gereeld het u nog kontak met u gewese vrou? Merk slegs een van die onderstaande moontlikhede.

56.1	Slegs vakansietye	1
56.2	Een keer per maand	2
56.3	Een keer per week	3
56.4	Meer as een keer per week	4
56.5	Ander (spesifiseer) _____	5

V162 ☐

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

57. Watter tipe kontak het u die afgelope maand met u gewese vrou gehad? Merk waar van toepassing.

		Ja	Nee		
57.1	Geen kontak	1	2	V163	
57.2	Met haar persoonlik gesels	1	2	V164	
57.3	Telefoniese kontak	1	2	V165	
57.4	Brief aan haar geskryf	1	2	V166	
57.5	Brief van haar ontvang	1	2	V167	
57.6	D.m.v. inligting van ander	1	2	V168	
57.7	Slegs gesien	1	2	V169	
57.8	Ander (spesifiseer) _____			V170	

58. Wat is tans u verhouding met u gewese vrou? Merk slegs een van die volgende moontlikhede.

58.1	Goeie vriende	1	
58.2	Ontspanne verhouding	2	
58.3	Verbitterd teenoor gewese eggenote	3	
58.4	Gedurige rusies kom voor	4	
58.5	Geen kommunikasie	5	
58.6	Seksuele kontak	6	
58.7	Dieselfde as voor die egskeiding	7	
58.8	Ander (spesifiseer) _____	8	V171

59. Dink u soms aan 'n "nuwe" verhouding met u gewese vrou?

Ja	1	
Nee	2	V172

60. Indien wel, wanneer dink u aan haar?

60.1	Wanneer u alleen is	1	V173
60.2	Wanneer u saam met vriende van dieselfde geslag is	2	V174
60.3	Wanneer u saam met vriende van die teenoorgestelde geslag is	3	V175
60.4	Wanneer u saam met u kinders is	4	V176
60.5	Wanneer u probleme ondervind bv. t.o.v. u werk	5	V177
60.6	Ander (spesifiseer) _____	6	V178

61. Hoe gereeld dink u aan u gewese vrou? Die kodes is as volg:
1 Nooit
8 Altyd

Nooit	1	2	3	4	5	6	7	8	altyd	
										V179

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

62. Het u soms 'n begeerte om kontak te maak met u gewese vrou?

Ja	1
Nee	2

V180 ☐

63. Besoek u soms plekke waar u moontlik u gewese vrou sal kan raakloop of sien?

Ja	1
Nee	2

V181 ☐

64. Ry u soms sonder enige spesifieke rede verby haar woning?

Ja	1
Nee	2

V182 ☐

65. Watter van die volgende gevoelens ervaar u in die teenwoordigheid van u gewese vrou?

		Ja	Nee		
65.1	Aggressie	1	2	V183	☐
65.2	Minderwaardigheid	1	2	V184	☐
65.3	Paniekerigheid	1	2	V185	☐
65.4	Geluk	1	2	V186	☐
65.5	Opwinding	1	2	V187	☐
65.6	Misbruik	1	2	V188	☐
65.7	Onsekerheid	1	2	V189	☐
65.8	Angstigheid	1	2	V190	☐
65.9	Skuldgevoelens	1	2	V191	☐
65.10	Besluiteloosheid	1	2	V192	☐
65.11	Hulpeloosheid	1	2	V193	☐
65.12	Ander (spesifiseer) _____			V194	☐

66. Watter van die volgende fisiese simptome het u na die egskeiding ervaar?

		Ja	Nee		
66.1	Slaapversteuring	1	2	V195	☐
66.2	Eetversteuring	1	2	V196	☐
66.3	Gevoelens van moegheid	1	2	V197	☐
66.4	Gevoelens van naarheid	1	2	V198	☐
66.5	Ander (spesifiseer) _____			V199	☐

67. Het u voor u egskeiding gerook?

Ja	1
Nee	2

V200 ☐

68. Rook u tans?

Ja	1
Nee	2

V201 ☐

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

69. Indien u steeds rook, het u na die egskeiding meer gerook?

Ja	1
Nee	2

V202 ☐

70. Het u voor die egskeiding alkohol gebruik?

Ja	1
Nee	2

V203 ☐

---

71. Respondentnommer V204 ☐☐

72. Kaartnommer V205 4

73. Herhalingsnommer V206 ☐

---

74. Maak u tans van alkohol gebruik?

Ja	1
Nee	2

V207 ☐

75. Indien u steeds alkohol gebruik, het u na die egskeiding meer alkohol gebruik?

Ja	1
Nee	2

V208 ☐

76. Was u na die egskeiding in enige motorongeluk betrokke?

Ja	1
Nee	2

V209 ☐

77. Het u soms periodes lank gelukkig gevoel na die egskeiding?

Ja	1
Nee	2

V210 ☐

78. Indien wel, hoe lank het hierdie periodes geduur? Merk slegs een van die volgende.

78.1	Was van korte duur	1
78.2	'n Langdurige gevoel	2
78.3	Afgewissel met emosies van terneergedruktheid	3

V211 ☐

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

79. Het u na die egskeiding gevoel dat u nou tot meer in staat is as voor die egskeiding?

Ja	1
Nee	2

V212 ☐

80. Het u na die egskeiding gevoel dat u nou meer selfvertroue het?

Ja	1
Nee	2

V213 ☐

Afdeling Sewe:

Aggressie/Depressie

81. Ervaar u soms gevoelens van aggressie teenoor u gewese vrou?

Ja	1
Nee	2

V214 ☐

82. Indien wel, hoe gereeld ervaar u hierdie gevoelens van aggressie?

Die kodes is as volg:
1 Nooit
8 Altyd

Nooit	1	2	3	4	5	6	7	8	altyd

V215 ☐

83. Aspekte rakende die egskeiding wat my die kwaadste maak, is die volgende:

83.1. _____ V216 ☐☐
83.2. _____ V217 ☐☐
83.3. _____ V218 ☐☐

84. Het u voor die egskeiding selfmoord oorweeg?

Ja	1
Nee	2

V219 ☐

85. Indien wel, hoe dikwels?

85.1 Een keer	1
85.2 Twee keer	2
85.3 Drie keer	3
85.4 Vier keer	4
85.5 Vyf en meer kere	5

V220 ☐

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

86. Indien wel, het u enige selfmoordpogings aangewend?

Ja	1
Nee	2

V221 ☐

87. Indien wel, hoeveel selfmoordpogings het u aangewend?

87.1	Een poging	1
87.2	Twee pogings	2
87.3	Drie pogings	3
87.4	Vier pogings	4
87.5	Vyf en meer pogings	5

V222 ☐

88. Het u tydens die egskeiding selfmoord oorweeg?

Ja	1
Nee	2

V223 ☐

89. Indien wel, hoe dikwels?

89.1	Een keer	1
89.2	Twee keer	2
89.3	Drie keer	3
89.4	Vier keer	4
89.5	Vyf en meer kere	5

V224 ☐

90. Indien wel, het u enige selfmoordpogings aangewend?

Ja	1
Nee	2

V225 ☐

91. Indien wel, hoeveel selfmoordpogings het u aangewend?

91.1	Een poging	1
91.2	Twee pogings	2
91.3	Drie pogings	3
91.4	Vier pogings	4
91.5	Vyf of meer pogings	5

V226 ☐

92. Het u na u egskeiding selfmoord oorweeg?

Ja	1
Nee	2

V227 ☐

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

93. Indien wel, hoe dikwels?

93.1	Een keer	1
93.2	Twee keer	2
93.3	Drie keer	3
93.4	Vier keer	4
93.5	Vyf en meer kere	5

V228 ☐

94. Indien wel, het u enige selfmoordpogings aangewend?

Ja	1
Nee	2

V229 ☐

95. Indien wel, hoeveel selfmoordpogings het u aangewend?

95.1	Een poging	1
95.2	Twee pogings	2
95.3	Drie pogings	3
95.4	Vier pogings	4
95.5	Vyf of meer pogings	5

V230 ☐

96. Oorweeg u tans om u eie lewe te neem?

Ja	1
Nee	2

V231 ☐

97. Het u voor u egskeiding oorweeg om u vrou om die lewe te bring?

Ja	1
Nee	2

V232 ☐

98. Het u voor u egskeiding oorweeg om u kinders om die lewe te bring?

Ja	1
Nee	2

V233 ☐

99. Het u tydens u egskeiding oorweeg om u vrou om die lewe te bring?

Ja	1
Nee	2

V234 ☐

100. Het u tydens die egskeiding oorweeg om u kinders om die lewe te bring?

Ja	1
Nee	2

V235 ☐

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

101. Het u na die egskeiding oorweeg om u vrou om die lewe te bring?

Ja	1
Nee	2

V236 ☐

102. Het u na die egskeiding oorweeg om u kinders om die lewe te bring?

Ja	1
Nee	2

V237 ☐

Afdeling Agt:

Skuldgevoelens

103. Wie het die egskeiding geïnisieer?

103.1	Uself	1
103.2	U vrou	2
103.3	Gesamentlike besluit	3
103.4	Ander (spesifiseer) _____	4

V238 ☐

104. Het u gewese vrou 'n buite-egtelike verhouding voor die egskeiding gehad?

Ja	1
Nee	2

V239 ☐

105. Het u 'n buite-egtelike verhouding voor die egskeiding gehad?

Ja	1
Nee	2

V240 ☐

106. Indien u 'n buite-egtelike verhouding gehad het, duur die verhouding steeds voort?

Ja	1
Nee	2

V241 ☐

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

107. Indien u 'n buite-egtelike verhouding gehad het, watter effek het hierdie verhouding op u verwerking van die egskeiding? Dui slegs een van die onderstaande moontlikhede aan.

107.1	Help met die verwerking van die egskeiding	1
107.2	Geen effek	2
107.3	Belemmer/vertraag die verwerking van die egskeiding	3
107.4	Ander (spesifiseer) _____	4

V242 ☐

108. Blameer u uself vir die egskeiding?

Ja	1
Nee	2

V243 ☐

Spesifiseer _____

_____

V244 ☐☐

109. Is daar tydens die wetlike egskeiding 'n skikkingsooreenkoms aangegaan?

Ja	1
Nee	2

V245 ☐

110. Was die verdeling van die boedel min of meer gelyk?

Ja	1
Nee	2

V246 ☐

111. Indien nie, wie het die meeste van die materiële goedere verkry?

111.1	Uself	1
111.2	U vrou	2
111.3	Ander (spesifiseer) _____	3

V247 ☐

112. Meld redes vir bogenoemde verdeling.

_____

_____

V248 ☐☐

113. Voel u soms skuldig oor die egskeiding?

Ja	1
Nee	2

V249 ☐

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

114. Indien wel, teenoor wie ervaar u die meeste skuld? Merk slegs een van die onderstaande moontlikhede.

114.1	U kinders	1
114.2	Skoonouers	2
114.3	Familie	3
114.4	Vriende	4
114.5	U gewese vrou	5
114.6	Eie ouers	6
114.7	God	7
114.8	Ander (Spesifiseer) _____	8

V250 ☐

Afdeling Nege:

Werksomstandighede

115. Het u die afgelope jaar van werk verander?

Ja	1
Nee	2

V251 ☐

116. Is u van plan om binne die volgende jaar van werk te verander?

Ja	1
Nee	2

V252 ☐

117. Indien wel, om watter rede? Merk slegs die belangrikste rede.

117.1	Werksverwante problematiek	1
117.2	Beter finansiele posisie	2
117.3	Aspekte wat met die egskeiding in verband staan	3
117.4	Werksvermindering (vermoed moontlike personeelvermindering)	4
117.5	Ander (spesifiseer) _____	5

V253 ☐

118. Het die egskeiding 'n verandering in u posisie by die werk veroorsaak?

Ja	1
Nee	2

V254 ☐

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

119. Indien wel, in watter opsig? Dui slegs een van die onderstaande moontlikhede aan.

119.1	Bevordering	1
119.2	Gedegradeer (in rang verlaag)	2
119.3	Meer verantwoordelikhede aan u toegesê	3
119.4	Minder verantwoordelikhede aan u toegesê	4
119.5	Verhuising	5
119.6	Ander (spesifiseer) _____	6

V255 ☐

120. Het die egskeiding u werkvermoë beïnvloed?

Ja	1
Nee	2

V256 ☐

121. Indien wel, in watter mate? Dui slegs een van die onderstaande moontlikhede aan.

121.1	Minder effektief in u werksplek	1
121.2	Meer effektief in u werksplek	2
121.3	Geen verandering	3
121.4	Ongelukke het agv u toedoen voorgekom	4
121.5	Ander (spesifiseer) _____	5

V257 ☐

Afdeling Tien:

Finansiële posisie

122. Wat is u inkomste per jaar?

122.1	Minder as R9 999	1
122.2	R10 000 tot R14 999	2
122.3	R15 000 tot R19 999	3
122.4	R20 000 tot R29 999	4
122.5	R30 000 en meer	5

V258 ☐

123. Betaal u tans onderhoud?

Ja	1
Nee	2

V259 ☐

124. Indien u meer as een keer getroud is, betaal u steeds onderhoud aan

124.1	U vorige vrou(ens)	1
124.2	U kinders	2

V260 ☐

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

125. Wat is die gemiddelde bedrag wat u verplig is om jaarliks aan onderhoud te betaal?

125.1	Minder as R600	1
125.2	R600 tot R999	2
125.3	R1 000 tot R1 499	3
125.4	R1 500 tot R1 799	4
125.5	Meer as R1 800	5

V261 ☐

126. Spandeer u soms geld aan u gewese eggenote of kinders bo en behalwe die bogenoemde verpligtinge?

Ja	1
Nee	2

V262 ☐

127. Betaal u steeds aan die regsonkoste vir u afgelope egskeiding?

Ja	1
Nee	2

V263 ☐

128. Het die egskeiding u finansiële posisie beinvloed?

Ja	1
Nee	2

V264 ☐

129. Indien wel, in watter mate?

129.1	Finansieel beter daaraan toe	1
129.2	Finansieel slegter daaraan toe	2
129.3	Geen verandering	3

V265 ☐

Afdeling Elf:

Vorige terapeutiese behandeling

130. Het u voor u egskeiding enige terapeutiese behandeling ontvang?

Ja	1
Nee	2

V266 ☐

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

131. Indien wel, by wie?

		Ja	Nee		
131.1	Maatskaplike Werker	1	2	V267	
131.2	Sielkundige	1	2	V268	
131.3	Psigiater	1	2	V269	
131.4	Predikant	1	2	V270	
131.5	Huweliksberader	1	2	V271	
131.6	Ander (spesifiseer) _____			V272	

132. Het u tydens die egskeiding enige terapeutiese behandeling ontvang?

Ja	1
Nee	2

V273 [ ]

---

133. Respondentnommer V274 [ ][ ]

134. Kaartnommer V275 [5]

135. Herhalingsnommer V276 [ ]

---

136. Indien wel, by wie?

		Ja	Nee		
136.1	Maatskaplike Werker	1	2	V277	
136.2	Sielkundige	1	2	V278	
136.3	Psigiater	1	2	V279	
136.4	Predikant	1	2	V280	
136.5	Huweliksberader	1	2	V281	
136.6	Ander (spesifiseer) _____			V282	

137. Het u na die egskeiding enige terapeutiese behandeling ontvang?

Ja	1
Nee	2

V283 [ ]

138. Indien wel, by wie?

		Ja	Nee		
138.1	Maatskaplike werker	1	2	V284	
138.2	Sielkundige	1	2	V285	
138.3	Psigiater	1	2	V286	
138.4	Predikant	1	2	V287	
138.5	Huweliksberader	1	2	V288	
138.6	Ander(spesifiseer) _____			V289	

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

139. Wat is u huidige ingesteldheid met betrekking tot inskakeling by 'n terapeutiese program? Dui slegs een van die volgende moontlikhede aan.

139.1	Baie gemotiveerd	1
139.2	Gemotiveerd	2
139.3	Glad nie gemotiveerd nie	3
139.4	Neutraal	4
139.5	Antagonisties	5

V290 ☐

140. Hoe beskou u die toekoms? (Spesifiseer)

_____

_____

V291 ☐☐

BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING!

SULETTE VAN DER MERWE
(NAVORSER)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BYLAE 2

ARTIKEL: VAAL REEFS NEWS

EGSKEIDING: TRAUMA OF VERLIGTING? - SULETTE VAN DER MERWE

'n Egskeiding word allerwee beskou as 'n traumatiese proses wat nie net 'n korttermynkrisis veroorsaak nie, maar ook bepaalde langtermyn gevolge inhou. Die wetlike egskeiding impliseer nie dat die emosionele egskeiding ook voltooi is nie. Met die egskeiding bly die egpaar nog emosioneel aan mekaar gebonde. Hulle mag nog steeds alleenlik gemaklik voel as hulle bymekaar is. Die egskeiding beeindig nie die huweliksverhouding nie. Dit verander slegs die aard van die verhouding. Geskeides ervaar dikwels wisselende emosies wat strek van liefde tot haat en dikwels verstaan die geskeide nie hierdie emosies nie en weet ook nie hoe om dit te hanteer nie.

Meeste geskeides besef nie dat 'n egskeiding 'n proses is wat in verskillende fases verloop nie. Hulle is ook nie bewus van die verskeie emosies wat met elke fase gepaard gaan nie - hierdie onkunde belemmer die egskeidingsproses en gevolglik ook die losmakingsproses van die gewese eglied. Vanwee hierdie "onkunde" word dikwels gevind dat geskeide persone vir jare na afloop van die wetlike egskeiding steeds intiem bymekaar betrokke is en gevoelens van diepe hartseer ervaar. Hierdie aangetrokkenheid tot die gewese eglied word weerspieel op verskeie wyses byvoorbeeld: daar word herhaaldelik oor die huwelik nagedink; selfbejammering wat lei dat die gewese eglied skuldig voel; fantasiee rondom 'n "nuwe" verhouding met die gewese eglied asook herhaaldelike rusies aangaande finansiele aspekte of die kinders.

Navorsing is reeds op grootskaal gedoen ten opsigte van die vrou se belewenis van die egskeiding asook die kinders in die egskeidingsituasie. Daar bestaan egter min wetenskaplike inligting aangaande die man se belewenis van die egskeiding. Hierdie leemte ten opsigte van wetenskaplike kennis aangaande die geskeide man gee aanleiding daartoe dat sekere wanopvattings bestaan ten opsigte van die man se belewenis van 'n egskeiding. Van die wanopvattings wat bestaan is onder andere dat die geskeide man gewoonlik die skuldige party is in die egskeidingsituasie maar skotvry uitstap en die geskeide vrou alleen agter laat met al die problematiek na afloop van 'n egskeiding. Die man word ook heel dikwels geetiketeer as die sondebok en word verantwoordelik gehou vir die vrou en kinders se hartseer na afloop van 'n egskeiding.

Dit blyk egter uit die huidige navorsing, wat deur die Sentrum vir Persoonsontwikkeling geloots word, dat die man die egskeiding net so traumaties as die vrou beleef. Die man ervaar ook talle emosionele belewenisse soos onder andere skuldgevoelens; eensaamheid en angs. Die geskeide man het ook 'n behoefte aan professionele hulp om hom by te staan in die verwerking van sy egskeiding. Om in hierdie behoefte te voorsien bied die Sentrum vir Persoonsontwikkeling tans so 'n program aan vir die geskeide man. Hierdie program sal nie slegs vir u as geskeide man van waarde wees nie maar kan ook die wanopvattings in die gemeenskap aangaande die geskeide man regstel.

U kan van hierdie gratis diens gebruik maak deur met my, Sulette van der Merwe in verbinding te tree. My telefoonnommer in Klerksdorp is: 2-1747, 2-1770 of 2-1780. U kan ook skriftelik met my in verbinding tree by die volgende posadres: Posbus 555, Klerksdorp. U personeelbestuurder kan ook gekontak word om vir u 'n afspraak met my te reel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is dus moontlik om 'n egskeiding te verwerk en deur hierdie traumatiese proses te groei tot 'n outonome individu - dit is egter u verantwoordelikheid om 'n professionele persoon te nader om u by te staan gedurende hierdie periode van hartseer en rou, en hierdie diens word tans deur die Sentrum vir Persoonsontwikkeling aan u gebied. Ek wil u ook hiermee die versekering gee van die vertroulike en professionele hantering van alle inligting!

SVDM/ARTIKEL/dg

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BYLAE 3

BEOORDELING VAN DIE RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK DEUR ELF RESPONDENTE EN DIE TWEE GESKEIDE MANS WAT NIE DAARAAN DEELGENEEM HET NIE

EVALUEERDER	**BEOORDELING**
1. George	*Ek dink hierdie stuk is skitterend. Ek is baie beïndruk en moet jou gelukwens; ek dink dis 'n uitstekende weergawe.* **(Notas)**
2. Hardus	*Baie interessant. Daar is niks wat ek wil byvoeg of verander nie.* **(Notas)**
3. Nico	*Baie goed. Ek het nie probleme met die hoofstuk nie. Ek dink dis redelik die waarheid.* **(Notas)**
4. Hansie	*Baie goed, alles is reg. Daar is geen ander goed wat ek kan bylas nie. Ek kry die gevoel as ek na die ander ouens se goed* **(aanhalings)** *kyk, dat ek nie so sleg daaraan toe was nie. Dit was vir my opvallend dat ek die enigste ou was wat nie buite-huwelikse seks, ek bedoel nou met iemand anders as my gewese vrou gehad het nie en ons is die enigstes wat weer terug bymekaar is.* **(Onderhoud)** *Ek wil ook net vir jou dankie sê want ek het die geselsie met jou nodig gehad, met iemand wat glad nie by ons betrokke was nie.* **(Notas)**
5. Sarel	*Dit ontstel mens ongelooflik om hierdie hoofstuk te lees. Baie van die aanhalings is kostelik maar tog ook ontstellend. Ek is seker hierdie studie sal nie bloot papier op 'n rak word nie. Daar is ook baie ooreenstemming tussen al die mans in die studie, net hier en daar is daar klein variasies. Ek voel ook dat daar iets tot stand moet kom, iets anders, iets wat werk. Soos byvoorbeeld 'n ideale kontrak, 'n skikkingsooreenkoms waar die partye slegs hul gegewens invul en wat baie van die probleme moontlik kan uitskakel. Dit lyk egter tog of daar 'n klein verandering is wat betref die man se posisie.* **(Notas)**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

6.	Floris	*Ek dink jou "goed" (hoofstuk) is goed. Mense dink dat (egskeiding) nie so erg is nie, maar dis baie erg. (Onderhoud).*
7.	Dawid	*Dis geweldig interessant. Ek het gedink my siening is uniek en byvoorbeeld my siening teenoor dames laakbaar, maar daar is baie mense wat voel soos ek. Baie van die ander se sieninge is soos my eie. Ek voel een met daardie mense. Ek voel deel van 'n groep. Ek sou ook nadat ek die hoofstuk gelees het, wou deelneem aan 'n groep. Ek, het seer. Ek kan my seer deel. Ek is nie 'n flambojante ou nie en sal hou van ondersteuning.* **(Onderhoud)**
8.	Syvester	*Jy het baie hard gewerk né? Ek dink dis baie volledig. Ek kan nie iets byvoeg nie!* **(Telefoongesprek)**
9.	Louis	*Daar is baie dinge soos ek agtergekom het wat die mans dieselfde ervaar. Dit is egter ook so dat almal se omstandighede uniek is en elkeen is uniek. Ek besef ook dat 'n huwelik 'n lewensvennootskap is, dis nie net twee mense saam nie; mens moet werklik daaraan werk. Mense trou dalk te maklik. As daar enige twyfel is, moet mens briek aandraai. Enige een wat* **(die hoofstuk: Bevinginge)** *lees kan agterkom, mans het ook emosies, mans ervaar die egskeiding ook traumaties, dis beslis nie makliker vir 'n man nie. Die vrou kry net en die man moet opdok, dit sou dalk beter wees andersom! Miskien moet meer mans die kinders kry...* **(Onderhoud)**
10	Neville	*Ek dink dis 'n baie volledige hoofstuk. Daar het net baie dinge verander vir my. Ek gaan weer trou - met iemand anders.* **(Onderhoud)** *Ek wil graag 'n stukkie byvoeg, betreffende ervaringe, 'n geruime tyd later (beide die egskeiding en die onderhoud). Ek bevind my nou in die posisie waar ek deur die nodige geneesproses beweeg het en bereid is en dit positief en met vreugde ervaar om weer in die huwelik te tree.* *Weens dié bewyse "herleef van die vorige ervaringe" (van albei kante; my verloofde is ook geskei) is ek besonder waaksaam ten opsigte van die implikasies van 'n foutiewe keuse.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die nuwe era het egter 'n paar noemenswaardige belewenisse meegebring:

- *Die kinders het eers gedink (en gesê) dit is goed só;*
- *die vorige vrou se reaksie was een van afsydigheid en miskien bitterheid;*
- *daarna het 'n sterk negativisme ingetree by veral die seun wat intussen by my kom woon het, die ouer een;*
- *ek kry die gevoel dat kinders seker altyd (ongeag die ouderdom) die wens sal koester dat "Mom and Dad" eendag weer bymekaar sal wees. Die realiteite van die lewe dring eers later deur, met die besef dat elkeen se lewe verder ontwikkel; en*
- *selfs vir 'n nuwe huwelik moet daar aanpassings in die eie gemoed en ook met die vorige vrou gemaak word om die "tweede persoon" in die nuwe lewe in te pas waar die tweede persoon nou die hoofrol vervul en die vorige eerste persoon nou tweede persoon word.*

Die lewenskwaliteit wat in die tweede huwelik gehandhaaf word hang in 'n mate af daarvan hoe die eerste afgesluit is. Die menslikheid teenoor almal betrokke, veral die eerste huwelik se kinders, word hierdeur bepaal. Hier is die grondslag sekerlik die objektiewe en positiewe geneesproses van 'n mens wat geskei is. **(Notas)**

11. Marius

Ek dink jy het alles gesê - niemand sal iets kan byvoeg of verander nie - dit is presies hoe en wat die geskeide man is. **(Notas)**

---

1. Ben

Ek is baie "impressed". Ek het gedink ek is die enigste ou wat só voel, nou sien ek daar is ander wat ook so voel. Ek het dit vir my ma ook gegee om te lees. Sy het ook nie besef dis so erg nie. Die eerste paar maande na die egskeiding was dit nie so erg nie, ek kon doen wat ek wil, "mammie is mos nie meer hier nie", maar nou: "ek worry nie; want niemand anders worry nie. As ek toe geweet het wat ek nou weet

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

sou ek baie harder gewerk het".

Nog iets waarmee ek saamstem - ek dink 'n "trail separation" van so ± 6 maande is goed. Dan sou ons dalk nie geskei het nie. Ek het so baie verloor, 'n deel van my karakter, die helfte van alles. Alles. Selfs die herinninge wat ons gedeel het, ek het nie eers een foto nie.

Die feit van die finansies, dis ook waar. Haar plek is "posh" myne is glad nie "grand" nie. Sy het aanhou terugkom om goed te kom haal. Bakkies vol goed.

Ek moes ook met iemand praat na die egskeiding. My ma het die dominee op my gesit. Ek moes ook na 'n sielkundige gaan. Ek het ook baie na lifeline gebel. Die eensaamheid is 'n verskriklike ding - ek is nie daaraan gewoond om alleen te bly nie.

Ek wil voorstel dat as iemand egskeiding oorweeg, hy na 'n geskeide toe moet gaan, hy weet hoe dit voel...

Hel, waar begin 'n ou weer?

Hierdie stuk (die hoofstuk) het vir my baie dinge duideliker gemaak. Ek sal graag jou skripsie wil lees... **(Notas)**

2. Thys

Dit was vir my geweldig interessant. In 'n mate het ek selfs ('n) antwoord op baie vrae gekry. Ek dink dis baie volledig. Ek hoop net dit sal dalk iets kan verander aan die man se posisie, ek bedoel nou wat die Wet en die Reg aanbetref. Daar is niks wat ek dink jy nog kon bygevoeg het nie. **(Notas)**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BYLAE 4

BEREIDWILLIGHEID VAN GESKEIDE MANS OM AAN DIE ONDERSOEK DEEL TE NEEM

RESPONDENT		REDE VIR DEELNAME
1.	George	*Ek het gedink ek kan help. Ek is bereid om te help, veral as dit vir jou studie is. Dis mos 'n goeie ding.*
2.	Hardus	*Jy het gesê jy is besig met jou studie. Ek studeer self en wou jou help.*
3.	Nico	*Ek weet nie. Ek het niks om weg te steek nie en het besluit om te sê wat jy wil weet.*
4.	Hansie	*Omdat jy besig is met studie. Ek wou jou graag help. Maar ek dink ook ek wou miskien hulp hê. Dit het my goed gedoen om oor alles te praat.*
5.	Sarel	*Ek dink dis baie goed dat iemand uiteindelik na die man se posisie kyk. Hy word mos beskou as die een wat niks oorkom nie. Dalk kan die navorsing iets daaraan verander.*
6.	Floris	*Ek wil hê die mense moet weet, veral dié wat dink dis nie so erg nie, hulle moet weet dit is traumaties. Ek wil hê jou mening moet dié feit openbaar maak. Jy het my hulp nodig gehad en ek wou jou help; "hoekom nie"?*
7.	Hannes	*Ek kan nie sien hoekom nie. Daar is nie werklik 'n rede nie, maar daar is ook nie 'n rede waarom ek jou nie moet help nie.*
8.	Dawid	*Ek wou aan jou tuisbring dat dit nie net die vrou is wat "suffer" na 'n egskeiding nie. Die man beleef dit ook baie erg. Ek wou hê jy moes presies hoor wat die man se siening is en dis nie soos hulle in Die Huisgenoot skryf nie.*
9.	Sylvester	*Ek wou jou maar net help, dalk sal dit vir iemand anders ook van waarde kan wees.*
10.	Louis	*Ek het gevoel ek kan dalk 'n bydrae maak rakende die mans se posisie in die egskeidingsituasie. Ek het ook gedink dat ek jou graag wou help.*
11.	Neville	*Ek het nie 'n probleem om oor die egskeiding te gesels nie. Ek het gedink dit sal goed wees.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

12.	Albert	*Ek het nie beswaar daarteen om my belewing van egskeiding met iemand te deel nie. Miskien sal dit nuttig toegepas kan word.*
13.	Marius	*Ek was baie nuuskierig en het gewonder hoekom iemand juis in die geskeide man se "storie" belangstel.*
14.	Frikkie	*Ek wou met iemand praat. Dalk sou ek antwoorde op van my vra kry; dalk sou dit my help.*
15.	Neels	*Miskien sal ek 'n bydrae kan maak om ander geskeide mans te help.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BYLAE 5

Amsterdamweg 85
Clubview
PRETORIA
0001

28 Oktober 1991

Geagte meneer

KOMMENTAAR OP HOOFSTUK 8 (BEVINDINGE) VAN MY MEESTERSVEHANDELING

Nogmaals baie dankie dat u bereid was om my met my studie te help. Ek kan u verseker dat u groot opoffering en bereidwilligheid om van u sensitiewe belewenisse van u egskeiding met my te deel, opreg gewaardeer word.

Hoewel u 'n geruime tyd niks van my gehoor het nie en seker gewonder het wat van my geword het, kan ek u verseker dat die studie, danksy u hulp goeie vordering toon. Ek het reeds ses hoofstukke voltooi en hoop om binne die volgende paar weke die drie wat nog uitstaande is af te handel.

Ek het in dié studie, soos u waarskynlik afgelei het, van 'n betreklik byderwetse en onkonvensionele navorsingsmetode gebruik gemaak, naamlik 'n kwalitatiewe nie-statistiese. Die metode was aanvanklik vir my vreemd maar ek is bly om te kan rapporteer dat dit danksy u besondere hulp goed gegaan het. Ek en die metodoloog wat my help, is baie in ons skik met die gegewens wat ek verkry het.

In die kwalitatiewe navorsing word die klem geplaas op mense se belewenisse en word verlang dat die navorser sy respondente so min moontlik sal beïnvloed. Dit is daarom in die beoordeling van sulke navorsing nodig dat die mense wat die inligting verskaf het en wie se ervarings beskryf word, dit sal nagaan en vir die navorser sal aantoon of hulle voel dat dit 'n realistiese beskrywing van hul leefwêrelde is. Dit is om hierdie rede dat ek en die metodoloog besluit het om u nog een keer lastig te val met die beleefde versoek dat u die betrokke hoofstuk sal deurlees en vir my kommentaar daarop sal lewer.

U sal merk wanneer u die hoofstuk bestudeer dat ek alle sosiodemografiese gegewens van die deelnemers weggelaat het. Die rede hiervoor was om identifisering van dié persone te vermy en om moontlike benadeling wat die studie tot gevolg mag hê, te verhoed. Daar is ook glad nie van regte name gebruik gemaak nie maar wel van skuilname. Ek sal dit egter waardeer indien u vir my 'n aanduiding sal gee of u beswaar het teen identifisering van beroep en kwalifikasie, aangesien ek baie graag, gesien die gebrek aan studies oor geskeide mans se ervarings in Suid-Afrika, dit tog sou wou insluit.

Let asseblief op dat u die prentjie wat in die hoofstuk geskets word, moet evalueer vanuit u eie ervarings van egskeiding. Elke mens het uiteraard sy eie opinie oor 'n saak en sou u natuurlik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025

nie kan sê of die persone wat aan die studie deelgeneem het reg of verkeerd is nie. Wat u egter wel kan doen, is om vir my te sê of u na aanleiding van u eie ervarings meen dat my hantering van almal se gegewens geloofwaardig is. Ek sal dit ook verder waardeer as u enige tekortkominge en gebreke in my interpretasie van u inligting vir my op die teks of op aparte bladsye sal aantoon. Indien daar enige addisionele inligting is wat u as waardevol beskou, sal ek dit waardeer as u dit aanheg. Indien u u weg oopsien om my te help sal ek dit baie waardeer as u dit vir my skriftelik sal doen. U kan my gerus skakel as u dit gereed het en ek sal dit by u kom afhaal.

Ek wil baie graag die verhandeling aan die einde van die jaar inlewer en sal dit waardeer indien u u kommentaar vir my kan laat kry teen die einde van November 1991.

Moet asseblief nie huiwer om my te skakel as u enige onduidelikheid het nie. Die telefoonnommer is, Pretoria 64-1421.

Byvoorbaat baie dankie.

Met vriendelike groete

.....
Mev. Sulette Ferreira

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2025